

# **GOD SOEWEREIN**

## **Vir Ons en Deur Ons**



'n Geloofbouende Openbaring van God se krag en doel om alles te gebruik om ons volwasse en opgewasse te maak en te bemagtig vir Sy gebruik.

**David Eells**

Gedruk deur  
Al Copy & Print  
Jan van Riebeeckstraat 224  
Pretoria Noord  
alcopyandprint.co.za

© 2006 David Eells All Rights Reserved.  
Vertaal deur Unleavened Bread Ministries (Pretoria)  
Eerste uitgawe: Oktober 2010

ISBN:

“Bible Code” ©1997 deur Michael Drosnin, Simon & Schuster  
Publishers

“Theomatics” © 1977 deur Jerry Lucas en Del Washburn. Stein en Day,  
Scarborough

Omslag: April S Fields  
Omslag agtergrond met dank aan Hubblesite.org

Hierdie boek word opgedra aan  
ons Hemelse Vader, Wat alle dinge  
vir ons ten goede laat meewerk. En aan  
Sy mense, wat Hom moet ken as die  
alomteenwoordige, onsienlike, liefdevolle  
Skepper van ons ewige siele.

## VOORWOORD

Om 'n boek te vertaal, is 'n groot taak. Om 'n boek te vertaal as jy geen taalkundige agtergrond het nie, maak die groot taak moeilik. As jy 'n leek is en die boek is vol teologiese leerstellings, word die moeilike, groot taak 'n onmoontlike taak, tensy jy glo in 'n almagtige, soewereine God. Hy het deur te wil en te werk na Sy welbehae dit so beskik dat die proses oor 'n tydperk van amper twee jaar geskied het. In die tyd het Hy ons, die vertaler-span, onder hande gehad en persoonlik gelei, geleer en bemaagtig deur die Woord in ons te seën en ons in die praktiese leerskool van die lewe uit te stuur om self eers vrug te dra. Ons kom daarom nie met geleerde woorde om julle te oortuig met welsprekendheid en goeie taalgebruik nie, maar met insig wat Hy ons deur Sy genade gegee het en ons gebed is dat die Heilige Gees elkeen wat die boek lees deur Sy kragtige werking sal oortuig van die waarheid daarvan.

In die oorspronklike boek is al die teksverwysings uit die "American Standard Version" (ASV) (1901) geneem omdat dit 'n baie getroue weergawe van die antieke manuskripte is. Die Bybelgenootskap van Suid Afrika se 1953 Afrikaanse vertaling staan uit bo al die beskikbare Bybelvertalings in Afrikaans in getrouheid aan die ASV en is om hierdie rede gebruik. Waar daar gebreke in die 1953 vertaling is, is van die ASV vir die Ou Testament en die Numeriese Nuwe Testament (NNT) van Ivan Panin vir die Nuwe Testament gebruik gemaak. Meer oor die NNT in hoofstuk twee van hierdie boek.

In die gees van die inhoud van hierdie boek en van David Eells, die skrywer, wil ons ook graag in opdrag van Jesus die boek gratis beskikbaar stel. Die druk van hierdie boek is moontlik gemaak deur die bydraes van broers en susters. Indien u 'n kopie benodig, kan u ons kontak deur n e-pos stuur aan [africa-discs@americaslastdays.com](mailto:africa-discs@americaslastdays.com). Dit kan ook gratis in PDF formaat afgelaai word vanaf die volgende adres:

<http://www.unleavenedbreadministries.org/?page=e-book>

Die Vertaalspan

## Inleiding

### Soewereiniteit:

### Om in Alles Oortreffende en Onafhanklike Heerskappy toe te pas

Die doel van hierdie boek is om jou volkome vertrouwe te gee in 'n liefdevolle, almagtige God, die pottebakker wat alles ten goede laat meewerk, om jou te vorm in die instrument wat Hy wil hê. As jy toelaat dat God jou vorm, sal jy sien dat jou geloof in Hom vir jou, en ook deur jou, vir ander sal werk. God se soewereiniteit word in hierdie boek prakties geïllustreer deur opwindende getuïenisse van die sigbare krag en genade van God in mense se lewens. Die vrae op bladsy viii en vele meer sal uit God se Woord beantwoord word.

Die bestudering van God se soewereiniteit, en die praktiese ervaring daarvan, het baie vrug in my lewe gedra. Ek het rus en vrede ervaar, my geloof is versterk en ek het groot respek vir Hom gekry. Ander wat dit ook ervaar het, het my aangemoedig om 'n boek daarvoor te skryf. Dit het ook die vrees van die Here by my ingeskerp en my vry gemaak van die vrees vir menslike komplotte wat deur die duiwel geïnspireer is. Bowendien het dit my 'n geweldige bewuswording van God se almag en grootsheid gegee. Ek voel geroepe om dit te deel met dié wat oë het om te sien en ore het om te hoor. As jy op God se beloftes wil staan, moet jy wéét wat God se doel is met alles en hoe almagtig Hy is. Met hierdie vaste wete is geloof nie meer 'n stryd nie. Jy kan nou saam met God werk aan sy plan om 'n instrument vir Hom wees

Wanneer iets so kontroversieël soos God se soewereiniteit bespreek word, is dit baie belangrik dat die gesag van die Woord gerespekteer word en niks daarvan weggevat of bygevoeg word nie. Ons moet ag slaan daarop om, soos Judas vermaan ***kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 1:3)*** en nie 'n afvallige geloof of die halwe waarhede van vandag te aanvaar nie. Die onderwerp is kontroversieël

omdat Christene (in die algemeen, nie as 'n reël nie) geneig is om net dié teks uit die Bybel aan te haal wat inpas by wat hulle glo. **Psalm 119: 160** sê egter **[die] hele inhoud van u woord is waarheid**. Die waarheid kan dus net gevind word indien jy álles wat in die Bybel is, aanvaar. Alles oor 'n onderwerp moet dus saamgevoeg word, om die volle prentjie te kry. Die som van Sy woord is die waarheid. Baie van die Skrif wat ek gaan aanhaal, was in die verlede geïgnoreer omdat dit met menslike sentimente en redevoering bots. Hulle bestaan egter omdat hulle ons na die volle kennis en waarheid van God bring, wat ons vry maak.

Ek besef dat ek met 'n wye spektrum van Christene praat en dat daar diegene mag wees wat dinge lees wat vir hulle onaanvaarbaar lyk. As jy nie die baba met die badwater uitgooi nie, sal jy ook dinge sien wat jou lewe gaan verander. Indien jy hierdie boek stadig en biddend lees, is ek seker dat God jou sal seën.

U dienaar in Christus

**DAVID EELLS**

## INHOUDSOPGAWE

1	<i>God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge.....</i>	1
2	<i>God se Soewereiniteit met die Daarstelling Van die Woord...</i>	20
3	<i>God se Soewereiniteit in die Wêreldorde.....</i>	33
4	<i>God se Soewereiniteit oor die Bose.....</i>	48
5	<i>God se Soewereiniteit oor Tyd en Verkiesing.....</i>	79
6	<i>God se Soewereiniteit oor die Val en Verlossing.....</i>	91
7	<i>God se Soewereiniteit oor Misleiding.....</i>	101
8	<i>God se Soewereiniteit oor Siekte, die Dood en die Vloek.....</i>	123
9	<i>God se Soewereiniteit oor Tekens, Toeval en Bevestiging.....</i>	154
10	<i>God se Soewereiniteit deur Ons.....</i>	182
11	<i>Die Laaste Adam Herstel Ons Heerskappy.....</i>	203
12	<i>Instrumente van Heerskappy deur Geloof.....</i>	210
13	<i>Outoriteit in Gebed.....</i>	220
14	<i>Outoriteit oor Demone.....</i>	231
15	<i>Binding en Ontbinding van Wat?.....</i>	246
16	<i>Werke Vervolmaak Geloof.....</i>	255
17	<i>God se Metodes en God se Eer.....</i>	267
18	<i>Sekerheid teenoor Versekering.....</i>	276
19	<i>God se Soewereine Voorsiening.....</i>	283
20	<i>Geestelike of Vleeslike Heerskappy.....</i>	293
21	<i>Heiligheid en Heerskappy.....</i>	299
22	<i>Begin Nou.....</i>	309
	<i>Erkennings.....</i>	313
	<i>Die Skrywer se Laaste Opmerkings.....</i>	315

## HOOFSTUK 1

### God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge

*Beperk ons God in omstandighede? \* Katastrofes: van God of die duiwel? \* In watter mate het ons gesag? \* Is God betrokke in elke saak van die mens? \* Tot watter mate beheer God die bose? \* Van waar kry die bose outoriteit? \* Kan God my liefhê in hierdie gemors? \* Mislei God sommiges? Hoekom? \* Kan ons ons toekoms verander? Hoe? \* Kan ons seker wees dat God ons sal gebruik? \* Is daar 'n doel met my omstandighede? \* Het die duiwel toestemming nodig aangaande my? \* Maak God ooit 'n fout of verander Hy sy gedagtes? \* Is mense uitverkies? Wie? \* Kan ons rus in God se plan? \* Is die kwaad soms ten goede? \* Skep God goed en kwaad? \* Wat kan God se krag na my bring? \* Dien alles God se doel? \* Is God ons versekering of het ons aardse versekering nodig? \* Moet ek dankie sê vir alles? \* Mag ek vir God 'n teken vra? \* Kan die duiwel God se plan fnuik? \* Hoe en wat is 'n vrye wil? \* Het ons God gekies of Hy vir ons? Kom net die goeie van God af? \* By wie vra God raad? \* Wil God deur ons regeer? \* Het ons enige gesag oor die vloek? \* Kan ons mislei word deur ons eie begeertes? \* Sal God my geloof vermeerder? \* Calvinisme, vrye wil of albei? \* Kan God vrede tussen vyande gee? \* Wat gee engele gesag oor my? \* Kom daar net slegte dinge van die duiwel? \* Moet ons die bose weerstaan? In mense of in geeste? \* Word ons beveel om God se krag te gebruik? \* Moet ons maai wat ons gesaai het? \* Leer die Bybel ons oor fatalisme? \* Sal God vir my Sy begeertes gee? \* Sal die geskiedenis altyd herhaal? \* Gaan Christene die wêreld regeer? Nou? \* Doen God nogsteeds wonderwerke? \* Laat God toe dat mense verlore gaan? \* Kan onkunde oor God se Woord ons vernietig? \* Is dit goed as ons soms gehaat word? \* Kan vloeke sonder 'n rede kom? \* Gebruik God bose geeste? \* Is God regtig almagtig, alwetend en alomteenwoordig? \* Hoekom herhaal die geskiedenis? \* Dien alles God se doel? \* Kan Hy werklik my lewe herstel? \* Hoe kan ek saamwerk? \* Waar stop God se verantwoordelikheid en begin myne? \* Dien alles God se wil? \* Is daar iets soos 'n geluiskoot? \* Kan ons God glo om te genees, te verlos, en te voorsien? \* Wat was die doel van Jesus se kruisdood? \* Hoekom het ons nie dít wat die Woord sê ons het nie? \* Werk die kwaad ook vir ons ten goede? \* Hoe kan God vir ons sê dat ons oor niks bekommerd hoef te wees nie? \* Hoe skep God? \* Watter gereedskap gebruik Hy? \* Het ek Hom gekies of het Hy my gekies? \* Is daar enigiets wat by Hom verby gaan? \* Laat Hy ons toe om Sy werking te keer? Wanneer? \* Hoekom laat God toe dat slegte mense in magsposisies aangestel word? \* Wie het regtig vir Jesus doodgemaak? \* Hoekom kies God die mens om die kwaad te oorwin en seën in die wereld te bring?\**



## HOOFSTUK 1

### God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge

***“En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.”***

***(Rom 8:28)***

Glo ons regtig dat alle dinge ten goede meewerk vir dié wat God liefhet? Die manier waarop ons reageer teenoor lewensomstandighede, is 'n goeie aanduiding van wat ons glo. Wil jy God se vrede ervaar? As jy weet wat God se doel met alles is en hoe Hy te werk gaan om dit te bereik, sal jy dit ervaar! Waarvan praat Paulus in **Rom 8:28**? Wat is hierdie “voorneme” waarna Hy ons roep? In die volgende vers gee hy die antwoord. ***“Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.*”** God wil Sy kinders op die pottebakswiel vorm totdat hulle soos Jesus Christus ware seuns is. Dít is God se doel en Hy het dit reeds so beplan nog vóór die skepping van die mens óf die sondeval.

Alles wat op die aarde gebeur, gebeur dus met een doel: Hy wil seuns hê, seuns wat gelykvormig is aan die beeld van Sy eersgebore Seun, Jesus Christus. Dit is hoekom God hierdie wêreld geskep het. Mense wat nie hierdie perspektief het nie, mag dink dat God se planne soms skeefloop. Maar kom jy onder die indruk van God se soewereiniteit, dan sal jy verstaan dat God se planne nie kán skeefloop nie. Soewereiniteit beteken om die hoogste moontlike gesag uit te oefen. Hy het selfs sonde, die bose en die sondeval beplan om Sy doel met die skepping te bereik. Hy gaan seuns hê waarmee Hy in alle ewigheid samesyn kan hê. Alles in die wêreld werk na daardie einddoel toe. Dit beteken dus nie dat alles wat gebeur goed is nie, maar wel dat alles wat gebeur saamwerk vir die einddoel wat goed is. En, soos wat my goeie vriend Ray Taylor lief was om te sê: “Wat is daar wat nié by ‘alles’ ingesluit is nie?” Indien jy dié waarheid in jou

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

lewe van toepassing maak, verander dit jou perspektief oor die lewe!

Om so 'n stelling soos dié in Rom 8:29 te kan maak, moet God almagtig wees. Hy moet ook alwetend wees. Soos die boek verder ontvou, sal jy sien dat daar geen twyfel in die Woord is nie dat God in beheer is oor alles wat in jou lewe gebeur. Hy val nooit van Sy troon af nie, en Hy deel nooit Sy troon met die duiwel nie. Die mag wat die duiwel het, is volgens God se plan en word beheer deur God se wette.

Alles en almal dien God in Sy voortdurende skepping van seuns. In **Ps 119:91** sê die Psalmskrywer van God: ***“Volgens u verordeninge bly hulle vandag nog staan, want alle dinge is u knegte.”*** Alles, goed en sleg, dien God in Sy plan. Dit is daar om Hom te dien, om Sy plan uit te voer. God het niks geskape wat Sy planne in die wiede kan ry nie; God maak nie foute nie. Selfs die bese is geskep om Sy plan uit te voer. Baie mense kom in opstand as jy hulle met dié wete konfronteer. As jy ook so voel, hoop ek jy sal van gedagte verander soos ons die Woord bestudeer. Die bese is 'n instrument wat God in Sy soewereiniteit gebruik om ons te suiwer en tot volwassenheid te bring. Ons het iemand nodig wat ons vlees kan aanval, sonder die bese is daar niemand wat dit kan doen nie; niemand wat ons kan vervolg en wat versoekings op ons pad kan bring nie. Ons moet leer om versoekings te kan weerstaan en onself te kruisig tydens vervolging sodat ons gereinig kan word. God het alles gemaak, selfs die bese, vir die dag wat Sy kinders tugtiging nodig het: ***“Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil.”*** (Spreuke 16:4). In die Ou Testament lees ons dat die volk Israel ses keer afvallig geword het, en dat God elke keer 'n heidense koninkryk gebruik het om hulle te vervolg en hulle na hul kruis te bring. Die Woord is duidelik daarvoor dat dit elke keer God was wat Egipte, Asirië, Babilon, die Mede en Perse, die Grieke en die Romeine opgerig het teen Israel. Die boek Openbaring profeteer dan ook dat God nog twee teen Sy volk Israel (Kerk) gaan laat opstaan. ***“En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.”*** (Openb.17:10,11).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Paulus het geleer om tevrede te wees onder alle omstandighede. Hy het verstaan dat God se goeie plan vir hom nie omver gewerp kon word nie. As 'n mens se begrip van God se meesterplan onvolwasse is, ervaar jy angs, vrees en ongeduld in jou kortsigtigheid. Paulus was van onskatbare waarde vir God se koninkryk, hy het soveel beteken vir die gelowiges van daardie tyd, maar hy is in die tronk toegesluit! 'n Mens sal onmiddellik wil redeneer: "Dit is die duiwel se werk". Maar Paulus besef God se soewereiniteit in alles. **"En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wederveraar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander, en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertrou gekry het, dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek."** (Filip.1:12-14). Dit beteken nie dat die duiwel geen aandeel in Paulus se gevangenskap gehad nie, maar wél dat God nie sou toelaat dat Paulus in die tronk beland het indien dit nie ten goede sou meewerk vir Sy plan nie. Die duiwel kan nie God se planne dwarsboom nie. Alles, individueel en gesamentlik, gaan ten goede meewerk. Vir Paulus as individu, en vir die medegelowiges, het iets goeds daaruit voortgevloei. In Paulus se geval is van die Nuwe Testamentiese briewe in die tronk geskryf. Baie meer Christene is daardeur bereik as wat hy sou kon deur na hulle te reis. Vir die medegelowiges weer wat na Paulus opgekyk het, het 'n nuwe tydvak aangebreek. Hulle moes aanleer om sêlf met vrymoedigheid op te staan en die Woord te verkondig. Dit het die uitdra van die Blye Boodskap bespoedig. In Fillipense lees ons dat Paulus se gevangenisskap daartoe gelei het dat selfs sommige uit Caesar se huishouding tot bekering gekom het.

Die les wat ons daaruit moet leer, is dat ons nie na die omstandighede moet kyk om te besluit wie in beheer is nie! Kyk na die Woord; glo wat God daarin sê. God sou nooit die duiwel gemaak het as hy in staat sou wees om God se planne te dwarsboom nie. Natuurlik is daar dié wat gaan sê "Ja, maar die duiwel is 'n goeie engel wat geval het". Dit is waar. Maar dit is ook waar dat God alwetend is. Hy het geweet dat die engel sou val en die duiwel sou word. God is almagtig en kon dit verhoed het as Hy wou, maar Hy het nie. Omdat Hy nie ingegryp het nie, is Hy dus indirek verantwoordelik vir die skepping van die duiwel! God

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

sê: “Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.” (Jes.45:7). In Jes.54:16 staan daar: “Kyk, Ék het die smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ék die verderwer geskape om te verniel.” en vers 17 verklaar: “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE ...” Omdat God die skepper van die verderwer is, het Hy outoriteit oor hom. Daarom kan Hy sê dat die verderwer nie teen Sy kinders kan opstaan nie. Die bose kan homself nie bevoordeel nie; sy werke kan nêr God se planne bevoordeel! Die drie Hebreërs in die boek van Daniël is in 'n vuuroord gegooi wat sewe maal verhit was. Die mans wat hulle ingegooi het, het self verbrand so warm was die oond. Hoekom sou God dit so bestem dat dié drie wat so getrou was aan Hom, met die dood gestraf moes word? Om die woord “bestem” te gebruik, is nie oordrewe nie. Hulle het gou uitgevind dat die toets wat hulle moes deurstaan, bedoel was om 'n heidense koning te oortuig van hulle God se Almag. God het die geleentheid geskep om Sy krag en reddende genade ten toon te stel. Die koning was beïndruk toe dit lyk asof God saam met hulle in die vuur loop. Nie hulle klere of liggame het iets oorgekom in die vuur nie, slegs hulle toue het afgebrand! (Dan.3:25,26). God het die bose in hierdie situasie gebruik. Hy het toegelaat dat die heidene Sy kinders in 'n vuuroord gooi sodat Hy Hom aan hulle kon openbaar. Hierdie is 'n skadu-tipe van God se doel in ons lewens.

Alles wat in die Ou Testament gebeur het, al die verhale en wette, is ook gelykenisse (figure, tipes of skadubeelde) wat 'n dieper betekenis vir ons het. In **1Kor.10:11** sê die Woord dit vir ons: “**Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde** (Grieks: “figuur, tipe, of skadubeeld”) **en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het**”, en in **Kol.2:16 en 17** lees ons: “**Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.**”

Sadrag, Mesag, en Abednego het ook nie kon dink dat dié toets daartoe sou lei dat die koning van Babilon opdrag sou gee dat die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God van Israel in die koninkryk van Babilon geëer moes word nie. **“Daarop het Nebukadnésar gesprek en gesê: Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om geen ander god te dien of te aanbid nie, behalwe hulle God. Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie.” (Dan.3:28,29).** En, wie het kon dink dat wanneer die bese oorwin, daar voorspoed vir God se kinders daaruit kan kom? **“Toe het die koning Sadrag, Mesag en Abednégo voorspoedig laat wees in die provinsie Babel.” (Dan.3:30).**

Die gevolg van hierdie een aksie van getroue gehoorsaamheid was dat koning Nebukadnesar voortgegaan het om God se Naam te verkondig en voor die hele wêreld te verheerlik. **“KONING Nebukadnésar aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon: Mag julle vrede groot wees! Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig. Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!” (Dan.4:1-3).**

Die Mede en Perse het Babilon daarna oorwin en God het Daniël gebruik om Hom aan hulle ook te verkondig. Daniël is in 'n leeu kuil gegooi omdat hy getrou was aan God. Dit was die begin van die vervulling van die wonderwerk waarvoor hy gebid het. Darius, die koning, het gesien dat Daniël ongeskonde was in die leeu kuil. **“Toe het die koning baie bly geword en bevel gegee om Daniël uit die kuil op te trek. So is Daniël dan uit die kuil opgetrek sonder dat daar 'n letsel aan hom gevind is, omdat hy op sy God vertrou het.” (Dan.6:23).** Darius het toe Daniël se vyande in die leeu kuil gegooi. Hulle god was nie instaat om hulle te red nie. Dit het Darius oortuig dat Daniël se God **“die lewende God”** is. **“Toe het koning Darius aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon, geskrywe: Mag julle vrede groot wees! Deur my word bevel gegee dat hulle in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en sidder voor die God van Daniël, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe. Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en**

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

***op die aarde, Hy wat Daniël uit die mag van die leeus verlos het.” (Dan.6:26,27).***

Ek glo dat God aan my gewys het dat daar in die komende dae 'n vervulling van Daniël en die drie Hebreër-vriende se oorwinnings gaan wees. Is jy gereed om deur die bouse beproef en vervolgt te word sodat God se Naam verheerlik mag word? Wat is die dieper geestelike betekenis hiervan? Daniël en sy drie vriende het hulle vuuroond weerstaan, en is daardeur bevry van slawerny. Deur beproewinge word mens gereinig en bevry van bindinge. Nie dat almal noodwendig fisies deur beproewinge heen bewaar gaan word nie: in God se soewereiniteit mag beproewinge en vervolging tot die dood lei. Die regverdige sterf egter nooit nie, hul verander net van adres! Die vleeslike verstand verstaan nie dat God alle dinge gebruik om Sy doel met die skepping te bereik nie. Indien ons dit egter verstaan, bemagtig dit ons om saam met God te werk in ons individuele beproewinge en vervolgings sodat God se glorie ook in ons gestalte kan kry. ***“Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydschap kan jubel. As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlijkheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik” (1Pet.4:12-14).*** Let wel: God toets ons; Hy is verantwoordelik vir ons beproewinge.

Paulus was vergenoegd met sy omstandighede, meer vergenoeg as wat die meeste Christene vandag in hul omstandighede is. Hy was vergenoeg omdat hy God se soewereiniteit om Sy plan tot volle uitvoer te bring, verstaan het: ***“Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.” (Filip.4:11,12).*** Wat was Paulus se geheim? Dit sê hy vir ons in ***Rom.8:31: “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?”*** Hy het geweet dat God nie van Sy troon kan afval nie, en dat God ook nie Sy troon met Satan deel nie. Kom ons kyk wat Paulus se geheim vir sy groot vrede was: ***“Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.” (Filip.4:6,7).** Indien ons dit parafraseer beteken dit: “Moet oor niks bekommerd wees nie. Vra maar net vir God en sê vir Hom dankie, en Sy vrede sal jou beskerm”. Paulus het geweet dat God geen situasie sou toelaat waarin hy angstig hoef te wees nie. Wanneer hy vra, glo en dankie sê, is daar geen situasie waar God nie in sy behoefte sal voorsien nie, daarom kon hy vreedsaam en vergenoeg wees in alle omstandighede. Let wel, hy stel voor dat ons God dank vir wat ons gevra het, nog vóór ons dit ontvang het. Dit is hoe geloof werk! **“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.” (Mark.11:24);** [Die Numeriese Nuwe Testament (NNT, sien hoofstuk 2) :...**believe that ye received them...**” Let wel, korrek vertaal moet dit wees “ontvang het”]. Maak dit ‘n gewoonte, want dit bring vrede, genoegsaamheid en resultate. Baie gebede word nie verhoor nie omdat mense nie in geloof terug sit en weet dat hulle dit reeds ontvang het nie.

Moenie vrees nie. Hoeveel keer beveel die Bybel ons om nie te vrees nie? Iemand het eendag die opmerking gemaak dat dit 365 keer in die Bybel voorkom, een maal vir elke dag van die jaar. Dit is net ‘n soewereine God wat kan sê: **“Verbly julle altdyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!” (Filip.4:4) “...terwyl julle God die Vader altdyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus.” (Efes.5:20).** Hoekom moet ons ons verbly? Omdat ‘n almagtige God ons liefhet. Omdat Hy alles onder beheer het, selfs die vurigste vervolging of beproewing wat op ons pad kom. Geeneen van hierdie verse sê dat die duiwel verantwoordelik is vir enigiets nie. Het jy al opgelet dat die gelowiges in die Bybelse tyd glad nie aan die duiwel enige erkenning gegee het soos wat vandag gebeur nie? Vandag se Christene het uit onkunde geloof in die duiwel. Paulus gee ook die erkenning aan God vir wat gebeur, alles, goed en sleg. Hy sê in **Efes.5:20 “... terwyl julle God die Vader altdyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus.”** Ek het predikante al hoor sê: “wel, Paulus praat van die goeie dinge wat van God af kom”. Dit is egter nie wat die vers sê of bedoel nie. Daar is net een manier hoe **“altdyd vir alles”** verstaan kan word. Om God altdyd vir alles te dank, beteken dat alles primêr van God kom. Vir die gelowige, vir hom wat geroep is volgens God se doel, is daar niks

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

om oor bekommerd te wees nie. “Alles” beteken nie net die dinge rondom ons nie, maar ook alles wat ons in Christus het, d.w.s. Sy beloftes. Dank God vir dit wat Hy in Sy beloftes aan ons gee, al kan ons dit nog nie sien nie!

God plaas ons in ‘n gekontroleerde omgewing. Hy beheer dit. Hier wil Hy ons leer en laat groei. Toe die dissipels saam met Jesus op ‘n boot was, het ‘n storm opgekom en die golwe het oor die skip geslaan. Jesus het dwarsdeur die storm geslaap. Die skip het opgevol met water en die dissipels was bang en het na Jesus toe gehardloop. Die omgewing was egter meer gekontroleerd as wat hulle besef het. Wat was Jesus se reaksie toe Hy wakker word? **“Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?” (Mark.4:40).** Die vraag wat in die lug gehang het was: “As Jesus in die boot is, hoekom is julle bang?” Jesus is altyd by ons in die boot: hoekom is ons bekommerd? Glo net! Die dissipels het vrees ervaar. Jesus het geen gevaar gesien nie, want Hy het geloof gehad. Hy was so gerus dat Hy deur die storm geslaap het. Dank God altyd vir alles in die Naam van Jesus Christus, **“... in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van Sy wil.” (Ef.1:11).** Die enigste manier hoe God kan beskik is om alles te laat gebeur volgens die raad van Sy Wil. Indien dit nie so was nie, sou een vrye wil wat teen God rebelleer Sy planne kon laat skeef loop en sou ons Hom nooit kon vertrou om te doen wat Hy sê Hy gaan doen nie. Omdat God nie foute maak nie, sal dit nooit gebeur dat Hy enige ander wil as Sy eie in ag neem nie. God sien die einde van die begin af. God verwerk nie kennis met sintuie, soos wat ons dit doen nie. Hy het alle kennis. Hy het Sy plan van die begin af gemaak; die plan was van die begin af goed en Hy het nog nooit nodig gehad om hierdie plan te verander nie.

Alles wat God doen, doen Hy volgens die raad van Sy eie Wil. Daar is geen ander volkome vrye wil in die hele skepping nie. As daar sou wees, sou die aarde ‘n baie gevaarlike plek gewees het. ‘n Vrye wil is ‘n wil wat kan doen net wat dit wil. Ons moet God dank dat dit nêr Sy goeie, vrye wil is **“wat alles werk volgens die raad van Sy wil”**, wat in beheer is.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Niemand van ons het 'n volkome vrye wil nie, nog nie. Namate ons in Christus groei, beweeg ons egter in 'n volkome vrye wil in, in God se wil in. Voordat ons Christus aanvaar het, was ons wil baie meer gebonde omdat ons deur sonde gebind was. Maar Jesus het gekom om die gevangenes vry te stel: ***“DIE Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.” (Jes.61:1)***. Ons was beperk; ons kon nêrens heen gaan nie. Ons is steeds beperk wanneer ons ons eie rigting wil ingaan, indien dit nie is waar God ons wil hê nie. Ons word beperk deur ons fisiese en denkvermoë, sowel as ons natuur. Die goeie nuus is dat die Seun gekom het om ons vry te maak. ***“As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees” (Joh.8:36)***. Hoe meer ons God se Wil ontvang, hoe vryer is ons wil, want dit stem ooreen met God se wil, en Hy kan doen wat Hy wil. Wanneer ons Sy Wil ontvang het, doen ons wat ons wil doen. Dit is 'n vrye wil! Daar is niemand anders as God in die hele Bybel wat voortdurend kan doen net wat Hy wil nie. Al hoe ons 'n vrye wil kan kry, is as ons Sy Wil in ons plaas. Dis hoekom ons die Bybel bestudeer. Ons moet van gedagte verander, ons moet dit nuut maak met dit wat ons in die Woord lees. Dit is wat die Griekse woord bekeer (repent) beteken: “verander van gedagte”, “*a change of the mind*”. So ontvang ons Sy Wil. Ons wil moet met Syne vervang word. Om vry te wees beteken om te kan sien soos God sien. Dit beteken ons moet Sy begrip en Sy begeertes in ons hart hê. God is die enigste Een met 'n vrye wil, en die bewys daarvan is dat die geskiedenis voortdurend herhaal word. Net een brein (“*mind*”) wat in beheer is, kan dit doen. God werk in almal om te wil doen wat Hy gedoen wil hê. Elkeen op aarde is dus 'n instrument/voorwerp in Sy hande. Sommiges is instrumente/voorwerpe van eer, ander van oneer (Rom.9:21; 2Tim.2:20).

Ons moet verstaan hoe God ons gebruik om Sy Wil te vervul: ***“... want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.” (Filip.2:13)***. God voorbeskik deur ons wil te gebruik om Sy Wil te doen. Alles, die hele skepping, word deur God gebruik om Sy seuns voor te berei om Hom van aangesig tot aangesig te ontmoet. Die hele skepping is die grond waarin Hy Sy saad plant

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

wat vrugte moet voortbring. Baie mense dink dat wanneer God in beheer is, die wêreld roomys is. Al is roomys soet, groei plante nie daarin nie. 'n Boer gebruik die grond om die buitenste dop van die saad te verrot sodat die kiem binne-in kan groei tot lewe. So gebruik God die wêreld om Sy saad te laat groei sodat daar vrug kan wees wat Hy kan oes. God het die wêreld dus geskep om die grond te wees wat Sy seuns sal voortbring. Alles, die hele skepping, dien hierdie perfekte plan van God en niemand sal in Sy pad staan om dit te bereik nie. Sommige mense dink dat die sondeval God onkant betrap het en toe moes Hy plan B in werking stel. Dit is glad nie so nie! Die sondeval het die wêreld korrup gemaak - presies wat God nodig het om die saad te laat groei. Ons sal later meer daaroor praat. God het nie 'n plan B nie, want Hy maak nie foute nie. God besluit nie wat Hy volgende gaan doen na aanleiding van wat ons doennie! As dit so was, sou dit beteken dat ons aan Hóm dikteer. Daar is mense wat glo dat geloof die geskiedenis kan verander, maar geloof is volgens **Ef.2:8** 'n gawe van God: **“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God”**. Geloof kom van Hom en vervul Sy Wil!

God maak die einde van die begin af bekend. **Jes.46:10** sê dit duidelik: **“ ... wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen”**; God is aktief betrokke in alles om Sy Wil te laat geskied. Aangesien Hy alles reeds vooraf gespreek het, moet dit gebeur! **“Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.” (Jer.1:12)**. God laat nie net maar toe nie, nee, baie meer! Hy laat gebeur, soos ons in die Skrif lees. God **“werk volgens die raad van sy wil” (Ef.1:11)**. In ons beperkte begrip van hoe God werk, is die mens geneig om te dink, “God laat toe dat dit of dat gebeur” Die Woord sê egter duidelik dat Hy werk, Hy doen, Hy gebruik en Hy veroorsaak.

**“Welgeluksalig is hy wat U uitkies en laat nader kom, dat hy kan woon in U. Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis.” (Ps.65:4)**. God se manier om ons te red, is deur Sy Wil in ons te plaas. Indien ons nie God se volle verlossing ervaar nie, moet ons Hom vra om Sy Wil in ons te plaas, ook in daardie area in ons lewe. So gee ons erkenning dat alles van Hom af kom, ook

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

alle genade. Ons behoort te bid: "God, plaas asseblief u begeertes in my sodat ek kan doen wat reg is in U oë". **"Ek sal op die weg van u gebooie wandel, want U verruim my hart. Laat my wandel op die pad van u gebooie, want daarin het ek 'n behae. Neig my hart tot u getuïenisse en nie tot winsbejag nie."** (Ps.119:32,35,36). Die Bruid sê in Hooglied van Salomo 1:4: **"Trek my agter u aan, laat ons gou maak! Die koning het my in sy binnekamers gebring. Ons wil juig en ons in u verheug, ons wil u liefde prys meer as wyn. Met reg het hulle u lief"**. Wanneer God jou roep, volg jy Hom. As Hy jou nie roep nie, volg jy Hom nie. Sy verlossing is nét deur Sy guns en Sy genade. **"En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie."** (Rom.10:20). Rom.3:10-12 stel dit duidelik: **"Daar is niemand regverdige nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie"**. Almal is vasgevang in sonde en **"in ongeregtigheid gebore"** (Ps.51:5). In hierdie toestand soek niemand self na God nie. God is die Een wat die eerste stap neem. Joh.6:44 bevestig dit soos volg: **"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag"** asook Joh.15:16: **"Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly"**.

Hoe trek God ons aan? Hy plaas in ons die begeerte om van gedagte te verander (ons te bekeer) en na Hom toe te gaan. Die Woord sê in Hand.11:18: **"So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk"**. As ons van gedagte verander, is dit 'n gawe van God, net soos geloof ook 'n gawe van God is. Die mate waartoe ons in Sy koninkryk wil vorder, hang ook van Sy genade en geskenk van bekering af. Hy wil hê ons moet erken dat ons van Hom afhanklik is vir alles in ons lewens. Hy wil hê ons moet Hom vra dat Hy in ons die begeerte moet plaas om reg te doen. Die Woord verduidelik dat dit is hoe Hy werk: **"want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae"** (Filip.2:13). Indien dit nie so was nie, sou ons nie tot bekering wou kom nie.

Ek het Koning Dawid nog altyd bewonder vir sy Nuwe Testamentiese wysheid tussen die Ou Testamentiese mense. **"EN Dawid het die HERE geloof voor die oë van die hele vergadering, en Dawid**

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

*het gesê: U sy geloofd, HERE, God van ons vader Israel van ewigheid tot ewigheid. Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlijkheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel (Satan se koninkryk, wat in die tweede hemel is, is hierby ingesluit) en op aarde; aan U, HERE, kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles." (1Kron.29:10,11). Wat is daar waaroor Hy nie hoof kan wees nie, as Hy Hoof is oor ALLES, van ewigheid tot ewigheid? Hy sal dit nooit verander nie! Die mense wat dink dat God en Satan in 'n oorlog betrokke is waarvan die uiteindelijke oorwinnaar onbekend is, is dié wat onvolwasse is in hul begrip van die Woord. God laat dit toe sodat hulle Hom nie van boosheid kan beskuldig nie, totdat hulle tot die volle waarheid kom en God se wonderlike plan verstaan. God wen altyd. Hy gáán Sy oes insamel en die duiwel gaan dié wat aan hom toegesê is, kry! Dít is God se plan.*

***"En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak."** (1Kron.29:12). God gebruik dikwels die woord "alles". Wanneer ons oor God praat, moet ons die woord "alles" ook baie gebruik. Let wel, God heers oor alles en gee krag aan alles. **"En nou, onse God, ons loof U, en ons prys u heerlike Naam. Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk?"** (vers 13,14). Wie is ons dat ons uit onself hierdie wil sal hê om Hom te dien? Dawid het besef dat dit God se genadegawe aan hulle is, dat Hý hulle die behoefte gee om Hom te dien. **"Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee"**. (vers 14). Is dit nie wonderlik nie? Hy beloon ons vir iets wat Hy eerstens vir ons gegee het. In 1Kor.4:6 sê Paulus: **"En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?"** Die korekte antwoord is natuurlik dat ons niks het wat ons nié van Hom gekry het nie, en ons gaan boonop 'n beloning ontvang vir wat ons het. Dié wete behoort ons nederig te maak. Ons het niks om op trots te wees of om oor te spog nie. Daarom kan ons ook niemand anders veroordeel wat nie is waar óns is nie; ons is daar danksy Sy genade. Dit wat Hy aan ons skenk, kan Hy ook wegneem! Ons moet dus versigtig wees hoe ons voor Hom wandel. **"Want ons is vreemdelinge en bywoners voor u aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee, en daar is geen verwagting nie. HERE onse God, hierdie ganse rykdom wat ons berei het om vir U, vir u heilige Naam, 'n huis te bou -- dit kom uit u hand en dit***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**behoort alles aan U.**” (1Kron.29:15,16). Alles wat ons het, behoort aan Hom en behoort gebruik te word om Hom te dien, want ons is hier om Hom te dien.

Johannes die Doper het in God se vrede en rus gewandel, maar, net soos ons, moes hy ook teen bese geeste stry. Dié geeste het sy dissipels gebruik om hom jaloers te maak en om te probeer om ‘n gees van kompetisie teenoor Jesus in hom te ontwikkel. **“Daar het toe van die kant van die dissipels van Johannes ‘n redenasie met die Jode ontstaan oor die reiniging. En hulle het na Johannes gekom en vir hom gesê: Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe. Johannes antwoord en sê: ‘n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.”** (Joh.3:25-27). Omdat Johannes verstaan het hoe God werk, kon hulle nie sy vrede steel nie. Hy het eenvoudig geantwoord: **“Hy moet meer word, maar ek minder.”** (Joh.3:30). Hy was tevrede om niks meer te doen as wat God van hom verwag het nie. As hy sy dissipels moes verloor omdat dit deel van God se plan was, aanvaar hy dat God in Sy soewereiniteit reg optree. Hy het selfs daarna sover gegaan as om Jesus aan sy dissipels uit te wys: **“Daar is die Lam van God”** (Joh.1:29), waarna hulle Hom gevolg het. Johannes was nie kompetierend óf jaloers nie, hy het geweet dat hy daar was om nê die rol wat God aan hom gegee het, te vervul. Dit wat ‘n mens ontvang, kom slegs van God!

Mens sien dikwels dat predikante deur ‘n gees van jaloesie en kompetisie beheers word. Elkeen wil die grootste gemeente hê. Indien hy sy eie beeld kan verbeter of die ander afkraak, sal sy gemeentede hopelik nie ander weidvelde soek nie. Ongelukkig sien die mense een of ander tyd deur die strategie en, terwyl sommige teleurgesteld terugkeer na die weë van die wêreld, is daar diegene wat ‘n plafon in hulle geestelike groei bereik en hulle dan tot ‘n volgende kerk wend.

Mense vra dikwels of hulle in God se Wil is. Omdat God soewerein is, is ons meer in Sy Wil as wat ons besef. Ons mag dalk van die spoor af wees, maar omdat God ons omgewing beheer, sal ons in ons omstandighede presies wees waar Hy ons wil hê. God plaas ons in omstandighede sodat ons vlees gekruisig kan word. In Jesus se omstandighede het dit gelyk asof God

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

slegte mense mag oor Hom gegee het. Dit is hoe God werk: Hy bemagtig slegte mense sodat Hy Sý doel kan bereik. Was jy al in 'n situasie waar God mense mag oor jou gegee het? God se doel is om jou nederig te maak en na jou kruis te lei. In so 'n situasie moet ons ons eie wil neerlê en ons onderwerp aan die betrokke gesag. God het selfs aan Paulus gesê om nie teen die prikkels te skop nie.

In *Joh.19:10,11* lees ons: **“En Pilatus sê vir Hom: Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie? Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde”**. Op die oog af was Jesus in a desperate situasie. Maar Hy was rustig, want Hy het geweet dat Hy in God se hande was. Die sogenaamde stryd tussen die duiwel en God ontnem ons van ons vrede omdat ons onseker is of ons in God se Wil of in die duiwel se hande is. Maar dit maak nie saak waar ons is nie: ons is steeds in God se hande, ook wanneer ons in die duiwel s'n is! Jesus het dit geweet, en dit geld ook vir ons. **“...want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.”** (*Ps.91:11,12*). Dit verwys na almal wat **“in die skaduwee van die Almagtige”** (*Ps.91:1*) is waar God se engele ons bewaar. Jy sal nie eers jou voet teen 'n klip stamp nie, want hulle is daar om jou te beskerm. Daar is nie iets soos 'n ongeluk nie. Ongelukke bestaan net vir mense wat in die noodlot, nie 'n alomteenwoordige, almagtige God glo nie. As jy die noodlot blameer vir gebeure, probeer jy om jou verantwoordelikheid te ontduik! God sê dat “jy maai wat jy saai”: **“Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.”** (*Gal.6:7*). Hierdie is 'n bevestiging van God se absolute soewereiniteit en geregtigheid.

**“n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie”** (*Joh.3:27*). Alles kom van God af. Hoe kan God 'n Vader genoem word as Hy ons sou toelaat om enigiets te doen sonder om ons te straf vir oortredings? Hoe kan God 'n Vader wees as Hy die duiwel 'n vrye hand oor ons gee? Ons sal nooit droom om ons kinders nié te straf vir oortredinge nie, of om hulle onder toesig van slegte mense te los nie. En as jy dít verstaan, help dit jou om 'n baie belangrike beginsel te verstaan. As ons gedurig die duiwel

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

die skuld gee wanneer slegte goed met ons gebeur, kom ons nooit op die punt waar ons besef dat ons iets verkeerds doen of dink nie. Ons vermors 'n Godgegewe geleentheid om van gedagte te verander oor dit wat ons doen. Dis hoekom dit belangrik is om God se soewereiniteit te verstaan! As ons dit verstaan, kyk ons verby die duiwel na God en wonder hoekom Hy die duiwel toegelaat het om sekere dinge aan ons te doen.

Job is 'n voorbeeld van iemand wat die omvang van God se soewereiniteit verstaan het. ***“Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.” (Job 2:10).*** God maak dit baie duidelik dat Job nie gesondig het deur te sê dat goed sowel as sleg van God af kom nie. Dit was die duiwel wat Job aangeval het, maar Job gee hom nie die eer daarvoor nie. Die duiwel is net 'n voorwerp in God se hande, 'n oneervolle instrument. Ons moenie teen die duiwel vaskyk nie; kyk verby hom na 'n soewereine God. As ons dít doen, sal ons wonder hoekom die duiwel die reg gehad het om slegte omstandighede oor ons pad te bring. Dit sal ons dan motiveer om te verander. Wanneer ons denke by die duiwel vassteek, het ons geen motivering om op te hou met dit wat verkeerd is nie. Baie mense dink dan “die duiwel val my aan want ek is in God se goeie guns”. Dit neem enige rede vir die vlees om te sterf, weg! Dit is presies die teenoorgestelde van wat God wil bereik. Dis baie moeiliker om te vra: “Is daar iets in my lewe wat God vir my wil uitwys?” of dalk “Jammer Vader, ek verdien dit, ek was verkeerd”.

***Luk.13:4,5*** het in my gedagtes opgekom toe die eerste ruimtevaart skeef geloop het: ***“Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het -- dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom”.*** Polities is dit seker korrek om nasionale katastrofes voor die deur van onkundiges en goddeloses te lê. Die waarheid is egter dat mense nie hulle gedagtes wil verander na dié van God toe nie. God oordeel die wat hulle nie bekeer nie; dis waarna hierdie vers verwys. Alles op die aarde is in Noag se tyd met die vloed vernietig. Daar was op die hele aarde nét agt persone wat God as regverdig geag het en net hulle is deur die ark gered. Is dit vandag enigsins anders? ***“En***

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

**net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.” (Matt.24:37).** Sodom en Gomorra is deur vuur uit die hemel vernietig. God het aan Abraham gesê dat as hy net tien regverdiges kan vind, Hy dit nie sal doen nie. Is dit vandag persentasiegewys enigsins anders? **“Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” (Luk.17:29,30).**

Ek sê nie dat God nie soms die duivel stuur sodat ons kan leer hoe om hom te oorwin nie. Maar dit is belangrik om te weet dat God die duivel ook gebruik om ons te straf wanneer ons buite Sy Wil is. Ons moet verby die duivel kyk, wat net ‘n oneervolle instrument in God se hand is. Ons moet God in alles sien. Hy alleen is soewerein. Dit sal ons voortdurend motiveer om Hom te volg en gehoorsaam te wees. Daar is die van julle wat aanstoot sal neem by die gedagte dat God die duivel stuur om ons te tugtig, maar net soos God instrumente tot Sy eer gebruik, **“om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Filip.2:13)**, gebruik Hy ook instrumente wat oneervol optree: **“Of het die pottbakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?” (Rom.9:21).** Die duivel is wetend of onwetend die hoof van die voorwerpe/instrumente van oneer. God het hom geskape. Sou God so dom gewees het om iets te skep wat slimmer of beter as Hy is? Of nog veel erger; God sou nie baie slim gewees het as Hy ‘n wese gemaak het wat Sy kinders sonder rede sou benadeel nie!

**“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag [korrekte vertaling is “outoriteit”] in die hemel en op aarde.” (Matt.28:18).** [NNT: “*And Jesus came to them and spake unto them, saying, All authority hath been given unto me in heaven and on earth*]. Die stelling is duidelik: alle outoriteit is in God se hande; die mag wat die duivel het, is deur God aan hom gegee. Let wel, Jesus sê “alle outoriteit”, nie “*alle mag*” nie. Outoriteit is die reg om mag te gebruik. Jesus het alle outoriteit gehad. Jesus het outoriteit oor die duivel se mag en, soos ons in ‘n latere hoofstuk sal sien, outoriteit om die duivel se mag te gebruik.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**1Kor.11:12** en **2Kor.5:18** sê: “**En dit alles is uit God**” [NNT: “**All things are of God.**”] Die merkwaardige frase kom twee keer in die Nuwe Testament voor. Ek is oortuig daarvan dat as jy dit in die teenwoordigheid van Christene sou sê wat nie weet dat dit in die Bybel staan nie, hulle jou sou tereg wys. Is dit nie vandag algemeen om die frase “Dis van die duiwel af” of “Dis van God af” te gebruik nie? Die Woord sê “**alles is uit God**”. Hoekom sê God dit? Dit klink nie reg nie! Die probleem lê in ons begrip. Ons weet sekere dinge kom van die duiwel af, dis waar. Maar primêr kom hierdie dinge ook van God af. Dit is God se plan wat op die aarde volbring word, nie die duiwel s’n nie.

**“n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.” (Joh.3:27).** Dit pas nie goed in by ons denkwysie nie. Ons is geleer dat sekere dinge van die duiwel af kom, ander van God af. Hierdie lering is deur die menslike tradisie oorgedra. Al die hervormers het teen hierdie geloof-rowende lering geveg, selfs Augustinus wat Rooms Katoliek was. Ons moet weet dat God op Sy troon is en altyd in beheer is. Die omstandighede in ons lewe dien as motivering om God altyd te vrees, te respekteer en geloof in Hom te hê.

Ons leer niks as ons die duiwel of ander mense blameer nie. God sê in **Jak.5:16**: “**Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word**”. Dis so algemeen dat mense teen siektes vaskyk, pleks daarvan om laasgenoemde te sien as ‘n Vader se straf vir Sy kinders, of as ‘n teregwysing as hulle verkeerd is. Mense ly dikwels lewenslank en sterf sonder om ooit eenkeer te besef dat hulle lewens nie in lyn met God se Woord is nie. Hulle is vir ewig die geleentheid ontnem om dit reg te stel. **Gal.6:7** maak dit duidelik: “**Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai**”. Met ander woorde God sê ons ontvang volgens ons dae. Dit beteken eenvoudig dat op ‘n sekondêre vlak ons ons eie toekoms bepaal. Wanneer ons ons bekeer en ons geloof beoefen, word ons ou sondes vergewe en word ons skoon gewas. As ons voortgaan met sondig, maai ons wat ons saai. Dit behoort ons met vrees en respek vir God te vul.

**“Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is -- soos daar baie gode en baie here is – tog is daar vir ons maar**

**HOOFSTUK 1**  
**God se Soewereiniteit en Doel in alle Dinge**

***een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.***” (1Kor.8:5,6). Alles kom van God, deur Jesus Christus. Alles. Hoekom is dit so moeilik vir mense om dit te verstaan terwyl dit oor en oor in die Skrif gesê word? Dink mooi, daar is géén Skrif wat die teenoorgestelde bewys nie. Hoekom leer so baie van die kerke dan nie vir die mense dat alles van God kom nie?

Ek het die Bybel vir amper drie dekades bestudeer. In hierdie dertig jaar het ek elke keer as ek iets lees oor God se soewereiniteit, ‘n nota daarvan gemaak. Dan het ek terug gegaan en die betekenis daarvan vergelyk met soortgelyke verse. Dit het baie duidelik geword dat God altyd in beheer is. Dit het my met vrede vervul, wat my omstandighede ook al was, en my geloof in God versterk. Ek het later die Hervormers se geskifte gelees en was geskok om te sien dat hulle presies dieselfde geglo het, maar dat bitter min kerke dit vandag aan hulle gemeentelede verkondig.

Die leerstelling van God se soewereiniteit is algemeen bekend as Calvinisme. Vóór hom is dit egter ook deur Martin Luther, en voor hóm, Augustinus verkondig. Die meeste Hervormers stem saam dat God in Sy soewereiniteit besluit wie Hy wil nader trek deur Sy Wil in hulle te plaas. Die Armeniërs het geglo dat mense wat gebind is deur sonde, nog steeds goeie of vrye keuses het. Dit is natuurlik onmoontlik. Die Armeniërs het Calvyn verkeerdelik daarvan beskuldig dat hy fatalisme verkondig. Dit is om te glo dat “wat sal wees, sal wees! Ek hoef nie bekommerd te wees nie, want wat God besluit sal so wees. Ek sal net terugsit en kyk wat God doen.” Dit is egter nie wat die Hervormers geglo het nie. Hulle het feitlik almal dieselfde lering gehad; naamlik dat God voorbeskik en Sy Wil tot uitvoering bring deurdat Hy jou wil gebruik om dit te doen. Hy plaas Sy Wil in jou.

Die sondige mens ontvang geloof as ‘n geskenk. Geloof gee jou toegang tot God se genade, wat jou laat begeer na dit wat reg is. Dié mense wat in oorwinning leef, doen dit dus omdat God se genade hulle bemagtig om te wil doen, en te doen wat Hy wil hê. ‘n Fatalistiese uitkyk vernietig motivering. Die waarheid motiveer ons altyd tot heiligheid. As ons seunskap van God gaan manifesteer, sal dit net wees omdat ons dit begeer. Ons gaan dit

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

regkry omdat ons oorwin het. Nie omdat ons dink “ek is uitverkies en daarom gaan ek suksesvol wees” nie. Hierdie denkwysse kom in sommige Calvinistiese kerke voor. Calviniste verkondig nie noodwendig Calvyn se leringe nie. Calvyn se “Institutes of the Christian Religion” is ‘n in-diepte-studie van God se soewereiniteit. Die wat God se heiligheid begeer sal bewys dat hulle uitverkies is.

## HOOFSTUK 2

### God se Soewereiniteit met die daarstelling van die Woord

**“Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig” (2Pet.1:20,21)**

Dit is 'n onbetwisbare feit dat die Bybel aanspraak maak daarop dat God die outeur is. Dit klink ongelooflik dat God perfekte gedagtes aan onperfekte mense kon gee en boonop seker kon maak dat wat hul skryf, perfek geïnspireerd is. **2Tim.3:16** sê: **“Die hele Skrif is deur God ingegee** (Grieks: “is deur God ge-aseem”) **en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid.”** God het in sy perfekte soewereiniteit mense se monde gebruik: **“...soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af.”** (Luk.1:70); en **“Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroei; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond.”** (Jer.1:9). Die profete maak ook aanspraak hierop en begin altyd hulle profesie met “So sê die Here.”

Jesus het nie net gesê dat Sy woorde van God af is nie, maar ook dat Sy woorde ons sal oordeel en dat hulle die ewige lewe is. **“Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek - net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.”** (Joh.12:48-50). Jesus het hierdie Goddelike inspirasie oorgedra aan diegene wat Hy uitgestuur het: **“Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.”** (Matt.10:40). Nuwe Testamentiese leraars en profete, soos Paulus, het ook op hierdie inspirasie van die Gees aanspraak gemaak: **“As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is.”** (Kor.14:37).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Kan die Goddelike, geestelike inspirasie van die Woord bewys word? Ek wil julle vertel van 'n paar wonderwerke wat met my gebeur het, dinge wat op geen ander manier verklaar kan word nie, as deur die bonatuurlike krag van 'n lewende, liefdevolle God, Hy wat reageer op óns geloof in dít wat Hy in Sy Woord beloof. Die mees aangrypende wonderwerk wat ooit met my gebeur het was toe 'n vriend my uitgedaag het om die Bybel te lees! Ek was glad nie daarvan oortuig dat die Woord deur God geskryf is nie en was, of so het ek gedink, heel gelukkig om sondig te leef. Ek het dagga, alkohol en my stokperdjies geniet en geen begeerte gehad om God te dien of om heilig te leef nie. Ek wás egter nuuskierig oor Bybelse profesieë wat duisende jare oud is en wat op bonatuurlike wyse in vervulling gegaan het. Ek, wat nooit van lees gehou het nie, het toe die Bybel begin lees. Ek het op daardie stadium nie besef wat met my aan die gebeur was nie. Vir die eerste keer in my lewe kon ek nie 'n boek neersit nie. Ek het dít wat voorheen vir my belangrik was, begin afskeep en elke ledige oomblik gelees. Dit was nie lank voor ek die begeerte ontwikkel het om die Een wat dit geskryf het, beter te leer ken nie, en ek het Hom as God erken.

In dié tyd het ek agtergekom dat my rook- en drinkgoed onaangeraak gebly het en dat my amper-klaar-geboude Kawasaki Z-1 skoumotorfiets my verveel het. Ek was nie meer my ou self nie. My skiboot, renmotor, kampeertoerusting en geweerversameling het al minder aandag gekry. Uiteindelik het ek dit alles verkoop of weggegee. Ek het geweet dat God se hand op my is en dat Hy Homself aan my openbaar. As ons die Woord inneem, plaas ons God in ons. Hy is die Woord (Joh.1:1). Die begeerte het in my ontstaan om gehoorsaam te wees aan dít wat ek lees. Toe die Woord sê dat ek my moet laat doop en met die Heilige Gees gevul word, het ek dit gedoen. Sonde het nie meer 'n houvas op my gehad nie. Op 'n stadium het my TV 'n struikelblok geword en ek het daarvan ontslae geraak. Ek het respek ontwikkel vir die Woord se krag om vry te maak en te seën - méér te bevry en te seën as wat mense of 'n godsdiens ooit kon.

God het opvallend bonatuurlik in my lewe gewerk. Hierdie getuienis is egter net van waarde vir mense wat my geken het vóór God in my lewe gekom het. Om skeptiese mense te oortuig

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

dat die Woord geestelik geïnspireerd is, sal 'n baie meer wetenskaplik-aanvaarbare bewys voorgelê moet word. Wetenskap is waarneembaar en uitvoerbaar. Ek wil julle graag van 'n ander wonderwerk vertel. Ivan Panin is in 1855 in Rusland gebore en het tydens die Bolshevik Revolusie landuit gevlug om hom in die Verenigde State te vestig. Hy was 'n student by Harvard Universiteit en het gevorder tot professor en wiskundige. Hy het selfs vir Albert Einstein as student in sy klas gehad. Hierdie universiteitsopleiding en sy toewyding aan Christus en die Woord, was die voorbereiding vir sy lewenstaak: hy het die Goddelike inspirasie van die Bybel wetenskaplik bewys. Vir 50 jaar lank het hy elke dag twaalf tot agtien uur lank daaraan gewerk. Die basis van sy openbaring, wat hy numeriek genoem het, was die antieke geskrifte van die Ou Testament in Hebreeus en die Nuwe Testament in Grieks. Die Hebreërs en die Grieke het hul letters ook vir getalle gebruik. Met ander woorde, die hele Bybel is eintlik ook in getalle geskrywe. Wat Dr Panin ontdek het, is dat wanneer hy die getalle gebruik, die 66 boeke van die Bybel 'n patroon van getalle en deelbaarheid vertoon wat geen ander geskrifte het nie. In sy toewyding aan die taak het hy ook vele ander Griekse en Hebreeuse geskrifte ondersoek en kon geen patroon daarin vind nie. Van die boeke wat hy ook ondersoek het was, onder andere, die apokriewe boeke wat by die Katolieke en ander vroeë Protestantse Bybels gevoeg was, en die oorspronklike "King James Version" voor die baie hersienings daarvan.

Ek het vir baie jare Dr Panin se werk bestudeer en is heeltemal oortuig van die akkuraatheid en wetenskaplikheid daarvan. Hieronder volg 'n kort uittreksel uit die verskeie volumes van sy werk, vervat in 'n pamflet getiteld *Astounding New Discoveries*. Die getal sewe is by verre die mees algemene getal wat in die oppervlakte van die Bybel gebruik word. In Openbaring alleen kom dit meer as vyftig keer voor. Sewe is ook algemeen onder die oppervlak van die hele Bybel.

**GENESIS HOOFSTUK EEN, VERS EEN**

**"In die begin het God die hemel en aarde geskape."**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

### **KENMERK EEN**

In die Hebreëuse teks het hierdie vers presies sewe woorde.

### **KENMERK TWEE**

Daar is presies *agt-en-twintig* letters in hierdie sewe woorde, of vier-maal-sewe letters.

### **KENMERK DRIE**

Die eerste drie van die sewe Hebreëuse woorde bevat die onderwerp en werkwoord van die sin. Hierdie drie woorde is vertaal- “In die begin het God geskep.” Hierdie eerste drie Hebreëuse woorde het presies *veertien* letters, of twee maal sewe. Die laaste vier woorde bevat die voorwerp van die sin en is vertaal as -“die hemel en die aarde.” Hierdie laaste vier Hebreëuse woorde het *veertien* of twee-maal-sewe letters.

### **KENMERK VIER**

Die laaste vier Hebreëuse woorde bevat twee voorwerpe. Die eerste is “die hemel”, en die tweede is “die aarde.” In die eerste voorwerp is daar presies sewe letters en so ook in die tweede voorwerp.

### **KENMERK VYF**

Die drie belangrikste woorde in die sin van sewe woorde is GOD – die onderwerp – en hemel en aarde – die voorwerpe. Die aantal letters in hierdie drie Hebreëuse woorde is presies *veertien*, of twee-maal- sewe. Die aantal letters in die ander vier woorde van die sin is *veertien* in totaal, of twee-maal-sewe.

### **KENMERK SES**

Die kortste woord is in die middel van die sin. Die aantal letters in hierdie woord, asook die woord aan sy linkerkant, is presies *sewe*.

### **KENMERK SEWE**

Die aantal letters in die middelste woord, asook die woord aan sy regterkant, is presies *sewe*.

Hierdie is maar ‘n paar voorbeelde van die baie wonderlike numeriese kenmerke wat in hierdie eerste sin van slegs sewe

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

Hebreeuse woorde ontdek is. Letterlik dosyne ander fenomenale numeriese kenmerke onderlê op fassinerende wyse die struktuur van hierdie sin. (In die volledige, 167-bladsy uitgawe van *Astounding New Discoveries*©, 1941, deur Karl Sabiers, 'n student van Panin, word nog meer kenmerke beskryf. Sommige latere uitgawes is hersien, en daar is selfs plagiaat gepleeg om te probeer bewys dat sekere manuskripte swak is.)

Volgens die Wet van Waarskynlikheid is daar slegs 'n een uit 191 581 231 380 566 414 401 kans dat vier-entwintig kenmerke toevallig in 'n gedeelte (vers) sal voorkom. Dit is 'n kans van een uit 'n honderd-een-en-negentig-kwintriljoen, vyfhonderd-een-en-tagtig kwadriljoen, tweehonderd-een-en-dertig triljoen, driehonderd-en-tagtig biljoen, vyfhonderd-ses-en-sestig miljoen, vierhonderd-en-een.

Kort Bybel gedeeltes het dikwels sewentig of meer numeriese kenmerke in die struktuur van die teks. As daar net een kans uit kwintriljoene is dat vier-en twintig kenmerke toevallig saam kan voorkom, wat is die kans dat 70 kenmerke toevallig saam kan voorkom?

As daar slegs een kans uit *duisende* is vir elemente om toevallig saam voor te kom, word dit statisties as hoogs onwaarskynlik beskou. As daar een kans uit *honderd duisende* is, word dit as prakties onmoontlik beskou. Hier is die kans nie een uit *miljoen* nie, maar een uit *biljoene*, *triljoene*, *kwadriljoene* en *kwintriljoene*, dat net vier-en twintig kenmerke toevallig saam in 'n gedeelte kan voorkom.

As dit nie genoeg is om enige regdenkende mens te oortuig nie, is daar ook nog addisionele patrone van 8, 11, 13, 17, 19, 23, 37, 43, ensomeer wat saam met die numeriese patrone van sewe deur die Woord geweef is. Groter patrone verbind boek aan boek, Ou Testament aan Nuwe Testament en wys ook die regte volgorde van die boeke uit. Hierdie numeriese patrone bewys dat die Bybel deur 'n bonatuurlike, goddelike, briljante wese geskryf is. Dit is onmoontlik dat 33 gewone mense, wat 'n beperkte opleiding gehad het en wat in verskillende lande gewoon het, oor 'n tydperk van 1 600 jaar die onderliggende wiskundige patrone



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

daarin kon vaslê. As mense die Bybel geskryf het, moes hulle almal in dieselfde tyd en plek geleef het en moes almal wiskundig geniaal gewees het. Dan moes hulle elkeen sý boek laaste geskryf het met die kennis van die numeriese patrone in al die ander boeke. Mense wat probeer het om 'n kort en eenvoudige numeriese paragraaf met slegs 'n paar kenmerke daarin te skryf, het klaaglik misluk.

Die Hebreërs het buitensporige streng reëls gehad wat die skrifgeleerdes moes nakom tydens die oorskryf van die antieke manuskripte. God het hulle gebruik om hierdie pefekte patroon in die Skrif te bewaar sodat ons die "God ge-aseemde" Woord van God in die geskifte kan hê. Indien 'n Griekse of Hebreeuse letter bygevoeg, weggeneem of verander word, word die onderliggende numeriese patroon in die teks verbreek.

Die grootste probleem vandag met die publikasie van Bybels is om te besluit watter manuskrip gebruik moet word. Dit maak sin om slegs antieke manuskripte wat naby aan die oorspronklikes is te gebruik om die waarskynlikheid van menslike foute uit te skakel. Om 'n afskrif van 'n afskrif van 'n afskrif te gebruik, maak geen sin nie. Tog, as gevolg van vooroordele en die verlies aan beskikbaarheid van antieke manuskripte het sommige vertalers afskrifte gebruik. Nodeloos om te sê, dit is bewys dat die antieke manuskripte numeries meer korrek is. God het ons 'n wetenskaplike manier gegee om te bepaal watter manuskripte korrek is en ook om die foute in nie-korrekte manuskripte te kan uitwys. Met numeriek tot ons beskikking is dit nie meer nodig om veelvuldige manuskripte te bestudeer om die waarheid te vind nie. Numeriek het dit ook moontlik gemaak om die mees akkurate vertaling te vind deur al die vertalings tot en met die vroeë 1900's te vergelyk. Dr Panin het bevind dat die **Revised Version**, wat 'n klein bietjie verander is en daarna die **American Standard Version** genoem is, kop en skouers bo sy mededingers uitstaan. Voordat ek Dr Panin se werk ontdek het, het ek tot dieselfde slotsom gekom uit **Vine's Expository Dictionary of New Testament Words** en vergelykende manuskripte. Ek wil dit graag duidelik stel dat jy in enige Bybeluitgawe genoeg inligting oor verlossing en heiligmaking kan kry. Vir party mense is dit dalk makliker om in die begin meer toeganklike vertalings te gebruik.

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

Wanneer hulle kennisvlak van so aard is dat hulle in die fynere punte van leringe belangstel, is akkuraatheid belangrik en dan kan die meer korrekte vertalings gebruik word. Dr Panin het baie hard daaraan gewerk om akkurate manuskripte daar te stel. Twee van sy uitstaande werkstukke is die numeries korrekte **Numeric English New Testament** en die **Numeric Greek New Testament**. Ek beskou dit as die mees akkurate manuskripte beskikbaar en gebruik hulle wanneer ek naslaanwerk doen.

Teomatika is die Bybelwetenskap waar die numeriese waardes van woorde, woordgroepe of strofes gebruik word om teologiese begrippe te verbind. Dit is soms in die oppervlakte sigbaar. "Theomatics" is ook die naam van die eerste boek wat deur Jerry Lucas en Del Washburn oor die onderwerp geskryf is. Hier volg 'n paar voorbeelde van hul ontdekkings. Ek het die opmerkings geskryf. God se soewereine ontwerp in die Skrifte word hierdeur bevestig.

**VOORBEELD**

Tel die getalle in "Jesus" op en jy kry 888, dit is deelbaar deur 111.

"Here God" in Gen.3:9 =111

Die deelbare waarde 111 verbind Jesus aan God in die Ou Testament.

**Jesus = 888 of 111 x 8**

**Here God = 888 of 111 x 8 – in Openb.15:3**

**Here Jesus = 111 x 11 – in Openb.22:20**

**Woord = 111 x 2**

**Nasarener = 111 x 2**

**My geliefde Seun = 111 x 14**

Sommige versteekte numeriese waardes word ook gesien in die oppervlakteks

**OPPERVLAKTEKS**

**(Openb.13:16)...die getal van die dier...is ses honderd ses-en sestig.**

**VERSTEEK IN DIE WAARDES**

**GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

- (1Pet.5:8) Teënstander = 666  
(Joh.1:9) In die wêreld = 666  
(Openb.12:12) Groot toorn = 666  
(Openb.18:3) Handelaars van die aarde = 666  
(Openb.17:15) Waar die hoer op sit = 666  
(Openb.13:6) Laster teen God = 666 x 3  
(Openb.16:13) Bek van die draak = 666 x 3  
(Openb.13:3) Die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan =  
666 x 5  
(Openb.11:18) En om die verderwers van die aarde te verderf = 666 x 5

Let op dat die getal 666 Satan, die goddelose, en die koninkryk van die wêreld met mekaar verbind.

**OPPERVLAKTEKS**

(Openb.14:1)...en kyk, die Lam...en met hom 'n honderd vier-en veertig duisend...

**VERSTEEK IN DIE WAARDES**

- (Rom.11:7) Die uitverkorenes = 144  
(Openb.14:12) Die geloof = 144 x 7  
(Openb.22:17) Die bruid = 144 x 7  
(Openb.14:3) Die 144 duisend = 144 x 7  
(Luk.12:37) Gelukkig is daardie diensknegte = 144 x 7  
(Rom.9:11) Uitverkorenes (van God) = 144 x 10  
(Openb.14:4) Gekoop is as eersteling = 144 x 10  
(Openb.1:7) Wolke = 144 x 10 ("Kyk Hy kom met die wolke")  
(Hierdie is duidelik wolke van wit-geklede heiliges.)

God se koninkryk van die uitverkore regverdiges word deur die getal 144 met mekaar verbind. Dit, terwyl die getal "666" dié identifiseer wat die naam van die dier op hul voorkop het (Openb.13:16-18). In Grieks beteken naam "karakter en outoriteit". Dié wat deur die getal "144" met mekaar verbind word, het volgens Openb.14:1 die naam van Jesus en die Vader.

Ek hoop die voorbeelde is verduidelikend genoeg. Hierdie is 'n paar van die korter begrippe. Let op dat leerstellinge soos dié van die dier, die hoer en die wêreld ook met mekaar verbind word. Leerstellinge van die regverdiges, die uitverkorenes en die Here

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

se koms vir hulle, is ook verbind. Die hele Bybel is vol van hierdie verbintenis van leerstellinge deur algemene waardes soos 100, 144, 111, 153, 276, 666, 700, 1000, 1500, ens. Del Washburn het die navorsing voortgesit na die eerste boek verskyn het, en het nog verskeie ander boeke oor teomatika geskryf.

Daar is ook 'n ander wiskundige bewys van die inspirasie van die Skrif ontdek. Dit word "die Bybel-kode" genoem. Die eerste boek oor die onderwerp is deur Michael Drosnin geskryf en die naam van die boek is dan ook *The Bible Code*. Hier volg 'n baie kort opsomming van dít wat in die boek gelees kan word.

John Maynard Keynes het 'n biografie van Sir Isaac Newton geskryf. Hy was 'n opsiener by Cambridge Universiteit. Newton was voor hom, in 1696, ook 'n opsiener daar. Keynes het in sy werk op Newton se aantekeninge afgekom. Hy skryf dat die meeste van Newton se aantekeninge nie oor wiskunde, gravitasie of die sonnestelsel gegaan het nie, maar oor teologie. Hy sê dat Newton geglo het dat daar 'n kode in die Bybel is wat die menslike geskiedenis, verlede en toekoms beskryf. Newton het vir baie jare voor sy dood ywerig na hierdie kodes in die Bybel gesoek. Die Genie van Vilna, 'n 18de eeuse wysgeer, het gesê: "Die reël dat alles wat was, is, en sál wees, tot die einde van die tye, is ingesluit in die Tora, vanaf die eerste tot die laaste woord. En dit is nie slegs dinge in 'n algemene sin nie, maar tot op die fynste besonderhede. Van elke spesie en elkeen individueel, alle besonderhede van wat met hom gebeur het van die dag van sy geboorte tot sy dood."

Meer as vyf-en vyftig jaar gelede het Rabbi Weissmandel van Tsjeggo-Slowakye agtergekom dat as jy elke vyftigste letter van die begin van Genesis af neem, die woord "Tora" uitgespel word. Hy het hierdie spring-volgorde ook in die res van die boeke van die Tora, wat die vyf boeke is wat deur Moses geskryf is, gevind. Dr. Eliyahu Rips, 'n wêreld-bekende Israeliese wiskundige en Adjunk-Professor in Wiskunde by die Hebreeuse Universiteit van Jerusalem, het die kodes in die Bybel ontsluit met behulp van 'n rekenaarprogram, iets wat sy voorgangers nie tot hul beskikking gehad het nie. Sy bevindinge is deur verskeie wiskundiges van oor die wêreld in wetenskaplike joernale by Harvard, Yale en ook

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

sý universiteit bevestig. Hy het hierdie kode “gelyke-afstand-letter-volgorde” (*equidistant letter sequences*) of “ELS” genoem.

Hierdie volgordes kan een of baie duisende letters spring en kan van regs na links of links na regs beweeg in die teks, met dieselfde letter wat meer kere as wat ons van weet, gebruik word. Dit maak ‘n laag-op-laag bo-op ‘n laag van inligting wat onder die teks van die Bybel weggesteek word. Dit is natuurlik moontlik dat woorde met ‘n paar letters ewekansig in ander geskryfte gevind kan word. In die Bybel egter, maak die woorde, frases en/of sinne wat saamgegroepeer word met ander verwante woorde, frases of sinne van verskillende springende volgorde in dieselfde teks, die toeval daarvan buite menslike denke of vermoë. Sedert Michael Drosnin se boek verskyn het, is baie Bybel-kode sagteware programme ontwikkel. Deur die gebruik daarvan is volumes uitvindings dwarsoor die wêreld gemaak. Ek het ook ‘n paar ontdekkings met my eie sagteware gemaak. ‘n Vriend het my vrou en my eie naam met ons troudatum daarby gevind. ‘n Ander vriend weer, het sy stamboom gevind. As betreklik onbelangrike dinge gevind word, dink net hoeveel belangrike dinge daar kan wees. Die Genie van Vilna was waarskynlik reg.

Onthullings van wat in die toekoms gaan gebeur, is moeiliker om te vind omdat mens naastenby ‘n idee moet hê wat jy die sagteware moet vra om voor te soek. Drosnin het die moord op Yitzak Rabin en die jaar waarin dit voorspel is, gevind, ‘n jaar voordat dit werklik gebeur het. Hy het hom gewaarsku, maar ongelukkig het dit steeds plaasgevind op die voorspelde tyd. Later is die sluipmoordenaar se naam ook gevind. Hy het ook twee maande vóór die botsing van Shoemaker-Levy en Jupiter die volgende gevind: “*Shoemaker-Levy / will pound Jupiter / 8th AV (July 16)*”.

Drosnin het agtergekom dat die oppervlakteks dikwels verbind word met versteekte kodes. In **Dan.12:4** byvoorbeeld, word die woord “rekenaar” ge-encodeer, beginnende met die woorde “**hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe.**” Die inligting wat in die Bybelkodes opgesluit is, kon nie onthul word totdat rekenaars beskikbaar geword het aan die einde van die tye

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

nie. Die bestaan van Bybelkodes word in Deuteronomium bevestig: Deut.12:11 en 12 enkodeer *"Bible code"* en *"sealed before God"*.

'n Paar van die ander gebeure wat Drosnin met behulp van sy Bybelkodes opgespoor het, is die Joodse Volksmoord deur Hitler, die maanlanding, Die Tweede Wêreldoorlog, die Watergateskandaal met die aanklagte teen Nixon, die Wright broers met hul vliegtuig, Edison met sy gloeilamp, Newton met gravitasie, beide die Kennedy sluipmoorde met die sluipmoordenaars, Bill Clinton se verkiesing, die Oklahoma City bom met Murrah Building en die naam van die terroris, Timothy McVeigh. Daar is pertinente inligting en dikwels ook datums van hierdie gebeure gevind. Daar is ook waarskuwings van toekomstige kern-wêreldoorloë, komete en asteroïede wat die aarde gaan tref, verskriklike aardbewings, plaë, ekonomiese verval, en dies meer gevind. Spesifieke inligting oor die gebeure en datums word dikwels gevind. Sommige hiervan is waarskuwings en mag soos Jona se waarskuwing aan Nineve wees - voorwaardelik, na gelang van die mense se reaksie. Sommige weer, is profesieë wat verseker sal gebeur.

Hierdie kodes is al meer as 3 000 jaar gelede in die Tora ingeskryf. 'n Belangriker bewys van God se soewereiniteit met die inspirasie van die Bybel is die honderde profesieë in die oppervlakteks en die duisende profesieë wat in die tipes en skaduwees gevind kan word. Die hele Bybel word deurgaans bewaarheid, en dit na 2 000 tot 3 000 jaar. Soos Daniël gesê het, geen waarsêer, palmleser, kristalbal-leser of voorspeller kan dit doen nie. Koning Nebukadneser het 'n droom gehad waarin die toekoms van die koninkryke van die wêreld tot op die einde versteek is. Die duivel se vals profete kon nie die droom of die voorspelling daarvan uitlê nie, maar Daniël, deur God se Gees, kon wel. En let op na wat Daniël aan die koning sê: moenie vir mense raad vra oor dinge wat in die toekoms gaan gebeur nie: ***"...Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie. Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het bekend gemaak... wat aan die einde van die dae sal gebeur."*** (Dan.2:27,28). Slegs 'n soewereine God kon die toekomstige gebeure in die wêreld aan die koning openbaar. Die duivel kan nie die toekoms

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

akkuraat voorspel nie want hy het nie soewereiniteit om dit te laat gebeur nie. Hy kan oor die korttermyn voorspel wat hyself beplan, wat ook deur God verordineer is. Omdat ál sy planne nie deur God verordineer word nie, maak hy baie vals voorspellings.

Verskeie navorsers het onlangs regdeur die Bybel kodes gevind, soos byvoorbeeld Jesus se naam wat regdeur die Ou Testament versteek is in profesieë oor die komende Messias, die aanval op die Wêreld Handelssentrum, die betrokkenheid van Osama Bin Laden, die antraksaanvalle, toekomstige kernoorloë, die Golf Oorlog, Saddam Hussein se aanval op Israel, Yasser Arafat en sy oorlog teen Israel, die Enron katastrofe en die domino-effek daarvan, 'n komende enkele, wêreldwye geldstelsel, Vlug 587, 'n missiel wat Vlug 800 tref, die komende nasionale ID-kaart stelsel, die Verenigde State wat nog deur al Qaeda en Bin Laden gebombardeer gaan word, toekomstige kern aanvalle deur terroriste, regeringsbesluite wat vryhede op onregverdigde wyse gaan wegvat en aborsie wat God se toorn gaan laat opvlam.

Numeriek, teomatika en die Bybel-kode is sommige van die baie verskillende tipes versteekte kodes wat in die Bybel gevind word. Ek is oortuig dat 'n kombinasie van hierdie die grootste geheimenisse sal openbaar. Ek het 'n bietjie raad vir Bybelkode navorsers van die Ou Testament: gebruik Dr Panin se numeries korrekte *Numeric Greek New Testament* en jy sal meer en langer kodes vind omdat slegs een letter wat bygevoeg of weggeneem word van die oorspronklike, die numeriese patroon in die teks sal vernietig.

Slegs 'n verstand buite ons begrip kon hierdie kodes gelyktydig saam met 'n intellektuele teks ontwerp het. Liewe vriende, terwyl God Sy Woord so treffend en presies gemaak het, dink julle dat Hy ooit daarvan sal afstand doen? ***“Vir ewig O Here staan U woord vas in die hemele.” (Ps.119:89); “Ek het ‘n verbond gesluit met my uitverkorene, met ‘n eed aan Dawid, My kneg, belowe.” (Ps.89:34); “...dit onmoontlik is dat God sou lieg...” (Heb.6:18).*** Omdat dit waar is en God gespreek het, het Hy Sy handeling verbind aan Sy Woord. Sy Woord gee nie net vir ons die voorwaardes vir 'n ewige lewe nie, maar ook vir seëninge en vloeke tydens ons aardse bestaan. Daar is niks belangriker as om God se Woord te bestudeer sodat

**HOOFSTUK 2**  
**God se Soewereiniteit met die**  
**Daarstelling van die Woord**

ons kan leer om in God se koninkryk te lewe. As ons dit doen, hoef ons nie onder die vloek te wees nie, maar sal ons onder die seën lewe.



## HOOFSTUK 3

### God se Soewereiniteit in die Wêreldorde

***“DIE koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.” (Spr.21:1)***

Dit is vir my verbasend hoeveel Christene vandag so onkundig is oor die soewereiniteit van God, dit terwyl daar so baie daarvoor in die Woord geskryf is. Selfs in die Ou Testamentiese tyd het soveel mense hierdie waarheid verstaan. 'n Mens is veronderstel om enigiets uit die Woord met vrymoedigheid te kan aanhaal. Waag jy dit egter vandag om in 'n kerk oor God se soewereiniteit te praat, sal jy feitlik altyd iemand kry wat met jou daarvoor argumenteer. Wanneer ons uit die Woord aanhaal en ongemaklik daarvoor voel, is dit omdat ons denke verkeerd is en vernuwe moet word na dié van God. So word jy teen dwaalleringe beskerm. Daar is baie verse wat deur moderne kerke geïgnoreer word, omdat dit nie inpas by die wêreldmening nie.

Hier is so 'n vers: ***“Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige (laagste) onder die mense daarvoor aanstel.” (Dan.4:17).*** [Die woord “nederige” is vertaal vanaf die Hebreeuse woord wat deur verskeie woordeboeke as die “laagste” van alle mense“ vertaal word.] Waarom verstaan mense dit nie? Daar is so baie Christene vandag wat politieke ingesteld is. Hulle dink dat hulle kan saamstaan en iemand téén God se Wil aan bewind bring. Wees versigtig om nie saam met die goddeloses in een juk te trek nie. Volgens die waarheid van die breë weg is die meerderheid nie moreel-korrek nie. Dit is nie deur mag of deur krag nie, maar deur God se Gees. Dwarsdeur die geskiedenis het God die laagste mense aangestel oor koninkryke op aarde. God het 'n goeie rede gehad om dit te doen. As dit nie daarvoor was nie, was daar nie gewetenlose mense om Jesus te veroordeel nie. Vir dieselfde rede het ons gewetenlose mense nodig om nou oor ons te regeer. Goeie mense sal jou nie teen 'n kruis vasspyker nie. En sonder 'n kruis is daar nie 'n kroon nie!

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

In die Bybelse tyd, wanneer God se volk afvallig geraak het, het Hy goddelose koninkryke opgerig om hulle tot inkeer te bring. Ses wêreld koninkryke - Egipte, Assirië, Babilon, Mede en Perse, Griekeland en Rome – is opeenvolgend opgerig teen Israel om die kleine volk na hul kruis te bring. Is dit toevallig dat wêreldryke dit belangrik geag het om die kleinste van koninkryke te onderwerp? Die geskiedenis word deur die Woord ondersteun: **“Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie.” (Pred.1:9).** Vandag is nie anders as daardie tyd nie. God se volk is afvallig en Hy is besig om ’n sewende en agtste koninkryk teen Sy volk, die kerk, op te rig. Hierdie koninkryke sluit die nageslag van al die vorige koninkryke in (Openb.17:11).

Ons lees in die Bybel van Nebukadnesar wat só trots was daarop dat hy ’n vername koninkryk gebou het: **“Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot ’n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie? Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar ’n stem uit die hemel: Koning Nebukadnesar, jy word aangesê -- die koningskap word jou ontnem; en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.” (Dan.4:30-32).** Nebukadnesar, wat die eer neem vir God se werk, herinner my aan die stelling wat die Titanic se ingenieur gemaak het: “Ons het ’n skip gebou wat God nie kan sink nie.” **“Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou ’n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde, Daarom moet jou woorde min wees.” (Pred.5:1).**

God se soewereiniteit boesem respek in. Omdat koning Nebukadnesar in sy paleis geloop en spog het oor wat hy vermag het, het God sy intellek weggeneem en hom soos ’n dier in die veld laat lewe. Hierdie is ’n skadu-tipe van die laaste sewe jaar van verdrukking. God gaan die wêreldryke se intellek oorgee aan “Groot Babilon” wat die gees van die dier gaan hê (Openb.17). Vir sewe tydperke het die vername koning die gras van die veld geëet voordat hy tot die besef gekom het **“dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.”**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**(Dan.4:25).** Wat leer ons hieruit? God het hierdie arrogante man koning gemaak en Sy rebelse volk, Israel, aan hom onderwerp. God het dit deur die geskiedenis heen 'n gewoonte gemaak. Ons sien dit oor en oor. God laat 'n goddelose koning oor Sy volk heers. Tweedens het Daniël Koning Nebukadnesar gewaarsku dat hy geoordeel gaan word, en dit lank genoeg vóór die tyd dat hy geleentheid gehad het om berou te kon toon. Dit is vir ons 'n les om God te vrees en nie Sy heerlijkheid aan te tas nie.

**“En al die aardbewoners word as niks geag nie, (Die wêreld is nie vir God belangrik in Sy plan nie, wel dié wat van bo af nuut gebore word) en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?” (Dan.4:35).** Niemand kan God se hande wegstoot en vra “Wat doen U nie?” Niemand kan Hom verhoed om Sy wil uit te voer nie. Dit behoort jou te sterk in jou geloof en met vrede te vul. Ook moet dit jou met vrees vir God vul. Dit is duidelik dat God doen wat Hy wil. Dit laat die vraag ontstaan: waarom stel Hy bese mense aan om oor die wêreld te heers? Wil Hy dan nie juis in die teenoorgestelde rigting beweeg met die wêreld nie? Uiteraard dink Hy nie dieselfde as wat die meerderheid mense dink nie. God se plan is nié om die wêreld te red deur politiek nie. Hy het dit nog nooit gedoen nie. Dit is die denke van oningeligte Christene wat Hom wil help. Hulle modus operandi is om Christene aan bewind te bring om gunstige wetgewing en regsuitsprake te bewerkstellig sodat hulle nooit onderwerp hoef te word aan vervolging en onderdrukking, en gevolglik nie gekruisig hoef te word nie. Die probleem hiermee is dat die diep geestelike mens geen begeerte het om oor ander te heers nie. Sy enigste begeerte is om God se koninkryk te dien deur die uitdra van die Evangelie. **“Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen, maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.” (Mark.10:42,43).** Dis uit vrye keuse dat polities-ingestelde Christene met magsbeheptes opgeskeep sit. Magsbehepte mense, en die wêreld waaroor hulle heers, dien God se groter plan om Sy seuns tot volwassenheid te bring. **“Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae”**

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

*van mensekinders.” (2Sam.7:14).* Polities ingestelde Christene wil graag God se roede wegneem. As daar nie so baie Christene was wat die naam gehad het dat hulle leef terwyl hulle dood is nie, sou die menslike roede nie nodig gewees het nie (Openb.3:1).

Wanneer dit by die politiek kom is ek heeltemal neutraal want ek wil aan God se kant wees, nie aan die mens se kant nie. God wil nie altyd die goeie persoon aan bewind bring wat óns dink Hy sou wou nie. Hy het dit nie met Clinton gedoen nie, het Hy? Die meeste Christene sal hier met my saamstem. God wou ’n goddelose persoon aan bewind hê, want dit is dié soort man wat die land kon lei na ’n plek waar God hulle kon straf. Gód het vir Clinton aangestel. **“Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel.” (Rom.13:1).** Hy het dit nie gedoen omdat Hy so baie van Clinton gehou het nie, maar omdat ons dit nodig gehad het dat iemand soos hy oor ons regeer. Geen vader kies om sy kind te straf, eerder as te seën nie. God het daarna vir Bush aan die stuur van sake gebring omdat Christene dit gevra het. Met hom aan die stuur, kan God aan ons bewys dat óók Bush ons nie kan red of bewaar van straf nie.

’n Geldige vraag is of God ’n Christen se stem sal gebruik om iemand soos Bill Clinton aan bewind te bring? Die antwoord is nee, want God wil Sy kinders altyd as instrumente van eer gebruik. Wil Hy dan hê dat ons nie moet stem nie? As Hy iemand soos Bill Clinton aan bewind wil bring, is die antwoord eenvoudig, ja. Wanneer wil Hy dan hê moet ons stem? Die antwoord is baie kort: wanneer Hy vir ons sê dat ons moet. **“Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.” (Rom.8:14).** Hy wil hê ons moet stem wanneer Hy iets baie seldsaam wil doen, soos om iemand beter aan bewind te bring. God wil ons altyd as instrumente van eer gebruik. God sal diegene wat weier om as instrumente van eer gebruik te word, gebruik as oneervolle instrumente. God sal die goddelose gebruik om die goddelose aan bewind te bring, indien Hy die goddelose daar wil hê.

Indien jy tot nou toe van my verskil het, moet jy ten minste hieroor met my saamstem: **“Daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel.” (Rom.13:1).** Hierdie woorde is in die tyd

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

van die Herodusse, Caesars en die Nero's geskryf. Ná hulle was die woorde ook waar van Hitler en Stalin. Luister, as jy wil weet wat die waarheid is, hou op om teen die Skrif te argumenteer. Volgens die Woord is dié in magsposisies daar omdat God hulle daar geplaas het, al is hulle boos! Dit gee my vrede. Ek hoef nie bekommerd te wees nie. Ek het agtergekom dat baie Christene bekommerd was dat Bill Clinton aan bewind sou kom. Hulle het verkeerdelik gereken dat dit hul verantwoordelikheid is om seker te maak wie in magsposisies aangestel word, pleks daarvan dat hulle net gehoorsaam is aan God. Dit was nie vir my nodig om bekommerd te wees nie, want my God regeer. Voor Clinton verkies is, het ek vir baie mense vertel dat God hom aan bewind gaan bring. Hulle antwoord was dat God dit nie sou toelaat nie. Wel, God het nie met hulle saamgestem nie. God regeer oor die koninkryk van die mens, en Hy regeer in die hemele en word nooit oorwin nie. Baie word mislei met die idee dat God oor die wêreld wil regeer en dit deur demokratiese beginsels. Demokrasie beteken dat die mense op die breë weg, die meerderheid, seëvier. God regeer reeds deur teokrasie. Rom.9:21 stel dit duidelik dat Hy instrumente van eer en oneer het. God het 'n doel met sy instrumente van oneer, soos wat ons sal sien.

Wie het Jesus doodgemaak? Die Jode! Sy eie mense! Hulle het geskree: "Kruisig Hom, Kruisig Hom!" Weet jy wat "Barabbas" beteken? Dit beteken "Seun van die vader." Barabbas was die krimineel wat ons verteenwoordig het. Die kiesers stel Barabbas vry en eis dat Jesus gekruisig word. ***"Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring."*** (Hand.2:22,23). God het Jesus uitgelewer aan "goddelose manne". God kon nie mense gebruik het wat nié bereid sou wees om die Lam te slag nie. God het die mense bemagtig om Sy "***bepaalde raad***" uit te voer. Wie was dit wat die herder uitgelewer en geslaan het? Dit was nie net Judas, Kájafas, Herodus, Pilatus, die Romeine en die Jode (die wat hulle verkies het) nie. Ons moet kyk wie agter die skerms gewerk het. ***"TOE sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die***

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

***kudde sal verstrooi word.” (Matt.26:31).*** Selfs al was al die instrumente van oneer skuldig, was hulle ondergeskikte besluitnemers. Ons moet verder kyk en God se soewereine wilsbesluit raaksien. God sê: ***“Ek sal die herder slaan”.*** Dank die Vader dat Sy plan nie daar opgehou het nie, want daar is nog heelwat meer mense wat gekruisig moet word. Daaroor word dan ook geprofeteer deur Sagaria: ***“Ontwaak, o swaard, teen my herder, en teen die man wat my metgesel is! spreek die HERE van die leërskaer. Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes.” (Sag.13:7).*** God is soewerein en Sy plan is om Sy skape, die geringes, ook te kruisig. Hoe anders kan ons die vervolging van die Christene deur die geskiedenis oor die hele wêreld heen verklaar? Tensy ons nie ons kruis opneem en Jesus volg nie, kan ons nie Sy dissipels wees nie. Natuurlik sou ons graag wou ontslae raak van bose regerings en deur die wêreld aanvaar word sodat ons ’n goeie lewe kan geniet, ***“maar almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word.” (2Tim.3:12).*** As ons dissipels van Christus is, sal ons vervolgt word.

Jesus sê, “Ek is die weg”. Waarheen? Die weg na die hemel toe. Hoe kom jy daar? Op dieselfde manier as Jesus: jy sterf. As God Sy hand wil uitstrek oor die kleinstes om hulle te kruisig, wil jy die een wees wat Sy instrumente wegneem? Hoe sal God sy plan tot uitvoering bring sonder goddeloses in beheer? Kyk na die aarde, grond en ’n plant. Die grond vernietig die saadomhulsel sodat ’n plant kan groei en vrug dra. God laat soms toe dat ons soos kinders redeneer. As ons hierdie dinge probeer verstaan sonder ’n vaste fondament, kan ons in versoeking kom om God te beskuldig dat Hy boos is. God doen nie bose dade nie. Daarom laat God toe dat mense wat onvolwasse in hulle denke is, mag redeneer dat “God in oorlog gewikkel is met die duiwel”. Maar wanneer hulle groei in hul kennis deur die Skrif te bestudeer, behoort hulle tot die besef te kom dat God soewerein is en geen foute maak nie. Hy is besig om Sy seuns te skep. Hy het die goddelose geskep vir die dag van onheil, en hulle word benodig om die seuns te kruisig. Voorspoed en vryheid het gemaak dat ons perspektief oor hierdie feit verloor het. ***“TOE sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor;***

**GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.**  
**(Matt.16:24,25).**

***“Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind.”***  
**(Hand.4:27,28).** God het dit voorbeskik dat goddelose mense Jesus sou kruisig sodat ons gered kan word, en Sy plan dat ons ook gekruisig moet word, tot uitvoer kan kom. Ons kruisiging is nie altyd fisies nie, maar die ou mens moet verseker sterf sodat die nuwe een kan lewe.

God gebruik mense in ons daaglikse wandel om ons na ons kruis te bring. Het jy al ooit gedink: “Ek het nie hiërdie persoon in my lewe nodig nie?” O ja, jy het juis hierdie persoon nodig sodat jy die vrug van Jesus kan dra. Hierdie mense is nodig om die slegste in ons na vore te bring sodat ons kan kies om in die Lig te wandel, dan kan die Woord ons reinig van korrupsie (1Joh.1:7). Of ons kan kies om nié gehoorsaam te wees aan die Woord nie, en nie vrug te dra nie. Die rede vir die mees gehate opdrag in die Woord: “moenie weerstand bied teen die bese nie”, is om ons vrug te laat dra. Ons word beveel om soos skape tussen wolwe te wees (Matt.10:16), om nie weerstand te bied teen slegte mense nie en die ander wang te draai (Matt.5:39), om ons vyande lief te hê (Matt.5:44), om dié te seën wat ons vervolg (Rom.12:14) en nié wraak te neem nie (Rom.12:19), om slegs 'n paar te noem. As jy geleer het om gehoorsaam te wees aan Jesus, word hierdie tipe reaksies deel van jou natuur en dan vergewe jy ook vanuit jou hart. Dié wat nie uit die hart vergewe nie, word deur God oorgegee om gemartel te word. ***“En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.”*** (Matt.18:34,35).

Wanneer ons deur slegte mense konfronteer word en ons gehoorsaam is aan die opdragte uit die Woord, voel ons hoe hierdie beproewinge die hout, strooi en stoppels van ons ou lewens afbrand. Elke keer wanneer ons vlees in opstand kom, maar ons hom dit ontnem om op te staan, sterf die ou mens en kry ons meer goud, silwer en edelstene. Ons moét die ou mens

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

as dood beskou (Rom.6:6,11). As jy 'n dooie mens slaan, beledig of beroof, gaan jy nie 'n reaksie kry nie. Hou op om die vlees te voed, en dit sal sterf. Ons moet diégene wat ons kruisig, beskou as 'n geskenk van God, selfs al tree hulle op as instrumente van oneer. Hierdie mense werk saam om te doen wat God se hand en God se raad vooraf bepaal het plaas sal vind. Hulle doen presies wat hulle veronderstel is om te doen. Hierdie ongehoorsame mense is besig om God se Wil perfek te vervul. Net soos wat God in ons werk om Sy Wil uit te voer, gebruik Hy hulle ook: **“Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die *HERE* rig sy voetstappe.” (Spr.16:9).** Jy kan besluit wat jy wil wees, maar dit maak nie saak nie, want God gaan jou steeds gebruik. Betoon medelye, vergifnis en genade aan dié wat God as instrumente van oneer gebruik. Daar is sommige van hulle wat berou sal toon as jy vir hulle bid en glo.

**“Verhef julle horing nie daarbo (jou mag, krag en stem wat gehoor word) en spreek nie met trots uitgerekte nek nie. Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie ... maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander.” (Ps.75:6-8).** Daar is onlangs baie publisiteit gegee aan magte agter die skerms wat die massas mislei en manipuleer om hulle kandidaat aan bewind te kry. Daar steek waarheid daarin, maar God is ook soewerein besig om dáár te werk om Sy Wil uit te voer. Menslike krag, wysheid, manipulasie of geld kan niemand verhef nie. Die vermoendes regeer nie hierdie wêreld deur hulle eie toedoen nie. God laat dit net vir Sy doeleindes so lyk. Net soos wat God se soewereiniteit mense aan bewind stel, so neem Hy hul gesag weer weg. Hy gee ons ook 'n teken om te wys dat Hy in beheer is. Oor 'n tydperk van 140 jaar, vanaf 1840, het elke president wat in die 20ste jaar aan bewind was, in daardie jaar gesterf, tot voor President Reagan:

1840: William Henry Harrison (Sterf terwyl aan bewind)  
1860: Abraham Lincoln (Vermoord deur sluipmoordenaar)  
1880: James A. Garfield (Vermoord deur sluipmoordenaar)  
1900: William McKinley (Vermoord deur sluipmoordenaar)  
1920: Warren G. Harding (Sterf terwyl aan bewind)  
1940: Franklin D. Roosevelt (Sterf terwyl aan bewind)  
1960: John F. Kennedy (Vermoord deur sluipmoordenaar)



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

1980: Ronald Reagan (Oorleef sluipmoord poging)

2000: George W. Bush?

Waarom het hierdie opvallende patroon met Reagan se bewind gestop? Was hy die laaste? God ken die antwoorde hierop. Ek glo dat God die gebede van baie Christene wat hiervan geweet het, verhoor het. Daarmee saam het die duisendjarige Sabbat, die werklike jaar 6000 AM, in September 2001 tot 2002 aangebreek. Dit mag wees dat dit 'n tydvak inlui waartydens God Sy kinders se sondes op 'n ander wyse hanteer. God se oordeel was op dié wat op die Sabbatdag gewerk het. Ons leef nou in die Sabbatsjaar en in die geestelike vervulling daarvan, moet ons geestelik ophou werk.

'n God-bepaalde parallel bestaan tussen twee van die beroemdste Amerikaanse Presidente wat 100 jaar uit mekaar geleef het:

- Abraham Lincoln is tot die Amerikaanse Kongres verkies in 1846. John F. Kennedy is tot die Amerikaanse Kongres verkies in 1946.
- Abraham Lincoln is verkies tot President in 1860. John F. Kennedy is verkies tot President in 1960.
- Beide was besonders gemoeid met burgerlike regte. Beide en hul eggenote het kinders verloor terwyl hulle in die Withuis gewoon het.
- Beide Presidente is geskiet op 'n Vrydag. Beide Presidente is in die kop geskiet.
- Lincoln se sekretaris se naam was Kennedy. Kennedy se sekretaris se naam was Lincoln.
- Beide is opgevolg deur iemand genaamd Johnson, afkomstig vanaf 'n suidelike Amerikaanse staat.
- Andrew Johnson, wat Lincoln opgevolg het, is gebore in 1808. Lyndon Johnson, wat Kennedy opgevolg het, is gebore in 1908.
- John Wilkes Booth, Lincoln se moordenaar, is gebore in 1839. Lee Harvey Oswald, Kennedy se moordenaar, is in 1939 gebore.
- Beide sluipmoordenaars het drie name gehad, en vir beide is aldie die name gebruik wanneer hulle aangespreek is.
- Beide se name bestaan uit 15 letters.

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

- Lincoln is geskiet in 'n teater genaamd "Ford". Kennedy is geskiet in 'n motor genaamd "Lincoln", vervaardig deur Ford.
- Booth het weggehardloop van die teater en is gevang in 'n pakhuis. Oswald het weggehardloop van 'n pakhuis en is gevang in 'n teater.
- Booth en Oswald is beide vermoor voor hul verhoor is.
- 'n Week voordat Lincoln geskiet is, was hy in Monroe, Maryland. 'n Week voordat Kennedy geskiet is, was hy by Marilyn Monroe.

Dit verg minder geloof om in 'n almagtige God te glo as om te glo dat dit alles toeval is!

***"...maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander." (Ps.75:8).*** Jy kan nie altyd vasstel of iemand verneder of verhef word deur na die omstandighede te kyk nie. Kom ons kyk na Job as voorbeeld. Job se vriende het gedink dat God hom verneder, maar God was besig om hom te verhef, te heilig en sy besittings te verdubbel (Job 42:10). Josef is nog so 'n voorbeeld. Hy is verkoop tot slawerny deur sy broers, valslik beskuldig deur sy werkgewer se vrou en in die tronk gegooi, 'n duidelike skadu-tipe van Jesus. God het Josef se beproewinge gebruik om hom te verhef. Farao het hom tot sy tweede-in-bevel bevorder. Josef het bevestig dat al die kwaad wat sy broers hom aangedoen het, tot sy beswil was. ***"Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou." (Gen.50:20).*** Wanneer God Sy seuns openbaar, sal hulle bevorder word, en gaan die instrumente van oneer se tyd uitgedien wees. ***"Daarom, so sê die Here HERE van die leërskare: o My volk wat in Sion woon, wees nie bevrees vir Assur wat jou met die staf slaan en sy stok teen jou ophef op die manier van Egipte nie. Want nog 'n baie kort rukkie, dan is die grimmigheid ten einde, en my toorn gaan uit om hulle te vernietig." (Jes.10:24,25).*** Dan sal God se uitverkorenes deur Hom regeer. ***"En ek sal al die horings (krag) van die goddelose mense stukkend breek; die horings van die regverdige sal verhef word." (Ps.75:11).***

Iemand het onlangs gesê: "So, om al hierdie miljoene dollars in te samel om 'n kandidaat te bevorder, is onnodig". God is ook dáár

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

in beheer; Hy wil die een van Sy keuse aan bewind stel. Die wat God nie liefhet nie, sal altyd 'n logiese rede soek wat dinge kan verklaar. Het jy al ooit 'n miernes van agter glas dopgehou? Die miere gaan instinkatief met hulle aktiwiteite voort, sonder om te besef dat hulle dopgehou word; in ons geval besef ons nie dat ons beproef word nie. Solank as wat ons die logiese sien, is ons in God se toetsomgewing. God wil dat beide Hy en die duiwel in die geesteswêreld verborge bly tot aan die einde toe. God hou ons deur die glas dop om te sien of ons leer om nié op dit wat ons kan sien, staat te maak nie. Hy wil hê dat ons na 'n hoër vlak beweeg waar ons op geloof staat maak, met ander woorde op dit wat ons nié kan sien nie. Sodra 'n kandidaat aan bewind gekom het, maak dit nie meer 'n verskil nie. Wanneer 'n gekose konserwatiewe leier God dien, kan jy dalk dink dat jy sy besluite en keuses altyd kan vertrou, want hy is "God se man". Het God nie aan ons gewys dat dit 'n leë argument is nie? G.W Bush het baie meer burgerregte weggeneem as gevolg van terrorisme as wat Clinton ooit gedoen het. Ons weet van 'n Christen wat aan bewind gekom het deur die stemme van Christene. Hulle het hom gesteun omdat hulle geglo het dat hy hulle saak sou bevorder. Hy het die domste moontlike foute gemaak en besluite geneem en bykans niks bereik nie. God wil ons hieruit 'n les leer: dit is nie deur die mag van die Republikeinse Party of die krag van die stembus nie, maar Sy Wil wat geskied.

Dit gaan nie daaroor om iemand te kies wat God se Wil sal doen nie. Wié ookal verkies word, hy gáán God se Wil doen, alhoewel dit nie noodwendig Sy wens is nie. Laat ek verduidelik. ***"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."*** (2Pet.3:9). In sommige Engelse Bybel vertalings word die woord "*willing*" (bereid) verkeerdelik gebruik pleks van "*wishing*" (wil hê of wens). As God nie bereid was dat enige iemand moes vergaan nie, glo my, sou niemand vergaan het nie. Hy ***"werk alles volgens die raad van sy wil."*** (Ef.1:11). Ouers doen soms dinge aan hulle kinders wat hulle wil, maar nie wens om te doen nie. Hulle wil dit doen want hulle weet dit gaan later tot die kinders se voordeel strek. Insgelyks doen hierdie wêreldleiers die Wil van God maar nie noodwendig dit wat Hy Sy kinders toewens nie. Wat belangrik is, is wié ons glo en vertrou.

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

Volg en vertrou ons blindelings die konserwatiewes wat ons ingestem het, pleks van God? Dan sal ons struikel en val in ons misplaasde vertrou. En dít is ook God se Wil.

**“DIE koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.” (Spr.21:1).** Kanale lei water in bepaalde rigtings; so lei die Here ook die koning se hart. Indien Hy die kop regeer, regeer hy ook die stert. As Hy die koning regeer, regeer Hy die mense. God doen wat Hy wil, deur harte te lei. Hy lei hul harte óf as instrumente van oneer tot ons beswil, òf Hy lei hul harte na geregtigheid. Hy het ons toegerus om Sy instrumente te wees om dít te bereik. Indien ons Sy weë verlaat vir dié wêreld, sal die land verkrummel. As ons dink ons kan die land regruk deur politiek, is ons op ’n dwaalspoor. Ons kan nie bese mense deur politiek dwing om goed te wees nie. Net die Evangelie het die krag om die harte van die goddeloses te verander. Die Evangelie is die krag van God om dié een wat dit glo te red (Rom.1:16). As ons ons land wil verander, moet ons eerder daarop fokus om God te gehoorsaam en die Evangelie te verkondig. Jesus en die apostels is ons voorbeeld. Hulle het op die geestelike stryd gefokus en is nie mislei om te worstel met vlees en bloed nie. Indien ’n land ten goede verander, sal dit wees omdat die mense berou getoon het. God sal aan ons ’n regering gee wat ons nodig het en verdien. Wanneer mense berou toon, gee God aan hulle ’n goeie regering. Aangesien God se mense selde berou toon sonder om eers gestraf te word, sal ons as Christene gehaat word: **“...en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.” (Matt.24:9).** Om saam te vat: ons hoef nooit die optrede of samesweringe van regerings te vrees nie. Hulle almal is werktuie om Sy Naam se ontwil.

God beskik en doen volgens Sy Wil. **“Die HERE het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles. Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskare, sy dienaars wat sy welbehoe doen! Loof die HERE, al sy werke, op al die plekke van sy heerskappy! Loof die HERE, o my siel!” (Ps.103:19-22).** God is verantwoordelik vir alles wat gedoen word. Deur gebruik te maak van baie werktuie, bring Hy Sy ewige koninkryk deur die laaste Adam, Jesus Christus, tot stand.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ons moet kan onderskei tussen die koninkryke van die wêreld en die koninkryk van God. Die duiwel het Jesus versoek deur Hom heerskappy oor al die koninkryke van die wêreld (ook jou land) aan te bied. Jesus het dit van die hand gewys (Luk.4:5). Daar is baie Christene wat nie dié aanbod van die hand wys nie. Hulle word mislei en werk dan in en vir die verkeerde koninkryk. Politiek is die wêreld se manier om die wêreld te regeer. Die Evangelie is God se manier om Sy koninkryk te bou. Jesus sê: **“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.” (Joh.18:36)**. Alhoewel God oral mense het om die Evangelie uit te dra, mag hulle nie verstrengel raak met die dinge van hierdie lewe nie (2Tim.2:4).

Jesus sê: **“...Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.” (Luk.17:20,21)**. Met ander woorde, die koninkryk van God kan nie gesien word nie en is nie fisies van aard nie. Dit is binne-in jou; dit is die geestelike of die wedergebore mens, die een wat onderdanig is aan Jesus as Koning. Baie Christene bou aan 'n fisiese koninkryk, hulle dink dit is God s'n. Hulle vereer God en hulle vaderland. Hulle dink dat hulle land God se koninkryk is. Ons is hier om eerstens God se koninkryk te soek, maar baie soek en dien die wêreld en die vlees, dit wat tydelik is. Het jy al agtergekom hoe die kerk hom in enige twis aan die kant van die patriotiese nasionaliste skaar? Tydens die Tweede Wêreld Oorlog het die kerk in Duitsland hul byvoorbeeld meestal met Hitler vereenselwig, terwyl die kerk in die VSA hulle by hul regering geskaar het. Christene was daarop uit om ander Christene dood te maak, inwoners van dieselfde koninkryk! **“Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.” (1Pet.2:9)**. Ons koninkryk is één nasie te midde van alle nasies, en een volk te midde van alle volke. Ons mede inwoners of broers en susters het nie nasionale grense of etniese skeidings soos die wêreld nie. Ons is 'n geestelike volk, 'n volk wat uitgestuur word na die vleeslike volke **“om te verkondig die deugde van Hom.” (1Pet.2:9)**.

Dié wat nog nie gered is nie en hulle lewens in oorlog verloor, sal nooit weer die geleentheid hê om hulle te bekeer en die ewige lewe te vind nie. Wat sê God se Woord, hoe maak mens in die

**HOOFSTUK 3**  
**God se Soewereiniteit in die Wêreldorde**

naam van Christus mense dood? Die volgende verse behoort die vraag te antwoord:

- Matt.26:52** "almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan"  
**Matt.5:44** "Julle moet jul vyande liefhê"  
**Matt.5:39** "dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie"  
**Matt.10:16** "Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in"  
**Rom.12:14** "seën die wat julle vervol, seën en moenie vervloek nie"  
**Rom.12:17** "vergeld niemand kwaad vir kwaad nie"  
**Rom.12:19** "Moenie julle wreek nie"  
**Rom.12:20** "As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet ; as hy dors het, gee hom iets om te drink"  
**Rom.12:21** "oorwin die kwaad deur die goeie"

Wanneer God se mense verward is, word hulle onderdane in die verkeerde koninkryk. As ons deel is van die wêreld, is ons God se vyand! Kies jou koninkryk versigtig. "**Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**" (Jak.4:1-4). Die meeste oorloë word deur godsdienste en patriotisme veroorsaak en stuur menige hel toe. Ons word verbied om met mense te veg, slegs met bose geeste. "**Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.**" (Ef.6:12).

God gaan in die dae wat kom ons oë oopmaak vir hierdie owerspel met die wêreld. Die hele wêreld, insluitende die afvallige Christene, gaan teen God se koninkryk verenig. Dan gaan die ware Christene 'n eenheid agter Christus vorm. "**Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.**" (Matt.24:9). Die hele wêreld gaan oorlog maak teen die heiliges (Openb.13:7,8). Aan hulle sê God: "**As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak**

**GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.” (Openb.13:10).**

Baie mense verskil van my, maar grond hul mening op hulle eie argumente, pleks van God se Woord. Ek is al gevra, “As ons nie veg vir ons land nie, wie sal?” Die wat op die breë weg is en nie dissipels is nie, sal veg. God sál hulle gebruik as Hy die land op daardie manier wil red. Ons kan en behoort vir ons land te veg op God se manier: “**...want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.**” (2Kor.10:4). In die bladsye wat volg sal ons leer van God se krag en die metodes wat tot ons beskikking is om die prinsdomme en owerhede te beveg wat hierdie aarde plunder.

## HOOFSTUK 4

### God se Soewereiniteit oor die Bose

**“Wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.” (Jes.45:7)**

Waarom sou God duisternis en onheil skep? As jy in die Woord gaan delf en jou knie buig voor die gesag van die Woord, sal jy verstaan dat God al hierdie dinge doen met 'n spesifieke doel voor oë! Maar kom ons kyk eers hoe en tot watter mate God Sy Wil oor die bose uitoefen: **“Wee Assur! Die roede van My toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is My grimmigheid.” (Jes.10:5)**. God noem Assirië Sy “roede” en “stok” en in hulle hand is Sy grimmigheid. God gebruik dieselfde beeldspraak in Psalm 23. Die Goeie Herder se stok en staf vertroos Dawid. Skaapwagters of herders se stokke en stawwe was hulle werktuie. Die Vader, ons Herder, gebruik ook stokke en stawwe om ons op die regte pad te hou. Die stok en staf is ons vyande wat Hy gebruik om ons te tugtig. **“Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie (Israel), en Ek sal hom bevel gee teen die volk van My grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hy bedoel dit nie so nie en sy hart dink nie so nie, maar om te verdelg is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie.” (Jes.10:6,7)**. Die Assiriërs, min wetende dat God besig was om hulle in Sy plan te gebruik, wou net oorlog maak en buit insamel. Instrumente van oneer besef nie dat hulle in God se diens staan nie; hulle vervul net hul vleeslike begeertes. God het dit in die Assiriërs se harte geplaas om te wil sowel as om te werk na Sy welbehag. Dit is wat God met alle instrumente van oneer doen. Goddelose mense op aarde het 'n doel, anders sou God al van hulle ontslae geraak het. Wanneer Hy hulle klaar gebruik het, gaan Hy van hulle ontslae raak.

**“Maar as die HERE al Sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen...” (Jes.10:12,13)**. Die koning van Assirië roem daarop dat hy Israel in sy eie krag oorwin



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

het. Hierdie vers en die geskiedenis bewys dat God die goddelose gebruik om Sy oordeel uit te oefen ten opsigte van dié wat dit nodig het. Daarna vernietig Hy hulle. Dit was God se plan van die begin van die skepping af. Hy gebruik die goddeloses om Sy kinders te louter. Hy het Sy engele bevel gegee om die onkruid tot aan die einde saam met die koring te laat groei. **“Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.” (Matt.13:29,30).** Eers dan sal Hy hulle skei en die goddeloses vernietig (Matt.13:41,42). Indien God die onkruid verwyder, is daar geen kastyding of geleentheid om te leer nie en dra God se kinders nie vrug nie.

**“Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid.” (Jes.10:13).** Alhoewel die Assiriërs geglo het dat hulle die oorwinning in eie krag behaal het, is dit duidelik dat God dit anders sien. Hulle was instrumente in Sy hande, oneervolle instrumente, waarmee Hy Sy doel bereik het: **“...kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hom ophef wat nie hout is nie!” (Jes.10:15).** Die Assiriërs was 'n stom instrument in God se hand. God beheer die byl, saag, staf en stok en gebruik dit om Sy skepping te vorm. Hoe dikwels sien ons nie dat mense hulleself op die skouer klop vir iets wat God gedoen het! God is soewerein en alles wat Hy geskep het is daar vir Sy gebruik. Alles wat Hy geskep het, is instrumente wat Hy aanwend om Sy kinders tot volmaaktheid te vorm. Ons moet dus verby die instrumente van oneer kyk en God raaksien. Hy wend hulle aan om ons op die pottebakkerswiel te vorm tot instrumente van eer wat Hy kan gebruik. As ons met hierdie wete na enige swaarkry kyk, sal ons ons met vreugde daaraan onderwerp. Instrumente van oneer sal dus noodsaaklik wees totdat Sy kinders die perfekte skepping is wat Hy begeer. (Paulus gebruik baie die woorde “volmaak” of “perfek” in sy briewe, maar die Afrikaanse Bybelvertalers het dit dikwels omseil en tydens die vertaling uit die teks geskryf. Die woord kan ook vertaal word as “volledig” of “volgroeid”.) In **Ef.4:13** sê Paulus vir ons hoe vër ons moet groei om volmaak of perfek te wees: **“totdat ons almal kom... tot 'n volwasse man, tot die mate van die**

**volle grootte van Christus.**” Alleen wanneer ons soos Christus is, wanneer ons sy volle grootte en statur bereik het, dan sal God die instrumente van oneer neerlê. As ons uit hierdie perspektief lewe, hoef ons nooit bang te wees dat die bese oor ons gaan of kan seevier nie: **“...ook het Ek die verderwer geskape om te verniel. Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie.” (Jes.54:16,17).** Dit is baie gerusstellend om te weet dat God in beheer is.

Die Woord sê vir ons dat selfs Satan nie gebind gaan word voor die kruisiging van die heiliges nie verby is nie. **“En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan ‘n kort tydjie ontbind word.” (Openb.20:1-3).** ‘n Engel kan Satan op sy eie vasmaak en in die afgrond werp. Dit is so maklik: as God wou, kon Hy dit al lankal gedoen het. Dis so jammer dat baie mense glo dat ‘n weermag nodig is om die duiwel te vang aangesien hulle dink dat hy en God al vir meer as 6 000 jaar in ‘n stryd om heerskappy gewikkel is. Dit is glad nie waar nie! Nadat God Satan vir ‘n duisend jaar toegesluit het, gaan Hy hom weer vry laat. Gee dit nie vir jou ‘n aanduiding van wie Satan lank gelede in die paradys losgelaat het nie? Sal God Satan vrylaat om Sy Wil te doen of om Sy Wil te verydel?

**“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog, en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp, waar die dier en die valse profeet is, en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit.” (Openb.20:7-11).** God laat Satan los om al die goddelose nasies te verlei om oorlog te maak teen die heiliges. Sodra die nasies bymekaar versamel is, laat Hy vuur op hulle reën en word hulle vernietig, net betyds vir die oordeel van die onregverdiges voor die groot wit troon. God het nie engele nodig

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

om Satan en sy kinders te vernietig nie. As Hy wou, kon Hy dit in die paradys reeds gedoen het en ons al die beproewinge gespaar het.

Wie gooi die duiwel en sy engele op die aarde om die nasies te mislei en om oorlog te maak teen die heiliges gedurende die verdrukking? **“En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.”** (Openb.12:7-9). Dan begin die duiwel in die dier oorlog maak teen God se kinders, die heiliges: **“Dit is ook aan hom** (die dier) **gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.”** (Openb.13:7). As God die duiwel en sy engele op die aarde wil neerwerp, hoekom dan nie in die vuurpoel nie? In plaas daarvan beperk God hulle tot die aarde waar ons is! God het hierdie magte van die boosheid nodig om die koring van die kaf te skei en die heiliges tot volwassenheid te laat groei. Let wel: **“dit is ook aan hom gegee”** (die dier) beide heerskappy oor die nasies, sowel as heerskappy om oorlog te maak teen die heiliges. Julle sien vriende, God gee mag aan Satan, wat in die dier woon en Hy gee mag aan die dier om die heiliges te versoek en hulle vlees tot kruisiging te bring.

**“En in die dag sal die oorblyfsel van Israel en die wat ontvlug het van die huis van Jakob, nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie; maar hulle sal steun op die HERE, die Heilige van Israel, in opregtheid.”** (Jes.10:20). Een van ons probleme is dat ons die vlees en die wêreld vertrou. Ons vertrou op mense om ons te verdedig en ons veiligheid te verseker. Terwyl God dié een is wat ons respek, eer en agting moet kry, gee ons dit aan die wêreld. God het Israel elke keer wat hulle afvallig geword het op dieselfde manier na Hom laat terugdraai. Hy het hulle ongeoorloofde geliefdes teen hulle opgemaak. As Israel die heidene se afgode begin dien het, het God dié nasie teen hulle laat draai. Hy doen dit met Sy Nuwe Testamentiese volk Israel ook: Hy laat dit wat ons so liefhet, teen ons draai sodat ons kan agterkom wie en wat ons siel se ware vyande is: **“...en julle sal deur al die nasies gehaat**

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

**word ter wille van My Naam.**” (Matt.24:9). Dit is nodig dat die nasies (die wêreld) ons haat, sodat ons ‘n keuse moet maak. Eers as ons God kies, kan ons Sy naam manifesteer. As die wêreld ons haat, draai ons ons harte weg van ‘n liefde vir die wêreld. Dwarsdeur die Ou Testamentiese geskiedenis is dit duidelik dat God Israel wou afsonder van die heidene. Dit het in Egipte al begin. Hulle het dit geniet om rondom die vleispotte te sit en het geen behoefte gehad om te trek nie. Eers nadat God die Egiptenare teen die Israëliete laat draai het, was hulle reg om te trek: **“Hy het hulle hart verander, om sy volk te haat, om listig teen sy knegte te handel.”** (Ps.105:25) en daarna het Hy **“hulle verlos uit die hand van die hater en hulle bevry uit die hand van die vyand.”** (Ps.106:10). Eers laat God die Faraó teen Israel draai, dan verlos Hy hulle uit sy hand. Dit het hulle dankbaarheid verseker.

**“Ek sal vir hom ‘n Vader wees en hy sal vir My ‘n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met ‘n menslike roede en met slae van mensekinders.”** (2Sam.7:14). En **“ ... julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.”** (Heb.12:5,6). In bogenoemde twee teksgedeeltes lees ons dat die Here sy kinders tugtig. God se skeppingsdoel om seuns te vorm, word so vervul. Instrumente van oneer tugtig en straf Sy kinders as hulle sondig. Die menslike roede kan enigiets wees: mense, ‘n weermag of selfs nasies. Om hierdie instrument te motiveer tot optrede, maak God gebruik van geestelike magte, owerhede en wêreldheersers van die duisternis: die bose geeste in die lug (Ef.6:12). Ek kan krimineel aangekla word as ek my buurman se kind met ‘n leergordel slaan, maar as ek my kind wat opsetlik ongehoorsaam was daarmee slaan, sal niemand my daarvoor verkwalik nie. (Spr.23:13,14). In beide gevalle is ‘n leergordel gebruik om ‘n kind te slaan. Waarom word daar dan verskillende emosies opgewek? Dieselfde voorwerp is gebruik, maar die motivering vir die daad verskil. Dink jy God is boos as Hy die magte van die duisternis inspan om Sy kinders tot volwassenheid te bring? As jy so dink, beteken dit dat jy ‘n gebrek aan insig in Sy motivering en skeppingsdoel het. God gaan die bose gebruik om goed te doen. God is goed en alles wat Hy doen

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

is goed. Ons kan God nie met selfregverdigende denke beperk nie.

God bereik iets goeds as Hy die bose inspan. Om die waarheid te sê, Hy kan nie Sy werk sonder die bose doen nie: “...**onder wie daar is Himeneus en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.**” (1Tim.1:20). Om te laster beteken om “kwaad te praat teen” iemand of iets. Dié manne het kwaad gepraat. Dit kon teen iemand of teen die waarheid gewees het. Paulus het hulle namens God aan Satan oorgelewer sodat hulle kon leer om nie te laster nie. Ons leer baie by Satan. Dit is meestal Satan en sy engele wat die vloek uitoefen op mense wat sondig. God het die vloek in Deuteronómium 28 uitgespreek en beskik. Hy gebruik dit om dié wat sondig te motiveer om hulle van hulle verkeerde weë weg te keer. Satan verlei ons en as ons toegee, het hy die wettige reg om die vloek op ons toe te pas totdat ons van gedagte verander en ons bekeer. Ons is deur Christus se bloed versoen met God, maar as ons onder Sy bloed uitbeweeg, is ons nie beskerm teen die vloek nie. Dan wag die duiwel vir ons. “**Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie.**” (Heb.10:26). Satan is listig. Hy haat die mensdom en streef daarna om mense kwaad aan te doen. Satan het geen begeerte om ons te leer of tot volwassenheid in Christus of tot beter kennis van God te bring nie, maar dis presies wat hy doen.

Jesus het gesê: “**En as ‘n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie.**” (Mark.3:24). Satan se koninkryk is teen homself verdeeld. Elke aksie wat hy teen ‘n mens doen, bring daardie persoon terug na God toe en lei tot geestelike groei en volwassenheid. Dit natuurlik mits God se kinders verstaan dat Satan ‘n instrument in Sy hande is. Job het dit geweet: “**Maar hy antwoord haar: Soos ‘n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.**” (Job 2:10). God gebruik nie net vir Satan nie, maar alles om ons, om ons tot volwassenheid te bring. Satan is die leier van die instrumente van oneer. Hy is in beheer van die bose geeste en daarom van alle bose mense. God weer is in beheer van Satan. Die Woord sê: “**Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.**” (Rom.8:28). Dit beteken dat wat

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

Satan ookal aan ons doen, ten goede vir ons sal meewerk. Satan besef nie hoe belangrik en goed hy vir ons is nie. Volgens God se reëls sal jy saai wat jy maai; Satan het mislei en mislei nog steeds. Daarom word hý mislei. Sy hoofdoel is om die mens te mislei sodat hy sondig. Sonde gee Satan mag oor 'n persoon. Hy is daarop uit om die mens se posisie van outoriteit wat Jesus aan ons gegee het, af te neem. Satan is ook deur God geskape. God het egter niks geskep wat in staat is om Sy planne omver te werp nie. Hy het alles geskape om mee te werk om Sy uitverkorenes na die beeld van Jesus Christus te vorm. God gebruik verskillende maniere om die goddeloses, Satan en dié se engele vir Hom te laat werk. Hy werk deur suggestie. Hy kan ook beveel of toestemming gee vir sekere optredes of doodeenvoudig in mense werk om dit te doen wat Hom behaag.

In die eerste brief aan die Korinthiërs skryf Paulus: ***“...om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.” (1Kor.5:5)***. Paulus neem outoriteit oor die krag van die vyand en gebruik daardie krag om ongehoorsame kinders van God te tugtig. ***“Kyk, ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie...” (Luk.10:19,20)***. Jesus het immers Sy dissipels die mag gegee oor vyandige geeste se krag. Dissipels het dus deur die Gees van God die reg en die mag om vyandige geeste se krag te gebruik of te verbied. ***“Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind (verbied), sal in die hemel gebonde (verbode) wees; en alles wat julle op die aarde ontbind (toelaat), sal in die hemel ontbonde (toegelaa) wees.” (Matt.18:18)***. Dissipels het die outoriteit om te verbied of toe te laat. Volwasse of volgroeide dissipels kan met die leiding van God se Gees die duiwel se krag vir 'n goeie doel aanwend; ***“sodat die gees gered kan word”***. Neem kennis dat Paulus, deur die Gees, 'n voorwaarde stel vir Satan. Hy beperk Satan ***“tot verderf van die vlees”***. So oefen God Sy soewereiniteit deur Sy dissipels uit.

Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het om verder dissipels te maak, het Hy hulle beveel om dieselfde outoriteit en opdragte wat Hy aan hulle gegee het, oor te dra: ***“...en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**die voleinding van die wêreld.” (Matt.28:20).** As ons dissipels (Grieks: methetes – “leerlinge en volgelinge”) van Christus is, het ons hierdie selfde opdragte. Jesus het gesê Hy sal met hulle wees om dit te doen **“tot aan die voleinding van die wêreld”**. Die oorspronklike dissipels het vanselfsprekend nie so lank gelewe nie en daarom praat Hy met al Sy dissipels deur al die tye, ook met ons.

Daar was 'n vrou wat ons byeenkomste bygewoon het wat ander gelowiges gereeld aanstoot gegee het. Ek was lief vir haar en het haar belange op die hart gedra, maar sy het haar nie aan tereg wysings gesteur nie. Ek het daarvoor gebid en God se opdrag was dat ek haar aan Satan moes oorgee vir die vernietiging van die vlees. Ek wou doodseker maak dat dit 'n opdrag van Hom was. Ek het vir 'n teken gevra ter bevestiging daarvan, wat Hy toe gegee het. Ek het haar aan Satan oorgegee en sy het amper onmiddellik siek geword. Sy was so siek dat sy nie uit haar bed kon klim nie. Sy het my later vertel dat sy God aangeroep het toe sy dodelik siek in haar uitskeiding en braaksel gelê het. Hy het vir haar gesê dat sy teen Sy mense sondig en dat sy haar sonde voor hulle moes bely en om vergifnis moes vra. God het haar tydelik van haar siekte bevry en sy het dit tydens die volgende byeenkoms gedoen. Almal het haar vergewe. Toe sy by die huis kom, het sy egter weer siek geword. Sy het weer tot God geroep en hom gevra waarom; sy was dan gehoorsaam. God het aan haar openbaar dat ek haar aan Satan oorgegee het. Toe sy my daarvoor bel was my woorde: “Dit is waar, ek het dit met God se leiding gedoen. Maar jy het tot inkeer gekom en ek sien geen rede hoekom ek jou nie kan vryspreek nie. Jy is vry in Jesus se Naam.” God het haar dadelik genees. Die insident het haar geleer om respek vir geestelike gesag te hê.

Daar is baie te sê oor die wyse waarop predikante vandag geestelike gesag in hulle gemeentes uitoefen. Hulle het óf geen gesag oor lidmate wat God se verordeninge oortree nie, óf hulle oefen dit op 'n wêreldse wyse uit, net soos die Fariseërs dit gedoen het. 'n Vader en 'n moeder het die reg om hulle kinders fisies te tuchtig omdat hulle lief is vir die kinders. So het die leierskap van die kerk, omdat Christus sy kinders liefhet, outoriteit om teen lidmate op te tree. Dit mag egter nie gebruik word in die geval van persoonlike haat, woede of wraak nie. Die tuchtiging

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

moet gebruik word om te keer dat 'n kind van God in die hel beland. God se Wil moet voortdurend in 'n persoon se lewe volbring word om hom of haar tot volwassenheid te bring sodat hy/sy gereed sal wees om voor Sy aangesig te verskyn. Paulus het uit liefde, in gehoorsaamheid aan die Gees, die man in 1Kor.5 aan Satan oorgegee. As dit binne die kerk se outoriteit val, beteken dit dat daar mense is wat oor groot geestelike mag beskik. Dit is die geval. Indien jy bekommerd is dat iemand sy geestelike mag kan misbruik, kan ek jou gerus stel. Die Woord is duidelik dat wanneer 'n vloek uitgespreek word, en daar nie 'n geldige rede daarvoor is nie, dit nie tot uitvoering sal kom nie. **“Soos die voëltjie wegfladder, soos die swaweltjie wegvlieg, so is 'n vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie.” (Spr.26:2).**

**“...om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.” (1Kor.5:5).** Die man wat Paulus aan Satan oorgelewer het, het 'n seksuele verhouding met sy pa se vrou, waarskynlik sy stiefma, gehad. Paulus het met die ouderlinge in Korinthe gepraat en vasbeslote met hulle saamgestem om hierdie man oor te lewer aan Satan. Dink jy dit is Satan se oogmerk om mense se vleeslike natuur te vernietig en sodoende hulle gees te red? Ons vlees is Satan se bondgenoot en 'n uitdrukking van sy eie natuur: **“...omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” (Rom.8:7).** Nee, dit is God se plan dat Satan tugtiging moet uitvoer of toepas. Satan begeer om dit te doen wat God hom toelaat om te doen, naamlik om die mens te vernietig. Satan het mag oor die vlees ontvang. Onthou jy die slang in die Paradys? God het hom vervloek en beveel om op sy maag te seil en die stof van die aarde te eet. Wat is die stof van die aarde? Die mens se vlees is uit die stof van die aarde gemaak. Die vlees is nie net die liggaam nie maar ook die vleeslike begeertes en lus om die eie ek te bevredig. Satan se opdrag is om die vlees, of wat Paulus die oue mens noem (Kol.3:9), te verslind. En hy is goed daarmee. Die voordeel daarvan is dat die geestelike mens daardeur gered word.

God moet ons dikwels aan Satan oorgee vir tugtiging wanneer ons opsetlik sondig. In Matt.18:21-35 vertel Jesus vir ons in 'n gelykenis in watter ernstige lig God onvergifnis ag: **“En sy heer het**



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**hom in toorn oorgegee aan die pynigers (demone) totdat hy sou betaal het, alles wat hy hom skuldig was. So sal my Hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie." (Matt.18:34-35).** Jesus sê ondubbelsinnig dat God dié wat nie vergewe nie, aan pyniging gaan oorgee. Wanneer jy aan 'n vloek uitgelewer word, hou introspeksie, vra vir God of jy nie teen Hom sondig nie. Is daar nie sonde in jou lewe waarvan jy moet afsien nie? Dit is belangrik om te noem dat daar ook ander omstandighede is waaronder God Satan opdrag kan gee om teen jou op te tree. God gebruik Satan ook om jou geloof te toets of jou die geleentheid te gee om jou heerskappy oor Satan te bewys. God gebruik 'n baie slegte duiwel op verskillende maniere om baie goeie werk in ons te doen.

**"Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agterloop en die heerskappy verag. Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die heerlike wesens te belaster nie." (2Pet.2:9,10).** God se oordeel en straf bly op die wat nie gehoorsaam is aan Sy Woord nie. Party mense is hulle hele lewe lank onder die vloek omdat hulle heelyd **"die vlees in vuile begeerlikheid agterloop"**. As ons nie die soewereiniteit van God verstaan nie, mag ons baie onnodige swaarkry in ons lewe ervaar. Ons moet leer om God se doel in alles raak te sien. Hy gebruik Satan, een van sy demone of goddelose mense rondom ons om ons te tugtig, tot inkeer te bring of om ons geloof te bou deur beproewing. Mense is geneig om net die instrument raak te sien, maar kyk nie verder na God agter die instrument nie. Hulle sien dit net as die werk van Satan en nie die werk van God nie. Satan wil baie graag hê ons moet dink dat hy ons aanval omdat ons sulke goeie kinders van God is. God, daarteenoor, wil graag hê dat ons moet weet dat Hy Satan as instrument teen ons gebruik. Dit is die optrede van 'n liefdevolle Vader wat sy kinders op die regte pad wil kry. Ons korrupte natuur moet sterf; ons moet van ons vleeslike optrede afstand doen. Soms het ons 'n geestelike gym-sessie daarvoor nodig. As jy net vir Satan raaksien, en nie God wat hom stuur nie, het jy geen motivering om jou lewe te verander nie. Maar as jy God raaksien wat Satan teen jou gebruik, dan gaan jy 'n plan maak om te verander. "... 'n

**Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.”**  
**(Joh.3:27).**

“...en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het, hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam...” (Heb.2:2,3). Kyk na die gevolge van jou dade en jy sal kan sien of hulle reg of verkeerd was! Mense vra my dikwels of ek dink dit of dat is verkeerd. My antwoord is altyd om te kyk na wat dit jou in die sak bring en dan kan jy self besluit. Is dit verkeerd om tydens lekker sosiale kuiers te veel te drink? Wat kry jy daarvan? 'n Hoofpyn, 'n dag of twee wat jou liggaam vat om te herstel? Oor die langtermyn liggaamlike en geestelike agteruitgang? Is dit verkeerd om te rook? Kyk na die effek: kroniese obstruktiwe longsiekte, kanker en ander fisiese komplikasies. Baie mense met artritis en immuuniteitsgebrek-siektes het 'n diepgewortelde onvergewinsgesindheid of bitterheid en woede in hulle opgesluit. Angs en bekommernis veroorsaak maagsere. Jy hoef nie eers te vra of dit sonde is nie of 'n Bybelvers te soek wat dit as sonde identifiseer nie; kyk net na die gevolge en vrug daarvan in jou lewe. God het die vloek uitgespreek en beskik vir dié wat ootree. Of God nou die duiwel, sy demone, goddelose mense om jou, siekte of enigiets anders gebruik, Hy doen dit omdat Hy jou op die regte pad wil bring sodat jy vrug kan dra.

God sal bese geeste gebruik om ons nederig te hou en ons goeie vrug te laat dra. Paulus het dit persoonlik ervaar. Paulus is na die derde hemel toe opgeneem en het wonderlike openbarings ontvang wat hom maklik kon laat dink hy is beter as ander. **“En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel (Grieks: angelos - “engel”) van die Satan, om my met die vuig te slaan, dat ek my nie sou verhef nie.”** (2Kor.12:7). Paulus sê die doring was 'n engel van Satan wat hom aanhoudend met die vuig geslaan het. Jy kan sien dat hierdie bese gees aan Paulus gegee was want God wou hom nederig hou: **“Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.”** (2Kor.12:8,9). Satan se engel het 'n nederigheid in Paulus teweeg gebring wat God genade noem.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Eers toe Paulus in 'n posisie van persoonlike swakheid was waar hy niks kon doen om homself te red nie, kon hy God se reddende genade ervaar. Daar is baie voorbeelde in die Bybel waar God mense doelbewus in 'n posisie van menslike swakheid gebring het, sodat Hy 'n wonderwerk kon doen om hulle te red. Dit was die geval met Moses, Abraham, Josafat, Gideon en Lazarus. Dit is dan wanneer God Sy krag in jou swakheid kan volbring en niemand anders as net God eer kan ontvang vir dit wat gebeur het nie. Paulus het geweet dis hoe sy God werk: ***“Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling (beledigings), in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is dan is ek sterk.” (2Kor.12:10).*** Paulus verwys op vier ander plekke in die skrif na die begrip “doring in die vlees”, maar net as 'n swakheid, nie 'n siekte nie. Die woord “swakhede” kom van die Griekse woord *astheneia* wat 'n gebrek aan krag beteken. Die vertalers van die King James Bybel gebruik die woord “infirmity”. Dieselfde Griekse woord word in baie ander plekke egter vertaal as “swak” of “swakheid” (1Kor.1:25; 2Kor.11:29; 2Kor.12:9,10 en 2Kor.13:4). Dieselfde Griekse woord *astheneia* kom ook in die volgende verse voor. ***“...en wat swak is by God, is sterker as die mense.” (1Kor.1:25).*** Ons weet God is nie siek nie, daarom moet dit swakheid wees: ***“Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van God, want ons is ook swak in Hom, maar ons sal saam met Hom vir julle lewe deur die krag van God.” (2Kor.13:4).*** Ons weet Jesus is gekruisig omdat Hy swak was, nie omdat Hy siek was nie. Hy kon homself nie verdedig toe Hy voor Pilatus en die Joodse leiers gebring is nie. So word ons ook gekruisig wanneer ons swak is en onself nie kan red nie, maar op ons Hemelse Vader vertrou. In 2Kor.11 lys Paulus die dinge wat hy swakhede noem. Dis dinge soos om in tronke toegesluit te word, skipbreuk te lei, vervolgt te word deur vyande en om met 'n sweep geslaan te word. Nêrens noem hy iets soos 'n siekte nie. Die punt is dat God bese geeste gebruik om ons nederig te maak, ons te tugtig en ons gedagtes te verander oor wat reg en verkeerd is. ***“Hieroor het ek die Here drie maal gebid dat hy (die engel van Satan of demon) van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.” (2Kor.12:8,9).*** God het vir Paulus gesê dat Hy hom van sy vervolginge en situasies van lyding sal red, maar nie van die demon sal bevry nie. ***“Vervolginge, lyding,***

soos my te beurt geval het in Antiochië, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos.” (2Tim.3:11). “En die Here sal my verlos van elke bese werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid!” (2Tim.4:18). In Paulus se lewe sien ons dus hoe God se soewereiniteit werk: Hy kasty, maar gee ook redding uit situasies. Die demoon was ‘n stom werktuig vir God se gebruik.

**“Sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanwee die volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur.”** (2Thess.1:4). Toe Paulus vervolging en verdrukkinge beleef het, het ‘n engel van Satan dit oor hom gebring. Elke insident van verdrukking of vervolging het Paulus getugtig, geheilig en boonop sy geloof versterk. God doen nooit iets net met een doel voor oë nie. **“‘n Teken van die regverdige oordeel van God dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word waarvoor julle ook ly.”** (2Thess.1:5). God maak soms gebruik van ‘n engel van Satan om ons te vervolg en te verdruk. Paulus sien dit as ‘n bewys van God se regverdige veroordeling om ons gereed te maak vir Sy Koninkryk. In hierdie voorbereiding is Satan se engele gewoonlik besig om die vloek toe te pas. Daarom werk alles, vloek of seën, ten goede mee vir dié wat Hom lief het. Deur ons geloof is ons deel van die nuwe verbond en het ons die reg om van die vloek bevry te word: **“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.”** (Gal.3:13).

**“Toe Hy Sy tekens gedoen het in Egipte en Sy wonders in die veld van Soan. En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome sodat hulle nie kon drink nie. Hy het onder hulle steekvliese gestuur wat hulle verteer het, en paddas wat verwoesting oor hulle gebring het. En Hy het hulle opbrengs aan die kaalvreter gegee en die vrug van hulle werk aan die treksprinkaan. Hy het hulle wingerdstok deur die hael doodgemaak en hulle wildevyeboom deur ryp. Ook het Hy hulle diere aan die hael orgegee en hulle vee aan die blitse. Hy het die gloed van Sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, ‘n uitsending van ongeluksbodes. Hy het ‘n pad vir Sy toorn gebaan, hulle siel nie gered van die dood nie, maar hulle lewe aan die pes oorgegee. En Hy het al die eersgeborenes in Egipte getref...”** (Ps.78:43–51). God noem die oordeel wat Hy oor Egipte voltrek **“‘n uitsending van ongeluksbodes”**. Die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

doel daarvan was om Sy volk te tugtig en sy vyande te vernietig. Die **“ongeluksbodes”** wat met die plaë gestuur is, het dit oor beide die Israeliete en Egiptenare gebring totdat Israel genoegsaam gelouter was en ingestem het om te trek. Toe het God ‘n skeiding gebring tussen Gosen en Egipte. Die plaë het toe verder net Egipte getref sodat God se volk vrygelaat kon word. Dit is ‘n skadubeeld van ons lewe. Wanneer ons Egipte, wat die wêreld verteenwoordig, aflê, en in God se Koninkryk inbeweeg, hoef ons nie meer onder die vloek te lewe nie.

**“Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenare swaar te tref. Maar wanneer Hy bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.” (Ex.12:23).** God het by die Israeliete se deure verbybeweeg saam met die verderwer en net die Egiptenare getref. Openb.9:11 verwys na die hoof engel oor die afgrond (*abyss*) as Appollyoun (Grieks) en Abaddon (Hebreeus). Beide hierdie name beteken “verderwer”. Dit is waarskynlik maar twee van die baie name van Satan. Satan is die hoof demoon oor die dood, maar hy staan onder God se heerskappy. Dit is duidelik uit die verhaal in Ex.12. Die verwoester het die Egiptenare teen middernag getref, presies op die tyd wat God gesê het hy gaan. God se doel was om Sy vyande én die wat ongehoorsaam was, te vernietig. God se opdrag aan Sy kinders was om die lam te eet **“...die kop en pootjies saam met die binnegoed. Julle mag daar ook niks van laat oorbly...” (Ex.12:9,10)** sodat die verderwer hulle nie kon doodmaak nie. Dit is ook hoe ons die vloek van sonde en dood vryspring. Ons moet die Lam, Jesus Christus wat die Woord is, eet. Ons moet die hele Woord eet en verteer, nie net die dele waarvan ons hou nie. Fisies is ons wat ons eet, geestelik is ons wat ons geestelik eet. Deur die Woord van God te eet en te verteer, word ons vrygemaak van die vloek en manifesteer ons as seuns van God.

Sanherib, die koning van die Assiriese Ryk, het ‘n baie groot leër gestuur om Juda in te val. Koning Hiskia was baie benoud daarvoor, maar God het deur Jesaja vir hom gesê dat hulle nie sal verloor nie: **“Kyk, Ek sal ‘n gees in hom gee, dat hy ‘n gerug hoor en na sy land terugtrek; en Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val.” (Jes.37:7).** God het ‘n bese gees in Sanherib geplaas wat hom

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

stemme laat hoor het. Dit het hom angstig gemaak en hom na sy land laat terugkeer. Mense wat stemme hoor, het dikwels bose geeste. Demone wil God se kinders vernietig. Dikwels het hulle nie 'n keuse in wat hulle doen nie. God het hierdie bose gees gebruik om die koning huis toe te laat gaan waar sy twee seuns hom dood gemaak het. (Jes.37:38).

Ek en Mary het op 'n stadium vir 'n vriend gebid wat nog nie gered was nie. Hy is uiteindelik gered, maar God se manier was nogal 'n verassing vir ons. Hy is oorval deur 'n gees van vrees en was angsbevange. Hy het gedink hy gaan in die hel beland. Dit was vir hom baie vreemd, maar baie werklik. Met 'n Rooms Katolieke agtergrond, het hy hulp by 'n priester gaan soek. Dié kon hom nie help nie, waarna hy by my kom raad vra het. Ek het die Woord gebruik om hom die weg te wys, en hy is gered. Dit is waar dat God ons nie 'n gees van vrees gee nie, maar dít geld net vir gelowiges. My vriend het nog geen verhouding met God gehad nie en die gees van vrees was baie effektief om hom te kry om sy eie redding na te jaag met die begeerte om dit te ontvang. ***“Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid.” (Ps.111:10).***

Daar is predikante wat demonies is. Dit is diegene wat nie regverdig voor God lewe nie, maar ten spyte daarvan outoriteit oor Sy kinders behou. Koning Saul is 'n voorbeeld van so 'n leier. God het hom geroep en vir sy taak toegerus, maar hy was later nie meer gehoorsaam nie. En voor julle my van kettery beskuldig, lees 1Sam.16: ***“Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk en 'n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik.” (1Sam.16:14).*** Die Woord self sê 'n bose gees het sy woning in Saul gemaak en hom geteister! Dit was God se straf vir Saul se ongehoorsaamheid: ***“Toe sê die dienaars van Saul vir hom: Kyk tog, 'n bose gees van God verskrik u. Laat ons heer net sê en u dienaars wat voor u staan, sal 'n man soek wat op die siter kan speel; en as die bose gees van God oor u is, moet hy speel met sy hand, dan sal dit beter met u word.” (1Sam.16:15.16).*** Natuurlik kry hulle toe niemand anders nie as Dawid met sy harp om vir die koning te kom speel. God werk op wonderbaarlike wyses. Eers stuur Hy 'n bose gees om Saul te pla en dan stuur Hy Dawid met sy harp om hom te kalmeer. Hy werk van weerskante af aan ons.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ek was op 'n stadium in 'n gemeente betrokke waar so 'n leier was. Die predikant kon nie vroue of geld uitlos nie en het nie 'n eerlike lewende gevoer nie. Hy was demonies. Hy het my vertel dat God drie keer aan hom openbaar het dat hy Saul, en ek Dawid was. Ek het waarhede met hom gedeel wat hom sou verlos van sy vloek, maar hy het hom nie daaraan gesteur nie. Dit het my gepla want baie van die gemeentelede het as gevolg van sy optrede gestruik. Ek het by God raad gaan soek en Sy antwoord was: "Laat die Filistyne hom vernietig". Die Filistyne is God se vyande, en hulle het hom vernietig. Ek het die bediening daarna tydelik oorgeneem. Dit was toe 'n herhaling van Saul en Dawid se verhaal. God het ook van weerskante af aan hom gewerk. God sê in Deut.28 duidelik dat Hy die vloek stuur teen dié wat ongehoorsaam is aan Sy Woord. Maar nou weet ons dat Hy vir ons Jesus gestuur het om ons van hierdie vloek te verlos.

In Num.22 lees ons die verhaal van Bileam. Koning Balak het hom geld aangebied om Israel te vervloek, maar Bileam het geweier omdat God hom nie wou toelaat nie. Koning Balak stuur toe weer amptenare, met hoër range en meer omkoopgeld, om hom te oortuig. Ten spyte daarvan dat God hom reeds geantwoord het, het Bileam weer gevra of hy Israel kan vervloek. God het sy trots en gierigheid raakgesien en hom beveel om te gaan. Terwyl Bileam oppad was soontoe, stuur God 'n engel om hom dood te maak, maar terselfdertyd laat Hy Bileam se donkie hom waarsku. **"...en die weg gevolg van Bileam, die seun van Beor, wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het, maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder."** (2Pet.2:15,16). God was kwaad vir Bileam en wou hom doodmaak as hy sou voortgaan. Tog het God sy donkie gebruik om met hom te redeneer en hom te stop. God doen dit voortdurend met ons: Hy stel ons voor keuses. God het ons hier op aarde geplaas sodat ons siele die keuse moet maak tussen vlees of gees. Ons is terselfdertyd die hoogste en die laagste skepsel van God. Ons is tussen die hemel en die hel, tussen demone en engele, tussen God en die duiwel. In elke situasie waarin ons verkeer, het ons 'n keuse om te maak. God het dit so beplan. Aan die wat ongehoorsaam wil wees, sê Hy: "daar is die vloek, moenie gaan nie. Maar as jy gaan, dan is dit jou skuld en moet jy die gevolge

dra.” Terselfdertyd bied Hy ons Sy genade aan om die regte besluit te neem.

God het Gideon toegerus en gelei om Israel van sy vyande te verlos. Na dit het die volk hom gevra om oor hulle te heers, maar Hy wou nie. Hy wou selfs nie eers toelaat dat een van sy seuns so’n leierskap posisie oor Israel aanvaar terwyl hy nog gelewe het nie. **“Maar Gideon antwoord hulle: Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die HERE sal oor julle heers.” (Rigt.8:23).** Gideon het een-en-sewentig seuns gehad, van wie een die seun van ’n byvrou in Sigem was. Hierdie seun wou baie graag koning wees en het saam met die mans van Sigem saamgesweer om sy sewentig broers te vermoor. Jotam, die jongste broer, het die slagting oorleef en die volgende geprofeteer: **“... laat daar dan vuur uitgaan uit Abiméleg en die burgers van Sigem en die huis Millo verteer; en laat daar vuur uitgaan uit die burgers van Sigem en uit die huis Millo en Abiméleg verteer.” (Rigt.9:20).** God het deur Jotam ’n vloek van verdeeldheid oor die skuldige partye uitgespreek. **“Toe Abiméleg drie jaar oor Israel geheers het, het God ’n bose gees gestuur tussen Abiméleg en die burgers van Sigem, en die burgers van Sigem het troueloos gehandel teen Abiméleg, sodat die onreg teen die sewentig seuns van Jerúbbaäl sou uitkom, en Hy hulle bloed sou lê op hul broer Abiméleg wat hulle vermoor het, ook op die burgers van Sigem wat sy hande versterk het om sy broers te vermoor.” (Rigt.9:22-24).** Die verhouding tussen Abiméleg en die manne van Sigem was boos en God wou dit beëindig. Al wat Hy gedoen het was om ’n bose gees te stuur wat verdeeldheid tussen hulle veroorsaak het en beide Abiméleg en die manskappe van Sigem is uitgewis. Met die hulp van ’n enkele bose gees het God die skuldiges aan die pen laat ry en sy volk is uit hulle hande bevry.

Ek het op ’n stadium saam met twee ander predikante in ’n gemeente gewerk. Hulle het mekaar gedurig verdedig en mekaar se optrede geregverdig, selfs wanneer hulle stellings gemaak het wat reglynig teen die Woord was. Dit het my verontrus. Een aand op pad huis toe vanaf ’n gemeente byeenkoms het God my dit op die hart gedruk dat ek moes bid dat ’n gees van twis in hulle moes vaar. Hulle het juis daardie aand skriftuurlike foute gemaak en dit voor die gemeente bevestig as die waarheid. Dit was vir my ’n skok toe God my die opdrag gee, maar ek het besluit om



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

gehoorsaam te wees. Die volgende dag het ek gehoor dat die twee daardie selfde aand nog 'n uitval gehad het. Dit uitval was so ernstig dat hulle paaie daarna geskei het.

Daar is ander voorbeelde ook waar God so te werk gaan. Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld. ***“Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van die groot dag van die Almagtige God.*” (Openb.16:14).** Hier sien ons dat bese geeste die hele wêreld bymekaar maak vir die slag van Armageddon. In die boek van Sagaria weer word gesê dat God die wêreld bymekaar maak vir daardie oorlog: ***“Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; ...En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.”* (Sag.14:2,3).** God gebruik dus die geeste om die wêreld bymekaar te maak om oorlog te voer teen Jerusalem sodat Hy self op die dag van sy stryd, die dag van oorlog die nasies kan uitroei en Sy volk kan red. ***“As God vir ons is, wie kan teen ons wees?”* (Rom.8:31).** Maar aan die anderkant, as God téén ons is, wie kan dan vir ons wees?

Ons het in Openb.16 gelees dat wanneer al die nasies versamel is vir die oorlog van die groot dag van die Almagtige God: ***“...die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.”* (Sag.14:2,3).** In 2Kron.20:17 lees ons van iets soortgelyks. God sê aan Josafat dat Hy die geveg namens Sy volk gaan veg: ***“Julle hoef daarby nie te veg nie. Staan gereed, bly staan en aanskou die redding”* (2Kron.20:17).** Daarna beskryf Hy hoe Hy dit gaan doen: ***“En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die HERE 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seir wat teen Juda gekom het sodat hulle verslaan is. Die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Seir om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Seir klaar was, het hulle mekaar in die verderf gehelp.”* (2Kron.20:17).** Met die eerste oogopslag lyk dit asof die volke mekaar in hinderlae ingelei en daarna uitgeroei het. Maar nadat ek die gedeelte sorgvuldig deurgelees het, het ek besef dat God 'n hinderlaag opgestel het. Die bese magte wat hulle soontoe laat kom het, het gewag dat hulle daar bymekaar kom en toe gevoelens soos agterdog, hebsug, woede en vrees gesaai. God het van bese geeste gebruik gemaak om drie leermagte wat

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

aanvanklik soos een mag opgetree het, weer in drie te verdeel, waarna hulle mekaar uitgeroei het. God vergelyk hierdie oorlog met dié van die finale oordeelsdag. Dit beteken dat die groot weermag wat bymekaar gaan kom om teen God se volk te veg, in drie verdeel gaan word, waarskynlik deur 'n burgeroorlog. Die drie weermagte is die Konings van die Noorde, Konings van die Suide (Dan.11:40) en Konings van die Ooste (Openb.16:12) wat mekaar dan uiteindelik gaan vernietig en God se kinders ongeskonde gaan laat. God is in beheer van die bose geeste, en dus ook van die mense wat hulle gehoorsaam, die goddeloses. Hy orkestreer dit alles sodat ons tot inkeer kan kom en sodat Hy in ons en die wêreld se oë geëer kan word. Wat 'n groot voorreg en gerusstelling is dit nie vir ons om te weet dat God dit alles om ons ontwil doen nie!

God gebruik bose geeste om verdeelheid te saai, maar wanneer nodig, gebruik Hy ons om hierdie bose geeste te verbied. God wil hê ons moet die duiwel weerstaan. Ons moet sy leuens kan raaksien sodat hy ons en ons medegelowiges nie kan aankla nie. God verwag dat ons waaksaam moet wees en alle geeste deurentyd toets. Die vermoë om met onderskeiding te toets, ontwikkel jy as jy voortdurend daarna strew om 'n instrument van eer te wees en deur jou geestelike sintuie so deur die Woord te verskerp dat jy goed van kwaad kan onderskei. (Heb.5:13,14). Dis 'n jammerte dat so min van God se kinders vandag Sy stem kan hoor.

Baie mense glo verkeerdelik dat onmin in gemeentes en hulle verdeling nie God se Wil kan wees nie. Die gemeente in Jerusalem is deur vervolging uit mekaar gedryf, wat die verspreiding van die Evangelie bevorder het. Net so het Israel onder die huis van Dawid in opstand gekom en die volk is verdeel met net Juda en Benjamin wat oorgebly het. Toe Koning Rehábeam sy leër bymekaar maak om die rebelle terug te bring, het God hom deur die profeet Semaja gekeer: ***“So spreek die HERE: Julle mag nie optrek en teen julle broers, die kinders van Israel, oorlog voer nie; julle moet omdraai, elkeen na sy huis; want van My het hierdie saak gekom.” (1Kon.12:24).*** God laat gemeentes vir verskeie redes opdeel. Dit kan wees dat hulle te groot geraak het en nie meer na die individu se behoeftes kan omsien nie. Óf dit kan wees dat die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

gemeente afvallig geword het en mense, nie God nie, die gemeente lei. Sodra 'n gemeente deur die mens en nie deur God nie, gelei word, groei die gemeentede nie meer in Christus nie. God het Babel laat opdeel omdat die inwoners bose planne gehad het met die bou van die toring. Die verdeling is deur die menslike tong veroorsaak, wat vandag ook die grootste oorsaak van die verdeling van gemeentes is. God se doel met die verdeling van 'n gemeente is altyd goed, maar wanneer die mens daarvoor besluit, is dit gewoonlik sleg. Volgens die Woord is denominasies of sektes die werk van die vlees (Gal.5:20; 1Kor.1:10-13; 1Kor.3:1-8; 1Kor.11:17-19; Hand.20:29,30; Jud.1:16,19). Jesus se gebed was dat Sy dissipels een moes wees soos Hy en Sy Vader een is (Joh.17:21,22). Hierdie eenheid gaan 'n werklikheid word in die tyd van die verdrukking, aangesien die Woord ons leer dat die gelowiges in dáárdie dae die verskillende denominasies gaan verlaat om een kudde met een Herder te vorm (Joh.10:16).

**“En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda.” (2Sam.24:1).** Israel en Dawid was nie in God se goeie guns nie en God het Dawid gebruik om hulle in 'n posisie te plaas waar Hy hulle kon straf. Alhoewel God Dawid aangespoor het om die manskappe te tel, het Dawid geweet dit is teen God se beginsels en daarom was hy skuldig. **“Maar Dawid se gewete het hom gekwel nadat hy die volk getel het en Dawid het vir die HERE gesê: Ek het swaar gesondig deur wat ek gedoen het...” (2Sam 24:10).** God se straf was 'n pes wat 70 000 mans getref het. 'n Engel van God het die pes gebring. Toe Dawid sien hoe die engel onder die volk doodslaan, het hy tot die Here geroep. Die engel van die Here (in hierdie geval 'n goeie engel), was toe by die dorsvloer van Arauna. Dawid het toe daar 'n offer op 'n altaar aan God gebring, waarna God die plaag weggeneem het. Hoekom was dit verkeerd om Israel se manskappe te tel? God wou nie hê dat Israel op getalle, op hulle eie krag, moes staatmaak nie. Hulle moes op Hom vertrou. **“So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.” (Jer.17:5).** Dit geld ook vir ons. God wil nie hê ons moet ons vermoëns in ag neem wanneer ons ons vyande aandurf nie. Hy wil hê dat ons Sy krag moet gebruik en op Sy Woord moet vertrou.

Hoe het God Dawid sover gekry om Israel se manskappe te tel? In 1Kron. lees ons: **“Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel.” (1Kron.21:1).** Kyk of dit dieselfde verhaal as dié in 2Sam.24:1 soos hierbo aangehaal, is. In beide gevalle het Dawid berou gehad omdat hy die manskappe laat tel het en in beide gevalle het hy op ‘n dorsvloer gaan offer nadat 70 000 mans deur ‘n pes doodgemaak is. 2Sam.24 sê God het Dawid aangehits om Israel te tel. Hier lees ons dat dit Satan was wat Dawid in sy hart oortuig het om Israel te tel. Beide verse is korrek. Dit is duidelik dat **God Satan gebruik het om Dawid aan te hits om Israel te tel,** want God wou Israel tugtig. **“Satan het teen Israel opgetree”**; sy doel was boos, maar God s’n was goed. Dit maak nie saak wie ons oortuig om ongehoorsaam aan die Woord van God te wees nie, as ons ongehoorsaam is, word ons verantwoordelik gehou daarvoor. Dit kan ons predikant, ‘n profeet, ‘n kerk, ‘n regering of Christen vriende wees wat praat, maar ons is verantwoordelik om die Woord te gehoorsaam.

***“Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree; dat Ek in jou My krag kan toon en dat My Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.” (Rom.9:17,18).*** Dit is moeilik om nie te sien dat God die Farao teen Sy volk laat optree het nie. Hy het dit gedoen om ‘n geleentheid te skep waar Hy Homself in die oë van die wêreld kon verhef. God weet dat ons herinner moet word van hoe ‘n groot God en Redder ons het. Dan is daar diegene wat nie verstaan hoe God werk nie en dink hulle moet Hom verdedig. Hulle sê dat die Farao eers self sy hart verhard het. **“En die HERE sê vir Moses: Nou dat jy wegtrek om na Egipte terug te gaan, kyk dat jy al die wonders voor Farao doen wat Ek in jou mag gestel het. Maar Ek sal sy hart verhard, sodat hy die volk nie sal laat trek nie.” (Ex.4:21).** **“En Ek sal Farao se hart verhard en My tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig.” (Ex.7:3).** Dit staan vyf keer in Exodus dat God Farao se hart verhard het. Eers in **Ex.8:15** lees ons dat die Farao self sy hart verhard. **“En toe Farao sien dat daar verligting kom, het hy sy hart verhard en na hulle nie geluister nie, soos die HERE gespreek het.”** God stuur Moses na die Farao met die opdrag dat hy Israel moet laat trek, maar terselfdertyd verhard Hy die Farao se hart sodat hy weier om hul vry te laat. Op hierdie stadium besef Israel dat hulle hulle vryheid nooit gaan kry nie. Maar God sê vir ons: **“My genade is vir jou genoeg, want my krag word**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

*in swakheid volbring.” (2Kor.12:9).* God het Israel in ‘n hopelose posisie geplaas sodat Hy hulle kon red en Homself in hulle oë kon verheerlik. Hulle moes weet dat Hy hulle uit enige situasie in die komende wildernis beproewing kon red. Jy en God saam is ‘n meerderheid in enige situasie. Asof dit nie genoeg was nie, het God Farao se hart nogmaals verhard sodat hy hulle tot in die Rooi See agtervolg het en daardeur die Egiptenare se dood veroorsaak het. **“En Ek sal Farao se hart verhard, dat hy hulle agtervolg; en Ek wil My aan Farao en sy hele leermag verheerlik.” (Ex.14:4).** Anders as wat in rolprente uitgebeeld word, is dit die enigste Farao wat hulle gevind het wat verdrink het. Die doel van al hierdie gebeure was om Israel onder die indruk te bring van God se krag om te bevry. Hulle sou hierdie besef nog baie in die komende beproewinge nodig hê.

Was jy al ooit in ‘n posisie waar iemand met ‘n harde hart mag oor jou gehad het? Gaan na God toe, nie na Farao nie. Al wat Moses ooit van hom gekry het was slegte behandeling. Het jy dit met jou eie vermoëns probeer regstel? Is jou vlees sterker as jou vermoë om God te gehoorsaam? Hy wil ons graag wys dat Hy die krag het om ons van sonde te verlos. **“Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.” (2Kor.4:7).** God wil nie met ons eie vermoëns kompeteer nie. Hy wil deur ons geloof in Hom, die krag van Sy genade aan ons bewys.

**“Soos die voeltjie wegfladder, soos die swaweltjie wegvlieg, so is ‘n vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie.” (Spr.26:2).** Geen vloek wat oor ons uitgespreek word, kan tot uitvoering kom as daar nie ‘n geldige rede daarvoor is nie. Die mees voor die hand liggende redes vir enige vloek is sonde en korrupsie. Wie se doel anders as dié van God word in ‘n vloek vervul? Niemand s’n nie! **“Hoe sal ek vloek wie God nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die HERE nie verwens nie?” (Num.23:8).** Moenie die fout maak om teen die vloek of die duiwel vas te kyk nie; soek die oorsaak! As jy die oorsaak aanspreek, hoef jy nie met ‘n vloek saam te lewe nie. Mense besef egter nie dat die probleme, siekte of watter vorm die vloek ook al aanneem, God se manier is om vir hulle te sê dat hulle iets verkeerd doen nie. Omdat die gevolge van sonde nie aangenaam is nie wil niemand daarmee saamleef nie en probeer

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

hulle om deur hulle eie krag daarvan ontslae te raak. Dit is egter tot hul nadeel, aangesien hulle die vernuwing wat God wil teweeg bring, daardeur mis. Wat staan ons te doen as ons ons gewete ondersoek en nie 'n oorsaak vind nie? Dan wil God ons motiveer om ons verstand te vernuwe met die Woord en die goeie stryd van die geloof te stry. God stuur Satan sodat ons kan leer om hom te bestraf. Dit gee ons die geleentheid om ons mag oor die magte van die vyand uit te oefen en om effektief by geestelike oorlogvoering betrokke te wees. God se uiteindelige doel daarmee is om Sy soewereiniteit deur ons te manifesteer. Ek sal weer daarna verwys. Wanneer ons dus ervaar dat Satan teen ons opstaan in die vorm van bose geeste, sondige mense of omstandighede, moet ons eerstens ons gewete ondersoek. Indien ons nie aan 'n opsetlike oortreding skuldig is nie (Heb.10:26), is die volgende stap om die mag wat Jesus ons oor Satan gegee het, te gebruik. Jy sal oorwin! Deur teen Satan op te staan, kruisig ons ons oue mens want ons oue mens is na die beeld van Satan geskep. Wanneer ons dus teen Satan veg, veg ons teen ons oue self. Oorwin ons hom, oorwin ons onself (die eie ek). Dit is nog 'n deel van God se wonderlike en perfekte plan.

**“Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die HERE dit nie beveel nie?” (Klaagl.3:37).** Kan die bese iets beveel en dit gebeur indien God dit nie beveel het nie? Nee! God is soewerein. Jesus het gesê dat die woorde wat Hy spreek, nie syne is nie, maar God se woorde. (Joh.14:24). Ons weet dit was waar, want dit is bewaarheid. Deur God se genade het ek genesing, voorsiening, wonderwerke en bevrydings beveel en dit het gebeur. Godsdienstige mense het my daarvan beskuldig dat ek aanmatigend is in my geloof aangesien ek nie kan weet wat God se Wil is nie. Ek stem nie saam nie! Is dit ék wat die mense gesond gemaak het, voorsien het in hul behoeftes, bevry het of wonderwerke gedoen het? Nee, God het dit gedoen; al wat ek gedoen het, is om met Sy Woord saam te stem. Die bewys dat ek in ooreenstemming met God se Woord gespreek het, met ander woorde volgens Sy Wil opgetree het, is dat al die dinge gebeur het. As die duiwel iets beveel en dit gebeur, is hy magtiger as God? Nie volgens ***Klaagl.3:37*** nie. Dit is omdat Gód dit so beveel het, met of sonder die duiwel se medewete. **“Gaan uit die mond van die Allerhoogste nie kwaad sowel as goed nie?”**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Waar kom goed en kwaad vandaan? God sê dit kom uit die mond van die Allerhoogste. Beteken dit dan dat God boos is? Nee, dit beteken net dat ons die kwaad in ons lewe óf nodig het, óf verdien. Hy sê immers in net die volgende vers: **“Wat klaag ‘n mens in sy lewe? Laat elkeen klaag oor sy sondes.” (Klaagl.3:39).** Ons is geïndoktrineer om te glo dat die mens in wese goed is en daarom goeie dinge verdien. Wanneer iets gebeur wat sleg is, is ons geskok. **“En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God.” (Mark.10:18).** Uit God se mond kom daar seëninge en vervloeking, goed en kwaad. Die “kwaad” verteenwoordig hier die slegte dinge wat met “goeie” mense gebeur om hulle na God te laat draai en te laat ophou sondig. Enige slegte ding wat in die lewe van diegene wat na Sy voorneme geroep is, gebeur, werk ten goede mee. **“En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.” (Rom 8:28).** Ons beskuldig Satan dat hy ons lewe onaangenaam maak omdat ons kinders van God is, maar God is in beheer van Satan. Ons verantwoordelikheid is om selfondersoek te doen en die Woord te bestudeer. Stel vas of God Satan teen jou gestuur het omdat daar sonde in jou is en of jy dalk sondig optree.

Volgens die Armeense lering het die mens ‘n vrye wil. Dit is glad nie die waarheid nie. God is die enigste een wat ‘n vrye wil het. Ons vrye wil word beperk deur ons vermoëns, denkwyses, natuur, liggaam en omstandighede. As jy glo dat jy ‘n vrye wil het, sit ‘n veer in elke oor en kyk of jy kan vlieg. Óf, kyk of jy kan ophou sondig! Die mens het nie die vermoë om maar net enigiets te doen wat hy wil nie. Volgens die Bybel is God die enigste een wat alles kan doen wat Hy wil. **“In Hom in wie ons ook ‘n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van Sy Wil.” (Ef.1:11).** Soos hierdie vers, leer Calvinisme ons dat God soewerein is oor die uitverkiesing, verordining, die bese en enigiets anders. Die enigste manier om te kan doen wat ons wil doen, is om ons wil een te maak met God se Wil deur Sy Wil in ons te sit. **“Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.” (Filip.2:13).** Dan kan ons doen wat ons wil, want ons wil wat Hy Wil, en wat Hy Wil gebeur altyd!

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

Jesus het gesê Hy het gekom om ons vry te maak en dit is hoe Hy te werk gaan: Hy gee aan ons die wil om Sy Wil te doen: **“Want die vlees begeer teen die Gees en die Gees teen die vlees, en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.”** (Gal.5:17). Ons het ons eie wil en ons het God se Wil in ons. Dié twee is in ‘n voortdurende stryd gewikkel. Dít is nie vryheid of ‘n vrye wil nie! Dit beteken dat **“... julle nie kan doen wat julle wil nie.”** Ons kan nie eers uit ons eie wil na God toe gaan nie. **“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”** (Joh.6:44). Dit is nie ‘n vrye wil nie. Hy moet ons trek. Jy kies om sonde te doen, soos wat die meeste mense dit kies. Maar God bepaal wanneer en waar dit gebeur en ook die omvang daarvan. **“... die hart van ‘n mens dink sy weg uit, maar die HERE rig sy voetstappe.”** (Pred.16:9). God rig die voetstappe van sy instrumente van eer en oneer. Wanneer ons ‘n besluit neem om Hom te volg, is dit net deur Sy genade. **“Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly...”** (Joh.15:16). Jesus kies ons eerste en gee dan aan ons die wil om Hom te kies. Dit is net deur onverdiende genade dat Hy dit doen. Ons dra vrug omdat Hy ons Sy Wil geskenk het.

God gebruik geeste teen ons om ons te tugtig. As hulle ons van gedagte laat verander oor dit wat ons doen en dink, het ons die tugtiging nie meer nodig nie. Alhoewel die persone deur wie God die geeste laat werk het nog in ons lewe is, kan Hy hierdie vyande in vrede met ons laat saamleef. **“As die HERE behae het in die weë van ‘n man, dan laat Hy selfs sy vyande met hom vrede hou.”** (Spr.16:7). God het totale beheer oor ons vyande en verander hulle harte teenoor ons sodra ons ons sonde oorwin. Ons moet dit in gedagte hou wanneer ons weer voel óns wil self met ons vyande afreken. God het hulle daar geplaas en gebruik hulle teen ons as ons weë nie vir Hom aanvaarbaar is nie. God het hulle vir daardie doel gemaak! **“Alles het die HERE gemaak vir Sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil.”** (Spr.16:4). Is dit nodig vir my om te sê ons kan nie met God argumenteer nie? Sy hand is soewerein in al hierdie dinge. Hy kan die bose vir ‘n dag van onheil na ons toe stuur wanneer ons lewensstyl nie Sy goedkeuring wegdra nie. As ons die sonde oorwin, kan Hy ons algehele vrede gee te midde van ons vyande, ongeag of hulle goddelose mense of bose geeste is.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

As jy dalk met jou nietige insig en kennis wou redeneer dat God verkeerd was toe Hy goddelose mense geskep het, antwoord Hy jou in die brief aan die Romeine. ***“Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottbakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei*** (Grieks: “om deeglik te voltooi”) ***is...***” (Rom.9:20–24). Neem kennis dat hulle voorwerpe van oneer en toorn is en dat hulle geskape is om vernietig te word. Dit word ook in Petrus bevestig: ***“... soos redelose diere wat die natuur volg, gebore om gevang en vernietig te word, in hulle verdorwenheid te gronde gaan.”*** (2Pet.2:12). As jou gedagtes in stryd is met God s'n, moet jy jou gedagtes verander en in ooreenstemming bring met Syne. Dan het jy jou bekeer (van gedagte verander) en ontvang jy die waarheid. Ons heg duidelik meer waarde aan hierdie redelose diere as wat God doen. Vir Hom is hulle goddelose diere en is hulle gemaak om vernietig te word nadat hulle hulle doel gedien het. God se opinie is al wat tel. ***“Die goddelose is ‘n losprys vir die regverdige, en in die plek van die opregtes kom die ontroue.”*** (Spr.21:18). ‘n Losprys is iets wat betaal moet word vir iemand se vryheid. Die goddelose is die losprys wat betaal moet word om seuns te skep wat vry is van die bande van korrupsie. Moenie dat hulle verniet opgeoffer word nie!

Toe Josef se broers uit die land Kanaän in Egipte aankom en agterkom dat hy nog lewe, het hulle hom om vergifnis gesmeek vir hulle optrede. Josef het egter besef waarom hy deur soveel verdrukking moes gaan. ***“Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is om ‘n groot volk in die lewe te hou.”*** (Gen.50:20). Josef sê dat God die bose ten goede gebruik het om ‘n groot volk aan die lewe te hou. Die Israëliete uit die land Kanaän het van die honger gesterf. Toe hulle Egipte toe kom, het Josef die einste broers wat hom verraai het, kos gegee. God het hulle gebruik om Josef te kruisig sodat God hom as ‘n voorwerp van eer kon gebruik. Ons lees in Genesis die verhaal waar Abraham Gerar toe getrek het. Hy was bang dat hy doodgemaak sou word ter wille van Sara, sy mooi vrou. Hy vra haar toe om te sê dat sy sy suster is. Abimeleg, die koning van Gerar, het haar laat haal, maar God het

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

hom met die dood gedreig as hy Sara nie aan Abraham sou terug besorg nie. Abimeleg het egter geprotesteer. ***“Maar Abimeleg het nog nie naby haar gekom nie; daarom het hy gevra: HERE, sal U ook ‘n regverdige nasie ombring? Het hy my nie self gesê nie: Sy is my suster? En sy het self ook gesê: Hy is my broer. In die onskuld van my hart en in die reinheid van my hande het ek dit gedoen.”*** Abimeleg het sy eie integriteit voorop gehou. ***“Daarop antwoord God hom in die droom: Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou hart gedoen het, en Ek self het jou daarvan terug gehou om nie teen My te sondig nie. Daarom het Ek jou nie toegelaat om aan haar te raak nie.” (Gen.20:4-6).*** God erken Abimeleg se onskuld in ‘n droom aan hom maar sê dat dit deur Sý toedoen is dat hy korrek opgetree het. Ons klop onself dikwels uit onkunde op die skouer vir die goeie wat ons doen, maar besef nie dis alleen deur God se genade wat ons daartoe instaat is nie. God sit dit in ons om die regte besluite te neem. Dis vir God moontlik om integriteit in die hart van ‘n heidense koning te sit om te verhoed dat hy teen God se kinders sondig.

Ek het onlangs ‘n tweedehandse motor by ‘n ongelowige gekoop. Nadat ons oor die prys ooreengekom het, het ek God gevra of Hy nie sal help dat ek die motor teen ‘n beter prys kon bekom nie. Toe ek die volgende dag by die man kom, het hy vir my gesê dat hy besluit het om die motor teen ‘n laer prys aan my te verkoop. Die bedrag wat hy genoem het was presies die bedrag waarvoor ek vir die Here gevra het. Ons weet almal dat dit laaste ding is wat ‘n motorhandelaar sal doen. God alleen kon dit in sy hart gesit het om die motor teen ‘n laer prys te verkoop. God werk in ons en in ongelowiges om Sy Wil te doen.

In Lukas lees ons dat die Here vir Petrus sê: ***“Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.” (Luk.22:31,32).*** Waarom sou God Satan toelaat om een van Jesus se dissipels te sif, tensy dit tot sy voordeel sou wees? ‘n Mens verwag amper van Petrus om Jesus te vra: “Rabbi, waarom laat U Satan toe om my te sif? Kon U nie maar net nee gesê het nie?” Jesus het geweet dat dit God se Wil was en het daarom nie gevra dat dit nie moet gebeur nie.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God laat Satan in ons lewens toe sodat hy dit wat aan hom behoort kan vat. Wanneer jy iets sif, skei jy dit wat jy wil hê van dit wat jy nie wil hê nie. Die Here het gesê: ***“Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan (in) My niks nie.” (Joh.14:30)***. Jesus was rein, daar was niks in Hom wat aan Satan behoort het nie. Nadat Satan ons gesif het, neem God dit wat oorbly. God kon Satan aan die begin van die skepping reeds vernietig het, maar wou nie want Hy gebruik Satan om ons perfek (volwasse) te kry.

God het die Assiriërs op dieselfde manier gebruik om Israel te tugtig. ***“Maar as die HERE al Sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë.” (Jes.10:12)***. Raai wat gaan God met Satan, die demone, die goddeloses, die valse profete en die dier doen wanneer Sy werk in Sy kinders voltooi is? Dit is reg! Hy gaan hulle in die ewige vuur werp!

In Matt.25:31 lees ons hoe die regverdiges en onregverdiges met die wederkoms geskei gaan word: die skape aan Jesus se regterhand en die bokke aan Sy linkerhand. Die regverdiges is Sy regterhand en die goddelose Sy linkerhand. Sy regterhand is die instrumente van eer en Sy linkerhand die instrumente van oneer. Satan is in effek God se linkerhand wat Hy gebruik om Sy seuns te skep. Een van my geestelike vriende het 'n droom gehad. *Hy het gesien hoe 'n ry Christene voor Jesus in die hemel staan. Aan Sy linkerkant het Satan by 'n outydse kanon, wat op die Christene gemik was, gestaan. Satan het 'n aansteker in sy hand gehad en kon nie wag om die lont aan te steek nie. Jesus se linkerhand was egter voor hom en het hom verhoed om dit te doen.* Die boodskap hieruit is dat wanneer Jesus sy linkerhand beweeg, Satan ook beweeg.

Ons sien dieselfde in die verhaal van Job. God spog met Job: ***“En die Here vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie; 'n man, vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.” (Job 1:8)***, en lewer hom terselfdertyd deur suggestie aan Satan uit. Satan is die aanklaer van die mensdom en wil nie hoor hoe goed die regverdiges is nie. Inteendeel, hy

probeer altyd die teenoorgestelde bewys. **“En die Satan antwoord die Here en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante, rondom beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Maar strek net U hand uit en tas alles aan wat hy het – waarlik hy sal U in U aangesig seën. Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE.”** (Job 1:9-12). Satan erken dat hy niks aan Job kan doen nie omdat God hom van alle kante beskut. Hy is oortuig dat Job nie die toets sal deurstaan as God die beskutting sou wegneem en Sy hand (“**U hand**”) teen Job uitstrek nie. Maar waarom noem Satan die beskutting asof dit dan God se hand kan keer? Die afleiding is dat Satan God se (linker)hand is wat deur die beskutting gekeer word. Die afleiding word versterk deur God se woordgebruik: **“alles wat hy het, is in jou \*hand”** [Volgens Strongs se woordeboek dui die woord wat in die Hebreeuse teks vir **“\*hand”** (H 3027) gebruik word op mag], en weer **“net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.”** Satan is God se (linker)hand.

Satan het die geleentheid aangegryp om te kyk of Job godvresend sal bly as die Here hom nie meer beskerm en seën nie. Hy het die Sabeërs, God se vuur, die Chaldeërs en die groot wind vanaf die woestyn gebruik om verwoesting in Job se familie te saai. Job se kommentaar daarop was: **“Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymd toegeskryf nie.”** (Job 1:21,22). Die Woord sê duidelik dat Job nie gesondig het nie, al het hy alles wat met hom gebeur het aan God toegeskryf. Die Vader het met die regterhand gegee en met die linkerhand weggeneem. Sommiges sal sê dat dit die Sabeërs, die Chaldeërs en die vuur is wat alles van Job weggeneem het. Party sal dalk verder kyk en sê dat Satan dit gedoen het. Dan is daar die enkeles wat nog verder kyk en sien dat dit uit God se hand gekom het. As ons wil hê dat God se doel in ons lewens vervul moet word, moet ons Sy hand in alles sien. Job het God se soewereiniteit verstaan en daarom die toets geslaag. Die persoon wat teen die instrument wat God gebruik, vaskyk, sal met vlees en bloed worstel. Alhoewel dit nie vir Job maklik kon gewees het om

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

alles te verwerk nie, was hy in sy gees rustig en tevrede, want hy het geweet dit was God se werk.

***“En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: ‘n Man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid (God het Satan se neus daarin gevryf), alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak.” (Job 2:3).*** Dit lyk asof God omgekeerde sielkunde op Satan gebruik. Hy laat Satan glo dat dit hy was wat God oortuig het om teen Job te draai, terwyl dit in werklikheid andersom was! God het Job aan Satan uitgelewer en Satan as instrument in sy toetsaak gebruik. ***”Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe; maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan – waarlik hy sal U in u aangesig seën! En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.” (Job 2:4-6).*** God het Satan nie vrye teuels gegee nie; Hy het hom beperk. God lê vandag nog die reëls neer waarvolgens Satan moet optree: ***“Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God en sterf. Maar hy antwoord haar: Soos ‘n dwaas praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?” (Job 2:9,10).*** God laat Satan toe om Job nog meer te toets, en weer eens sondig Job nie: ***“By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.” (Job 2:10).*** God maak doodseker deur ‘n tweede getuigenis van Job daar te stel. Ons moet besef dat Job nie sondig as hy sê dat die slegte en die goeie van God af kom nie. Job het op geen stadium ‘n aanduiding gegee dat hy dit oorweeg het om Satan, die Sabeërs, Chaldeërs of die wind erkenning te gee vir dit wat met hom gebeur het nie.

God werk in ons lewens om Christus in ons te laat leef. Christus leef egter net tot die mate wat ons ons vlees afsterf; hoe meer vlees, hoe minder Gees. Jesus leer ons om saam met God te werk om hierdie doel te bereik. ***“Ek sê vir julle dat julle ‘n slegte mens nie moet weerstaan nie.” (Matt.5:39). Jak.4:7 sê egter “... weerstaan die duivel, en hy sal van julle wegvlug.”*** Hier word van bose geeste gepraat. Ons moet egter nooit betrokke raak in ‘n geveg met vlees en bloed nie, Jesus wou ook nie. ***“Hy is mishandel, alhoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word en soos ‘n skaap wat stom is voor sy***

**HOOFSTUK 4**  
**God se Soewereiniteit oor die Bose**

**skeerders – ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.” (Jes.53:7).** Ons moet teen die bese geeste in die lug veg, ons oorlog is ‘n geestesoorlog. **“Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.” (Ef.6:12).** God wil hê ons moet goddelose mense as slagoffers van Satan en die vloek sien en as ‘n losprys wat betaal word sodat ons die ewige lewe kan ontvang. **“Die goddelose is ‘n losprys vir die regverdige, en in die plek van die opregtes kom die ontroue.” (Spr.21:18).** **“En Jesus sê: Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” (Luk.23:34).** God wil hê dat ons die bese moet raaksien as instrumente in Sy hand, dat ons verby hulle moet kyk en Hom raaksien. Jesus het, en daarom kon Hy onder baie moeilike omstandighede rustig wees. Hy het geweet dat God soewerein is en dat alle mag van Hom af kom. **“En Pilatus sê vir Hom: Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek die mag het om U te kruisig en die mag het om U los te laat nie? Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit U nie van bo gegee was nie ...” (Joh.19:10,11).**

Eli het sy seuns bestraf omdat hulle afvallig was. **“Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; julle maak dat die volk van die Here oortree... Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring.” (1Sam.2:24,25).** God het altyd die laaste sê. Baie mense gaan nooit tot inkeer kom nie, want God wil Sy regverdige oordeel oor hulle sonde voltrek. Julle kon net so wel ook geoordeel word, maar **“...uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie, dit is ‘n gawe van God.” (Ef.2:8).** God alleen gee aan ons die gawe van geloof om te kan glo en om ons sondes te bely. Ware begrip van redding deur onverdiende genade veroorsaak dat ons God vrees. Sommige waardeer nie die waarde van God se geskenk aan ons nie en daarom word dit van hulle weggeneem en aan diegene wat dit wel waardeer, gegee. Die Jode het hierdie geskenk van God verloor. God het dit aan die nie-Jode gegee. **“Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.” (Openb.3:11).** Diegene wat hulself regverdig, speel met vuur. **“Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?” (1Kor.4:7).** As ons enigiets meer het as wat ons buurman het, is dit ‘n gawe van God, nie ‘n rede om trots oor te wees nie.

## HOOFSTUK 5

### God se Soewereiniteit oor Tyd en Verkiesing

***“Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit My mond het dit uitgegaan, en Ek het dit laat hoor; skielik het Ek dit volbring, en dit het gekom.” (Jes.48:3).***

Voorspel beteken “om die toekoms vóór die tyd te vertel”. Die wêreld se voorspellings word selde waar. Dit wil lyk asof daar ‘n wanbegrip is van wat “voorspel” beteken. Nie alleenlik voorspel God se Woord die toekoms nie, maar Hy volbring dit ook. ***“Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld (Grieks: “tye”) deur die woord van God toeberei is.” (Heb.11:3).*** Die woord “toeberei” in hierdie vers beteken “om volkome te maak”. Eenvoudig gestel beteken dit dat die geskiedenis van alle tye reeds volbring was nog vóórdat dit begin het. ***“Omdat Ek geweet het dat jy halstarrig is, en jou nek ‘n ystersening is, en jou voorhoof koper, daarom het Ek jou dit lank tevore verkondig: voordat dit gekom het, het Ek jou dit laat hoor, dat jy nie sou sê: My afgod het dit gedoen, of my gesnede beeld of my gegote beeld het dit beveel nie.” (Jes.48:4,5).*** Ons het ‘n “jaloerse God” (Ex.20:5). Hy sal nie Sy glorie met die afgod van die “eie ek” of ‘n mensgemaakte afgod deel nie. (Jes.42:8). God ontvang glorie deur die verkondiging van Sy daade honderde of duisende jare voor dit gebeur. Niemand anders kan dit doen nie. ***Heb.4:3*** sê vir ons dat ***“Sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is”***, en daarom kan niemand sê: “Mý krag, mý mag of mý god het dit gedoen nie.”

God wil hê dat ons moet weet Hy is soewerein. Ons God het gedoen wat geen ander god kan doen nie; Hy voorspel die toekoms akkuraat lank voordat dit gebeur. Dit is moeilik om die Christelike lewe te lei as ons nie besef God is soewerein nie. Sonder hierdie kennis is dit onmoontlik om die vrede, die rus en die vrees van God wat ons moet hê, te ervaar te midde van beproewinge. Dan sal ons altyd met mense en omstandighede worstel en staat maak op ons eie krag en vermoëns, in plaas daarvan om God se Hand in alles te sien en op Sy krag te vertrou. ***“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die***

**HOOFSTUK 5**  
**God se Soewereiniteit oor**  
**Tyd en Verkiesing**

**kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.” (Hos.4:6). “Dink hieraan en wees beslis; neem dit ter harte, o afvalliges! Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen.” (Jes.46:8-10). God volvoer Sy Wil sodat net Sy besluite volbring sal word. Die bewys dat God die enigste God is, is dat Hy die einde reeds in die begin verklaar. Die die voorspellers, spiritualiste, sieners en sterrekundiges van Satan maak ook voorspellings, maar kan dit net tot ‘n beperkte mate doen aangesien hulle god nie soewerein is nie. Die kans vir hulle voorspellings om waar te word is effens beter as ewekansige akkuraatheid aangesien die duiwel die profetiese Woord beter ken as ons. Hy voorspel wat hy van plan is om te doen, maar God is soewerein en laat dit dikwels anders uitwerk.**

**“...soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen.” (Jes.46:11). God voer Sy eie Wil uit. Hy het die reg daartoe. Sy “Self” is nie korrup nie, maar ons “self” is. Hy bring tot stand wat Hy begeer, want dit is reg. In die Bybel praat God van Kores, die heidense koning van die Mede-Persiese Ryk. God gebruik Kores om Babilon te vernietig om sodoende Sy mense te verlos van gevangenis. Op daardie stadium het Kores geen idee gehad dat dit God was wat die begeerte in hom geplaas het om te doen presies wat Hy wou hê nie. **“Ek is die HERE wat alles volbring, ...wat van Kores sê: Hy is my herder en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word en die tempel moet gegrond word.” (Jes.44:24,28).** Hoe kon God so seker wees dat ‘n man, wat sy hele lewe lank ‘n heiden was, alles sal doen wat God behaag? Niemand of niks kan God se goeie doel vir Sy kinders verhoed nie; God is soewerein in Sy heerskappy oor die toekoms van die groot regering van die wêreld, sodat Hy die verlossing van Sy kinders kan beplan en Sy kinders daarop kan voorberei.**

**“So sê die HERE aan Sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie.”**



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

***Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep: die God van Israel; ter wille van Jakob, My kneg, en Israel, My uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee; hoewel jy My nie geken het nie.***” (Jes.45:1-4).

Die Eufraatrivier het deur Babilon gevloei. Een van die hekke (poorte) waarvan hier gepraat word, het die rivier gekruis om die vyand buite te hou. Kores het met God se hulp die reuse daad verrig om die vloei van die Eufraat te verander sodat sy soldate die stad kon binnedring. Daarna ontdek hulle dat die hekke op elke oewerbank wat na die stad lei deur God vir hulle oopgemaak is (Jes.45:1,2). Vir die mense was dit totaal onverklaarbaar, siende dat die Babiloniërs in 'n staat van oorlog was. Nadat Kores Babilon ingeneem het, het die hoë priester hom hierdie en ander profesieë gewys wat reeds honderde jare voor sy geboorte gemaak is. Die Jode sê dat Kores geweldig beïndruk was om sy naam en sy daede in die profesieë geskryf te sien. Kores het 'n gelowige in die God van Israel geword. God verklaar baie duidelik dat Hy daardie hekke sou oopsluit vir Kores sodat Kores Sy wil kon doen. Nadat hy hierdie openbaring gehoor het, het hy geweet dat God dit beplan het, hom die krag daarvoor gegee het en sy pad vir hom gelyk gemaak het.

Christelike leiers maak asof God 'n gewone profeet is deur te verklaar dat Hy in die toekoms sien en dit dan openbaar. Elke skadubeeld in die Ou Testament word in die Nuwe Testament vervul. Dit kan net gebeur as God op die troon sit en Een Plan, Een Meesterbrein oor tyd en toekoms regeer. Een fout sou alles verander. Volgens die wet van geometriese vooruitgang kan een verandering aan die begin 'n geweldige verskil maak aan die einde. Toeval, of wanneer daar meer as een in beheer is, kan onmoontlik nie alles volbring soos wat ons dit ervaar nie. Die Armeense denkers leer ons dat God voorbeskik en voorspel deur in die toekoms te sien en dan vir ons vertel hoe die dobbelsteen geval het. “Voorbeskik” beteken egter om die toekoms vas te stel of te beslis voordat dit gebeur. “Voorbestem” wat dieselfde betekenis het as “voorbeskik” in die Griekse taal, beteken “om 'n gebeurtenis vóór te bestem voordat dit gebeur”. **“...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en**

**sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil.**” (Ef.1:4,5). Julle wat vrug dra is seuns, julle is uitverkies en word deur God getrek.

**“Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer** (voorbeeld; uitverkies; vooraf bepaal) **om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.**” (Rom.8:29). God het vooruit besluit wie na die beeld van Jesus gevorm gaan word en dit verorden. Dit sluit die afvalliges uit. “Vooruit ken” beteken hier nié dat God in die toekoms gesien het wat sou gebeur nie. Dit beteken dat God “vooraf besluit het”. Dit hou nie verband met enige gebeurtenisse of dade nie, maar met persone. God is ewig, nie tydsgebonde soos ons nie, Hy het die uitverkorenes geken voor die grondlegging van die wêreld; God weet wat Hy gaan skep nog voordat Hy die bestaan daarvan uitspreek. Dis soos wat ons ook iets eers uitdink en dan ontwerp voordat ons dit vervaardig. “Weet” in hierdie geval, praat van diepgaande kennis, bv. Adam het Eva geken. Jesus sê van diegene wat Hom Meester noem, maar nie die Wil van die Vader doen nie: **“En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie** (van die grondlegging van die wêreld). **Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”** (Matt.7:23). Aan die dwase maagde sonder die olie van die Heilige Gees, het Jesus gesê: **“Ek ken julle nie.”** (Matt.25:12). Diegene wat God intiem ken, het Hy **“verordineer”** nog voor die skepping om in ooreenstemming te wees met die Beeld van Jesus. God het ons geskep deur Sy gawe van geloof en die Woord in ons. Sy kinders bewandel die smal weg waarop daar min mense is. Dit is genade.

**“...en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.”** (Rom.8:30). Dit sê dat almal wat uitverkies is, geroep, geregverdig en verheerlik sal word. Hulle sal nie afvallig word nie, maar sal die vrugte van Christus dra. Is daar ander wat geroep is, maar nie uitverkies is nie? **“...wat ons gered en geroep het met ‘n heilige roeping; nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is.”** (2Tim.1:9). Let daarop dat alleenlik die wat gered is, geroep is. “Geroep” is afgelei van die Griekse woord “kaleo”

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

wat “uitgenooi” beteken. Geroep is die uitnodiging wat aan God se kinders gegee word (meer bewyse: Heb.3:1; Hos.11:1; 1Tim.6:11,12; Matt.25:14; Rom.1:6,7) om deel te hê aan Sy hemelse voorregte in Christus om sodoende vrug te kan dra. Aan die einde sal bewys word dat dié wat vrug gedra het, hetsy 30-, 60- of 100-voudig, die uitverkorenes was. Wanneer die oes bymekaar gemaak word, en jy dra nie vrugte nie, of jy het vrot vrugte of vrugte wat nog nie ryp is nie, gaan jy nie deel uitmaak van die oes nie. Die wat geroep is, is die wingerd van God (Jes.5:7). Die wat uitverkies is, is die klein persentasie van die wingerd wat vrug dra (Jes.5:10): **“Want baie is geroep, maar min uitverkies.” (Matt.22:14).** (Grieks: *eklektos*, “uitverkies”)

Die wat gered en geroep is, kan afvallig raak, maar die uitverkorenes sal nie. **“Toe Israel ‘n kind was, het Ek hom liefgehad’ en uit Egipte het Ek my seun geroep. Hoe meer die profete hulle geroep het, des te meer het hulle van hulle af weggeloop;...” (Hos.11:1,2).** God het dié wat die lam geëet het en in die Rooi See gedoop is, gered. Daarna het Hy hulle in die woestyn ingelei en getoets om te sien wie se geloof stand sou hou te midde van beproewinge. Slegs hulle wat die toets geslaag het, was toegelaat om die Beloofde Land binne te gaan. **“Judas, ‘n dienskneg van Jesus Christus en broer van Jakobus, aan die wat geroep, in God die Vader geheilig en vir Jesus Christus bewaar is: Maar ek wil julle daaraan herinner, al weet julle dit nou eenmaal, dat die Here, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het.” (Jud.1:1,5).** Vriende, God soek nie dié wat losweg “Christene” genoem word nie; Hy soek ware gelowiges en volgelingen of dissipels soos hulle genoem is.

Jesus gee vir ons ‘n paar baie duidelike voorbeelde in die Bybel van diensknegte wat Hy geroep het, maar wie nie die uitnodiging aanvaar het om deel te hê en vrug te dra nie. Jesus vertel vir ons ‘n gelykenis waarin die koning ‘n huweliksfees gereedmaak vir Sy seun. **“...en sy diensknegte uitgestuur het om die genooides na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie.” (Matt.22:3).** Hulle was vol verskonings: ‘n boerdery, ‘n besigheid, ensomeer. **“Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruilof is wel gereed, maar die genooides was dit nie werd nie.” (Matt.22:8).** Daar was een wat hom verwerdig het om te kom, maar hy het nie ‘n bruilofskleed aangehad nie. Die bruilofskleed verwys hier in die geestelike sin daarna “om met

**HOOFSTUK 5**  
**God se Soewereiniteit oor**  
**Tyd en Verkieping**

Christus beklee te wees” (Rom.13:14) of om met “regverdigheid beklee te wees” (Openb.19:8). **“Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal ‘n geweene wees en gekners van die tande. Want baie is geroep, maar min uitverkies.” (Matt.22:13,14).** Net enkeles van hulle wat geroep is, word uiteindelik uitverkies: om deel van die uitverkorenes te wees moet jy vrug dra.

**“Want dit is soos ‘n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.” (Matt.25:14,15).** Dit is duidelik dat die man wat op reis gegaan het, die Vader is en die diensknegte is Sy kinders. Net twee van sy diensknegte in die gelykenis het vrug voortgebring uit dít wat aan hulle toevertrou is (Matt.25:20-22) terwyl een syne in die grond gaan begrawe het. Dit beteken hy het sy talent vir wêreldse materiële dinge aangewend (Matt.25:24,25). Wanneer ons Vader terugkom, sal Hy sê: **“En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geweene wees en gekners van die tande.” (Matt.25:30).**

Die Apostel Paulus sê van homself in Gal.1:6 dat hy geroep was. Hy sê egter ook: **“Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.” (1Kor.9:27).** Daar is nog vele meer bewyse dat diegene wat gered is en diegene wat geroep is, tot ‘n val kan kom (2Pet.1:9-11; 1Tim.6:11,12; Heb.3:1,6,12,14; Rom.11:1-7,19-23).

Vriend, jy weet miskien dat jy geroep is, maar die vraag is: “is jy uitverkies?” Om uitverkies te wees moet jy toegewyd in die geloof wandel om dit te bewys. **“Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen (die eienskappe van Christus in verse 5-7 in jou lewe sigbaar maak), sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.” (2Pet.1:10,11).** God het alreeds by die kruis vir ons alles gegee wat ons nodig het om vrug te dra deur die geloof. **“Immers Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien; deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlijkheid en deug.” (2Pet.1:3).** Ons dra vrug as ons geloof het in

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God se beloftes wanneer ons beproewinge beleef. “...waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.” (2Pet.1:4). Die wat geroep is, het die krag en die geleentheid. Die wat geroep, en uitverkies is, gebruik die krag deur geloof én maak gebruik van die geleentheid. Die wat uiteindelik saam met Jesus sal wees word in die volgende vers geïdentifiseer: “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe, uitverkore en getrou.” (Openb.17:14). Let daarop dat die wat geroep en uitverkies is, getrou sal wees. Ek het ie n hierdie verse uitgedink of opgemaak nie: dit is die Woord van God. Hulle wat oë en ore het, sal sien en verstaan, maar die res sal hul eie godsdienste regverdig en die Woord ignoreer. Voordat tyd en toekoms bestaan het, het God in Sy soewereiniteit die einde reeds vanaf die begin van die skepping gespreek, en al hierdie dinge tot stand gebring in tyd.

Mense kan argumenteer: “Hoe kan God ‘n belofte maak aan die wat Hy roep, en dit nie nakom as hulle nie vrug dra nie?” Geen belofte wat God in die Bybel aan ons gemaak het, het enige waarde indien ons nie in geloof daarvoor wandel nie. En geloof bring die vrug. ‘n Verbond is altyd tussen twee partye. Die deel van die verbond wat ons moet nakom, is om geloof te hê; God se deel is heerskappy, mag en redding. Ons kan die verbond verbreek deur ons ongeloof. “Daarop het die HERE aan Moses gesê: Hoe lank sal hierdie volk My verag? En hoe lank sal hulle in My nie glo nie, ondanks al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei; en Ek sal jou ‘n groter en sterker nasie maak as hulle.” (Num.14:11,12). Let daarop dat God aan Sy eie kinders wat nie in Hom glo nie, sê Hy gaan hulle ontarf.

Vir dié wat nie glo dat God beloftes kan maak en dit dan weer terugneem nie, lees die volgende verse en kyk wat gebeur as iemand nie in die geloof wandel nie: “...hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met ‘n eed belof het nie, ja, almal wat My verag het, sal dit nie sien nie. Waarlik, julle sal nie in die land kom waaroor Ek My hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefoné, en Josua, die seun van Nun. ...en my teëstand gewaar word.”

**HOOFSTUK 5**  
**God se Soewereiniteit oor**  
**Tyd en Verkiesing**

” (Num.14:23,30,34). (Die Hebreeuse betekenis van “my teëstand” is “herroeping van my belofte”). As ons nie God se beloftes glo nie, het dit geen waarde nie. **“Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle (God se mense); maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.” (Heb.4:2).** Die Israeliete wat in sonde gewandel het, is ontfer en hul name uit die boek van die lewe gewis. **“Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek.” (Ex.32:33).**

Dit geld ook vir Christene wat sonde nie oorwin nie. Let op wat Jesus vir die Kerk sê: **“Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie...” (Openb.3:5).** Hulle wat sonde nie oorwin nie sal uit die liggaam van Christus gewerp word. **“Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.” (Openb.3:16).** God se volk Israel is “afgebreek” van die olyfboom weens ongelooft. Christene wat inge-ent is, maar nie in geloof wandel nie, sal ook afgebreek word. **“Goed! Deur ongelooft is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God; gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.” (Rom.11:20-23).** Die wat nog inge-ent is aan die einde van die tye, sal deel wees van die wat ‘die hele Israel’ genoem word **“...en so sal die hele Israel gered word.” (Rom.11:26).** Hulle wie se name nog steeds in die boek van die lewe verskyn, en nog steeds inge-ent is, hulle is die uitverkorenes (Grieks: “uitgekies”). **“God het Sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ’n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.” (Rom.11:2,5).** ’n Oorblyfsel is hulle wat oorgebly het. Neem kennis: hulle is vooruitgeken en gekies. Ons Soewereine God sal sorg dat die wat waarlik syne is, syne word.

Slegs wanneer ons in Christus is, is ons gered. Daar is mense wat beweer dat ons die ewige lewe het en dat God dit nie kan terugneem nie. Dis egter nie wat die Woord sê nie: **“Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad.” Hy sê nie: “En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**Christus.” (Gal.3:16).** Die beloftes was dus aan Christus gegee, nie aan ons as individue nie. Die enigste manier om deel te hê aan die beloftes is om in Christus te wees. Om in Christus te wees beteken om vrug te dra (Joh.15:1-6), om te wandel soos Hy gewandel het (1Joh.2:3-6), om te glo en te onderhou dit wat deur Christus en die Apostels geleer is (1Joh.2:24; Jud.1:3; Matt.28:20), om nie by te voeg of weg te laat van wat in die Woord geskrywe is nie (Openb.22:18,19) om nie in sonde te lewe nie (1Joh.3:5,6), en om Sy geboorte te bewaar (1Joh.3:24). In Christus is die enigste plek waar ons die gawe van die ewige lewe kan ontvang. In **1Joh.5:11** lees ons: **“En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in sy Seun.”** God het nie nodig om Sy geskenk terug te vat nie, Sy mense loop self daarvan weg. **“Enige sonde wat ‘n mens doen, is buite die liggaam...”** (1Kor.6:18). Wanneer jy opsetlik sonde doen, is jy dus nie in nie, maar buite Christus se liggaam. **“En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie.”** (1Joh.3:5,6). Iemand wat byvoorbeeld geestelik of fisies losbandig leef is “buite die liggaam” van Christus en is geestelik of fisies, deel van ‘n hoer (1Kor.6:15,18). Alleenlik Christus en hulle wat in Hom is, is uitverkies.

**“...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld ...”** (Ef.1:4). Alleenlik Christus en hulle wat in Hom is, gaan hemel toe. **“En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, ...”** (Joh.3:13). Die manna uit die hemel, die Woord Jesus Christus, wat woon in dié wat Hom liefhet, is die vrug wat God kom haal met die wederkoms.

Sommige dink seker teen hierdie tyd dat hulle nie die ewige lewe gaan beêrf nie. Ons moet eerstens deur geloof in Christus wees en die Evangelie glo wat sê: **“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”** (Gal.2:20). Die wat in geloof lewe dat hulle klaar dood is vir sonde en dat Christus nou in hulle lewe, word as regverdig gereken totdat God daardie geloof gebruik om regverdigheid in hulle te manifesteer of te openbaar. Net so het God Abraham se geloof gebruik. **“Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot regverdigheid gereken.”** (Gal.3:6). Ons sal hierdie

**HOOFSTUK 5**  
**God se Soewereiniteit oor**  
**Tyd en Verkieping**

goeie nuus en die vrug daarvan later in van die volgende hoofstukke meer volledig behandel.

God bestaan nie in tyd nie, maar in ewigheid. Hy sien die begin en die einde op dieselfde tydstip, daarom kan Hy ons gebede beantwoord nog voordat ons bid. Ons hoef nie bekommerd te wees dat ons te laat gebid het nie, want Hy het ons reeds geantwoord lank voordat ons daarvoor gevra het: **“En voordat hulle roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.” (Jes.65:24).**

‘n Vriend van my was verbonde aan ‘n plaaslike tegniese skool. Hy het aangebied dat een van die studente my stukkende wasmasjien herstel; ek moes net vir die onderdele betaal. Ek het die aanbod in geloof aanvaar en ‘n paar dae later het hy my laat weet dat die herstelkoste \$90 was. Ek het op daardie stadium net \$40 gehad. In ‘n oomblik van inspirasie het ek my vinger na die posbus uitgesteek en gesê: “daar sal vandag \$50 in die posbus wees”. Daar was daardie dag ‘n brief van iemand wat in Maryland gewoon het. (Ek het dit werklik nie vooraf geweet nie). Die brief het geles: “Dit is middernag en ek kan nie slaap voordat ek nie eers God se opdrag uitgevoer het om hierdie tjek vir \$50 uit te skryf nie”. Toe ek na die datum op die brief kyk, het ek gesien dat dit vir ‘n hele maand in die pos verlore geraak het! God het dit so beskik dat ons dit op die regte tydstip moes kry. My vriend het die brief al ‘n maand voordat ek die geloofsbevel gegee het, geskryf. God het my eintlik gebruik as ‘n instrument om Sy plan te volbring.

Ek het God ook al gevra om iets te doen waarvoor Hy die tyd sou moes verander om dit te kon volbring. Jare gelede het ‘n baie jong meisie ‘n fout begaan en swanger geraak. Terwyl ek vir haar gebid het, het ‘n gedagte by my opgeklim wat ek daar en dan uitgespreek het. Ek het God gevra om die meisie se swangerskap weg te neem. Ek glo dat daardie woorde nie uit myself gekom het nie, maar deur die Heilige Gees geïnspireerd was. Die manier waarop die gebed in my gedagtes gebore is, was vir my ‘n bevestiging van God dat dit Sy wil was. Toetse het later bevestig dat sy nie swanger was nie. Ek weet nie wat God met die ongebore baba gedoen het nie, maar is seker dat daardie baba



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

baie beter daaraan toe is by God. Dit is nooit vir God onmoontlik om ons te help nie, behalwe wanneer ons nie geloof het nie.

Hoe kan God van gedagte verander wanneer Hy reeds aan die begin die einde ken en spreek? Dit maak mos van God 'n leuenaar? "... **wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen.**" (Jes.46:10). Hoekom verander Hy dan van gedagte indien Hy alles van die begin af weet? God sal nooit dit wat in Sy Woord geskrywe staan, verander nie: "**Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.**" (Ps.119:89). Sy Woord is soos 'n rots, onbeweeglik en onveranderlik. God kan egter dit wat Hy aan jou deur profete, drome, visioene of Sy Heilige Gees as 'n persoonlike waarskuwing rig, verander of vertraag, maar wanneer dit gebeur, sal dit uiteindelik vervul word soos wat die Bybel sê dit sal.

God gee ons 'n voorbeeld hiervan in die boek Jona: "**Jona...het gespreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes.**" (Jona 3:4). God het aan Jona gesê: "**Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé, en verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê.**" (Jona 3:2). Jona het dit gedoen. Die mense van Ninevé, wat die hoofstad van Assirië was, het berou oor hulle sondes gehad en is gespaar. Dit het Jona egter nie 'n vals profeet gemaak nie. Jona was baie kwaad daaroor want Assirië was Israel se aartsvyand en die profete het voorspel dat hulle die rebelse Israel sou verslaan. Hy wou dit graag voorkom: "**Maar Jona was hieroor erg ontstemd, en hy het kwaad geword. Toe bid hy tot die HERE en sê: Ag HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.**" (Jona 4:1,2).

God het Nineve gespaar (±752 B.C.) sodat Assirië die noordelike tien stamme van Israel (±720 B.C.) en Juda (±612 B.C.) kon verower. Nineve het self uiteindelik geval (±612 B.C.). Voordat Hy die mense van Nineve nog gewaarsku het, het God geweet dat Hy hulle sou spaar om hulle te gebruik om Israel te straf. Nineve sou kon dink dat hulle God Sy planne laat verander het omdat hulle berou gehad het. God se perspektief is weer dat Hy

**HOOFSTUK 5**  
**God se Soewereiniteit oor**  
**Tyd en Verkiesing**

Nineve van gedagte laat verander het, sodat Hy Sy plan kon volvoer. Die Hebreeuse woord vir **“berou”** (Jona 4:2) is **“nacham”** wat beteken “om te sug” of “om jammer te wees”. Dit beteken nie berou oor sonde of om van gedagte te verander nie; dit beteken net bloot “verdriet”. As ons Vader moet God baie dinge doen waarvoor Hy sug en jammer voel. Wanneer die Skrif praat van God wat berou het, is dit uit daardie perspektief, nie dat Hy van gedagte verander en dan nie Sy dreigemente uitvoer nie. As ‘n ouer het ek dit al baie kere gedoen. Die verskil tussen God en ons, in hierdie geval, is dat God beplan en die uitstel voorsien en dat die berou (*nacham*) reeds van die begin af daar is. **“God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?” (Num.23:19). “En ook lieg die Roem van Israel nie, en Hy ken geen berou nie; want Hy is geen mens, dat Hy berou sou hê nie.” (1Sam.15:29).**

Nog ‘n voorbeeld dat God soewerein is in tyd en toekoms en dat Hy verdragings of “berou” vooraf beplan, is die unieke orreenkomste tussen Israel en Amerika. Elkeen was met die Evangelie toevertrou op ‘n spesifieke tydstop. Vanaf 887 B.C. was Israel elke sewentien jaar betrokke in ‘n oorlog vir ‘n periode van vyftien siklusse tot en met 631 B.C. Amerika was ook betrokke in oorloë elke sewentien jaar vir ‘n periode van vyftien siklusse vanaf die totstandkoming van die dertien oorspronklike state, tot en met Grenada in 1983 – 1984. Albei die nasies het vrede ervaar in die sesde en tiende siklusse. Die enigste uitsondering met hierdie vergelyking is, is dat Israel blykbaar in die vierde siklus ‘n verwoestende hongersnood gehad het in plaas van ‘n oorlog, en dan is daar ook geen rekord van ‘n oorlog in die dertiende siklus nie. Die siklusse kan meer akkuraat wees as wat ons weet, maar geen regdenkende mens kan glo dat dit net toeval is nie. Die herhaling van die geskiedenis is duidelik ‘n bewys dat daar net Een Meesterbrein in beheer van die verlede en die toekoms is.

## HOOFSTUK 6

### God se Soewereiniteit oor die Val en Verlossing

*“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” (Joh.6:44)*

Ouers voel soms skuldig wanneer dit lyk asof hulle kinders, ten spyte daarvan dat hulle hul bes gedoen het, op die verkeerde pad is. Hierdie hoofstuk is nie bedoel as kritiek teen dié wat van jongs af die Here getrou gedien het nie. Dit is eerder om te dien as bemoediging vir dié wat voel asof die Here hulle en/of hulle kinders nie raak sien nie.

Moenie kleingelowig wees indien jou kinders afvallig is nie. Bly in geloof wandel, nié in dit wat jy sien nie. Glo in jou gebede en verwag wonderwerke, maar wees bowenal geduldig. Oordink die volgende stelling mooi: God het 'n plan vir elkeen van ons kinders, en die plan begin lank voor hulle nog gered is. As jy in God se soewereiniteit glo, sal dit jou bevry van bekommernis, twis, veroordeling en eie-strewe. Laat God toe om self Sy wil in hulle lewens te volbring. Hulle sal gered word ná hulle verwagtinge van die wêreld hulle teleurgestel het en hulle hul kwota van beproewing gehad het. Hulle moet maar, net soos ek en jy, eers 'n pad stap! Kinders wat grootgemaak word in Christen-huise sien hulself dikwels as geregverdig. Hulle dink hulle verdien wat hulle het en verstaan nie dat alles uit genade is nie. Hulle moet eers onder die bewustheid van hulle sondige natuur kom, voordat hulle vrugbare grond kan wees waarin die Saad (die Woord) kan ontkiem en vrug dra. God red net sondaars; soos wat ons ook was! Voordat jy nie besef hoé 'n groot sondaar jy is nie, het jy nie waardering vir jou verlossing nie. Jy besef nie hoe groot dit is nie, en ook nie dat dit nie uit verdienste is nie. Dit is uit genade, onverdiende guns. My oudste dogter was 'n goeie voorbeeld hiervan. Sy was skaars drie jaar oud, toe het sy ons al in die verleentheid gestel. Sy het ons ongeredde vriende en familie sommer maklik voorgesê: “God hou

**HOOFSTUK 6**  
**God se Soewereiniteit oor die**  
**Val en Verlossing**

nie daarvan as jy dit of dat doen nie". Sy het dit wat ons haar geleer het, baie gou op ander toegepas: 'n regte klein Fariseër.

In Lukas 15:11-32 lees ons die verhaal van die verlore seun. Ons Hemelse Vader het baie verlore seuns. Dit beteken nie dat Hy 'n slegte Vader is nie. In die verhaal bly die "goeie" seun by die huis. Hy was selfregverdigend, veroordelend, en het nie genade betoon nie. Die jongste seun, daarteenoor, het sy erfporsie vermors, maar besef hoe sleg hy is. Hy het na sy vader teruggekeer, en in nederigheid erken dat hy verkeerd was: **"Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie."** (Luk.15:21). Die voorheen opstandige seun het goed geweet dat hy nie genade of barmhartigheid verdien het nie en was 'n baie beter mens as gevolg daarvan. Profeties gesien verteenwoordig die eersgebore seun die regverdige uit Israel; hulle het God se genade nie verstaan nie. Die jonger seun is simbolies van die Kerk wat oor tweeduidend jaar in die donker eeue verlore geraak het. Dit is die Kerk wat nou terugkeer en God se genade verstaan. Die Vader sê vir hulle: **"Bring die beste kleed (die kleed van geregtigheid) (Jes.61:10) en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand (die simbool van outoriteit en van die Bruid) en skoene vir sy voete"** (die simbool van beweging wêg van die wêreld af) (Luk.15:22). Die verlore seun sal méér hê van alles as wat die eersgeborene seun gehad het.

Die wat sondaars was, weet dat hulle niks is sonder God nie. Daarteenoor besef dié wat van jongs af as Sy kinders grootgemaak word, dit dikwels nié: **"MAAR wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd. En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan. Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God. Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie."** (Matt.21:28-32). Dit gebeur maar te dikwels dat God se kinders instem om in die wingerd te werk, maar dit nie doen nie. Dan is daar dié wat openlik teenstribbel,

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

maar besef dat hulle verkeerd is en dan wel gehoorsaam. Die ongehoorsame kinders kom tot 'n sondebefesef en verander van gedagte, maar dié wat gehoorsaamheid veins, kom nooit tot die punt van inkeer nie. Baie Christene wat 'n loopbaan volg in die werk van die Here, raak verveeld daarmee. Hulle aandag word maklik afgelei deur wêreldse dinge. Die tollenaars en hoere is egter so dankbaar om 'n plekkie in die koninkryk te kan kry, dat hulle met hulle hele hart inklim en eerder dien as om gedien te word. Hulle besef hulle eie onwaardigheid en dat hulle net deur genade gered is.

Die laaste dae van die Jode (Ou Testamentiese Israel) dien as 'n skadubeeld vir ons van hoe dit in die laaste dae van die ongelowiges gaan wees. Soos die Jode selfregverdigend was toe Jesus op die aarde was, so leef ons ook in 'n tyd wat gekenmerk word deur "Christene" wat baie selfregverdigend optree. Hulle aard beslis nie na Christus, die voorbeeld wat God vir ons gegee het nie. God begeer kinders na die gelykenis van Jesus Christus. 'n Woord van waarskuwing aan diegene wat in die Kerk groot word: onderwerp jou aan die Woord, nie aan godsdiens nie, anders kan iemand anders jou kroon vat (Openb.3:11). Die gelykenis in Lukas 18 wys ons daarop: **"EN Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel. Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie -- rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig (Grieks: "geregverdig gereken") na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word."** (Luk.18:9-14). Die selfregverdigende persoon wat al die godsdienstige tradisies nagekom het, was nie regverdig in God se oë nie. Die arme sondaar, wat sy onvermoë tot geregtigheid erken en bely het, is deur Hom aanvaar.

**HOOFSTUK 6**  
**God se Soewereiniteit oor die**  
**Val en Verlossing**

Jesus het aan die Fariseërs gesê dat Hy nie gekom het om regverdiges nie, maar sondaars te roep. Die wat weet dat hulle sondaars was, wil Hy Syne maak. Lees die volgende vers mooi: **“Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.” (Rom.11:32).** God se plan is onfeilbaar. Mense kan nie uit hulself (deur hulle eie werke) vry kom van sonde nie; hulle natuur is so korrup, hulle gaan altyd sondig en dus vergifnis nodig hê. Dit maak dat die mens afhanklik is van Hom vir vergifnis en dan kan Hy barmhartig wees, en dié wat dit besef sal Sy seuns word. Mense met ‘n sondebeseftigheid waardeur genade en barmhartigheid en wil God nie graag aanstoot gee nie. God het hulle deel gemaak van die gevalle skepping, sodat Hy hulle na ‘n hoër skepsel kan verander sodra hulle hulle afhanklikheid besef. **“Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe (die sondeval en korrupsie) - nie gewillig nie, maar ter wille van Hom (God) wat dit onderwerp het – in die hoop (Grieks: “vaste verwagting”) dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.” (Rom.8:20).** God kan Sy kinders net skep uit mense in hierdie gevalle staat. God wil ons nederig hê en daarom wys die Skrifte aan ons ons eie onbetroubaarheid en onwaardigheid uit. Dit skep die grondslag vir die oortuiging dat dit vir ons nodig is om te verander. **“Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.” (Gal.3:22).** God het ons gekies om in Christus gered te word, nog voor Adam gesondig het. **“...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,” (Ef.1:4).** Hy het geweet dat ons iemand gaan nodig hê om ons te red nog voordat Hy die wêreld gemaak en Adam gesondig het. Hy het geweet dat die sondeval gaan plaasvind en ten spyte daarvan steeds voortgegaan om te skep. Daarom weet ons dat die sondeval deel was van Sy plan. Kinders wat grootword met Christus, neem hulle kindskap as vanselfsprekend aan en is dikwels selfregverdigend. Aangesien hulle nie verstaan wat genade is nie, mag God dit dalk nodig ag om Sy genade vir ‘n ruk van hulle te onttrek. Moenie bang wees as dit gebeur nie; bly glo in dit wat jy nog nie sien nie en staan vas in jou geloof vir hul redding.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Petrus was soos n kind wat Jesus tot volwassenheid moes bring. Hy, Petrus, het vol selfvertroue verklaar dat hy nooit aanstoot sou neem aan, of Jesus sou verloën nie. Hy was oortuig daarvan dat hy Jesus tot die dood toe sou volg (Matt.26:33-35). God haat selfvertroue; Hy wil hê ons moet vol Godsvertroue wees. Hoe hanteer God mense wat op hulle eie-ek staatmaak? **“Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.”** (1Kor.10:12). Mislukking is die beste behandeling vir selfvertroue. **“En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif** [NNT: **“Satan demanded to have you, to sift you as :grain:”**]. **Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk. En hy het vir Hom gesê: Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan. Maar Hy antwoord: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie.” (Luk.22:31-34). Jesus profeteer dat die trotse Petrus gaan val. Alhoewel Jesus outoriteit oor Satan het, keer Hy hom nie om Petrus te “sif” nie. God laat toe dat Satan mense sif sodat Satan dit kan kry wat syne is. In hierdie geval was dit Petrus se trots, selfregverdiging en selfvertroue wat uitgesif moes word. God wil dit hê wat oorbly na die siftingsproses en in hierdie geval was dit ‘n nederige Petrus. Toe die gesifte Petrus **“bekeerd is”**, kon hy sy **“broeders versterk”**. Vóór hierdie val was Petrus ‘n tipiese Fariseër.**

**“En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon** (nie die dissipel Simon Petrus nie), **Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester, spreek. Hy sê toe: 'n Sekere geldskierter het twee skuldenaars gehad; die een het vyfhonderd pennings geskuld en die ander een vyftig; en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel. Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom -- water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog. 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met salf gesalf. Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.” (Luk.7:40-47). Mense wat baie gesondig het, word baie geheilig**

**HOOFSTUK 6**  
**God se Soewereiniteit oor die**  
**Val en Verlossing**

omdat hulle soveel te meer besef dat hulle niks verdien nie. Hulle weet wat genade beteken.

Uit bogenoemde teks is dit duidelik dat God mense wil hê vir wie baie vergewe is. Hulle het sóveel meer waardering, en is sóveel lief vir Hom. Dit is wat God van Sy seuns wil hê, nie seuns soos wat Adam was voor die sondeval nie. Hy wil die skepsels hê wat uit die tweede Adam, Jesus Christus, geskep word. Hy wil hulle hê wat geval het, en dan deur geloof uit genade gered word. Ons moenie bekommerd wees oor ons kinders en ander geliefdes wat in sonde verval nie: **“Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou.”** (Heb.10:23). Ons moet met grasia waarhede saai, waar ons kan, sonder om hulle te frustreer. Hulle kan nie sonder genade oortuig word nie. Want Hy **“werk volgens die raad van sy wil.”** (Ef.1:11) en **“'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie”** (Joh.3:27) en **“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie;”** (Joh 6:44). God sal dit laat gebeur. **“DIE geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”** (Heb.11:1); [ASV: **“faith is the substance of the things hoped for”**]. Wanneer die tyd reg is, gebruik God ons geloof as die substansie om dit te vermag. Dis verstaanbaar dat God soms mense nie red voor hulle nie bietjie ouer is en die tekortkominge van die wêreld leer ken het nie. Daar is egter 'n groot beloning vir dié wat die Here van jongs af getrou gedien het.

God kan enigiemand red nét wanneer Hy wil. Dit is belangrik dat ons nie iemand deur ons eie werke probeer red nie, maar God se soewereiniteit eer met ons geloof in Hom dat Hy dit sal doen. **“Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; ...Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie;”** (Joh.6:37,44). God sal almal wat Hy gekies het na Jesus Christus toe aantrek. God kies ons en plaas die begeerte in ons om na Hom toe te kom. Eers dan kies ons Hom. **“Welgeluksalig is hy wat U uitkies en laat nader kom, dat hy kan woon in u voorhove.”** [ASV: **“Blessed is the man whom thou choosest, and causest to approach [unto thee]”**] (Ps.65:5). God kies soms mense van wie ons nie baie dink nie. As God vir Paulus en vir Maria Magdalena wat sewe demone gehad het, kon red, is Hy in staat om dié vir wie ons in die geloof staan, ook te red. Saulus, later Paulus, het die gelowiges gehaat en vervolg; onthou jy sy



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

bekering? ***“Toe...omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.” (Hand.9:3-5)*** Selfs 'n bobbejaan sal na so 'n ondervinding tot bekering kom. Sulke drastiese bekerings gebeur slegs wanneer God dit in Sy diskresie toelaat. Dieselfde alomteenwoordige God sê: ***“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo” (Matt.21:22)***. God gebruik die gawe van geloof in ons om dié wat Hy voor die grondlegging van die wêreld verkies het, se redding te bewerkstellig. Bid en dank God vir die redding van daardie persone.

Natuurlik sal daar mense wees wat sê: “Kom ons bid en glo dat God die duiwel red, dan is ons probleem opgelos.” Die geloof hiervoor sal egter nie standhoudend wees nie en daarom sal dit nie gebeur nie. Geloof is immers 'n gawe van God (Ef.2:8) wat Hy kan gee en wegneem. Bowendien het so 'n gebedsversoek geen skriftuurlike gronde nie, want sou dit gebeur, sal die duiwel nie meer geskik wees vir dit waarvoor God hom geskape het nie. Wat die Woord wel onderskryf, is die redding van huishoudings (Hand.11:14; 18:8). In Handeling 16 lees ons dat Paulus en Silas dit aan die offisiere in die tronk aanbied: ***“Toe sê hulle: “Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin”***. Hulle het geglo en is gered. ***“...en hy het hom verheug met sy hele huisgesin dat hy tot geloof in God gekom het.” (Hand.16:31,34)***; [NNT: ***“and rejoiced greatly, with all his house, having believed in God”***] Petrus het dit ook verkondig: ***“Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.” (Hand.2:39)***.

Ons sien die skadubeeld daarvan in die Ou Testament. In Ex.12:3 word 'n lam geslag vir 'n huishouding, nie 'n lam vir 'n individu nie. Ongelowige familieede word deur ons geloof geheilig. ***“Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.” (1Kor.7:14)***.

Mense hou nie daarvan as hulle hoor dat God net sekere mense kies nie. Hulle argument is dat God nie so onregverdig sal wees nie. Dis ongelukkig te laat; dis presies wat Hy gedoen het. ***“Hy***

**HOOFSTUK 6**  
**God se Soewereiniteit oor die**  
**Val en Verlossing**

**maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!” (Ps.147:19,20).** God het geen ander volk as Israel by Sy eerste verbond ingesluit nie. Sy Nuwe Testamentiese verbond is ook nét met geestelike Israel gesluit. **“Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.”**; [ASV: **“for ye were the fewest of all peoples”**] (Deut.7:6,7). God stel nie belang in die meerderheid nie want Hy het die geringste gekies. Hy kies steeds net klein geestelike Israel, 'n minderheid op die smal weg.

Abraham is die vader van geestelike Israel, die Kerk: hulle wat soos Abraham in dieselfde gawe van geloof wandel. **“Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.”** (Gal.3:7). Paulus skryf aan die Nie-Joodse kerk in Rome dat alle nasies wat dié belofte glo, Abraham se kinders is. **“Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet** (fisiese Israel) **is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal -- soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies** (Nie-Jode) **gemaak...”** (Rom.4:16,17). Die ware geestelike Israel glo vandag nog die beloftes. **“...want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is** (natuurlik of fisies), **is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees** (fisiese Israel) **is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.”** (Rom.9:6-9). Die wat hierdie beloftes glo, is die nuut-/wedergebore kinders van die beloftes. Hulle is Abraham se saad.

'n Nuwe Testamentiese geestelike Jood se hart is besny, nie sy vlees nie: **“Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie** (fisies), **en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is** (geestelik), **en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.”** (Rom.2:28,29). Let op dat in hierdie konteks 'n Jood nou nie meer 'n fisiese Jood is nie. 'n Jood is nou die nuutgebore persoon wie se vlees van sy hart afgesny is. **“Want in Christus Jesus**

## GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons

het nóg die besnydenis (in die vlees) nóg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!" (Gal.6:15,16). God se Israel is dié wat as nuwe skepsels leef. Die fisiese onwedergebore Jood wat in sinagoges aanbid, is nie 'n Jood nie tensy hy nuut gebore word deur die Nuwe Testament. "Ek ken jou werke en verdrukking en armoede -- maar jy is ryk -- en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan." (Openb.2:9). (Dit staan ook in Openb.3:9). Ons was nie Jode nie, maar nou ís ons Jode in die Gees: "Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! -- daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God." (Rom.9:25,26). Ons was nie Sy volk nie, maar is nou geliefde seuns van God.

"En Jesaja roep oor Israel (natuurlike of fisiese) uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word" (Rom.9:27). 'n Handjievol van die natuurlike Jode gaan nuutgebore word, maar eers nadat die Nie-Jode wat uitverkies is, gered is: "...dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;" (Rom.11:25). "Ten dele" beteken dat daar nie 'n duidelike skeidslyn tussen die Nie-Jode en Jode is nie, net soos daar ook nie in die boek van Handeling was nie. Daar word daagliks meer en meer Jode gered, 'n duidelike aanduiding daarvan dat die Nie-Jode se tyd besig is om uit te loop. Die meeste van die fisiese Jode wat nuut gebore gaan word, gaan die Koninkryk eers ingaan ná die Nie-Jode se tyd tot volheid gekom het.

Nadat die natuurlike of fisiese Israel haar rug op God gekeer het, het ons wat nie God gesoek het nie, deur genade die gawe van geloof ontvang om as die geestelike Nuwe Testamentiese Israel gereken te word. "En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie" (Rom.10:20). God het Hom aan die Kerk, wat Hom nie gesoek of geken het nie, openbaar: "Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk." (vers 21); "Wat (fisiese) Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard." (Rom.11:7,8). (Slegs

**HOOFSTUK 6**  
**God se Soewereiniteit oor die**  
**Val en Verlossing**

die klein minderheid van dié baie wat uit Israel geroep is, het Christus en die Nuwe Testament aanvaar; die res is verwerp.) **“Soos geskrywe is: God het hulle gegee ‘n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.” (vers 8).** Wat toe gebeur het, gaan nou weer gebeur. Uit dié wat geroep is gaan slegs hulle wat in geloof wandel, gekies word om die ewige volk van die lewende God te wees.

Paulus sê vir ons dat “die hele Israel” bestaan uit dié wat deur geloof in die olyfboom ingeënt is, ongeag of dit fisiese Jode of Nie-Jode is. Die wat deur ongeloof uitgekap is, is nie deel van “die hele Israel” nie. (Rom.11:19–25). Almal het gesondig en verdien om te sterf. Is God dus verkeerd om aan sommiges genade te gee en ander te veroordeel? Almal verdien ‘n regverdige oordeel; niemand verdien genade nie.

## HOOFSTUK 7

### God se Soewereiniteit oor Misleiding

***“Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.” (2Kor.4:3,4)***

Alhoewel Satan die god van hierdie wêreld is, is hy nie in beheer daarvan nie. Die enigste rede waarom hy so genoem word, is omdat die wêreld hom verafgod en dien, of hulle dit wil erken of nie. Enigeen wat iets, iemand of 'n ervaring vir sy eie doel begeer, dien sy vlees, of dan Satan omdat Satan die vader van die vlees is. Paulus noem die vlees in Rom. 6:6 die **“oue mens”**. God gee nêrens in die Woord krediet aan Satan dat hy soewerein is nie. Jesus het gesê, **“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (Matt.28:18)**. Satan trek 'n sluier oor die verstand van die ongelowiges sodat hulle nie die lig van die Evangelie kan sien of verstaan nie. Ons sien in die Woord dat Satan hierdie mag om die ongelowiges te verblind, van God af kry. **“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof...” (1Pet.5:8,9)**. Ons het die vermoë om Satan te weerstaan wanneer ons vasstaan in die geloof. Die woord “kan” in die bogenoemde vers, impliseer egter dat Satan toestemming of die reg het om dié te verslind wat nie in geloof wandel nie. Ongeloof gee die duiwel dus mag, nie net oor ongelowiges nie, maar ook oor gelowiges. Die geloof wat Satan weerstaan en bind, is 'n gawe van God (Ef.2:8). Satan het toestemming om dié wat nie hierdie gawe het nie, te verslind.

***“En Jesus sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie.” (Joh.12:35)***. (Let op die woord “oorval”. Dit beteken dat die duisternis almal van ons agtervolg. Die duisternis kan mens net oorval as jy nie waaksaam is nie. God gee aan ons vir 'n kort tydjie die lig, maar

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

dié wat nie hierdie lig gebruik terwyl hulle dit het nie, gaan deur die duisternis oorval word. Die boodskap is dus duidelik; gebruik die Lig terwyl jy dit het.) ***“En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie. So lank as julle die lig het, glo in die lig*** (vertrou en benut dit), ***sodat julle kinders van die lig kan word.*** (vers 35,36). (As ons die lig nie gebruik nie, mag die indrukke daarvan ons verlaat en ons weer deur die duisternis oorval word. As ons die kans laat verbygaan om die lig te gebruik, druipt ons die toets wat God aan ons gebied het.) ***“Dit het Jesus gespreek; en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg***” (Jesus kruip weg vir dié wat die lig nie na genoeg waarde ag om daarop te reageer nie) (vers 36). ***“...sodat die woord van die profeet Jesaja vervul sou word wat hy gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar? Daarom kon hulle nie glo nie, omdat Jesaja óók gesê het: Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.***” (vers 38-40). Dit is duidelik uit Jes.6:9,10 (wat hieronder aangehaal word) dat die “Hy” waarvan gepraat word, God is wat Israel se harte verhard en oë verblind. Israel het die lig vir baie lank gehad, maar nie die vrug daarvan gedra nie. Baie Christene het die lig, maar doen niks daarmee nie. Hulle spring vuur en vlam weg, maar die sorg van die lewe, bekommernisse, geld se verleiding of swaarkry maak hulle harte hard en hulle oë blind vir God se roepstem (Matt.13:19-23), en dan haal die duisternis hulle weer in. Ons moet glo en in die lig loop terwyl ons dit het sodat Jesus nie weggaan en Hom vir ons verberg nie.

***“Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my. En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.***” (Jes.6:8-10). God sê vir ons dat as ons Sy Woord ontvang het, hou Hy ons verantwoordelik om in die lig van die waarheid te wandel. God gebruik die duiwel om ons oë en harte te verblind. As ons in die lig wandel, word ons gereinig: ***“Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.***” (1Joh.1:7).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ten spyte daarvan dat die Woord dit vir ons sê, is daar min mense wat beseft dat God 'n metode het om die onkruid in die Kerk uit te roei. **“Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom... ..en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdag en deur die verskyning van sy wederkoms (wederkoms in Grieks is: *phanerosis*=*manifestation*=*make visible*) tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaag gehad het in die ongeregtigheid.” (2Thess.2:3,8-12).** Ons lees hier dat mense afvallig is omdat Satan hulle mislei. Maar ons lees ook dat dit God is wat die krag van dwaling na die afvallige mense stuur sodat Hy hulle kan veroordeel. God doen dit omdat hulle nie 'n liefde vir die waarheid het nie. Die brief is aan die Kerk, met ander woorde aan Christene, geskryf. Net 'n Christen kan van Christus “afval”. Daar is deesdae groot afvalligheid maar die misleiding wat kom is nog groter. Voordat God die oordeel stuur, stuur Hy eers **“die krag van die dwaling”** om die onkruid in die Kerk uit te roei. Wie gaan 'n leuen glo? Dit is die bose en die slegte wie 'n leuen glo. **“Die kwaaddoener gee ag op 'n bedrieglike lip, 'n leuenaar luister na 'n tong wat onheil stig. Die wederstrewige soek net onheil, maar 'n wrede boodskapper word teen hom uitgestuur.”** (Spr.17:4,11). Die kwaaddoener gaan deur misleiding soos onkruid uitgeroei word. Hulle gaan gesien word vir wie hulle is, omdat hulle die leuen gaan glo en afvallig word. Die regverdige daarteenoor is lief vir God se Woord en die waarheid; en sal daarom nie mislei word nie.

**“Want daar moet ook partyskappe onder julle wees, sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word.”** (1Kor.11:19). Verdeeldheid identifiseer die wat God se goedgekeuring wegdra. God gebruik misleiding en die bose om die regverdiges en die goddeloses te skei en te wys wie die beproefdes is. Deur die geskiedenis heen was dit nog altyd Sy manier om die onkruid tussen Sy kinders uit te roei. Soort soek soort en wanneer die onkruid van Sy kinders geskei is, gaan God die onkruid in bondels bymekaar maak en verbrand. (Matt.13:30).

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

Misleiding is een van die metodes wat God gebruik om te sien wie waardig is vir die koninkryk van die hemele. Onthou dat Satan mense gaan mislei met kragtige daade, tekens en wonderwerke. Met ander woorde, Satan gaan die leuen in die Kerk staaf met hierdie kragtige daade, tekens en valse wonders. Hierdie tekens en wonders dien as 'n kunsmatige vervanging van die ware gawes van die Heilige Gees. Die leuens word hiermee bevestig en sus die Kerk in sy slaap. Die ware gawes van die Heilige Gees is 'n: ***“woord van wysheid... woord van kennis.... geloof... gesondmaking... werkinge van kragte... profesie ... onderskeiding van die geeste... allerhande tale... en uitleg van tale...” (1Kor.12:8-10)***. Speel veilig, bly in die Woord: Paulus sê ons moenie verder gaan as dit wat geskryf is nie: ***“...dat julle aan ons kan leer om nie te dink bo wat geskrywe is nie” (1Kor.4:6)***. Dit verbaas my elke keer as ek sien hoeveel mense hulle laat mislei deur die tekens en wonders wat in sommige kerke plaasvind, dat hulle kan dink dat dít die teenwoordigheid van die Heilige Gees bevestig! Hierdie tekens en wonders lewer géén bydrae tot redding, genesing, verlossing, bemoediging óf voorsiening nie: ***“Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is” (1Kor.12:7)***.

God het Sy volk in die Ou Testament al getoets. ***“AS 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode (elohim) aan loop - wat jy nie geken het nie - en hulle dien,...” (Deut.13:1-2)***. In hierdie gedeelte beskryf God 'n vals profeet wie se tekens of wonders waar word, iets wat nie kan gebeur tensy God dit toelaat nie. ***“Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die Here dit nie beveel nie?” (Klaagl.3:37)***. Dit is duidelik dat God Sy volk toets deur misleiding te stuur. Die profeet se woorde was: ***“Laat ons agter ander gode aan loop.”*** Mense, dit gebeur baie meer as wat julle dink! Die Hebreeuse woord vir “gode” hier is *elohim*. Dieselfde woord word dwarsdeur die Ou Testament gebruik vir ons God “Elohim”. In hierdie teksgedeelte verwys die profeet egter na 'n vals *elohim*, nie God nie. Daar is baie vals *elohims* in die lewe. Enige Jesus wat jy aanhang, maar wat nie ooreenstem met die Jesus van die Bybel nie, is 'n vals *elohim*. ***“...dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele***



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

*siel.” (vers 3). God gebruik vals leraars om ons te mislei; dis ons toets. Hy wil ons aan vals leringe blootstel, want dié wat Hom liefhet, sal nie vir die leuen val nie. **“En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie.” (Deut.8:2).** Dis waaroor dit gaan: God toets ons. ‘n Profeet, ‘n droom, ‘n visioen, ‘n lering of enigiets wat tot ons kom wat nié volgens God se verordeninge is nie, is deur God op ons pad gebring sodat Hy ons kan toets om te sien of ons Sy koninkryk waardig is of nie.*

***“DAAROP het manne uit die oudstes van Israel na my gekom en voor my gaan sit. Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit -- sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?” (Eseg.14:1-3).** ‘n Ander woord vir ‘n drekgod is ‘n afgod. ‘n Afgod is enigiets wat meer van ons liefde, tyd of geld opeis as God self. Die grootste afgod is die eie-ek. Dit is gevaarlik om ‘n antwoord by God te soek wanneer ons ons eie wil/begeerte in ons harte het. Dit kan wees dat God ons antwoord en die antwoord gee wat ons graag wil hê. Ons bevredig ons vlees maar mis God se seën. **“Daarom, spreek met hulle en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom -- Ek, die HERE, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee.” (Eseg.14:4).***

As ons eie wil belangriker is as Sy Wil, is God nie ons God nie, dan dien ons Hom nie. Voordat ons God vra vir leiding oor ‘n saak, moet ons eers seker maak dat ons bereid is om Sy antwoord te aanvaar, al is dit die teenoorgestelde van wat ons graag wil doen. As ons nie bereid is om te doen wat Hy sê nie, dan het ons ‘n afgod en moet ons eers daarvan afstand doen: **“Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.” (Ef 5:5).** Die betekenis van die Griekse woord “gierigaard” is “om meer te begeer”. Iemand wat dus meer begeer as wat nodig is, is ‘n afgodedienaar. Die woord afgodedienaar kom van twee woorde af. *Eidolo*, wat beteken “dit wat gesien word” en

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

*latres, "n dienaar vir". As jy voortdurend meer begeer, is jy 'n dienaar van dit wat gesien word (fisiese goed), en nie van die Here nie. Dit kan enige iets fisies wees, soos besittings, 'n werk, 'n godsdiens of mense, om 'n paar te noem. Die grootste en mees algemene afgod is die eie-ek. Mense kan hulself dien, hulle eie afgod wees. Soos die seun van die verderf wat in die tempel van God sit en homself god maak. Jesus het Judas die seun van die verderf genoem (Joh.17:12). Hy het tussen Jesus se dissipels, wie die tempel van God was, gesit. Hoekom was hy sy eie afgod? Hy het net aan homself gedink, aan sy eie geluk en hoe om homself te verryk uit die situasie. Daar is baie Judasse in vandag se lewe. **"Jy mag naas My geen ander gode hê nie."** (Ex.20:3). As daar iets in ons lewens is wat belangriker is as God gaan dit ons mislei as ons nie daarvan afstand doen nie.*

***"Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg - hom sal Ek, die HERE, self antwoord gee. Ek sal my aangesig rig teen dié man en hom tot 'n teken en 'n voorbeeld van spot maak, en Ek sal hom uitroei uit die midde van my volk; en julle sal weet dat Ek die HERE is." (Eseg.14:7,8).*** As jy toelaat dat daar 'n afgod tussen jou en God staan, gaan Hy jou daarvolgens antwoord. Met ander woorde, Hy gaan jou jou begeertes gee, maar dit gaan nie die regte antwoord wees nie. Onthou wat God gesê het: ***"hom sal Ek, die HERE, self antwoord gee"***. Ongeag of God jou deur 'n afvallige profeet, 'n godsdiens, 'n gedagte, 'n droom, 'n woord of 'n lering antwoord, Hy gaan jou mislei en jou daarvoor tugtig of selfs van die Liggaam van Christus afsny. Soos ons in vers 8 gesien het: ***"...Ek sal hom uitroei uit die midde van my volk"***.

***"En as 'n profeet hom laat verlei om 'n woord te spreek - Ek, die HERE, het dié profeet verlei, en Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel." (Eseg.14:9).*** God kan met vals woorde mislei, Hy mislei óf 'n valse profeet óf 'n ware profeet wat afgode het. ***"En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo." (2Thess.2:11).*** God stuur leuens omdat die mense die wêreld liefhet en nie vir Hom nie. ***"As iemand die wêreld liefhet, dan is***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

***die liefde van die Vader nie in hom nie.” (1Joh.2:15).*** Ons is hier op aarde om te bewys dat ons God bo die wêreld liefhet.

God gaan Sy Kerk in hierdie dae reinig van die baie afgode daarin. Godsdiens kan ‘n afgod wees. As God se Woord een iets sê en ons godsdiens iets anders, en ons glo eerder ons godsdiens, dan is dit ons Babiloniese/wêreldse afgod. God gaan dan misleiding stuur. Dit vorm ‘n bose kringloop. Hoe meer ons godsdiens najaag en glo, hoe meer misleiding is daar. Ons moenie deur enigiets anders as God se Woord gelei word nie. ***“Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens ‘n leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou.” (Rom.3:4).*** Wanneer God ‘n situasie of denke oordeel en dit wat ons sê of doen stem ooreen met dit wat Hy in Sy Woord sê, is ons oorwinnaars en word ons as regverdig gereken. Ons moet God dank as ons ‘n profesie, visioen, droom, openbaring of ‘n woord ontvang wat in ooreenstemming met die Woord van God is. Die Woord sê nie vir ons waar Hy wil hê ons moet woon, werk, of met wie Hy wil hê ons moet trou nie. Die Woord gee vir ons slegs beginsels wat ons moet gebruik om die ware wil van die Here in alle areas van ons lewens te soek. Ons moet versigtig wees as daar iets is wat ons baie begeer. Ons kan dan “die Woord van die Here” hoor net om later agter te kom dat ons God gemis het in die saak. Indien ons nie die wil van die Here eerste stel nie, mag Hy ons laat mislei.

Kom ons kyk weer na Bileam, maar hierdie keer vanuit ‘n ander hoek. Israel was in die vlaktes van Moab saamgetrek. Die Moabitiese koning, Balak, was bang vir hulle en die raadsmanne van Midian en Moab beveel toe aan dat hy Bileam huur om Israel te vervloek. Balak se woorde aan Bileam was: ***“Want ek weet, die een wat jy seën, is geseënd; en die een wat jy vervloek, is vervloek.” (Num.22:6).*** Balak het nie besef dat dit God is, en nie Bileam nie, wat in beheer was nie. ‘n Vloek sonder ‘n geldige rede word nie volbring nie: ***“Soos die voëltjie wegfladder, soos die swaweltjie wegvlieg, so is ‘n vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie.” (Spr.26:2).*** Bileam besef dit egter en weet dat as hy Gód se Woord spreek, dit in vervulling sal gaan. Die “profeet” Bileam vra toe vir God of hy Israel kan vervloek gedagtig aan die vergoeding wat hy aangebied is. ***“Toe sê God vir Bileam: Jy mag nie saam met hulle trek***

**nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd. Toe staan Bileam die môre op, en hy sê aan die vorste van Balak: Gaan na julle land, want die HERE het geweier om my saam met julle te laat gaan.**” (Num.22:12,13).

Koning Balak was egter nie tevrede met Bileam se “nee” nie en het groter getalle en meer aansienlike vorste na hom toe gestuur met die woorde: **“Want ek sal jou baie hoog vereer en alles wat jy my sê, sal ek doen; daarom kom tog, vervloek hierdie volk vir my”** (vers 17). Bileam was gierig en besluit om God tog maar wêér te vra. **“Nou dan, bly julle tog ook vannag hier, dat ek mag weet wat die HERE verder aan my sal sê. En God het in die nag na Bileam gekom en aan hom gesê: As die manne gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan met hulle saam; maar net wat Ek jou sê, dit moet jy doen.”** (Num.22:19,20). Bileam het nie van God se “nee” gehou nie en omdat God sy gierige eie-wil wou doodmaak, het God hom toe ‘n “ja” gegee. **“Toe maak Bileam die môre klaar en saal sy eselin op, en hy het weggetrek saam met die vorste van Moab. Maar die toorn van God het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en die Engel van die HERE het gaan staan in die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.”** (vers 21,22). Let op dat God kwaad was omdat Bileam nie gehoorsaam was aan die eerste “nee” nie. Die donkie waarop Bileam gery het, het die Engel van die Here met die swaard gesien, en betyds gestop. Bileam het nie die Engel van die Here gesien nie en die donkie woedend geslaan. Net daar het God die donkie met Bileam laat redeneer. Bileam was so verblind deur die vooruitsig van die groot beloning dat hy nie eers beseef het dat ‘n donkie met hom praat en boonop meer sin as hyself maak nie. **“En die Engel van die HERE vra hom: Waarom het jy jou esel nou al drie maal geslaan? Kyk, Ek self het uitgegaan as ‘n teëparty, want jou weg loop gevaarlik steil in my oog!”** (Num.22:32). Die Hebreeuse woord wat hier vir “gevaarlik” gebruik is, beteken “hardkoppig” of “eie-willig”. God het aan Bileam “ja” geantwoord omdat hy wat Bileam was, sy eie wil voorop gestel het. Dit was ‘n toets, maar Bileam het nie van gedagte verander nie. Die Engel van die Here het in die pad gewag om hom dood te maak.

Ons lees verder in die gedeelte meer oor wat Bileam geleer het: **“God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?”** (Num.23:19). God het nooit rede om van gedagte te

## ***GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons***

verander nie, Hy is God en maak nie foute nie. Vanuit ons perspektief verander God van gedagte omdat Hy ons waarsku of beloftes maak wat voorwaardelik is aan ons reaksies. Bileam wou regtig baie graag gehad het dat God sy Woord moes verander. Het ons al gewens dat God ons 'n ander antwoord gee? Dit is 'n gevaarlike posisie om in te wees as ons God om 'n reguit antwoord vra. God kan ons laat mislei en ons sal die gevolge daarvan moet dra. Dit kan óf kruisiging van die vlees wees, óf in ernstiger gevalle selfs verwerping wat soos 'n swaard op ons pad kom. ***“Toe het ek gesê: Ag, Here HERE, waarlik, U het hierdie volk en Jerusalem grootliks mislei met die woorde: Julle sal vrede hê – terwyl die swaard tot aan die siel raak.” (Jer.4:10). Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Bileam gestort en in die verset van Korag omgekom.” (Judas 11).*** Ons kan deur ons eie selfsugtige begeertes “gehuur” word! Bileam wou hê God moet “ja” sê en daarom was hy doof vir God se “nee”. Daarom gee God hom 'n “ja”. Oppas vir hoe baie jy iets begeer wat jy by God vra. God wil hê dat ons ons wil ondergeskik moet stel aan Syne; ons moet begeer wat Hy begeer en Hom op Sy Woord aanvaar. Moenie dat jou vlees vertroetel word deur gedagtes toe te laat wat in teenstelling is met dit wat reeds in die Woord staan nie. God het klaar in Sy Woord gepraat; wees versigtig dat Hy nie misleiding stuur nie. ***“En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.” (2Thess.2:11,12).*** Baie leringe het deur misleiding ontstaan, juis omdat dit die vlees se begeertes vervul, byvoorbeeld:

- dié van materiële welvaart, pleks van 'n lewe van opoffering;
- onvoorwaardelike ewige lewe sodat 'n mens na die vlees kan lewe en dit nie nodig is om na God se waarskuwings te luister nie;
- die wegraping sonder heiligmaking deur beproewing; en
- ewige lewe sonder dissipelskap en heiligmaking.

Wêreldse Christene regverdig byna enigiets op 'n onskriftuurlike wyse net om hulle vlees te kan bevredig, soos egskeidings, abortsies, dronkenskap, dwelmmisbruik, leuens, en diefstal. Pas op, as jou vlees gelukkig is moet jy weet daar is misleiding! Satan en sy leraars is slag gereed om ons te vertel wat die vlees graag

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

wil hoor. **“En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.”** (2Kor.11:14,15).

Alhoewel Bileam 'n les geleer het, was dit skynbaar net tydelik. **“Toe antwoord Bileam en sê aan die dienaars van Balak: Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van die HERE my God nie oortree om klein of groot te doen nie.”** (Num.22:18). Die woorde was waar, maar het uit 'n hart vol begeerte gekom. Bileam was steeds gierig en het wéér toegegee aan omkoperij. Baie slim het hy Balak geleer hoe om Israel te laat struikel. Hy het voorgestel dat Balak Israel leer om kos te eet wat aan afgode geoffer is en om te hoereer (Openb.2:14). Bileam kon Israel nie vervloek nie as gevolg van hulle verhouding met God, maar indien hulle voor dié versoeking sou val sou God hulle wel vervloek. En dit is presies wat gebeur het. God het geweet dat dit is wat Bileam beplan het. Israel is getoets en het jammerlik gefaal.

Nadat Koning Dawid owerspel gepleeg het met Batseba, het sy seun Absalom die koninkryk wederegtelik oorgeneem en Dawid moes vir sy lewe vlug. Absalom het twee raadgevers van Dawid geërf. **“En die raad wat Agitófél in dié dae gegee het, was asof 'n mens die woord van God geraadpleeg het. So was elke raad van Agitófél vir Dawid sowel as vir Absalom.”** (2Sam.16:23). Agitófél se raad aan Absalom was goed, asof dit van God gekom het. **“Verder het Agitófél vir Absalom gesê: Laat ek tog twaalfduisend man uitsoek en my klaarmaak en Dawid vannag agternajaag, dat ek hom kan oorval, terwyl hy moeg en slap van hande is, en hom verskrik; dan sal al die mense vlug wat by hom is, en ek sal net die koning neerslaan.”** (2Sam.17:1,2). Agitófél wou vinnig toeslaan en Koning Dawid met 'n kleinerige mag keer voor hy in die wildernis inbeweeg.

Nadat Agitófél hierdie raad aan Absalom gegee het, het Absalom besluit om die ander raadgever, Húsai die Arkiet, ook te raadpleeg. Húsai was egter in die geheim lojaal aan Dawid en beveel toe aan dat Absalom Israel eers moes byeenbring en Dawid en sy volgelinge dan agtervolg en uitwis. Hy het geweet dit sou tyd neem om Israel bymekaar te maak. Absalom het sy raad aangeneem en Húsai het toe dié tyd benut om Dawid te waarsku.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

So kon Dawid na die wildernis ontsnap. **“Toe sê Absalom en al die manne van Israel: Die raad van Húsai, die Arkiet, is beter as die raad van Agitófel. Maar die HERE het dit beskik om die goeie raad van Agitófel te veryd, sodat die HERE die onheil oor Absalom kon bring.” (2Sam.17:14).** Met God se hulp het al die manne van Israel hierdie slegte raad aanvaar. Dit het Dawid die kans gegee om veiligheid te bereik en het Absalom sy lewe gekos.

Moenie die meerderheid volg wat op godsdiens aanspraak maak nie. Hulle volg 'n leierskap wie onwettig in gesagsposisies is. Wanneer God iemand wil veroordeel, kan Hy dié persoon verkeerde advies gee en hom lei om dit te aanvaar. In hierdie dae gaan baie mense na die verkeerde raad van hulle afvallige leiers luister en dan daarvoor veroordeel word. **Tien van die twaalf stamme van Israel** het na hulle leiers geluister en die goue kalf aanbid (1Kon.12:25-32). Die geskiedenis word altyd herhaal (Pred.1:9) en ongelukkig is dit vandag steeds die geval. Die meeste godsdienstige mense volg afvallige leiers se verkeerde raad, net soos die Israeliete gedoen het. Die meeste van die sogenaamde Christene van vandag gaan die merk van die Antichris aanvaar; die ware dissipels sal egter nie mislei word nie omdat hulle die waarheid lief het.

Agab was die koning van die afvallige tien noordelike stamme van Israel. Hy het Jósafat, die goeie koning van Juda, gevra om saam met hom oorlog te maak teen Sirië. Ons moet hierdie gebeure sien as 'n les van wat gebeur as God se kinders van vandag met goddeloses, die bose en misleiding saamwerk. ***“Verder het Josafat aan die koning van Israel gesê: Raadpleeg tog eers die woord van die HERE. Toe laat die koning van Israel die profete bymekaarkom, omtrent vierhonderd man, en hy sê aan hulle: Sal ek teen Ramot in Gilead trek om te veg of dit laat staan?” (1Kon.22:5,6).***

Onthou, hierdie vierhonderd profete was nie deel van die profete van Baäl nie. Ons lees in 1Kon.18 dat Elia Baäl se profete doodgemaak het. Daarna het die profete van die Here oorgeneem, maar soos ons sal sien het hulle in werklikheid aan Agab behoort. Agab het dus hierdie vierhonderd “ja-manne” bymekaar gemaak en aan hulle gevra of hy oorlog teen Sirië moes maak. ***“En hulle antwoord: Trek op, en die HERE sal dit in die hand***

van die koning gee. Maar Jósafat sê: *Is hier nie nog 'n profeet van die HERE, dat ons deur hom kan raadpleeg nie?*” (Jósafat was steeds nie gerus nie want die Here het dit in sy hart gesit om hom te waarsku.) *“En die koning van Israel antwoord Jósafat: Daar is nog een man om deur hom die HERE te raadpleeg; maar ék haat hom, omdat hy oor my niks goeds profeteer nie, maar onheil: Miga, die seun van Jimla. En Jósafat sê: Die koning moet nie so spreek nie! Daarop roep die koning van Israel 'n hofdienaar en sê: Gaan haal Miga gou, die seun van Jimla. Onderwyl die koning van Israel en Jósafat, die koning van Juda, elkeen op sy troon sit, bekleed met koninklike klere, op 'n dorsvloer by die ingang van die poort van Samaría, en al die profete voor hulle profeteer, het Sedekía, die seun van Kenaána, vir hom ysterhorings gemaak en gesê: So spreek die HERE: Hiermee sal u die Arameërs stoot totdat hulle vernietig is. En al die profete het so geprofeteer en gesê: Trek op na Ramot in Gilead en u sal voorspoedig wees, en die HERE sal dit in die hand van die koning gee. Toe sê die boodskapper wat gegaan het om Miga te roep, vir hom dít: Kyk tog, die woorde van die profete is uit een mond goed vir die koning: laat jou woord tog wees soos die woord van een van hulle, en spreek goeie dinge.”* (Dit is nie maklik om jouself teen die meerderheid uit te spreek nie.) *“Maar Miga sê: So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dít sal ek spreek. Toe hy by die koning kom, sê die koning vir hom: Miga, sal ons na Ramot in Gilead trek om te veg, of sal ons dít laat staan? En hy antwoord hom: Trek op, en u sal voorspoedig wees, en die HERE sal dit in die hand van die koning gee.”* (1Kon.22:6-15).

Miga se woorde *“Trek op, en u sal voorspoedig wees”*, was presies die woorde wat die Here hom gegee het. Miga het 'n belofte afgelê dat hy net die woorde wat die Here hom gee, sou spreek. God het deur Miga aan die koning gesê om te gaan; hy sou wen, want dit is die woorde wat koning Agab graag wou hoor. Net soos vir Bileam het God hom geantwoord volgens die begeertes in sy hart. God is soewerein oor misleiding maar niemand is sonder blaam as hulle mislei word nie. *“En die koning sê vir hom: Hoeveel maal moet ek jou besweer dat jy niks as die waarheid in die Naam van die HERE tot my moet spreek nie? Daarop antwoord hy (Miga): Ek het die hele Israel gesien, verstrooid op die berge soos skape wat geen wagter het nie. En die HERE het gesê: Hulle het geen heer nie; laat hulle elkeen in vrede teruggaan na sy eie huis.”* (Een opregte profeet wat nie deur gierigheid gemotiveer was nie het Agab se dood voorspel en dat



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

hulle die oorlog sou verloor.) ***“Toe sê die koning van Israel vir Jósafat: Het ek nie gesê nie – hy profeteer oor my niks goeds nie, maar onheil? Verder sê hy (Miga): Daarom, hoor die woord van die HERE: Ek het die HERE sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskaare by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerhand.” (1Kon.22:16-19).***

In Job 1:6 lees ons dat ***“En op ‘n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.”*** Wat het Satan daar gedoen? In vers 19 hierbo staan: ***“...terwyl al die hemelse leërskaare by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerhand”.*** Wie staan aan God se linkerkant? Volgens Matt.25:33,41 is dit die bokke en die vervloektes, die bose, wat in die ewige vuur gegooi word wat berei is vir die duiwel en sy engele. ***“En die HERE het gesê: Wie sal Agab oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gilead?”*** (God het ‘n gees gesoek om Agab te mislei.) ***“En die een het so gesê, en die ander weer so. Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom toe: Waarmee? En hy sê: Ek sal uitgaan en ‘n leuengees word in die mond van al sy profete.”*** (Let op dat die gees nie gesê het “u profete” nie, maar, “sy profete”). ***“En Hy (God) sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so. En nou, kyk, die HERE het ‘n leuengees in die mond van al hierdie profete van u gegee, en die HERE het onheil oor u gespreek.” (1Kon.22:20-23).*** Let op hy sê ***“al hierdie profete van u”.*** Hierdie profete het meer aan Agab as aan die Here behoort.

Die afvallige leiers van die tien noordelike stamme is deur God mislei om ‘n oorlog te begin wat hulle nie sou wen nie. Hier is vierhonderd profete van God wat gevul was met ‘n gees van leuens. Hulle het waarskynlik hulle lewensmiddele by Agab gekry en was afhanklik van sy goeie guns. Daar was vierhonderd vals profete teen een ware profeet. Dis ‘n weerspieëling van die situasie van vandag. Hulle het die loon van ongeregtigheid liefgehad. Waarom sal ‘n Christen eerder met ‘n leraar of hulle godsdienste saamstem wanneer dié met die Woord van God verskil? Dit is dan afgodediens of aanbidding wat hulle harte mislei.

Ons moet aan God getrou wees en nie deur respek vir mense beïnvloed word nie. Ek was by geleentheid ‘n gasspreker in ‘n gemeente. Die leraar van die gemeente was vóór my aan die

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

woord. Hy het op die verhoog rondgeloop en met die gemeente gesels. Na 'n opmerking stap hy na my toe en vra, "Dit is mos reg so, nê David?" Ek het saggies nee geantwoord en my kop ontkenkend geskud. Die leraar was duidelik onkant gevang, maar het weggeloop en aangegaan met sy verkeerde lering. Die situasie het hom nog 'n keer herhaal. Die man wat agter my gesit het kon die situasie nie langer hanteer nie en het my gevra, "Het jy nee gesê?" My antwoord was, "Ja, en as hy nie my eerlike opinie wou gehad het nie, moes hy my nie gevra het nie". Na die diens het die leraar my kom vra wat fout was. Ek het hom met behulp van die Woord op die waarheid gewys en hom gevra om my nie meer vrae te vra tydens 'n diens nie. Wel, hy het my nie uit sy kerk gegooi nie en ek het later baie van die onderrig daar gedoen.

Agab het sy eie vierhonderd profete nie vertrou nie en het die één profeet gevrees. ***"En die koning van Israel het vir Jósafat gesê: Ek sal my onkenbaar maak en in die geveg kom; trek ú maar u eie klere aan. So het die koning van Israel hom dan onkenbaar gemaak en in die geveg gegaan. Toe het 'n man in sy eenvoudigheid die boog gespan en die koning van Israel getref tussen die aanhegels en die pantser." (1Kon.22:30,34).*** Dit lyk asof hierdie Siriër in die algemene rigting van die vyand geskiet het en Agab op 'n swak punt in sy beskermende klere getref het. God word nie mislei nie. Ek weet nie wie die domste was nie, die man wat die boog gespan het, of Agab wat gedink het hy kan God se toorn ontglip deur ander klere aan te trek. Daar is verskeie goeie lesse om hieruit te leer. Eerstens, moenie die meerderheid volg nie: hier was dit 'n geval van vierhonderd teen een en die vierhonderd profete was verkeerd! Deur die geskiedenis was die meerderheid van wat God se volk genoem word, altyd aan die verkeerde kant. Tweedens: ondersoek jou eie motiewe baie mooi voor jy God om iets vra. Indien jou motiewe nie suiwer is nie, gaan jy 'n antwoord van God kry wat die vlees gaan bevredig. Agab het 'n bevestigende antwoord gekry, dit wat hy so graag wou gehad het, maar ook sy dood. Jósafat is getugtig en het amper met sy lewe geboet omdat hy in bondgenootskap saam met 'n goddelose koning geveg het. Jósafat het egter nie sy les geleer nie en het later met Agab se bouse opvolger, Ahásia, saamgespan en daardeur sy lewe en sy werk verloor (2Kron.20:35–21:1). Ons kan mislei word as ons ons

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

eie begeertes óf die meerderheid volg. Misleiding kom nie net deur profete wat met ons praat nie. God kan 'n droom, visioen, lering of 'n gerespekteerde persoon gebruik om ons te mislei. God kan ons 'n antwoord te gee volgens die afgode wat ons dien.

Jerobeam, koning van die noordelike tien stamme, was bang dat Israel nie sou terugkom as hulle in die tempel in Jerusalem gaan aanbid nie. Hy was bang hulle bly sommer daar en dien dan die koning van Juda. Hy wou nie volgelingen verloor nie en om dit te voorkom het hy twee goue kalwers gemaak en hulle (in Hebreeus) *Elohim* genoem. Hy het hierdie beelde by altare in Bethel en Dan opgerig sodat sy mense daar kon aanbid (1Kon.12:28). Jerobeam het óns God se naam op die beelde wat hy self gemaak het, gesit. Aáron het dieselfde gedoen toe Israel uit Egipte gekom het. Hy het 'n goue kalf gemaak en dit in Hebreeus *YHWH* en *Elohim* genoem. Afvallige godsdienste van vandag skep ook hulle eie Jesus, maar sit die naam van Jesus van die Bybel daarop. Paulus noem dit *“n ander Jesus”* (2Kor.11:4). Die goue kalf wat Jerobeam en sy mense aanbid het, was die Egiptiese afgod Apis wat hulle ook die skepper genoem het. Met ander woorde, hulle het die god aanbid wat hulle in die wêreld geken het voordat hulle die Lam geëet en uit Egipte gekom het. Soveel “Christene” aanbid 'n Jesus wat aanvaarbaar is vir die wêreld en die vlees; die wêreld waaruit hulle gekom het voordat hulle Jesus as offerlam vir hulle sondes aanvaar het. Dit is 'n mensgemaakte Jesus, nie die ware God nie. Jerobeam en sy afvallige volgelingen het boonop priesters (leraars) uit ander stamme as die stam van Levi aangestel (1Kon.12:31). Dit beteken dat die leraars van tien uit die twaalf stamme nie deur God aangewys was nie. Dit is presies wat vandag in die kerk gebeur. Ons vind dieselfde beeld in die twaalf spioene wat uitgestuur is. Die tien wat in die wildernis gesterf het is dié wat die volk teen God in opstand laat kom het nadat hulle met slegte tyding teruggekom het (Num.14:36-38).

God het 'n jong profeet gestuur om teen die altaar in Bethel te profeteer. In Hebreeus beteken Bethel “huis van God”. Die ware huis van God was in Jerusalem. Die een in Bethel was dus nie die ware “huis van God” nie. Die koning was besig om wierook te offer voor die volk toe die profeet teen die altaar profeteer. Die

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

koning het sy hand na die profeet uitgestrek sodat sy manskappe hom moes gryp. Sy hand het egter opgedroog en hy kon hom nie terugtrek nie. Die altaar het uitmekaargeskeur en die as is van die altaar afgegooi, net soos die profeet voorspel het. Simbolies beteken dit God aanvaar nie hulle offers wat in afvallige plekke geoffer word nie. Die koning het die profeet gevra om sy hand te herstel. Die profeet het gebid en God het dit gedoen. Die koning wou hom huis toe vat en beloon maar die profeet het geweier: ***“Al gee u my die helfte van u huis, ek kan nie met u saamgaan nie, en ek kan geen brood eet of water drink in hierdie plek nie. Want so het die HERE my bevel gegee deur sy woord en gesê: Jy mag geen brood eet of water drink nie, en jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.” (1Kon.13:8,9).*** Waar mag die profeet nie geëet of gedrink het nie? Daar waar daar leiers was wat nie deur God aangestel is nie en waar Sy mense afvallig was. God beskou dit as ‘n afvallige godsdienstelsel.

Jesus is die brood van die lewe (Joh.6:48); as ons die afvalliges se brood eet, het ons deel aan ‘n vals Jesus. Jesus is ook die Woord (Joh.1:1). Jesus waarsku ons teen die suurdeeg van die Fariseërs. Suurdeeg verander die brood (die Woord); dit maak dit lekkerder vir die vlees. Ons moet ook nie van hulle water drink nie; dit verteenwoordig die vals gees wat deur die vals woord gevorm word. Jesus het gesê dat ons na Hom toe moet kom en van die lewende water van die Gees deur die Woord moet drink: ***“...het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo.” (Joh.7:37-39).*** Sonder die Gees wat deur die Woord van God geskep word, leer jy nie die ware Jesus ken nie.

Die profeet het God gehoorsaam en Bethel dadelik verlaat. In hierdie stad Bethel was daar egter ‘n ouer profeet wat gehoor het wat gebeur het. Hy het die jong profeet met sy donkie agternagesit. ***“Toe sê hy vir hom: Gaan met my saam huis toe en eet brood. Maar hy antwoord: Ek kan nie met jou saam omdraai of met jou saam ingaan nie; ek mag ook nie brood eet of met jou saam water in hierdie plek drink nie; want aan my is gesê deur die woord van die HERE: Jy mag daar geen brood eet of water drink nie; jy mag nie terugkeer met***

## GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons

**die pad waarmee jy gegaan het nie. Maar hy sê vir hom: Ek is ook 'n profeet net soos jy, en 'n engel het met my gespreek deur die woord van die HERE en gesê: Bring hom terug saam met jou na jou huis, dat hy brood kan eet en water kan drink. Hy het vir hom gelieg. Toe het hy met hom saam omgedraai en in sy huis brood geëet en water gedrink.**” (1Kon.13:15-19). Die jong profeet het verkeerdelik geglo dat God die Woord wat Hy oorspronklik gespreek het, verander het en toe van die onheilige brood en water geëet. Ons word in **Judas 1:3** “...**vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.**” Sonder enige skriftuurlike gronde daarvoor hoor ons vandag dat God sy “**ewige verbond**” verander het ná die tyd van die apostels. God verander nie Sy Woord nie. Hierdie leuen het die Kerk sy krag ontnem deurdat Jesus met 'n goue kalf vervang is. Daniël en sy drie vriende wou hulleself nie verontreinig met die kos van Babel nie (Dan.1:5-16). Nadat hulle dit geweier het, het hulle tien maal meer kennis en wysheid gehad as dié Jode wat dit wel geëet het (Dan.1:17-21). Hulle was ook die enigstes wat nie neergebuig het voor die goue beeld, Babel se weergawe van die goue kalf, wat die koning gemaak het nie (Dan.3:12,18).

Die jong profeet van Bethel is mislei, hy het geluister na 'n “nuwer weergawe” van die opdrag aan hom. **“Maar terwyl hulle aan tafel sit, kom die woord van die HERE tot die profeet wat hom laat omdraai het; en hy het die man van God wat uit Juda gekom het, toegeroep en gesê: So spreek die HERE: Omdat jy wederstrewig was teen die mond van die HERE deur nie die gebod te hou wat die HERE jou God jou beveel het nie, maar omgedraai en brood geëet en water gedrink het in die plek waarvan Hy aan jou gesê het: Jy moet geen brood eet of water drink nie -- daarom sal jou lyk nie in die graf van jou vaders kom nie.”** (1Kon.13:20-22). God het die jong profeet getoets. Hy het “**nie die gebod (te) gehou**” nie “**maar omgedraai en brood geëet en water gedrink (het) in die plek waarvan Hy aan jou gesê het**”. (vers 20). As skadubeeld verteenwoordig die jong profeet mense wat geestelike kos inneem van afvallige godsdienste en hulle lewens dan daar verloor. So baie mense verloor hulle lewens in kerke wat nie die waarheid verkondig nie. Die ou profeet het vir eie gewin 'n leuen vertel. Hy het toegelaat dat die suurdeeg in daardie plek vatplek aan hom kry en 'n vals wins gemaak, maar was nou ook 'n vals profeet.

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

Ons moet God se Woord so respekteer dat niks of niemand ons daarvan kan weglok na 'n ander Jesus toe nie. Ons moet op ons hoede wees, want selfs instrumente wat gewoonlik tot God se eer optree, kan deur Hom as 'n instrument van oneer gebruik word om ons te toets. Toe die jong profeet die stad verlaat, het 'n leeu op die pad hom verskeur. **"...daarom het die HERE hom aan die leeu oorgegee wat hom verskeur en hom gedood het volgens die woord van die HERE..."** (1Kon.13:26). God het die leeu toestemming gegee om dié een te verskeur wat geestelike voedsel van dwaalleraars eet. **"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."** (1Pet.5:8). Die woord "kan" word hier gebruik omdat die duivel toestemming van God moet kry om te verslind. So gee God die duivel ook vandag toestemming om die wat afdwaal, die afvalliges, te verslind. Die jong profeet is gestraf omdat hy nie die opdrag: **"Jy mag daar geen brood eet of water drink nie"** gehoorsaam het nie en die uitspraak **"daarom sal jou lyk nie in die graf van jou vaders kom nie"** is bewaarheid. Geestelik beteken dit dat hy nie met sy vaders in die dood verenig is nie en daarom nie deel sal uitmaak van die regverdiges wat opgewek word met Christus se wederkoms nie. Iemand wat deel in die vals woord van 'n vals Jesus sal sy lewe aan die duivel verloor en nie wees tussen die regverdiges wat opgewek sal word nie. **"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe ..."** (Openb.22:18,19). **Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!"** (Gal.1:8) (Die Griekse woord vir vervloeking beteken "toegewy aan vernietiging").

God het sover gegaan om Paulus met Sy Gees te toets. **"En toe hierdie dinge verby was, het Paulus hom voorgeneem om deur Macedónië en Acháje te gaan en na Jerusalem te reis. Hy het gesê: Nadat ek daar gewees het, moet ek Rome ook sien."** (Hand.19:21) ;[NNT: **"Now as these things were being fulfilled, :Paul purposed in the spirit, when he had passed through :Macedonia and Achaia, to go to Jerusalem..."**]. Paulus het in die Gees besluit dat hy na Jerusalem en dan na Rome gaan, waarskynlik deur 'n openbaring van God. In Grieks word

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

daar glad nie van hoofletters gebruik gemaak nie. Mens weet egter dat Paulus hier na die Heilige Gees verwys omdat die lidwoord voor gees in hierdie vers en in vers 22 'die' is en nie 'my' nie. ***“En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie, behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag.”*** (Hand.20:22,23). Die Heilige Gees het Paulus opdrag gegee om Jerusalem toe te gaan en ook aan hom openbaar dat hy daar verdruk sou word en in boeie sou wees.

***“En nadat ons die dissipels gevind het, het ons daar sewe dae gebly; en hulle het vir Paulus deur die Gees gesê om nie op te gaan na Jerusalem nie.”*** (Hand.21:4). Let op dat hierdie opdrag in teenstelling is met dit wat die Heilige Gees by drie vorige geleenthede aan Paulus gesê het. Ek maak die stelling dat Paulus deur ***“die Heilige Gees”*** beproef is om te sien of hy gehoorsaam sou wees. Hy het 'n nuwe woord by ander dissipels gekry. Hy moes, net soos Bileam en die jong profeet, kies of hy sy vlees gaan gehoorsaam, of sy spirituele kruis opneem. ***“En onderwyl ons baie dae daar oorgebly het, het 'n sekere profeet met die naam van Ágabus van Judéa afgekom. En toe hy by ons kom, neem hy die gordel van Paulus en bind sy eie hande en voete en sê: Dit spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer.”*** (Hand.21:10,11). Hier sê die Gees wéér dat hy na Jerusalem toe moet gaan en daar geboei gaan word. Daarna word hy deur menslike sentimente getoets. ***“En toe ons dit hoor, het ons saam met die broeders van die plek hom gesmeek om nie op te gaan na Jerusalem nie. Maar Paulus het geantwoord: Wat doen julle dat julle ween en my hart week maak? Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied!”*** (vers 12-14) Paulus is deur profesie en menslike sentiment getoets, maar het oorwin. Hy was gehoorsaam aan dit wat God vir hom gesê het, en dit is wat belangrik is.

God sal ons deur Sy Gees toets om te sien of ons glo wat Hy vir ons gesê het. Isak was die langbelofde saad waarvoor Abraham moes wag. God se belofte aan Abraham was om Sy verbond met Isak, en Isak se saad na hom, te sluit (Gen.17:19), saad wat volgens Gen.15 in getalle soos die sterre sou wees. ***“Kyk nou op na***

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

**die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.” (Gen.15:5,6).** Dit was nie voldoende vir God nie, Abraham se geloof moes getoets word. Na baie jare se gewag in geloof, is Isak gebore. Na Isak se geboorte was daar nog ‘n groter toets: **“...het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.” (Gen.22:1,2).** **“Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word -- want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.” (Heb.11:17-19).** Abraham het God se eerste belofte so geglo dat hy selfs aanvaar het dat God Isak uit die dood gaan opwek as hy wat Abraham is hom sou doodmaak. Ons moet God se oorspronklike beloftes bly glo ten spyte van wat ons sien en hoor. God gaan ons deur godsdienste, leraars, die gesproke woord, of die raad van goeie vriende toets of op die proef stel. Ons word deur eksterne omstandighede getoets, maar deur ons eie begeertes verlei. God kan nie verlei nie (Jak.1:13,14). God gebruik eksterne toetse en ons eie begeertes om te sien wie Hom waarlik lief het (Jak.1:12). God het tot op die laaste oomblik gewag voor Hy Abraham gekeer het om die mes deur Isak se hart te steek. Sy woorde aan Abraham was: **“nou weet Ek dat jy God vrees” (Gen.22:12).** Voordat ons nie op ‘n belofte getoets word nie, is daar geen bewys dat ons dit regtig glo nie. God het daarna ‘n ram voorsien wat in die plek van Isak, Abraham se saad, geoffer kon word. Die ram is natuurlik ‘n skadubeeld van Jesus wat in die plek van al die saad van Abraham gesterf het. Dit sluit ons wat glo in want ons is Abraham se saad. **“En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.” (Gal.3:29).**

God het my eenkeer ‘n kar gegee ses maande nadat ek daarvoor gevra het. ‘n Jaar later gee Hy my toe opdrag om die kar te verkoop. Ek moet erken dat die opdrag ‘n skok was. Ons het vyf kinders gehad en ek sou veel eerder my tweede, kleiner kar wou verkoop. Ek was egter gehoorsaam en het die kar teen ‘n baie billike prys geadverteer. Na ‘n paar maande was dit nog nie



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

verkoop nie en het ek God gevra waarom dit die geval was. My redenasie was dat as Hy wou hê ek moet dit verkoop, moes Hy 'n koper voorsien. Sy antwoord aan my was "Ek wou hê dat jy die kar moes offer, net soos Abraham Isak moes offer". My antwoord aan Hom was: "maar Here, Abraham het Isak nie geoffer nie", en toe het ek besef dat God my toets. Hy wou sien of ek bereid was om dit wat vir my belangrik was, op te offer. Daarna het God gesê dat ek eerder my kleiner kar, wat ek op daardie stadium nie nodig gehad het nie, moes verkoop. Ek was baie verlig.

God gee ons opdragte in ons gees. Drome, visioene, openbarings of gesproke woorde sal met ons gees, maar nie ons vlees nie, saamstem. Wanneer God ons wil kruisig, gaan ons getoets word om te sien of ons die kruis gaan aanvaar of die makliker vleeslike uitweg gaan kies. Ons kan selfs getoets word om te sien of ons oorhaastig gaan optree en of ons geduldig op God gaan wag om seker te maak die opdrag is wel van Hom. 'n Mede-gelowige het eendag 'n visioen gehad waarin die Here gesê het dat hy al sy besittings moes verkoop en sendingwerk moes gaan doen. Baie mense kom ontnugterd en seergemaak terug van sendingwerk omdat hulle deur hulle godsdiens sendingveld toe gestuur is en nie deur God nie. Hy het my kom vra of ek gedink het dat die visioen wel 'n opdrag van God was. Ek het hom 'n paar vrae gevra. Dit was duidelik dat hy bang was om te gaan en dat sy geloof min was, maar hy wou nie ongehoorsaam wees nie. Ek het geweet dat God besig was om hom voor te berei om Hom voltyds te dien, maar ek het ook geweet dat hy nog nie gereed was nie. My raad aan hom was om te bid en op God te wag. Indien God dit nie in sy gees bevestig nie, moes hy die visioen ignoreer. Dank Vader hy het. Ons moenie iets doen indien ons onseker is oor wat God se opdrag is nie. Ons moenie deur profesieë, drome of visioene gelei word indien ons gees nie daarmee saamstem nie. Hulle dien as wonderlike bevestigings en rigtingwysers vir dit wat ons in ons gees ervaar, maar ons moet deur die Gees van God gelei word!

Wanneer God iets uit die Skrif in ons gees plaas, moet ons nie dat iemand ons van iets anders oortuig nie. Petrus was instrumenteel om Jesus op so 'n wyse te toets. Jesus het sy dissipels vertel dat Hy in Jerusalem sou sterf. Petrus het Jesus

**HOOFSTUK 7**  
**God se Soewereiniteit oor Misleiding**

tereggewys. “**Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.**” (Matt.16:22,23). Jesus het geweet dat Satan besig was om Petrus te gebruik om Hom te toets om te sien of Hy eerder Sy vlees sou volg.

## HOOFSTUK 8

### God se Soewereiniteit oor Siekte, die Dood en die Vloek

**“Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; *Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.*”**  
(Deut.32:39)

Ons God verbrysel en maak dood! Voel jy ongemaklik daaroor? Dit is vir baie mense heeltemal onaanvaarbaar; hulle is oortuig dat dit net Satan of mense is wat wond of doodmaak. Satan en mense is egter net instrumente in God se hande. Nét God het alle outoriteit in die hemel en op aarde (Matt.28:18). God doen al hierdie dinge omdat Hy ‘n Regverdige Regter is. God werk van alle kante af om ons te red: Hy stuur die vloek om ons te laat wegdraai van sonde én Hy stuur ‘n Verlosser om die wat wegdraai te red. Hy sê: **“*Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees.*”** Dit behoort ons te motiveer om aan Hom vreugde te verskaf deur Hom te vrees en te gehoorsaam.

Indien God ‘n vloek oor jou bring om jou tot inkeer te bring, kan jy daarvan verlos word as jy jou nie bekeer nie? Dis wat mense graag wil hê: seën sonder bekering. Die mens het al baie dinge bedink sodat hulle hul nie te hoef bekeer nie, maar dit kom al terug as ‘n vloek. God sê duidelik: **“*daar is niemand wat uit my hand red nie*”**. Hierdie woorde is in skrilte kontras met wat die wêreld glo, maar God laat hierdie misleiding met ‘n doel toe. Niemand kan ‘n vloek verbreek sonder die Blye Boodskap nie. God kan soms genade betoon en iemand verlos, maar dit gaan nie noodwendig standhoudend wees nie. Redding kan net gewaarborg word as iemand onder Christus se bloed leef. Die leraars wat met God se Woord saamstem sal deur Sy krag mense genees, redding bedien en voorsien in die behoeftes van mense wat hul bekeer het en wie daarvoor kwalifiseer deur hul regverdigheid en geloof.

God het Paulus gebruik om ‘n man aan Satan oor te lewer om hom tot inkeer te laat kom. **“...om so iemand aan die Satan oor te lewer**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

**tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.**” (1Kor.5:5). Dit klink onaanvaarbaar vir iemand wie se verstand nie vernuwe is met die Woord nie, maar God gee mense oor aan Satan en/of sy demone en dit is vir daardie persoon se eie beswil. Hulle tugtig die sondaar sodat hy kan besef dat hy sondig. Dit is belangrik dat ons besef dat dit God is wat oor alles en almal in beheer is. Andersins moet jy nou baie vinnig begin om die duiwel te vrees. As die duiwel mag sou hê om te doen wat hy wil sou ons baie rede gehad het om baie bang vir hom te wees. Maar Jesus verbied ons om Satan te vrees. **“En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak (Satan en sy demone, deur middel van mense) en daarna niks meer kan doen nie; maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte (Grieks: “outoriteit”) is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!” (Luk.12:4).** Moenie God se instrumente vrees nie, net God het die outoriteit om iemand tot die hel te veroem nadat Hy doodgemaak het. Het ons al gehoor dat mense sê: “God sal nie iemand hel toe stuur nie”? Daar is ‘n mate van waarheid daarin want demone laat mense in die hel beland, maar God het die outoriteit om dit te laat gebeur of nie. Ons opdrag is om niemand anders as nê God te vrees nie. Die rede hoekom God vir Sy kinders kan sê: **“Wees oor niks besorg nie...” (Fil.4:6)** is omdat Hy altyd in beheer is!

God is nooit verkeerd nie. Mense blameer God vir die dood van ‘n geliefde of vir ‘n tragedie maar Hy is altyd reg in wat Hy doen. Ons moet weet dat God Homself verbind het met Sy Woord. **“Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele” (Ps.119:89).** As God iets gesê het, bly Hy daarby. As Hy dit nie doen nie is Hy mos ‘n leuenaar of verbreek Hy Sy woord. Wanneer ‘n belofte in die Woord aan ‘n voorwaarde gekoppel is, moet dit nagekom word of die belofte kan nie in werking treë nie. **“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo...” (Rom.1:16).** Kan ons verwag dat God sal voorsien as ons nie Sy Woord glo nie? Baie ongelowige “Christene” kry swaar omdat hulle nie die voorwaardes nakom nie. Hulle verskoning is “dit is seker nie nou God se wil om my te genees/red/seën nie”. Jesus het nie een keer gesê dat Sy kinders iets “nie ontvang nie” omdat dit nie binne Sy Vader se wil is nie. Jesus het wel gesê: **“...Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het.**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

” (Matt.8:13), “...Laat dit vir julle wees volgens julle geloof” (Matt.9:29), “...Deur julle ongeloof:...” (Matt.17:20), “...Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees” (Mark.5:34). Jesus het ook gesê dat Hy in sy eie dorp nie groot werke kon doen nie omdat die mense daar nie geglo het nie (Matt.13:58; Mark.6:5). Geloof is die voorwaarde wat jy moet nakom om God se beloftes te ontvang.

Indien ons ‘n probleem in ons lewe ondervind, het ons net onself om te blameer. **“Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.”** (Gal.6:7), **“Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.”** (Matt.7:2). Indien ons in onvergewensgesindheid teenoor iemand lewe en tog tot God bid om ons liggaam gesond te maak, beteken dit nie dat God Sy Woord moet verbreek om ons gesond te maak nie? **“Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.”** (Matt.6:15), **“Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.”** (Jak.5:16). Kan ons verwag dat God vir ons moet gee as ons nie eerste gee nie? **“Gee, en aan julle sal gegee word”** (Luk.6:38). Dit wat God doen is reg en geregverdig. Hulle wat in God se soewereiniteit en goeie doel met alles glo, bevraagteken nie dit wat God doen nie. Hulle glo God is in beheer en hulle vertrou Hom wetende dat Hy net doen wat goed en reg is. Kan ek jou goeie raad gee? As jy probleme het, soek die oorsprong daarvan en maak ‘n regstelling dan hoef jy nie swaar te kry en self iets aan die vloek te doen nie; God sal dit wegneem.

Hoekom blameer Christene die duivel so dikwels vir gebeure terwyl die Woord so min oor hom skryf? Die duivel is net ‘n engel (Grieks: “boodskapper”), maar die wêreld en die wêreldse kerk het van hom ‘n god gemaak. God het die duivel geskep sodat Hy hom kan aanwend vir Sy doel. Vir hulle wat glo het Jesus deur Sy kruisdood, die duivel se mag oor die dood weggeneem. **“...sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duivel—”** (Heb.2:14). Die duivel het nooit outoriteit oor die dood gehad nie. Outoriteit is die reg om mag te gebruik. **“Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom.”** (1Sam.2:6). Lewe en dood is in God se hande, nie in

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

enigiemand anders s'n nie. Maar weer eens beteken dit nie dat ons nie verantwoordelikhede het nie. **“Dood en lewe is in die mag van die tong” (Pr.18:21)**. Ons moet versigtig wees om nie van God se Woord te verskil nie, want dan bring ons die vloek oor onself (Openb.22:18,19). **“Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen.” (Num.14:28)**. **“Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.” (Matt.12:37)**. God reageer na gelang van ons reaksie op Sy Woord. Alles is onderhewig aan die Woord wat God gespreek het, selfs Sy eie wil. **“...want U het vanweë u ganse Naam u toesegging groot gemaak” (Ps.138:2)**; [ASV: **“For thou hast magnified thy word above all thy name.”**] God stel die Woord eerste, as 'n standaard of 'n norm waarop ons kan staat maak, selfs bo Sy eie Naam. In Hebreeus beteken naam “karakter en outoriteit”. God stel dus Sy Woord bo Sy eie karakter en outoriteit. God wil hê ons moet weet dat Hy Sy Woord bo enige begeerte of doel wat ons mag dink Hy kan hê, stel. Sy Woord is immers Sy begeerte en Sy doel.

**“Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy” (1Sam.2:7)**. Baie Christene dink hulle voorspoed is aan hul eie wysheid of harde werk te danke. Ons word van kleins af geleer dat jy voorspoedig is as jy wêreldse sukses behaal. God sê egter: **“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” (Matt.6:33)**. As ons wêreldse dinge eerste najaag, loop ons die koninkryk mis. As ons eerste die koninkryk soek, sal God aan ons wêreldse behoeftes voorsien. **“En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus.” (Filip.4:19)**. God sal in al ons behoeftes voorsien wat nodig is om Sy Wil en koninkryk in ons lewens te bevorder. En dit geld natuurlik ook vir wanneer ons Sy koninkryk in ander se lewens bevorder.

Deur die genade van God was dit hoe ek geleef het. Toe het God eendag vir my gesê: “Jy gaan nooit weer vir 'n mens werk nie”. Hy het aan my gewys dat ek Sy koninkryk in Pensacola, Florida, moes gaan uitbou. Ek het op daardie stadium al jare lank skuldvry geleef, maar nie genoeg geld gehad om 'n huis of kar te koop nie en het God gevra om dit moontlik te maak. Binne ses maande het ek 'n voertuig en 'n huis in Pensacola gehad. Maar voor Hy die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

huis en voertuig in Pensacola voorsien het, het Hy my opdrag gegee om die huis en kar wat ek toe besit het eers weg te gee! Sedertdien sorg Hy vir ons. Ek glo dat God in elke behoefte van ons wat mag ontstaan, sal voorsien. Wie het die vrouens en kinders van die dissipels versorg toe hulle Jesus vir drie en 'n half jaar lank gevolg het? En daarna? Paulus sê in 1Kor.9:5 dat hulle vrouens gehad het. En as daar vrouens was, moes daar ook kinders gewees het.

Om voorspoedig in die koninkryk van God te wees, is nie dieselfde as om voorspoedig op aarde te wees nie. **“Daar is een wat hom ryk hou, en hy het glad niks nie; een wat hom arm hou, en hy het baie goed.” (Spr.13:7).** Ons is nie hier op aarde om onself te verryk of om die oue mens voorspoedig te maak nie, maar om ons gees voorspoedig te maak. Jesus en Sy dissipels is vir ons die voorbeeld hiervan. Hulle het geen liefde vir wêreldse goed gehad nie (1Joh.2:15). Die sogenaamde voorspoed-leraars argumenteer dat Jesus ryk was aangesien Sy kleed nie 'n naat gehad het nie. Al probeer hulle hoe hard, gaan hulle nie die kameel deur die naald se oog geforseer kry nie. God gee die duiwel die mag om ons met rykdom te verlei. **“Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.” (Matt.4:1,8,9).**

Die duiwel het al die dinge van die wêreld vir Jesus aangebied, Hy moes net neerval en hom dien. **“Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!” (Matt.6:24).** Dit is God se manier om uit te vind wie Hom liefhet sodat Hy hulle van die onkruid kan skei. Wees versigtig om geloof te gebruik om ryk te word, want God gaan jou antwoord na jou begeertes. In 1Tim.6:5-11 word die gelowige gemaan om tevrede te wees met voedsel en klere en om weg te vlug van 'n liefde vir geld; dit laat mens afdwaal van geloof en die versoekings wat dit meebring kan jou dwase en pynlike dinge laat doen. Rykes wat in oormaat leef mors die kos wat na minderbevoorregtes moes gaan. God sê daar is net genoeg kos op die aarde om in almal se behoeftes te voorsien. **“As die goed baie word, word die eters baie; watter voordeel het**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

*die besitter dan daarvan, behalwe dat sy oë dit aanskou?” (Pred.5:10). Mense wat honger ly gaan op die oordeelsdag ‘n vinger wys na die rykes wat verkwis het!*

God se doel met die vloek is om Sy kinders te motiveer om hulle te bekeer en Hom te gehoorsaam. Hierdie gedeelte wys duidelik dat die vloek van God af kom: **“Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooe en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handeling, dat jy My verlaat het. Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Die HERE sal jou swaar tref met toring en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom. Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is. Die HERE sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uit vlug—en jy sal ‘n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word. Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie. Die HERE sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring,... Die HERE sal jou tref met bouse swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel. Die HERE sal jou en jou koning wat jy oor jou sal aanstel, na ‘n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien.” (Deut.28:15,20-27,35,37).**

Let op dat dit God self is wat die vloek oor iemand bring. Waarom ontken die wêreldse kerke dit? Hoe en waarom doen God dit? **“Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie, sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien...” (Deut.28:47,48).** As ons teen God se Woord rebelleer, met ander woorde ongehoorsaam is, gebruik Hy ons vyande om die vloek oor ons te bring. As ons God nie dien nie, dien ons die vyand wat God gestuur het. God stuur die vyand en die vloek om ons te tugtig. Dit is waarvoor God die duiwel, sy demone en die goddelose geskep het. God neem alle



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

verantwoordelikheid vir enige vloek wat op 'n mens is. Hy doen dit om jou te motiveer om Godvresend te leef en Hom te dien met vreugde en 'n hart vol blydschap vir die oorfloed wat jy uit Sy hand ontvang.

Indien daar 'n vloek oor jou is wat nie in Deut.28 genoem word nie, moet jy nie dink dit kom nie van God af nie. Lees verder: **“Ook allerhande siektes en allerhande plaes wat in die boek van hierdie wet nie geskrywe is nie, dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdalg is.” (Deut.28:61).** Oeps! **“Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad.” (Spr.3:7).** Die wat God vrees en hulle bekeer van hulle verkeerde weë mag met reg aanspraak maak daarop om van die vloek verlos te word. **“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang— sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.” (Gal.3:13-14).** Wat is “die seën van Abraham”? **“En Abraham was oud en vêr op sy dae, en die HERE het Abraham in alles geseën.” (Gen.24:1).** Alle heerlikheid aan God daarvoor! Jesus het die volle vloek (Deut.28:20-27) wat vir ons bedoel was gedra. Al wat ons moet doen om deel te hê aan al die seëninge (Deut.28:1-13), is om ons te bekeer en te glo dat al die beloftes in Jesus vir ons waar is. Ons is in Christus geseënd in alles.

**“Daarop het die HERE aan Moses gesê: Hoe lank sal hierdie volk My verag? En hoe lank sal hulle in My nie glo nie, ondanks al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei; en Ek sal jou ‘n groter en sterker nasie maak as hulle.” [ASV: “I will smite them with the pestilence, and disinherit them, and will make of thee a nation greater and mightier than they.”] (Num.14:11,12).** Ons moenie twyfel aan wat God in Sy Woord sê nie; Hy doen wat Hy sê. Watter beter voorbeeld is daar as wat in Noag se dae gebeur het? God het die aarde van vooraf met Noag se seuns gevul. Die aanhaling hierbo verwys na die tydperk toe die twaalf spioene Kanaän moes gaan verken. Dit was hulle “Beloofde Land”. Die spioene het egter met 'n verslag teruggekom wat negatief was. Hulle het gesê dat Israel nie die land van die Kanaäniete sou kon inneem nie. Dit het God kwaad gemaak want Hy het gesê dat Hy die land aan hulle gegee het.

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

Die land Kanaän is 'n skadubeeld van ons liggaam. Die land Kanaän bestaan uit grond, net soos ons uit grond geskep is (Gen.2:7). **“Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.” (1Kor.3:9).** God wil ons medewerkers maak sodat die vrug van Christus, die geestelike mens, in (ons) Sy akker kan opgroei. God waarsku dié wat Sy Gees en Woord ontvang het, om nie weg te val soos grond wat nie vrug dra nie. **“Want die grond wat die reën (Gees en Woord) indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.” (Heb.6:7,8).** God vervloek die grond wat nie vrug dra nie. Aan die wat nuut-of wedergebore is het God hierdie land (ons vlees/oue mens) gegee om in alle opsigte deur die geestelike mens beheer te word. Soos God in die Ou Testament die Israeliet gestuur het om die Kanaäniete in die Beloofde Land te oorwin, stuur Hy vandag ons nuwe geestelike mens om ons liggaam/vlees van die Kanaäniete af te neem. Hulle verteenwoordig die vleeslike begeertes, die oue mens. Die Hebreeuse name van die stamme van Kanaän verteenwoordig die verskillende vleeslike eienskappe wat dood gemaak moet word (Gen.10:15-18). Hulle konings verteenwoordig die owerhede en magte wat oor die vlees heers.

Tien van die twaalf spioene wat Kanaän binne gegaan het, het teruggekom met 'n negatiewe boodskap. Hulle het geglo dat Israel nie die land sou kon inneem nie. Dit is vandag ook so: tien uit twaalf leraars se boodskap is dat ons nie sonde kan oorwin nie. Hulle leer ons dat ons tevrede moet wees as ons sondes vergewe word en dat ons geen hoop het om geheilig te word en vry te wees van vleeslike begeertes nie. Dit beteken egter dat God nooit in ons land/liggaam kan heers nie. Daarteenoor sê God duidelik vir ons deur hierdie skadubeeld dat ons die swaard van die gees (Heb.4:12), die Woord, moet opneem en die Kanaäniete/oue mens wat in ons land bly, moet doodmaak, sy huis moet oorneem en ons eie vrug daar moet laat groei (vrug van die gees). **“Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.” (2Kor.7:1).** God sal ons nie opdrag gee om iets te doen wat ons nie deur geloof in Hom kan

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

regkry nie. ***“Ek is met Christus gekruisig, en ék (die oue mens/ Kanaäniet) leef nie meer nie, maar Christus (die nuwe mens/ Israeliet/geestelike mens) leef in my.” (Gal.2:20).*** Vir die wat die negatiewe boodskap van die tien spioene glo, sê God ***“Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei.” (Num.14:12); [ASV: “and disinherit them”].***

Josua en Kaleb was die enigste twee wat geglo het die Beloofde Land is hulle s'n en dat hulle dit by die Kanaäniete kon afneem. ***“Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie!” (Num.14:9).*** Die toetse waarvoor die oue mens te staan kom in hierdie oorlog is die spys vir die nuwe mens. As jy oorwinning behaal oor 'n vleeslike begeerte is dit kos vir jou geestelike mens om te groei. Jou oue mens en jou nuwe mens baklei oor dieselfde grondgebied, jou liggaam; hoe meer jou oue mens sterf hoe meer plek is daar vir jou nuwe mens waar hy kan groei en lewe. Vir hulle wat glo sê God dat Hy die Kanaäniet se beskutting of weerstand wegeneem het. God is saam met ons in ons stryd.

***“Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het.” (Jos.1:3).*** God se Woord is ook 'n tipe van die Beloofde Land. Elke belofte in die Woord waarop ons met ons voetsool trap, gee God aan ons. Alhoewel ek nie ten gunste van denominasies is nie, het ek in die verlede in verskeie gedien. Dit is vir my baie duidelik dat hulle sekere gedeeltes van die Woord uitsoek en daarop konsentreer. Dit maak dat net die beloftes van dié uitgesoekte gedeelte vir hulle waar word. Gelukkig word mense toenemend vry van denominasies en beweeg meer in die volheid van die Woord in en ontvang gevolglik meer voordele daaruit. So baie kerke vandag verkondig net die “negatiewe boodskap” oor Kanaän. Hulle glo nie dat God se Wil vir elkeen genesing, voorsiening, heiligmaking en verlossing van die vloek insluit nie, dit omdat hulle nie weet wat God se Wil is nie. My boodskap is “Deursoek God se Woord en vind uit wat Sy Wil is dan kan jy in die oorfloed lewe wat God in Sy soewereiniteit aan jou gegee het.”

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

**“Want oor nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte, en al die lewende wesens wat Ek gemaak het, van die aarde verdelg.” (Gen.7:4).** Waarom wou God die wêreld vernietig? **“Toe sien God die aarde aan, en - dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.” (Gen.6:12).** Dit is vandag ook so. **“En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.” (Matt.24:37).** Mense neem aanstoot as ek sê dat God verantwoordelik gaan wees vir die vernietigende gebeure wat op ons wag. Voordat die mens se verstand nie vernuwe is met die Woord nie, glo die mens dat hy basies goed is en nie sulke optrede verdien nie. God is op die punt om te bewys dit is ‘n leuen.

Die mens wat in **“ongeregtigheid gebore is” (Ps.51:5),** het vir God dieselfde waarde as ‘n dier. **“...soos die redelose diere wat die natuur volg gebore om gevang en vernietig te word in hul verdorwenheid te gronde gaan.” (2Pet.2:12).** En verder: **“En al die aardbewoners word as niks geag nie” (Dan.4:35).** Die Woord sê nie die mens is nie tot meer instaat as diere nie, die Woord sê dat die mens wat nie gered is nie in God se oë nie meer werd is as ‘n dier nie, dit in teenstelling met die denke van afvallige leraars. **“Ek het in my hart gesê: Ter wille van die mensekinders gebeur dit, dat God hulle kan beproef, en dat hulle kan insien dat hulle in hulleself vee is. ...en hulle almal het dieselfde asem (Hebreeus: “gees”), en ‘n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie;” (Pred.3:18,19)** (die mens met ‘n verstand wat nie vernuwe is nie, het dieselfde gees as ‘n dier). Mense sê soms verkeerdelik dat diere nie ‘n gees het nie. **“Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe, en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde? (Pred.3:21); [ASV: “Who knoweth the spirit of man, whether it goeth upward, and the spirit of the beast, whether it goeth downward to the earth?” (Pred.3:21)].** Die Woord sê nie dat “alle diere se gees ondertoe gaan en alle mense se gees boontoe gaan nie”. Die woord “asem” wat hier gebruik word, is die Hebreeuse woord vir “die gees van diere”. (Gen.7:22; Ps.104:29,30). Mense dink ook dat die mens ‘n hoër skepping is as die dier omdat hy ‘n siel het. Dit is onwaar! **“Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin ‘n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.” (Gen.1:30).** (Sien ook Job 12:10 en Lev.17:11).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Dié mens wie se verstand nie vernuwe is met God se Woord nie, is in God se oë dus niks hoër as 'n dier nie. ***“...onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.” (Ef.2:3)***. Daar was niks goeds in ons voordat ons God geken het nie. Al wat daar van ons is wat bruikbaar is vir God is die grond waaruit ons geskep is waarin Hy Sy saad kan plant. Ons grond is ook nie beter as dié van die volgende persoon nie. ***“Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?” (Rom.9:21)***. Almal wil graag weet: “Hoekom het God my gekies?” Die antwoord is: “Dit is die uitverkiesing, niks anders nie!” Die volgende natuurlike gedagte is: “Maar daar moet iets anders aan my wees”. Wel miskien is daar: ***“...maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies ... wat swak is by die wêreld, het God uitverkies ... en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, ...sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.” (1Kor.1:27-29)***. Daar is geen verskil tussen ons oue mens en 'n heiden se oue mens nie. 'n Heiden gaan God nooit ken nie en sal Hom sy hele lewe lank verwerp. God kies egter ons oue mens om 'n surrogaat-ma te wees vir Sy geestelike mens wat Hy van bo af in ons saai deur die Woord. Dis die enigste waarde wat ons vlees vir God inhou. God wil nie die oue mens hê nie, maar wel die vrug wat uit hom gebore word. ***“Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.” (1Kor.15:50)***. ***“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer (die Grieks vir weer is “van bo”) gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” (Joh.3:3)***.

God het sover gegaan om die hele mensdom behalwe Noag en sewe ander uit te wis. ***“Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.” (Gen.6:8)***. Noag het dit nie verdien nie; dit was genade. Dit is net deur geloof wat mens genade vind en vrug dra wat jou instaat stel om aan Jesus se ark te bou waarin jy van die sondvloed kan ontvlug. Die tien plae in Egipte is 'n voorbeeld van God se oordeel wat die wêreld in die verdrukking kan verwag. In Eksodus sê God duidelik dat hulle die hele Paaslam moes eet om die oordeel vry te spring. Die Paaslam is die skadubeeld van Christus. (Ex.12:9-11,29-31). Hulle opdrag was ***“Julle mag daar ook***

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

*niks van laat oorbly tot die môre toe nie, die kop (verstand) en pootjies (wandel) saam met die binnegoed (hart)..." (Ex.12:9,10) moes geëet word. Alles wat Christus is en doen, moet deur geloof in die beloftes deel word van jou wese. Dan is jy in Jesus se ark en sal jy die vloek van sonde en dood vryspring. **"Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie."** (Ex.12:23). In teenstelling met wat mense in die algemeen glo, is dit God self wat deur Egipte gestap het met die duivel aan 'n leiband en Hy het bepaal waar die duivel ingaan of nie ingaan nie. God het hom toegelaat om in die huise wat nie bloed aan die kosyne gehad het nie, in te gaan en die Egiptenare met die dood te tref. Die les vir ons is om God te vrees en deur geloof onder die bloed te leef anders gaan Hy die duivel toelaat om by ons huise in te gaan. **"Hy wat in die skuiplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige."** (Ps.91:1).*

**"Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid."** (Ps.111:10). As ons gehoorsaam is hoef ons God nie te vrees nie. Ons het wel rede om God te vrees as ons doelbewus ongehoorsaam is. Dan is vrees 'n middel tot die doel om ons van sonde te laat wegdraai. Sonde as gevolg van 'n gebrek aan kennis (Rom.5:13; 7:8,9) en as gevolg van mislukking of swakheid (Rom.7:19-25) is onder die bloed. Ons kan egter nie vergifnis verwag indien ons opsetlik sondig nie. **"Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel."** (Heb.10:26,27). Jesus het al ons sonde en ook die gevolge van al ons sonde gedra. Hy het egter nie die gevolge van opsetlike sonde gedra nie. Let wel, **"bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel"**. Daar is soveel onwaarhede oor wanneer ons kwalifiseer vir vergifnis van sonde en wanneer nie. **"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."** (1Joh.1:7). Jesus se bloed reinig dié wat in die lig van die Woord wandel maar nie dié wat in die duisternis van opsetlike sonde wandel nie.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

As ons opsetlik sondig gaan ons regverdiglik deur God geoordeel word en ons gaan die prys daarvoor moet betaal, hier en nou op hierdie aarde. **“En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers (demone) totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.” (Matt.18:34,35).** God gebruik demone om ons te straf vir sonde wat ons opsetlik pleeg. **“Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter (God) en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar (demon) en jy in die gevangenis gewerp word nie. Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.” (Matt.5:25,26).** Die gevangenis waarna verwys word is die geestelike binding aan sonde en die vloek en dit word deur die demone bestuur of uitgevoer. Jesus het gekom **“...om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis” (Jes.1:1).** Opsetlike sonde stuur ons terug na die tronk waaruit Jesus ons bevry het.

Dawid het opsetlik gesondig toe hy owerspel met Batseba gepleeg het. Toe hy sy sonde bely, het Natan die profeet aan hom gesê: **“So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie.” (2Sam.2:13),** maar hy het ook gesê: **“En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie” (2Sam.12:10).** Met ander woorde: “Jy is vergewe maar gaan ‘n prys daarvoor betaal.” Dit is ook wat gebeur het. Dawid het drie seuns en baie manskappe verloor. Sy eie seun Absalom het die volk se simpatie gewen, die koningskap wederregtelik oorgeneem en Dawid moes uiteindelik vir sy lewe vlug. Ons straf nie ons kinders as hulle foute maak of faal nie, maar wel as hulle iets opsetlik verkeerd doen. Paulus sê in sy brief aan die Romeine: **“Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.” (Rom.7:19,20).** Paulus het gefaal en teen sy eie wil gesondig. Let wel, Paulus het sonde gehaat en was nie as skuldig daarvoor gereken nie; sy oue mens se natuur was skuldig. Wanneer ons besluit het dat ons nie ‘n bepaalde sonde wil doen nie, is God saam met ons teen die sonde. Hy skaar Hom aan die kant van ons geestelike mens. In hierdie toestand roep Paulus na God: **“Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?”**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

(Rom.7:24). Dan aanvaar hy God se belofte van redding deur geloof en kan uitroep: **“Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!”** (Rom.7:25). Jesus het die vloek gedra vir mense soos Paulus wat sy sonde bely en begeer om te verander.

**“So kan dan ook niemand van julle wat nie af sien van al sy besittings, my dissipel wees nie.”** (Luk.14:33). Jesus het gesê dat ons van alles wat ons het moet afsien, nie dat ons alles wat ons het moet verkoop nie. Daar is 'n hemelbreë verskil. Ons moet afsien van eienaarskap: ons moenie meer die eienaar wees, of in beheer wees van ons regte, ons wil of ons eiendom nie, maar bestuurders daarvan. Ons toewyding aan God moet honderd persent wees. Dit beteken ons moet ons regte, wil en ons eiendom toewy aan God of in Sy hande plaas en Hom toelaat om vir ons te sê wat ons daarmee moet doen. Ek glo dit is waarom Ananias en Saffira se storie gaan. **“Maar ‘n sekere man met die naam van Ananias het saam met sy vrou Saffira ‘n eiendom verkoop, en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en ‘n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. Toe sê Petrus: Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.”** (Hand.5:1-4). Almal in die kerk het op daardie stadium luukshede prysgegee sodat daar aan al die gemeentelike se behoeftes voldoen kon word. Ananias en Saffira het gemaak asof hulle dit ook doen maar in die proses nie net vir mense nie, maar ook vir God gelieg. **“...Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.”** (Matt.25:40). God het hulle doodgemaak omdat hulle voorgegee het dat hul toegewyd was aan die liggaam. **“En toe Ananias hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en ‘n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het.”** Toe kom Saffira in. **“En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe.”** (Hand.5:5,8). God het deur die profetiese woord van Petrus mag aan Satan gegee om hulle dood te maak.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ek is oortuig daarvan dat dit vandag nog gebeur. Mense glo net aan natuurlike oorsake van dood; hulle besef nie dat dit God is wat vir iemand se dood verantwoordelik is nie, en vrees God daarom nie. God maak egter gebruik van die natuur. Wie weet waaraan Ananias en Saffira dood is? Miskien was dit hartaanvalle. Hoeveel mense vandag wat sogenaamde Christene is sterf aan “natuurlike oorsake”? Was hulle toewyding aan God en Sy liggaam nie dalk ook skynheilig nie? Hulle sonde verontreinig die liggaam van Christus. Hulle dood mag dalk nie so dramaties wees soos dié van Ananias en Saffira nie, maar God het op daardie stadium ‘n suiwer kerk geëer en verdedig. Vandag se kerk is ongelukkig nie suiwer nie. Baie onkruid kom in die kerk in, net soos Jesus gesê het gaan gebeur. “Kerk” beteken “die uitgeroepes”. Dit is nié ‘n gebou vol mense wat nie toegewyd is nie. ‘n Groot vrees het in daardie tyd oor die mense van die kerk gekom. Hulle het God se hand gesien op die mense wat onder valse voorwendsel wou aansluit by die wat uitgeroep was: **“En ‘n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het.” (Hand.5:11)**. Selfs die wat verlore was het God en Sy volgelinge gevrees. Hulle het genoeg respek gehad om hulle nie by die gemeente te voeg indien hulle nie toegewyd genoeg was nie. **“En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue.” (Hand.5:13,14)**. Die Kerk gaan in hierdie laaste dae van verdrukking weer geheilig word. Alhoewel baie mense bygevoeg gaan word, gaan God haar beskerm teen besoedeling deur die skynheiliges van die wêreld.

In Korinthe het van die mense by die Heilige Nagmaal sonder respek teenoor die liggaam van Christus opgetreë. Hulle het geen selfbeheersing aan die dag gelê nie en te veel brood geëet en dronk geword van die wyn terwyl daar van die arm mense was wat niks gehad het om te eet of te drink nie (1Kor11:20,22). Paulus moes hulle daarop wys dat dit nie net ‘n seremoniële byeenkoms was nie. **“Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.” (1Kor.11:26)**. Wanneer ons die brood eet en die wyn drink sê ons: “Soos wat ons vandag deel het aan die liggaam en bloed van Christus, so ook het ons deel aan Sy dood en lewe”. Hulle het

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

voorgegee om toegewyd te wees maar hulle optrede het die teenoorgestelde bewys. Daarom het God 'n oordeel oor hulle gebring. **“Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.”** (1Kor.11:27-30). God het hulle siek en swak laat word en sommiges het gesterf. Hulle optrede het nie daarvan getuig dat hulle waarlik soos Christus wou sterf nie. Hulle vlees was baie duidelik lewendig. Hulle was ook gevoelloos teenoor die liggaam van Christus en het hulle hul geen aks gesteur aan hulle gewete nie. **“Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.”** (1Kor.11:31,32). Die Kerk in die algemeen dink siekte en dood is die gevolg van die duivel wat mense martel en besef nie dat dit tugging van God is nie. Ongelukkig ontnem dit mense van baie voorregte. As ons glo dat die duivel verantwoordelik is vir siekte en dood bring dit ons nie by selfondersoek uit nie. So verloor ons die geleentheid om ons van verborge sondes te bekeer en mis ons God se seën.

God kan ongelukkig net die kinders wat gehoorsaam is verdedig! Hy het 'n geestelike ark in Sion geskep vir die tye wat die vyand soos 'n vloed kom om Israel en Juda te oorwin (2Kon.18:11,13). Net soos in Noag se dae het daar ook net 'n klein groepie mense oorgebly wat die aarde daarna moes bevolk. **“Dan sal die vrygeraaktes wat oorgebly het van die huis van Juda, weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe. Want uit Jerusalem sal 'n oorblyfsel uitgaan en vrygeraaktes van die berg Sion. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.”** (2Kon.19:30,31). Diegene wat in die ark was, was veilig teen die vloedwaters. **“Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur.”** (Pred.1:9). Gaan soek jou veiligheid eerder in Jesus se ark voordat die tyd aanbreek vir die geskiedenis om te herhaal en die volgende sondvloed hier is. **“En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tahtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak -- was dit almal dooie liggame!”** (2Kon.19:35). God het 185 000 mense doodgemaak wat Hom nie geken het nie. In

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

vandag se tye woon daar baie meer mense as dit in die groot stede; Oklohama City het na 'n bom aanval getreur oor die dood van minder as 200 mense, en dit uit 'n bevolking van meer as 500 000! God se daad was verskriklik, maar God is reg as Hy dit doen, net so reg as wat Hy was toe Hy die totale mensdom tydens die sondvloed uitgeroei het. Die Christene wat veilig in Jesus se ark was op 9/11 is nie dood nie; hulle het net van adres verander. Dit is nie onaangenaam in die hemel nie, vriende, dit is wonderlik om veilig en gelukkig in Jesus se arms te wees. ***“Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote.” (Ps.116:15).*** Met die tragiese gebeure by die World Trade Center was daar mense wat fisies op wonderbaarlik wyse oorleef het en ander wat vooraf gewaarsku is om nie daarheen te gaan nie. Hulle was die uitverkorenes in Sion of in Jesus se ark. Dit gaan nog met baie ander gebeur wat deur hulle geloof in dié beloftes nie onder die vloek leef nie, maar in Sion is.

Daar is baie mense wat al drome en visioene gehad het van stede en nasies wat deur atoombomme getref word. Daar woon byvoorbeeld meer as 16 miljoen mense in die groter New York area. Baie mense gaan eendag in die eerste werklike wêreldoorlog sterf. ***“So sê die HERE van die leërskaare: Kyk, onheil gaan uit van volk tot volk, en 'n groot storm word opgewek uit die agterhoek van die aarde. En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.” (Jer.25:32,33).*** Let op dat die Here verantwoordelik is vir die uitwissing van die goddeloses op die aarde.

***“EN ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?” (Openb.5:1,2).*** Hierdie seëls verteenwoordig die oordeel van God wat die grootste deel van die mensdom gaan uitwis. ***“En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie. En ek het baie geweene, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie. Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie weene nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van***

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

**Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.”**  
**(Openb.5:3-5).**

Volgens die profesieë in Openbaring gaan die oordeel eers ‘n kwart van die mensdom uitwis (Openb.6:8), later ‘n derde (Openb.9:15,18) en nog later ál die goddeloses (Openb.20:7-9,15). In Openbaring 5 sien ons dat Johannes huil omdat daar niemand is wat waardig is om die seëls oop te maak nie. Dan hoor hy dat Jesus, die Leeu van die stam van Juda, oorwin het en waardig is om die seëls te breek. Hoekom is dit so belangrik dat so baie mense dood gemaak moet word? Dit is vir God belangrik omdat die wêreld Sy kinders so sleg behandel het. **“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuënis wat hulle gehad het. En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?”** (Openb.6:9,10). Op hierdie stadium gaan die wêreld gepolariseer wees en God se kinders gaan in verskriklike vervolgings doodgemaak word. Die gelowiges gaan by God pleit dat die wêreldwye dier wat teen Sy kinders oorlog maak, uitgewis moet word.

1Samuel 4 vertel die verhaal van Israel en die Filistyne wat in ‘n oorlog gewikkel was. God het aan my gewys dat dit ‘n skadubeeld van ons lewens is. Die Filistyne verteenwoordig ons vleeslike of oue mens en Israel ons geestelike mens. Hulle is voortdurend in ‘n oorlog gewikkel. **“...want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie”** (Gal.5:17). In 1Sam.4:11 lees ons dat die Filistyne die Verbondsark by Israel gesteel het. Die Verbondsark verteenwoordig ons geestelike mens waarin God Sy woning maak, net soos Hy teenwoordig was in die Allerheiligste. Die Filistynse leiers het die Verbondsark in elk van hulle vyf hoofstede laat staan, maar elke keer het ‘n vloek oor die mense gekom en die inwoners van die stad het aan gewasse (geswelle) gesterf. Dieselfde gebeur met ons wanneer ons soos die Filistyne die Verbondsark neem waarheen ons wil, pleks daarvan dat ons geestelike mens dit beheer. God veroordeel ons daarvoor met geswelle/siektes of selfs die dood. Dit is die vloek van sonde en dood. **“Maar die hand van die HERE was swaar op die Asdodiete, en Hy**

**GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**het hulle verskrik en hulle getref met geswelle, Asdod en sy grondgebied.”** (1Sam.5:6). God se hand en Sy vloek wil ons wegkeer van verkeerde weë sodat ons eerder die Verbondsark volg. Waar die Filistyne (oue mens) ookal die Verbondsark geneem het, daar het God se vloek hulle getref: “...**die weg van die ontroues is hard**” (Spr.13:15).

**“...want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.”** (Rom.8:13,14). Wanneer die Verbondsark ons lei is ons seuns van God, maar wanneer óns die Verbondsark lei, is ons vervloek! Net soos die Verbondsark Israel deur die woestyn gelei het, moet Hy ons deur die wêreld lei. Die vyf leiers van die Filistyne wat die verbondsark na hul stede geneem het, verteenwoordig die vyf sintuie van die vlees. Wanneer jy deur enige van jou vyf vleeslike sintuie gelei word, leef jy in die vlees. Wanneer jou geestelike sintuie jou lei, wandel jy in die gees. **“Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.”** (2Kor.5:7). Die Bybel sê vir ons wie geestelike volwassenes is: **“...wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte goeie, om goed van kwaad te onderskei.”** (Heb.5:14). Jesus verwys na jou geestesvermoëns as Hy praat van oë wat sien en ore wat hoor. In die koninkryk van die hemele is almal nie geestelik ewe oud nie. Toe jy tot bekering gekom het, was jy vuur en vlam en wou jy net meer en meer van God leer. Jy het in die oggend wakker geword met Hom in jou gedagtes en in die aand as jy gaan slaap het was Hy ook die laaste een aan wie jy gedink het. God was die hele dag deur in jou gedagtes. Reg? Daardie intense begeerte om God te dien en te ken is nie veronderstel om jou te verlaat nie. Dit is hoe dit is as jy in die Gees wandel. Jou belangstelling is God. In hierdie skadubeeld wat Samuel beskryf, bring die vloek dié wat deur die vlees gelei word uiteindelik tot bekering. **“Daarop stuur hulle die ark van God na Ekron. Maar toe die ark van God in Ekron kom, het die Ekroniete geskreeu en gesê: Hulle het die ark van die God van Israel na my toe oorgebring om my en my volk dood te maak. Daarom het hulle al die vorste van die Filistyne byeen laat kom en gesê: Stuur die ark van die God van Israel weg, dat dit na sy plek kan teruggaan en my en my volk nie doodmaak nie. Want daar het 'n dodelike verwarring in die hele stad gekom: die hand van God was daar baie swaar. En die mense wat nie gesterf het nie, is met geswelle getref, sodat die hulpgeroep van die stad na die hemel opgeklim het.”** (1Sam.5:10-12). Let

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

op dat dit **“die hand van God was”** wat die Filistyne/oue mens getref het toe hulle/hy die Verbondsark beheer het. Ons is God se tempel en mag dit nie neem na waar ons dit wil hê of daarmee doen wat ons wil nie. Eers nadat die Filistyne die Ark en ‘n offerhande namens die vyf leiers en die mense van die stede na Israel terug gestuur het, het die vloek verdwyn.

Onthou julle hoe God vir Satan gebruik het om Dawid sover te kry om die volk te tel? **“EN die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda.” (2Sam.24:1)**. Daarna het God Dawid veroordeel vir die sonde waartoe Hy Dawid self aangehits het. **“En die HERE het ‘n pes onder Israel beskik van die môre af tot op die bepaalde tyd, en van Dan tot Berséba het daar van die volk sewentigduisend man gesterwe.” (vers 15)**. Christene dink dat as hulle leiers Christene is, hulle oordeel ligter sal wees, maar toe Israel God kwaad gemaak het, het Hy Dawid wat **“... ‘n man na Sy hart...”** was (1Sam.13:14), gebruik om hulle in ‘n posisie te bring waar Hy 70 000 Israëliete laat sterf het. Moenie probeer om jouself van oordeel te vrywaar nie; dit gaan nie werk nie. As God ‘n goeie man soos Dawid kon gebruik om Sy afvallige kinders te oordeel, dink net hoe Hy die afvallige leierskap van vandag se kerk teen Sy kinders kan gebruik! Baie kerkleiers van vandag bring God se kinders in ‘n posisie waar Hy hulle kan oordeel. Mense word aan die slaap gesus met leringe oor voorspoed, onvoorwaardelike saligheid, “eenmaal gered, altyd gered” en die wegraping. Dit is gevaarlik om in jou slaap op die rand van die afgrond te loop, want jy mag dalk afval voordat jy ‘n dissipel van Jesus geword het! Jy kan nie onskuldig pleit op grond van ander wat jou mislei het as jy ‘n Bybel gehad het om self te lees nie. Stel jou vertrou in God, nie in mense nie.

Wees versigtig om vir jouself lof toe te eien vir iets wat God gedoen het. **“En op ‘n bepaalde dag het Herodes ‘n koninklike kleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegesprek. Daarop het die volk hom toegeroep: ‘n Stem van ‘n god en nie van ‘n mens nie! En onmiddellik het ‘n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.” (Hand.12:21-23)**. Nadat ek oor hierdie skrifgedeelte gemediteer het, het ek tot die slotsom gekom dat ons prioriteite verkeerd is. Herodus het Johannes die Doper en Jakobus doodgemaak en die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Kerk vervolg, maar God het hom nie daarvoor doodgemaak nie. Hoekom nie? Herodus het God se doel vervul met die vervolgings en moorde. Maar God word kwaad as iemand homself die eer toeëien wat Hom toekom. Jesus het gesê dat ons ons lewe moet verloor om dit te kan wen. Ons kan ons vleeslike lewe verloor deur óf die eie-ek/self te laat sterf óf wanneer ons fisies sterf. ***“Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote” (Ps.116:15).*** God is verheug wanneer Sy kinders se vlees sterf. Wanneer hulle vlees gesterf het, het Hy perfekte samesyn met Sy kinders in Sy Koninkryk. Jesus gebruik die woorde om ***“...in die lewe in te gaan...” (Matt.18:8)*** wanneer hulle fisies sterf. Moenie God bevraagteken as jy nie die groter prentjie kan sien nie. ***“DIE regverdige kom om, en daar is niemand wat dit ter harte neem nie; en die vromes word weggeruk sonder dat iemand daarop let; want die regverdige word weggeruk vanweë die boosheid. Hy gaan in die vrede in: hulle sal rus op hulle bedde -- hy wat sy requit pad loop (Jes.57:1,2).***

Vir 'n Christen is die belangrikste dood dié van sy oue mens wie die vyand van God is (Rom.8:7). Jou geestelike mens word progressief bevry van bindinge soos wat die oue mens sterf. God het Herodus gespaar solank as wat hy Sy gelowiges se vlees gekruisig het. God het hom doodgemaak toe hy homself verheerlik het. As nuutgeborenes is ons grootste gevaar om 'n tweede keer te sterf soos in die boek van Judas beskryf. Wanneer 'n wedergebore kind van die Here volgens die vlees wandel mag dit gebeur dat hy ***“twee maal gestorwe, (en dan) ontworteld (word)” (Jud.1:12).*** Hoe is dit moontlik? Wanneer ons nuut gebore word ontvang ons Christus se gees van bo. Ek weet ***“Christus leef in my” (Gal.2:20):*** dis ons geestelike mens. Soos wat ons oue mens sterf word Christus al meer in ons. Dan is daar dié wat dan ***“van hulleself die Seun van God weer kruisig” (Heb.6:6).*** Dit is die wie Christus se gees ontvang het maar toelaat dat hulle vlees die nuutgebore gees van Christus in hulle beheers. Dan kruisig hulle Hom ***“van hulleself.”*** Ons sterf die eerste maal wanneer ons ons oue mens/vlees aflê: ***“...want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe.” (Rom.8:13).*** Wanneer ons Hom weer, na ons wedergebore is, 'n tweede keer kruisig deur in die vlees te wandel, is ons ook ***“twee maal gestorwe”*** en mag God ons wortels uittrek en ons saam met die onkruid verbrand. Dié een (gees of vlees) wie ons toelaat om in ons te heers, word versterk. Het jy al van die wit hond

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

(gees), swart hond (vlees) scenario gehoor? As jy die wit hond kos gee, versterk jy hom en oorwin hy die swart hond. Maar, gee jy kos aan die swart hond, oorwin hy die witte!

Elimas, 'n valse profeet, het Paulus teëgestaan toe hy voor die goeweneur gepreek het. ***“Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê: Kind van die duivel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie. En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei. Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo.” (Hand.13:9-12).*** Die goeweneur het iets ***“oor die leer van die Here”*** geleer toe hy sien hoe Elimas met blindheid geslaan word omdat hy die Blye Boodskap wou teëstaan. As hy nie beseft het ***“die hand van die Here”*** is op Elimas nie, sou hy niks geleer het nie. As ons voortdurend in die duivel vaskyk, versmaai ons die geleentheid om te leer. Die Boodskap kon hierna uitgedra word omdat die les die goeweneur oortuig het dat hy, en ook die onder hom, nie die Boodskap moes teëstaan nie.

Wie maak mense dom, doof en blind? Moses was “nie 'n man van woorde” nie maar nogtans het God hom gekies om Israel uit Egipte te lei. God het Moses die versekering gegee dat dit Hy is wat sy mond gemaak het en dat Hy dit kon gebruik. ***“En die HERE antwoord hom: Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE, nie?” (Ex.4:11).*** God sê self Hy is die Een wat dom, doof en blind maak. As ons verse in die Bybel ignoreer omdat ons nie daarvan hou nie, leer ons nie net 'n verkeerde God ken nie, maar ons ontwikkel ook nooit die nodige vrees vir Hom nie. Dit maak God se kinders arrogant, hardkoppig en blind vir Sy tugtiging en die uiteinde is dat vals leraars en die vloek hulle lewens ruïneer.

As jy of iemand wat jy ken een van hierdie gebreke het en nou graag vir God wil kwaad wees oor hierdie openbaring, onthou dat God alles ten goede vir ons laat meewerk. Elkeen van ons het dinge wat ons moet oorkom wat ons dan nederig en sterk maak.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Party van ons het geestelike en ander fisiese swakhede. Spiere raak sterk wanneer dit teen weerstand oefen. Ons word sterk as ons deur geloof ons swakhede oorwin. Moenie vashaak by die gedagte dat dit God se wil is dat ons bepaalde gebreke moet hê nie. God het Moses se mond gemaak en Hy het dit laat praat. **“Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom” (Ps.34:19).** Ons moet die Jesus van die Woord aanbid, nie ‘n ander Jesus nie. Toe Jesus op die aarde was, het Hy hierdie swakhede genees en Hy doen dit vandag nog steeds: **“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Heb.13:8).** Beide ek en my vrou het swak oë gehad, maar is genees en verskeie van ons gemeentelede dra nie meer bril nie.

**“VERDER het die HERE met Moses en Aäron gespreek en gesê: As julle in die land Kanaän inkom wat Ek julle as besitting gee, en Ek die plaag van melaatsheid in 'n huis van die land van julle besitting laat kom, moet hy aan wie die huis behoort, kom en aan die priester te kenne gee en sê: Dit lyk my of daar 'n plaag in die huis is.” (Lev.14:33-35).** Dieselfde versoeningsoffer wat gemaak moet word vir melaatsheid in ‘n huis (Lev.14:49-53), word ook beskryf vir melaatsheid by ‘n persoon (Lev.14:4-7). Die gelykenis is treffend. Die “huis” simboliseer die “natuurlike mens” waarin ons leef en die melaatsheid is ons sonde. Melaatsheid, soos sonde, maak mens korrup en daarom het ons ‘n versoeningsoffer nodig. Wat was die versoeningsoffer vir melaatsheid gewees? Die eienaar van die huis moes ‘n priester roep om sy huis te inspekteer. Enige klippe wat aangetas was, moes verwyder word en buite die stad op ‘n onrein plek gegooi word. Nuwe klippe is dan in die plek van die oues ingebou en nadat die ou pleister afgekrap is, is die hele huis weer gepleister. Daarna is die huis wéér inspekteer en as enige oorblywende melaatsheid gevind is, moes die hele huis afgebreek word en al die klippe weggegooi word. Klink dit nie soos iets wat God met die ongelowige wat vol sonde is, doen nie? Ons moet eerstens ons sonde wat in ons huis is, bely en ontslae raak daarvan. Dan moet die slegte stene met nuwe stene vervang word. Daarna moet die pleister binne en buite afgekrap word om seker te maak geen teken van melaatsheid bly oor nie. Dit is ook ons opdrag: **“TERWYL ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2Kor.7:1).**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

Die afgekrapte sonde is op 'n onrein plek buite die stad weggegooi. Wanneer die priester die huis weer inspekteer en daar melaatsheid (sonde) dwarsdeur die huis was, moes die hele huis afgebreek word en alles op die onrein plek buite die stad gegooi word. Dit was die enigste uitweg om dan daarvan ontslae te raak. Dit herinner mens aan 'n paar teksverse: **“Salig is die wat sy gebooie doen,”** [NNT: ***Blessed they that wash their :robes***] sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. **Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen”** (Openb.22:14,15), en **“En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.”** (Matt.7:26,27). Dit is alles deel van God se plan om ons te toets om te sien wie Sy koninkryk waardig is. Die wat Sy Woord waarlik glo, sal dit gebruik om hulleself te reinig en sal Sy verordeninge onderhou.

**“...Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad -- dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose.”** (Matt.13:37,38). Hier vergelyk Jesus die kinders van die koninkryk met saad wat in die wêreld gesaai word. Die korrupte wêreld is die grond wat Jesus sorgvuldig voorberei het om die buitenste beskermende lagie van die saad af te breek sodat die lewe binne-in kan ontkiem. Die goddeloses is deel van die grond. Die mense wat ons beledig en verneder is ook deel van Sy plan. Selfs dié wat nie in Sy koninkryk ingaan nie is deel van Sy plan en dien as voorbeeld en waarskuwing vir die regverdiges.

**“Goed is die HERE vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek. Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die HERE.”** (Klaagl.3:25,26); [ASV: **“is good unto them that wait for him, to the soul that seeketh him. It is good that a man should hope and quietly wait for the salvation of Jehovah”**] As ons in die geloof geduldig bly wag op God gaan Hy ons uit die moeilike omstandighede van die wêreld red. **“Dit is goed vir 'n man dat hy die juk in sy jeug dra”** (vers 27). Die jong, onervare Christen is dikwels ongeduldig en tree impulsief op pleks daarvan om geduldig die juk van die korrupte wêreld te dra. **“Laat hom**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**eensaam sit en swyg, as Hy hom dit opgelê het.**” (vers 28). Moenie met die grond veg nie. God het die juk op ons gesit sodat die saad vrug kan dra. **“Laat hy sy mond in die stof steek -- miskien is daar hoop!”** (vers 29). Met ander woorde, as jy nederig is, is daar hoop op verlossing van die juk van korrupsie rondom jou. **“Laat hy die wang gee vir die wat hom slaan, laat hy genoeg kry van smaad.”** (vers 30). Baie werk nie saam met God se plan nie. Hulle is ongehoorsaam aan Jesus se opdragte: **“...dat julle ‘n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.”** (Matt.5:39). Dit is deel van God se plan, om ons nederig te maak en ons oue mens te kruisig. Dit is deel van die juk. **“Want die Here sal nie vir ewig verstoot nie”** (Klaagl.3:31). Daar is sekerlik tye wat dit voel asof God van ons vergeet het, maar ek is seker ons wil nie graag hê dat God ons uit die grond moet haal vóór ons vrug gedra het nie!

**“Maar as Hy bedroef het, ontferm Hy Hom na die grootheid van sy goedertierenhede; want nie van harte verdruk** (Hebreeus: “uit die hart”) **of bedroef Hy die mensekinders nie.”** (Klaagl.3:32,33). God put nie vreugde daaruit om goddeloses te oordeel of om Sy kinders te straf nie. God moet baie dinge doen wat vir Hom swaar is maar hy doen dit om ‘n doel daarmee te bereik. God is nie hardvogtig nie en Hy put ook nie behae uit die lyding waaraan Hy mense onderwerp nie. As ons so dink, beteken dit net dat ons begrip nog nie volledig is nie.

Alhoewel God verantwoordelikheid neem vir die daarstel en vernietiging van die goddelose, is dit nie vir Hom lekker nie. **“Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil.”** (Spr.16:4). Goddelose mense is daar sodat ons kan sien dat God regverdig oordeel en om die uitverkorenes te straf op die **“dag van onheil”**. Die paar regverdige is vir God baie meer werd as ‘n hele wêreld vol goddeloses. ‘n Losprys is ‘n prys wat betaal moet word vir iemand se vryheid. God het dit so gewil dat die goddelose die prys is wat betaal moet word vir die regverdige se vryheid. **“Die goddelose is ‘n losprys vir die regverdige.”** (Spr.21:18). **“Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.”** (Matt.24:9). Ons moet gehaat word sodat God se Naam (naam in Grieks beteken “karakter en outoriteit”) in ons sigbaar kan word. Dink mooi, dis

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

presies wat God met die Egiptenare gedoen het sodat Hy Israel van hulle kon skei. **“Hy het hulle hart verander, om sy volk te haat, om listig teen sy knegte te handel” (Ps.105:25).** Ons gaan ook gehaat word ter wille van “Sy Naam” (Luk.6:22). God se natuur word sigbaar in dié wat deur swaarkry of verdrukking van die wêreld geskei word. Wanneer God Sy werk in ons lewens voltooi het, bevry of red Hy ons: **“En Hy het hulle verlos uit die hand van die hater en hulle bevry uit die hand van die vyand.” (Ps.106:10).**

**“KYK, gelukkig is die man wat God kasty; verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie. Want Hy doen smart aan, maar verbind ook; Hy verbrysel, maar sy hande maak gesond.” (Job 5:17,18).** God is intiem betrokke in ons lewens om ons op ‘n soewereine wyse groot te maak. Hy het ons nie aan ‘n bouse “vrye wil” oorgelaat nie. Inteendeel, Hy sorg dat alles ten goede meewerk vir Sy kinders. Wanneer Sy hand ons laat seerkry moet jy weet dit is ‘n liefdevolle hand wat ons wil lei. Na die seermaak verbind Hy en maak Hy weer gesond en heel. Die wat gretig na Sy Woord luister is gelukkig want Hy hoef hulle nie te tugtig nie. **“Met woorde laat ‘n slaaf hom nie waarsku nie; want hy verstaan dit wel, maar hy steur hom daar nie aan nie.” (Spr 29:19).** Dit is dwaas om nie na korreksie te luister nie, want dit bring voortdurende kastyding mee. Ons lewens is van korte duur. Dit is al tyd wat God het om ons te verander en te keer dat ons chaos in ons en ander se lewens saai. Daar is ongelukkig baie mense wat hulle nie laat korrigeer nie en as verlore nes sterf. God stuur die vloek, maar Hy stuur Jesus ook om ons van die vloek te verlos. Hierdie is die twee hande van dieselfde liefdevolle Vader. **“U laat die mens terugkeer tot stof en sê: Keer terug, o mensekinders!” (Ps.90:3); [ASV: “Thou turnest man to destruction, And sayest, Return, ye children of men.”]**

Daar is kerke wat verkondig dat God mense oordeel en pynig om hulle in ‘n posisie van nederigheid te kry, maar dan los hulle die arme mens daar sonder ‘n sprankie van hoop op redding van die pyn of ‘n einde aan die situasie. Watter vader sal sy kinders straf sonder dat die einde daarvan in sig is? Dit sal net gebeur wanneer daar geen inkeer of verandering in die kind se gedrag is nie. **“Hulle roep, en die HERE hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede. Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**almal red die HERE hom.**” (Ps.34:17-19). As ons glo dat God ons van alle moeilikhede verlos, is ons ten opsigte daarvan regverdig in Sy oë.

Net geloof regverdig ons voor God. **“Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.”** (Rom.4:3). Abraham het geglo dat God hom 'n seun gaan gee. Wat het dit met redding of verlossing te doen? Niks! Maar Abraham was regverdig in God se oë omdat hy Sy belofte geglo het. Dit is hoe eenvoudig dit is. God reken ons as geregverdig as ons sy beloftes glo. Mense besef nie dat regverdigmaking deur geloof 'n voortdurende proses is waartydens jou siel gered word nie. Hulle dink dit is 'n eenmalige insident wat plaasvind wanneer hulle Jesus as hulle Saligmaker aanneem. Tydens daardie eerste ontmoeting word jou gees gered; jou siel moet daarna in al die areas van jou lewe van korrumperte denke bevry word. Redding in 'n area in jou lewe kan net plaasvind deur die beloftes vir daardie area te glo. Geloof in die spesifieke beloftes gee regverdiging daarin en kan dan in vervulling gaan. **“Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke ...En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy belof het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken.”** (Rom.4:18,20-22). Abraham het geglo dat God hom dit gaan gee wat Hy hom belowe het en dáárom het hy dit gekry.

God het deur Elisabet met Maria gepraat. **“En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.”** (Luk.1:45). As ons nie 'n belofte glo nie, sal dit nie vervul word nie. Daar moet eers regverdigmaking vir daardie belofte wees. **“OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan;”** (Rom.5:1,2). Geloof in God se beloftes gee ons toegang tot genade. Genade gee ons redding, voorsiening en verlossing van die vloek. Ons ontvang genade as ons in God se oë geregverdig is en ons is geregverdig as ons Hom geglo het. As ons saamstem met dit wat in God se Woord staan sonder dat ons dit eers gesien het, seën God ons met die seën van die regverdige. **“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word -- want daar is geskrywe:**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

**Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.” (Gal.3:13,14).** God ontvang geen eer as ons 'n vloek dra wat Hy op Jesus geplaas het nie. Inteendeel, dit maak God kwaad as mense in 'n vals nederigheid selfgeregverdigend optree en vashou aan 'n vloek. As ons dit doen, sê ons by implikasie dat Jesus se lyding en sterwe nie goed genoeg was om ons te red nie. Ware nederigheid is om God se beloftes te glo.

**“... As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak” (Ex.15:26).** Die voorwaarde vir Goddelike genesing is om nederig te wees teenoor God se Woord. God neem volle verantwoordelikheid vir enige siekte wat 'n Israeliet of Egiptenaar kry. Tog sê baie kerke dat siektes nie van God is nie. Hulle sien 'n God wat net een hand het waarmee Hy seën. Hulle redeneer Jesus het **“goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.” (Hand.10:38).** Dit is waar want die duiwel het reg op die lewens van ongelowige “Christene” en sondaars. Maar net so het Jesus die reg om dié wat hulle bekeer, te bevry. Die vloek is daar om ons te motiveer om na God se Woord te luister en Sy verordeninge te onderhou. Ons kan nie versies uitkies en dit as die waarheid voorhou nie. Ons moet ál die verse wat betrekking het op 'n saak vat, dit glo en dit bymekaar pas om die hele prentjie te kry. **“Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid.” (Ps.119:160); [ASV: “The sum of they word is truth...”].**

God wys ons hoe 'n goeie Vader optree. Sy “streng liefde” maak dat ons vlees seerkry, maar ook dat ons die kostes van ons optrede bereken en hopelik wegdraai voordat dit te laat is. **“As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder.” (Spr.22:15), **“Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.” (Spr.13:24), **“Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red.” (Spr.23:14).** Die “hy” in Spr.13:24 kan óf die Vader óf ons wees. As jy jou kinders nie straf nie, **“haat”** jy hulle. Die vloek wat ons tigtig, is God se liefde vir ons. Wanneer ons onder beheer van ons oue mens lewe sal****

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God se liefde ons nie motiveer om te verander nie. Tugtiging sal ons motiveer. Net so sal ons ook nie deur vrees gemotiveer word wanneer ons onkundig is nie. As pyn dan die enigste uitweg is om ons van sonde weg te keer en ons aan te help om te begin glo, dan eerder pyn as verbanning na die doderyk.

Toe Jesus van Lazarus se dood hoor was Sy woorde: **“Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlijkheid van God.”** (Joh.11:4). Wanneer God iets doen wil Hy altyd meer as net een doel daarmee bereik. Lazarus se dood was **“tot die heerlijkheid van God”**; die hoofdoel was om God se werke bekend te maak. Ons sien gewoonlik die doel reg onder ons neuse raak, maar God het 'n ander, hoër motief. **“EN toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, (Grieks: “wie sondig?”) hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?”** (Joh.9:1,2). Die dissipels het verwag dat Jesus 'n spesifieke sonde van die man of sy ouers sou uitwys as die oorsaak van sy blindheid. Weet jy wat het die godsdienstige leiers aan hierdie man gesê toe hulle sien dat hy gesond was? **“Hulle antwoord en sê vir hom: Jy is heeltmal in sondes gebore, en leer jy ons? En hulle het hom uitgeban.”** (Joh.9:34). Het hulle dalk gedink dat hulle nie in sonde gebore is nie omdat hulle Fariseërs of Sadduseërs was? Gelukkig was hulle darem nie so arrogant nie.

Het dit verband gehou met 'n sonde wat hulle geweet het blindheid met geboorte veroorsaak? Die algemeenste oorsaak van blindheid met geboorte was 'n veneriese siekte. Volgens die *Zondervan Ensiklopedie van die Bybel* was die blindheid van geboorte af waarvan die Bybel praat waarskynlik gonorrhoea van die oë. Dit was eeue lank die hoofoorsaak van kinderblindheid. Maar hoor wat sê Jesus: **“Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word”** (Joh.9:3). Jesus sê glad nie dat hy en sy ouers die eerste sondelose familie op aarde is nie, want **Rom.3:10** sê **“soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.”**, maar Jesus wys daarop dat die hoofdoel was om God se krag aan die mensdom te wys. Die tweede doel was straf vir sonde.

Jesus het 'n verlamde man beveel om sy bed op te tel en te loop. **“Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het**

**HOOFSTUK 8**  
**God se Soewereiniteit oor Siekte,**  
**die Dood en die Vloek**

**gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.**” (Joh.5:14). Jesus sê duidelik dat ‘n siekte/vloek nie op jou kan kom as jy ophou sondig nie! Die vloek van Deut. 28 kan ook nie op enigiemand kom as hy nie sondig nie; gaan lees dit gerus.

Daar is ook die wat redeneer dat Job geen sonde gehad het nie, want God het na hom verwys as **“n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad”** (Job 1:8). Job het ook die waarheid gepraat toe hy gesê het dat hy nie skuldig is aan enige fisiese immoraliteit nie. Sy drie vriende het hom verkeerdelik beskuldig **“omdat hulle geen antwoord gevind het nie en Job veroordeel het.”** (Job 32:3). God het hulle aangespreek omdat dit nie die waarheid was nie en hulle aangesê om ‘n offerhande te bring (Job 42:7-9).

Job se vierde vriend, Elihu, het Job in ses hoofstukke aangespreek en God het hom nie eenkeer tereggewys nie (Job 32-37). Elihu se uitspraak teen Job was **“omdat hy homself regverdig beskou het voor God.”** (Job 32:2). Toe God Job aanspreek het Hy daarmee saamgestem: **“Wil jy werklik my reg verbreek, My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?”** (Job 40:8) . In die volgende vier hoofstukke korrigeer God vir Job (Job 38-41) omdat **“hy in sy eie oë regverdig was.”** (Job 32:1).

Hoe skakel Job se selfregverdiging dan in met God se eerste opinie van hom as **“n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad”**? (Job 1:8). God het Job in geloof as regverdig gesien deur die bloed offer **“...wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.”** (Rom.4:17). God verkondig die einde van die begin af (Jes.46:10). God skep deurdat Hy in geloof van ons spreek. Ons is in God se oë regverdig as ons wandel in die lig wat ons het. Dan is ons sonde deur Jesus se bloed gereinig. Job het gewandel in die lig wat hy gehad het. Dit wat hy nie van geweet het nie, is deur Jesus se bloed gereinig. God gebruik swaarkry tye om verkeerde dinge in ons lewens waarvan ons nie bewus is nie, aan ons uit te wys. As ons dit herken, bely en daarvan afsien, word ons gereinig van hierdie sondes en is ons regverdig voor God (1Joh.7-9). God se tugtiging het Job van sy sondige natuur verlos. God se doel is dat die tugtiging wat deur die vloek teweeg gebring word ons in Sy oë verheerlik.



### **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God gebruik die vloek ook om Homself en Sy Seun in ons oë te verheerlik. Jesus het eers twee dae nadat Hy van Lazarus se siekte gehoor het soontoe gegaan. ***“En toe Jesus dit hoor, sê Hy: Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlijkheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word. En toe Hy hoor dat hy siek is, het Hy twee dae vertoef in die plek waar Hy was.” (Joh.11:4,6).*** Jesus het laat opgedaag (Joh.11:39) sodat Hy God se doel met Lazarus se dood kon vervul: ***“Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlijkheid van God sien nie?” (Joh.11:40).*** Hierdie wonderwerk het eer en heerlijkheid aan God gebring en baie het daarna in Jesus geglo (Joh11:43-45).

## HOOFSTUK 9

### God se Soewereiniteit oor Tekens, Toeval en Bevestigings

***“En die Fariseërs en Sadduseërs het nader gekom om Hom te versoek en het Hom gevra om hulle ‘n teken uit die hemel te laat sien. Maar Hy antwoord en sê...julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie? ‘n Slegte en owerspelige geslag soek na ‘n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van Jona, die profeet.” (Matt.16:1-4).***

Daar is baie Christene wat glo dat dit verkeerd is om God vir tekens te vra. Die rede hiervoor is waarskynlik dat hulle nie self in tekens glo nie. Matt.16:1-4 is nie Jesus se antwoord aan almal nie, maar slegs aan *“n slegte en owerspelige geslag”*. Ten spyte daarvan dat hulle die tekens en wonders gesien het wat Hy gedoen het, wou hulle ‘n ander teken hê om te wys dat Jesus was wie Hy gesê het Hy was. Hy het hulle die teken van Jona gegee omdat daar in elk geval nie ‘n teken was wat hulle sou oortuig nie. Die Fariseërs het Jesus berispe en vir Hom gesê dat Sy tekens van Beëlsebul (Satan) was. Daar is mense wat vandag ook dieselfde siening oor tekens het. Die Fariseërs was geestelik blind en kon nie eers sien wat ‘n blinde man sonder teologiese opleiding kon insien nie. Hy het hulle ‘n logiese antwoord gegee: ***“...Hierin is tog iets wonderliks dat julle nie weet van waar Hy is nie, en Hy het my oë geopen! En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy. Van ouds af is dit nie gehoor dat iemand die oë van ‘n blindgebore mens geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kon doen nie. Hulle antwoord en sê vir hom: Jy is heeltemal in sondes gebore, en leer jy ons? En hulle het hom uitgebana.” (Joh.9:30-34).*** Hoekom kon hy dit sien? Jesus het hom van sy blindheid genees. Dieselfde gebeur vandag met tekens wat Jesus deur Sy dissipels doen; die Fariseërs verstaan nie dat dit tekens is van kinders wat gehoorsaam is aan God nie.

God se doel met tekens is om Sy Woord te bevestig. Die opregtes van hart verstaan dit. ***“En daar was ‘n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodemus, ‘n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U ‘n leraar is wat van God gekom het, want***

**niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met Hom is nie.**” (Joh.3:1-2). Nikodemus het uit Jesus se tekens (genesing, bevryding, voorsiening en wonderwerke) besef dat Hy van God is. Toe Jesus sy dissipels verlaat, het Hy hulle geleer hoe om dié wat die evangelie glo te identifiseer. **“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat glo sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.”** (Mark.16:15-18). Let op dat Jesus nie na tekens verwys wat Sy dissipels doen nie, maar dié van mense wat Sy dissipels se getuienis glo. Eers later maak Hy melding van tekens wat Hy deur Sy eerste dissipels gedoen het. **“Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het.”** (vers 20). Omdat baie sogenaamde Christene se woorde nie deur tekens bevestig word nie, verander hulle Jesus se leerstelling na ‘n moderne evangelie sonder tekens, sodat hulle eie leringe geloofwaardig kan wees. Ongelukkig vir hulle is **“Jesus Christus (is) gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid”** (Heb.13:8). God bevestig steeds Sy Woord met tekens deur hulle wat die ware Evangelie glo. Indien ons die Woord verander, sal ons nie tekens sien nie, want God bevestig Sý Woord, nie ons s’n nie. Jésus is die Een wat aan ons moet sê wat ‘n gelowige kan doen en wat nie: **“...wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan”** (Joh.14:12). Die enigste vereiste is om Jesus van die Bybel, of DIE WAARHEID, waarlik te glo.

Dit is gewoonlik dié wat die bonatuurlike aspekte van dissipelskap verwerp, wat tekens verwerp. **“En die HERE het verder met Agas gespreek en gesê: Eis vir jou ‘n teken van die HERE jou God: sak af na die doderyk, of klim hoog op boontoe.** (Met ander woorde, vra vir ‘n teken enige plek.) **Maar Agas het geantwoord: Ek sal nie eis nie en die HERE nie versoek nie.** Toe sê hy: **Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie? Daarom sal die Here self aan julle ‘n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar en hom Immánuel noem.”** (Jes.7:10-14). Die bose Agas se verskoning vir ongehoorsaamheid aan die Here oor ‘n teken was dat hy Hom nie wou versoek nie. Klink dit belaglik? Niks meer as wat vandag gebeur

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

nie! Die mense wat sê jy behoort God nie vir tekens te vra nie, beweer dat jy **“my God vermoei”**. Deur die hele Bybel heen vra mense van God tekens en kry hulle dit. God wil hê ons moet die regte koers inslaan en Hy wil ook Sy woorde bevestig aan dié wat dit hoor.

Meer in 'n latere hoofstuk oor tekens van genesing, bevryding, wonderwerke en voorsiening. Ek wil nou eers aandag skenk aan tekens van kennis, wysheid, waarskuwing en rigting vir ons lewens. In Hand.2:17 lees ons dat God se Gees in die laaste dae profesieë, drome en visioene sal voortbring. Job 33:14 -18 sê dat God deur drome en visioene praat om:

- mense se ore oop te maak,
- instruksies te bevestig
- hulle af te skrik met Sy waarskuwings,
- mense van gedagte te laat verander om hulle van verkeerde weë weg te hou,
- hulle van hoogmoed te weerhou,
- sy siel te red uit die put, en
- hom te bewaar van die swaard,

Maar wat 'n jammerte: dit word in hierdie dae tot 'n groot mate geïgnoreer. Partykeer moet drome en visioene letterlik verstaan word en ander kere is dit vergelykings en moet dit in die lig van die Skrif verklaar word. Josef, Daniël en Jakob, om maar 'n paar te noem, was goeie voorbeelde van mense wat God gebruik het om drome te verklaar.

In Mattheüs 1 en 2 is daar vyf drome waarin God tekens gegee het vir wysheid, rigting, ter waarskuwing en om profesieë te vervul. Josef is deur 'n engel in 'n droom aangesê om nie bang te wees om Maria as sy vrou te neem nie. Die teken van die ster het die wyse manne na Jesus gelei. Hulle is toe in 'n droom gewaarsku om nie terug te gaan na Herodus nie, omdat hy wou weet waar Jesus was sodat hy Hom kon doodmaak. Josef is daarna in 'n droom deur 'n engel gewaarsku om met Jesus na Egipte te vlug. Later het 'n engel in 'n droom aan hom gesê om terug te gaan want Herodus was dood. Josef is toe in 'n droom aangesê waar om hom en sy familie te gaan vestig sodat die profesie vervul kon word waarin Jesus 'n Nazarener genoem sou word.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Die Nuwe Testament is vol van hierdie soort tekens. Die dissipels het dit as aanwysings van God gebruik. **“En Paulus het ‘n gesig in die nag gesien – daar staan ‘n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons! En toe hy die gesig gesien het, het ons dadelik probeer om na Macedónië te gaan, omdat ons versekerd was dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig.” (Hand.16:9,10).** Die dissipels het ‘n gesig gesien van Jesus wat op die berg verheerlik is. Sagaria het Gabriël in ‘n gesig gesien. Engele het aan vroue in ‘n gesig verskyn om hul mee te deel dat Jesus opgestaan het. ‘n Gesig het Paulus na Jesus gebring (en baie ander vandag). ‘n Gesig het Ananias na Paulus geneem om hom te genees en met die Heilige Gees te vul. Ananias se koms is aan Paulus bevestig deur ‘n gesig. ‘n Engel het aan Cornelius in ‘n gesig verskyn om hom na Petrus te stuur vir kennis om gered te word. Intussen het Petrus ‘n gesig gesien wat deur hom vertolk is dat die nie-Jode gered sou word. Paulus is in ‘n gesig gerus gestel om nie bang te wees nie, maar om dapper te preek vir die onthalwe van diegene wat tot die geloof sou kom. Johannes het die gesig van Openbaring ontvang.

Toe ek nog ‘n jong dissipel was, het ek ons Vader gevra om my klarigheid te gee oor die teenstrydige sieninge van die wegraping. In my woonkamer, met die Bybel voor my oop, het ek tot God gebid en gevra om dit te verstaan. Ek het gesukkel om Skrifgedeeltes wat mekaar op die oog af weerspreek het, bymekaar te laat pas. Skielik het ek totale begrip gekry en dit verstaan. Ek het later besef dat dit ‘n Woord van Wysheid van God was, in antwoord op my gebed. Die Skrifgedeeltes wat glad nie gepas het nie, het nou sin uitgemaak. Ek het baie opgewonde na die kombuis gehardloop en my vrou daarvan vertel. Ek het nog nooit vantevore so ‘n duidelik, bonatuurlike openbaring ontvang nie. Omdat niemand nog ooit die wegraping op so manier verklaar het nie, het ek ons Vader gevra om my ‘n teken te gee. Die teken wat ek van Hom gevra het, was dat Hy iemand na my moes stuur wat my presies sou vertel wat Hy my gewys het.

Ek het my openbaring vir omtrent ‘n week lank met my vriende by die plaaslike gemeente gedeel, waar ek vertel is dat ek God verkeerd verstaan, voordat God dit met my teken bevestig het. Dit het so gebeur. Ons het ‘n skooltoewydingsplegtigheid op ‘n Vrydagaand by die kerk gehad. ‘n Leraar van ‘n ander dorp het daar opgedaag. Party van die meer “volwasse” broers het hom eenkant toe geneem om

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

hom van sekere standpunte te oortuig. Ek is die aand daar weg sonder om te weet waaroor hulle gesels het, maar die broers het my later gekontak om te sê hierdie leraar het aan hulle presies dieselfde oor die wegraping vertel as die Woord van Wysheid wat God my gegee het.

Ek het die leraar, wie se naam Bolivar was, saam met van die broers na my huis genooi. Toe Bolivar my naam hoor, was hy baie opgewonde. Hy vertel toe hoe God hom na ons gemeente gelei het. Terwyl hy in Opelousas, Louisiana was, het hy 'n gesig ontvang waarin Roete 61 duidelik was. In die gesig was hy op Roete 61 toe hy 'n padteken sien waarop Drie myl tot by drie "L's" gestaan het. Hy het Roete 61 op 'n kaart gekry en dit gevolg tot by Baton Rouge waar ons gewoon het, maar steeds kon hy die gesig nie verstaan nie. Hy het in die telefoonboek gesoek vir 'n gemeente om te besoek. Selfs al was ons denominasie sy laaste keuse as gevolg van ons eng, sektariese beskouing, het hy 'n sterk behoefte gehad om dit te besoek. Ons stad het baie kerke, maar die Gees het hom daardie Vrydagaand na ons toe gelei. Toe hy by my huis kom en beseft my naam is Eells (partykeer "L's" uitgespreek) en dat daar drie van ons bly, het hy besluit om sy voertuig se afstandmeter na te gaan. Dit was presies drie myl van Roete 61 tot by my oprit! 'n Soewereine God kan jou kry waar Hy jou wil hê. Bolivar het deur Godelike openbaring dieselfde siening oor die wegraping gehad as wat God my 'n week gelede gegee het. Let op, die bevestiging is deur 'n letterlike teken gegee.

Daar was drie broers, myself ingesluit, by die Bybelstudie daardie dag wat op soek was na 'n bevestiging van 'n openbaring. Don Robertson, 'n boesemvriend uit my jeug en die man wat aan my getuig het, was daar. Hy het 'n paar jaar gelede in 'n gesig 'n besonders-geklede bruin man voor hom sien sit terwyl dié aan hom die waarheid oor die wegraping vertel het. Toe Bolivar daar opdaag, het hy hom herken as die man wat gekleed was soos in sy droom. God het aan hom gesê, "Daar is hy, sit en luister." 'n Ander vriend, Skip Chenevert, het 'n openbaring gekry oor die seuns van God, wat deur Bolivar bevestig is. Hy het ook aan my en Mary gesê dat ons eendag Florida toe sou verhuis, wat so gebeur het.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Die lotsbepaling is 'n baie belangrike teken in die Bybel. Dit kan 'n baie nuttige instrument wees om God te vra vir 'n bevestiging, 'n rigtingwyser of om vrede te bewerkstellig tussen mense. Onthou die lot is nie 'n instrument om die toekoms mee te voorspel nie, en dit kan nie vir enigiets anders gebruik word as om geregtigheid na te streef nie. Veronderstel jy dink jy het 'n inspirasie van die Here, maar iemand anders het ook 'n inspirasie van die Here wat reglynig teenoor joune staan, dan kan die lot 'n manier wees om te bepaal wie reg is: **“Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar” (Spr.18:18)**. My oudste dogter en 'n ander kind was as kinders in 'n argument betrokke. Die dogter en haar pa het gesê my dogter is skuldig, terwyl sy dit ontken het. Ek wou graag weet wat die waarheid was en het die lot gewerp. God het duidelik gewys dat die man verkeerd was en dat sy dogter gejok het. Op die ou einde is dit so bewys.

Daar is mense vandag wat oortuig is dat die lotsbepaling nie geestelik is nie. Hulle vraag is: wat is geestelik omtrent 'n geskil tussen mense? As jy 'n beslissing nodig het omdat mense jou woord nie glo nie, maar God sal vertrou, kan jy die lot gebruik. Maar die lot kan misluk. In Esegïel 14 spel God dit vir ons uit dat Hy 'n persoon sal mislei wat 'n afgod voor sy oë het wanneer hy vir 'n antwoord vra. As jy 'n verskuilde motief het, gaan jy mislei word, maak nie saak of jy jou antwoord by 'n profeet, die Woord van God, jou eie gedagtes of die lot kry nie. Bely eerder jou eie wil/afgod en vra dan 'n antwoord van die Here.

Ons vind die wet vir die jaarlikse boetedoening in Levitikus 16. Daarvolgens moet die priester twee bokke neem en die lot werp om te sien watter bok geoffer moes word en watter een die sondebok (scapegoat) was wat vrygelaat moes word. Twee klippies is gebruik om die lot te bepaal, 'n swarte en 'n witte. Die wit klippie was die “lot van die Here” genoem en die swart klippie “die lot van Asásel” (sondebok). Hierdie is eintlik 'n beeld van Jesus wat onskuldig vir ons sondes moes boet, sodat ons vrygestel kon word. Die hoëpriester moes sy hand in 'n sak steek en 'n klippie uithaal wat dan òf wit òf swart kon wees. Dit sou dan die teken wees wat gewys het wat met die bok, wat op daardie oomblik voor die hoëpriester gestaan het, moes gebeur.

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

Ek wil julle graag 'n bietjie geskiedenis vertel. Volgens die Talmud was daar 240 jaar voor Christus se kruisiging 'n hoëpriester met die naam Simon die Regverdige. Hy was bekend vir sy getrouheid en eerbaarheid en het veertig jaar lank in sy amp gestaan. Vir die veertig jaar wat hy sy hand in die sak gesteek het, het hy elke keer die lot van die Here uitgehaal. Dit het bekend geword as 'n teken van God dat Hy hulle offer aangeneem het. Simon het ook vir veertig jaar 'n karmosyn koord gedra wanneer hy in die allerheiligste ingegaan het. Elke keer wanneer Simon met daardie koord daar ingegaan het, het dit wit geword. Dit was waarskynlik 'n simbool van die reiniging met die bloed .

Simon het ook elke keer wanneer hy op die punt was om die allerheiligste binne te gaan, 'n gesig gehad. In die gesig het 'n man, geklee in wit, saam met hom die allerheiligste binnegegaan. Wanneer hy uitgekom het, het hy die man weer saam met hom sien uitkom. Op die laaste dag van Simon se bediening het 'n man geklee in swart saam met hom ingegaan maar nie weer saam met hom uitgekom nie. Simon het dit self korrek geïnterpreteer as 'n teken dat hy sou sterf. Daardie selfde dag is hy oorlede. Vir die volgende 200 jaar lank was daar geen verdere tekens nie. Soos verwag, het die lot redelik gelykop geval op die Here en op Asásel. Dit bring die geskiedenis tot by die tyd van Jesus se kruisiging, waarna daar nog veertig jaar verloop het tot en met die vernietiging van die tempel. Gedurende daardie periode het die hoëpriester elke keer as hy sy hand in sy sak gesteek het, die swart klip uitgehaal. Dit is beskou as 'n teken dat God hul offerande verwerp het. Hierdie veertig jaar het hulle Jesus verwerp en God het hul offerande verwerp. Die waarskynlikheid dat dit vir veertig jaar lank konstant kon gebeur, is 1-triljoen, 100-biljoen, teen een. Hierdie teken van die lotsbepaling bevestig die soewereiniteit van God in die Nuwe Testament, asook dat Jesus die Messias is.

Die mense wat nie in die soewereiniteit van God glo nie, glo in wat hulle noem geluk, toeval, 'n dobbelspel of die noodlot, maar daar bestaan nie so iets nie. Dit is 'n versinsel van hul verbeelding, dit kan selfs misleiding deur 'n demoniese gees wees. Ons is eintlik besig om ons eie toekoms te bepaal deur God se beloftes te glo of nie te glo nie. Deur ons eie saad te saai, maai ons, goed of sleg. ***“Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy***



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**ook maai.” (Gal.6:7), “Johannes antwoord en sê: ‘n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.” (Joh.3:27).**

**“In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.” (Spr.16:33).** Die Here besluit oor die uitslag van die lot. Dit maak nie saak hoe jy dit doen nie, of jy klippe gebruik, ‘n muntstuk opskiet of vir God ‘n teken vra, solank jy net in geloof vir God rigting vra. In geloof sal God jou ‘n antwoord gee. Ek het dit telkemale in my eie lewe gesien. Is dit hoe ons ons lewens moet lei? Nee, ek dink ons moet leer om onder leiding van die Heilige Gees te lewe, maar kom ons wees realisties daarvoor: ons is nie altyd seker wat ons hoor nie en wil dan graag ‘n bevestiging hê.

Volgens die Talmud was daar ook ander tekens wat in die veertig jaar na Jesus se kruisiging gebeur het. Die sewe-armkandelaar (menora) in die westekant van die allerheiligste het elke aand doodgegaan. Omdat dit ‘n simbool was van die lewe van Israel, was dit nie veronderstel om ooit dood te gaan nie. Baie moeite is gedoen om dit te verhoed. Die priester wat vir die olie van die lampe moes sorg, het kruike met olie in die kandelaar in laat leegloop, maar ten spyte daarvan het dit vir die veertig jaar, elke aand in ‘n ry, doodgegaan. Die toevalligheid daarvan, as jy daarin glo, is net te groot om met die menslike verstand verklaar te kan word. Dit was ‘n duidelike teken dat God Israel verwerp het. Die deur na die allerheiligste het ook elke aand vanself oopgegaan, ongeag al die pogings van die priesters om dit te verhoed. Dit was God se teken aan ons dat ons deur geloof in Jesus Christus (Heb.10:19,20) in die allerheiligste (teenwoordigheid van God) moet ingaan. ‘n Verdere teken wat dit bevestig het, was dat die voorhangsel van die allerheiligste van bo tot onder oopgeskeur het toe Jesus Sy laaste asem aan die kruis uitgeblaas het (Matt.27:51). Al hierdie tekens het daarop gewys dat die priesters verwerp is en dit het dus nie tot hulle voordeel gestrek om dit te openbaar nie, nogtans het hulle die volk daarvan vertel. God is soewerein in tekens.

Kan jy jou voorstel tot watter mate God in beheer is, dat Hy die lot gebruik om een oortreder op ‘n skip vol mense uit te wys? In Jona 1 lees ons hoe Jona gerebelleer en weggehardloop het van God. Terwyl hy op ‘n skip was, het daar ‘n groot storm opgekom en die manskappe het baie bang geraak dat hulle sou vergaan. **“Hulle sê toe**

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

*vir mekaar: Kom en laat ons loot; dan sal ons weet om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het. En hulle het geloot, en die lot het op Jona geval.*” (Jona 1:7). Wat is die kans dat die lot wat op daardie skip gewerp is vir Jona sou aanwys? Dis fenominaal. God is soewerein. Die heidene op die skip het beter geweet as wat baie Christene vandag weet. Hulle het miskien nie geweet tot watter God hulle bid nie, maar hulle het geweet, ongeag wie Hy is, Hy is soewerein. Hulle het geweet iemand op die skip was verantwoordelik vir die vloek wat op almal gekom het en hulle het geglo die lot sou bepaal wie dit was. Die Kerk behoort beskaamd te staan voor hierdie mense se wysheid. God beveel die Korinthiërs deur Paulus om sulke mense oor hierdie rede uit die gemeente te verwyder (1Kor.5).

Ek en Mary het oor die verloop van ’n paar jaar verskeie gesigte en drome ontvang wat aan ons gewys het dat ons van Baton Rouge in Louisiana, na Pensacola, Florida sou verhuis. Ek het op ’n stadium besluit om die Here daarvoor te vra. My vraag was: “Wanneer gaan hierdie gesigte en drome waar word?” Ek en Mary was al ongeduldig en wou weet wanneer ons sou trek. Daarna het ek die Bybel oopgemaak en toe ek afkyk het my oë onmiddelik op **Hab.2:3** geval. Daar staan: **“Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie.”** Dit was God se teken aan ons. Dit was spesifiek en op die punt af. Hoewel ons bitter min TV gekyk het, het ek toe sonder ’n spesifieke rede na die TV toe geloop en dit aangeskakel en daar was Charles Stanley besig om die volgende woorde te sê: “Hulle wat op die Here wag”. Ons het geweet dat dit ’n teken van God was, dat ons geduldig moes wees. Ek het daarna na ’n klein houertjie met kaartjies waarop daar verskillende Bybeltekste gedruk was geloop en een uitgetrek sonder om daarna te kyk. Wat het daarop gestaan? “Hulle wat op die Here wag.” Dit was drie bevestigings in ’n ry. Die Here wou hê dat ons moes wag, Hy sou dit op Sy tyd laat gebeur. As ons glo dat God in Sy soewereiniteit ons deur tekens en bevestigings wil help, kan ons soveel vrede te midde van beproewinge ervaar!

Terwyl Mary swanger was het sy ’n droom gehad. *In die droom het sy ’n groot seun en ’n klein dogtertjie gesien. Toe sy wakker word het ’n stem gesê: “Justin Joseph en Jennifer Joy.”* Ons het gedink dit beteken dat ons ’n tweeling sou hê. Na ’n tyd het sy in ons huis

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

geboorte gegee aan 'n normale grootte seun wat 7lb15oz geweeg het. Daar was nie 'n dogter nie. Ons was verbaas aangesien ons drome gewoonlik waar word. Mary het gedink dat die droom later bewaarheid sou word met 'n tweeling. Ek het anders daarvoor gedink. Ek het gesê: "Nee Mary, hierdie is Justin Joseph. Hy is groter in jou droom omdat hy eerste gebore is. Jennifer Joy is kleiner want sy word later gebore." Mary was nie oortuig nie en ons moes op 'n naam vir die seuntjie besluit. Ek het drie muntstukke uit my sak gehaal en gesê: "Kom ons vra God om ons 'n teken te gee. Ek gaan hulle opskiet en almal gaan op "kop" land, want dit is Justin." Na ons gebid het, het ek die muntstukke opgeskiet, en almal het op "kop" geland. Sy was egter steeds nie oortuig nie, en ek het dit herhaal. Al drie het wêér op "kop" geland. Sy het steeds getwyfel en my woorde aan haar was: "Goed, ek gaan dit nog een keer doen en dan gaan ons die Here nie verder beproef nie". Jy het reg geraai! Hulle het al drie weer op "kop" geland. Wat is die kans dat die muntstukke nege keer in 'n ry op "kop" sal val? Mary was oortuig. ***"Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar"*** (Spr.18:18). Twee jaar en drie maande later is ons dogtertjie Jennifer Joy gebore. Justin Joseph beteken "net toename" en Jennifer Joy beteken "suiwer plesier". Die name wat God vir hulle gegee het, pas perfek by hul persoonlikhede.

Mary het omtrent vyf jaar voor Jennifer Joy se geboorte 'n betekenisvolle droom gehad wat vir ons 'n teken was van God se tydsberekening vir ons trek na Pensacola toe. In die droom het ons deur 'n huis in Pensacola gestap, ek met 'n baba dogtertjie op my heup. Dit is honderd persent vervul toe ons Pensacola toe getrek het. In die droom het Mary ook geweet dat die hoofweg tussen die deelstate vanaf Baton Rouge tot by Pensacola voltooi is. Hierdie gedeelte van die hoofweg was vir jare onder konstruksie, maar was voltooi teen die tyd wat ons getrek het. Die tekens het vir ons baie waarde gehad. Dit het bevestig dat ons in God se perfekte Wil was. As Christene nie respek en agting het vir tekens nie, gaan dit ongelukkig baie gebeur dat hulle, tot hulle eie nadeel, 'n verkeerde rigting inslaan. Die Woord sê nie vir ons wanneer en waarheen om te trek nie; met wie jy moet trou; of waar om te werk nie, maar dit leer ons dat God tekens gee wat hierdie dinge aan jou kan uitwys.

Toe Jennifer Joy omtrent sestien maande oud was, het ons geweet dat ons op die punt staan om Pensacola toe te trek, omdat sy toe so

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

groot was soos in die droom. Ek het van die broers gevra om in gebed saam met my te stem dat God ons 'n huis en 'n motor in Pensacola sou gee. Ons het dit volgens **Matt.18:19** hanteer: ***“Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.”*** 'n Week na hierdie gebed van geloof was my vrou, Mary, en dogter, Deborah, in 'n motorongeluk betrokke. Hulle het in Florida Boulevard in Baton Rouge gery toe dit gebeur het. Ek beklemtoon Florida Boulevard omdat dit 'n teken was dat hierdie motorongeluk 'n belangrike rol sou speel om ons op ons weg na Florida te plaas. Hulle het agter 'n Cadillac stilgehou. 'n Man in 'n Lincoln was besig om rond te kyk en het van agter in hulle vasgery. Dit het hulle met die Cadillac voor hulle laat bots. Ons Toyota was totaal en al afgeskryf, Mary en my dogter net effens beseer. Terwyl hulle besig was om hulle met die kake van die lewe uit die wrak te bevry, het 'n man na Mary gekom en gesê: “Moenie bekommerd wees nie, hy het goeie versekering.” Dit was vir haar vreemd. Die man wat die Lincoln bestuur het, het baie sleg gevoel. Hy het aan ons vertel dat hy die president van 'n groot bergingsmaatskappy was en dat sy maatskappy interne versekering het. Hy het 'n 100/300/100 versekering op sy motor gehad. Hy het ook gesê dat hy namens ons met sy versekeringsagent sou praat. Wat is die “kans” om deur so iemand gestamp te word? Soos te wagte, was die versekeringsmense baie vrygewig. God het hierdie ongeluk gebruik om my gebed vir 'n huis en motor te beantwoord. Hulle het ons Toyota vervang met 'n baie beter voertuig en ons kon met die skikkingsbedrag ons groter familievoertuig vervang met 'n nuwe een en 'n huis koop. Dit alles met belastingvrye geld. Hierdie skikking hou ook verband met die volgende storie.

Tydens ons verblyf in Baton Rouge het ons 'n jong vriend met die naam Rick Knight gehad. Omtrent vyf jaar voor dié ongeluk het Rick 'n droom gehad. *In die droom was hy vir 'n tydperk uit ons omgewing weg, maar het vir ons buurman Bruce kom kuier. Dié sê toe vir hom om na ons huis te kyk. Hy het omgedraai en 'n meubelwa by ons huis sien staan. Ons was besig om Pensacola toe te trek. Hy het oorgestap om ons te kom help met die inlaaiery. Ek het papiere aan hom gewys waarop die woord “pensioen” geskryf staan en vir hom gesê: “Ek gaan nooit weer vir mense werk nie.”*

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Toe ek van Rick se droom hoor, het die Gees my van die waarheid daarvan oortuig. Ek het aan die mense by my werk vertel dat ek gaan aftree en Pensacola toe trek. Natuurlik het hulle almal gesê dat daar nie 'n manier is waarop ek op 37 'n aftreepakket sou kry nie. Almal is verkeerd bewys. Die Exxon raffinadery het besluit om van hulle permanente werknemers wat duur byvoordele ontvang het, te laat gaan en eerder kontrakwerkers aan te stel. Hulle het aftreepakkette aan mense wat meer as vyftien jaar diens gehad het, aangebied. Ek het nie eers nodig gehad om daarvoor te dink nie; ek het reeds my tekens van die Here af gehad. Verskeie mense het onthou dat ek gesê het dit is wat sou gebeur. Dit was 'n getuienis aan hulle dat God ons van die toekoms kan vertel.

Nadat ons Rick vir 'n paar jaar nie gesien het nie, het hy die naweek toe ons getrek het, by Bruce se huis opgedaag. Bruce het na ons huis gewys. Hy het die prentjie van sy droom gesien: 'n meubelwa wat by ons huis staan. Terwyl Rick ons opgewonde gehelp het om ons meubels in te laai, het ek hom van my pensioen vertel. Ek het 'n een-jaar skeidingspakket ontvang en 'n klein pensioen wat sou uitbetaal wanneer ek aftree-ouderdom bereik. Die voorwaarde was net dat Exxon nog solvent moes wees en dat die Here nog nie gekom het nie. Ek het daardie jaar se betaling op dieselfde tyd ontvang as die eerste van twee uitbetalings na my vrou se motorongeluk. Dit was genoeg om die huis in Pensacola te koop en om 'n jaar van te lewe. Nadat ons oor die bedrag van die tweede uitbetaling ooreengekom het, het ons dit ontvang net na ons een van ons motors vir 'n sendeling in Pensacola gegee het. Dit het ons in staat gestel om 'n nuwe motor te koop. Die teken van die droom (die ongeluk in Florida Boulevard) is perfek vervul.

Jy mag dalk dink: "Hoe kan hy nooit weer vir mense werk as hy net 'n karige pensioen kry nie?" 'n Paar maande voor ons uit Baton Rouge weggetrek het, het die Here my 'n ander teken gegee. In 'n visioen het ek skielik voor 'n enorme paleis gestaan. Ek het geweet dat dit die Nuwe Jerusalem voorstel. 'n Groot deur het oopgegaan en die Here het daar gestaan, geklee soos 'n Koning. Hy het my binnetoe gelei en my 'n toring gewys wat uit houtpale bestaan het. Dit het soos 'n houthut gelyk, maar het nouer geword na bo. Bo-op was daar plek om te staan. God het aan my openbaar dat dit my bediening voorgestel het. Hy het ook 'n betalingsboek aan my gewys waarin 'n

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

sekere bedrag per maand geskryf was. Hy het gesê: “Ek wil hierdie aan jou gee,” bedoelende die toring en die salaris. Sedert 1986 het ons op ‘n gemiddeld van daardie bedrag per maand geleef. Dit het wonderbaarlik vanuit verskillende bronne gekom. Ons is getoets en alhoewel ons slegte maande sowel as goeie maande beleef het, was ons gemiddelde inkomste oor ‘n tydperk dieselfde bedrag as wat die Here my in die droom gewys het. Ons moes dit glo voor ons dit kon ontvang het. Hierdie teken het my geloof gegee dat God sonder sigbare bronne in al ons behoeftes kon voorsien.

Ek het later ‘n ander visioen gehad waarin ek hoog bo die Baton Rouge area, waar ek gewoon het, in die lug opgeneem is. Ek het vandaar in die rigting van Florida gekyk en die houttoring van my vorige droom, in Pensacola gesien. Daarna het God op ‘n wonderbaarlike wyse vir ons ‘n huis en motor in Pensacola gekoop, en ons woon nou daar. God het ook aan my verduidelik wat die toring beteken. Die individuele houtpale is God se kinders wat geheilig is; in baie Skrifgedeeltes word hulle met bome vergelyk. By die hoeke, waar hul aanmekeer geheg is, vorm hulle kruise. God se mense vorm ‘n eenheid en elkeen dra sy eie kruis wat ‘n toring van veiligheid vorm teen hul vyande. Die Israeliete het sulke torings in hulle stede en partykeer selfs tussen hul vee gebou om hulle teen vyande te beskerm (Rigt.9:46,51). **“Die Naam van die HERE is ‘n sterk toring; die regverdigde hardloop daarin en word beskut.” (Spr.18:10).** DIE WAARHEID bou vir elkeen van ons ‘n toring wat Jesus se karakter en outoriteit het en ons teen die vyand beskerm. Baie moeilike tye lê vir ons voor en baie vyande is oppad. Dis daarom belangrik om skuiling te vind agter die hoë mure van die geestelike Sion. Sorg dat jy in **“die Skaapstoring” (Miga 4:8)** skuil.

Ek het baie keer ervaar dat God die lot as ‘n teken van Sy soewereiniteit gebruik en om rigting aan ander te gee. Ek het Hom gevra wat ek met ons mobiele huis moes doen toe ons Pensacola toe trek. Mary het gewonder of ons dit nie moet verkoop nie, maar ek het besluit om daarvoor te bid. Die Here het dit op my hart gelê om dit aan Mike en Karen Burley, ‘n Christen egpaar van Houston, Texas, te gee. Ek het hulle gekontak net om uit te vind dat hulle pas hul werk en hul maatskappy-huis verloor het. Ek het vir Mary gesê dat die Here wou hê dat ons dit moes weggee, maar sy was nie so oortuig daarvan soos ek nie, en ek het voorgestel dat ons die Here

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

vir bevestiging vra. Ek het God gevra om dit te bevestig deur 'n muntstuk ses keer in 'n ry op "kop" te laat val. Dit is presies wat gebeur het. Wat is die kans dat 'n muntstuk ses keer in 'n ry op sy kop sal val? Dit het Mary oortuig. Sonder om aan hulle te vertel wat die Here gesê het, het ek hulle genooi om tydelik by ons in te trek. Mary het my daaraan herinner dat Karen 'n paar jaar tevore 'n droom gehad het waarin ons die area verlaat het, en later terugkom het om te sien dat ander mense in ons huis woon. Ons het nie op daardie stadium daaraan gedink om haar te vra wie die ander mense is nie. Toe hulle by ons intrek, het ek hulle aan die droom herinner. My woorde aan Karen was: "Ek dink jy weet wie in ons huis gebly het. Dit was julle, of hoe?" Karen het bevestigend geantwoord. Sy het dit wyslik nie op daardie stadium aan ons vertel nie; sy wou nie hê dat dit 'n self-vervulde profesie moes word nie. Ek het gesê, "Wel, dan is dit julle huis." Natuurlik was dit vir hulle wonderlik om te sien hoe God voorsien, selfs voor hul dit nodig gehad het. 'n Paar maande later het God ons van 'n huis en motor in Pensacola voorsien. Dit wat gebeur het na ons die lot gebruik het ter bevestiging van my oortuiging het duidelik gewys dat God ons die teken gegee het en dat Hy soewerein is daarin. Jy kan dit gerus een of ander tyd probeer. Ek sê nie jy moet jou lewe lei aan die hand van lotsbepaling nie, maar dit gebruik vir bevestigings en vir leiding. Soos 'n teken met jou gees ooreenstem, leer dit jou om meer oortuig te raak dat dit die Here is wat met jou praat. Dit is nie nodig dat 'n muntstuk ses keer op "kop" val vir bevestiging aan ons nie. Hoe meer oortuig ons raak, hoe minder bewys het ons nodig dat dit God is wat praat.

Deur die lot te werp het die kinders van Israel bepaal wie watter deel van die Beloofde Land sou kry. Die lot het hulle ook gehelp om te bepaal wie eerste oorlog toe sou gaan. Die lotsbeslissing laat geen ruimte vir argumente nie. Daar is tye dat 'n lotsbeslissing nodig is, want selfs mense wat in die gees leef, stem nie altyd saam nie, en hulle glo jou ook nie altyd nie. In 1Sam.10:1 lees ons dat Samuel vir Saul in die geheim tot koning gesalf het. Later moes hy aan die volk bewys dat hierdie aanwysing van die Here gekom het. ***"Maar julle verwerp vandag julle God wat julle uit al jul onheile en node verlos het, en sê: Nee, maar jy moet 'n koning oor ons aanstel. Stel julle dan nou op voor die aangesig van die HERE volgens julle stamme en volgens julle geslagte. Toe Samuel dan al die stamme van Israel laat nader kom het, is die stam van Benjamin aangewys."*** (1Sam.10:19,20). "Aangewys" beteken dat die lot

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

gewerp is, en dat die stam van Benjamin uit die twaalf stamme aangewys is: “...**en toe hy die stam van Benjamin volgens sy geslagte laat nader kom het, is die geslag van Matri aangewys; verder is Saul, die seun van Kis, aangewys.**” (vers 21). Die lot het dit verminder tot by die een wat alreeds tot koning gesalf was. Uit die hele Israel het dit tot by Saul gelei. Dieselfde soewereine God van die Ou Testament is ook die God van die Nuwe Testament. Daar bestaan nie iets soos toeval nie. Hoekom het Samuel nie gesê: “Die Here het aan my gesê Saul is koning, en ek het hom reeds gesalf,” nie? Hoekom het Samuel nie vir Saul voor ander mense gesalf sodat hulle sou weet nie? God wou nie verdeeldheid in Israel hê oor die verkiesing of dat die mense moes omdraai en Samuel blameer omdat hy die verkeerde koning gekies het, nadat Saul afvallig geword het en dwase foute gemaak het nie. Die enigstes wat nie die lot se uitspraak gerespekteer het nie, is “deugniete” genoem. “**Maar die deugniete het gesê: Hoe kan hierdie man ons verlos?**” (1Sam.10:27).

Ook Jónatan het vir die Here vir ‘n teken gevra. “**Jónatan dan het aan die dienaar wat sy wapens dra, gesê: Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes (Filistyne); miskien sal die Here vir ons optree, want by die Here is daar geen verandering om deur baie of min verlos te word nie. Toe sê sy wapendraer vir hom: Doen alles wat in u hart is, maak soos u wil; hier is ek by u volgens die wens van u hart. Daarop sê Jónatan: Kyk, ons sal na die manne toe oorgaan en ons aan hulle vertoon. As hulle vir ons só sê: Staan stil totdat ons by julle kom! dan moet ons op ons plek bly staan en nie na hulle opklim nie. Maar as hulle só sê: Kom op na ons toe! dan klim ons op, want dan het die **HERE** hulle in ons hand gegee; en dit sal vir ons die teken wees.” (1Sam.14:6-10). Jónatan het geglo dat die Here die teken sou eerbiedig en die gedagtes en woorde in die Filistyne sou laat posvat. Hy het ook nie geglo die duiwel sou hom ‘n verkeerde antwoord kon gee nie. God is getrou en wil hê ons moet van Hom ‘n teken vra sodat Hy Homself aan ons kan bewys en ons die oorwinning oor ons vyande kan gee. Jónatan het die teken gekry wat hy gevra het en het gewet God het die Filistyne in sy hand gegee. Nadat Jónatan ‘n klomp Filistyne verslaan het, het daar ‘n aardbewing gekom wat die res van die Filistyne op die vlug laat slaan het. Terwyl hulle gevlug het, het Saul die situasie benut en soveel as moontlik doodgemaak. “...**het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek.**” (1Sam.14:24). Jónatan was onbewus van hierdie eed en het sy staf se punt in heuning**



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

gedruk en daarvan geëet. Eers toe het die ander hom van die eed vertel.

***“Toe sê Saul: Laat ons in die nag aftrek agter die Filistyne aan, en laat ons onder hulle plunder totdat dit môre lig word; en ons moet nie een onder hulle laat oorbly nie. En hulle antwoord: Doen alles wat goed is in u oë. Maar die priester het gesê: Laat ons hier tot God nader. Toe het Saul God geraadpleeg: Sal ek aftrek agter die Filistyne aan? Sal U hulle in Israel se hand gee? Maar Hy het hom dié dag nie geantwoord nie.” (1Sam.14:36,37).*** Ek het agter gekom dat die Here ons nie altyd wil antwoord nie. Job moes ‘n vreeslike toets deurstaan om eers aan die heel einde ‘n antwoord van die Here te kry. Hy moes die Here vertrou. Partykeer wil die Here ‘n deur ooplos want ‘n eenvoudige ja of nee is nie noodwendig die regte antwoord vir enige kant van die saak nie. Die antwoord kan meer ingewikkeld wees soos bv ‘n “ja, maar nie nou nie,” of ‘n “vir eers is dit nee, later ja”. Dit voel vir my asof die Here wil hê dat as ons die lot werp, ons twee muntstukke moet gebruik. Dan is dit moontlik om ‘n nie-spesifieke antwoord te kry soos ‘n kop en ‘n stert, wat beteken dat God sê: “Ek wil jou nie nou of op hierdie manier antwoord nie.”

Ek het twee muntstukke gebruik toe ek die lot gewerp het vir ons huis, en beide het elke keer op “kop” geland; ek het dus vier koppe gekry. Toe ek nog jonk in die Here was, het ek baie antwoorde op hierdie manier gekry, en hulle is bevestig. Hoe meer geestelik volwasse ek geword het, hoe minder wou Hy hê ek moes die lot gebruik. Die lot en ander tekens het my gehelp om seker te wees ek hoor die stem en aanwysings van die Here. Hoe meer seker ons word dat ons Sy stem hoor, hoe minder het ons dit nodig. Daar is nog tye wat ek die lot gebruik. God wil nie hê ons moet vir tekens vra oor dinge wat duidelik in Sy Woord staan nie. Dit wat in die Woord staan, is finaal, Hy het nie nodig om dit wat Hy daar sê, te bevestig nie. ‘n Paar jaar gelede is my oudste seun deur ‘n plaaslike motorfietshandelaar gevra om aansoek te kom doen vir werk. Ek het die Here deur die lot gevra of hy die werk gaan kry en die antwoord was “ja”. Later het ek die Here gevra om aan my ‘n Bybelvers te gee rakende die werk. Ek het die Bybel oopgemaak en die vers wat ek gesien het, het geïmpliseer dat hulle nie oop kaarte met hom gaan speel nie. Ek het toe gewonder of dit beteken dat hy die werk gaan kry, maar hulle nie eerlik met hom gaan wees nie, wat toe wel gebeur

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

het. Hulle het gesê dat hy die werk het en reeds in Desember kan begin, maar hy het uiteindelik eers in Januarie begin werk - presies soos die Here aan my gewys het.

***“...het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek.” (1Sam14:24).*** Sy seun Jónatan het nie gehoor toe hy die vloek uitspreek nie en het ‘n bietjie heuning geëet. Saul wou van die Here weet of hy die Filistyne moes agterna sit of nie, maar die Here het Saul nie geantwoord nie. Saul het vermoed dat van sy manskappe gesondig het en dat dit die oorsaak was. ***“En Saul sê: Kom nader hierheen al die hoofde van die volk, en ondersoek en kyk waarin hierdie sonde vandag begaan is. Want sowaar as die HERE leef wat Israel verlos, al was dit ook in my seun Jónatan, dan moet hy sekerlik sterwe! Maar niemand uit al die manskappe het hom geantwoord nie. Daarop sê hy aan die hele Israel: Julle moet eenkant staan en ek en my seun Jónatan sal eenkant staan. En die manskappe antwoord Saul: Doen wat goed is in u oë. Toe sê Saul aan die HERE: God van Israel, gee tog die waarheid! En Jónatan en Saul is aangewys maar die manskappe het vry uitgegaan. En Saul sê: Werp die lot tussen my en my seun Jónatan. En Jónatan is aangewys. Daarop vra Saul vir Jónatan: Gee my tog te kenne wat jy gedoen het. En Jónatan het hom te kenne gegee en gesê: Ek het net ‘n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was; hier is ek, ek sal sterwe. Toe sê Saul: Mag God aan my so doen en so daaraan toedoen, jy moet sekerlik sterwe, Jónatan! Maar die manskappe het aan Saul gesê: Moet Jónatan sterwe wat hierdie groot verlossing in Israel bewerk het? Volstrek nie! So waar as die HERE leef, geen haar van sy hoof sal op die aarde val nie! Want met God het hy dit vandag gedoen. So het die volk dan Jónatan losgekoop, dat hy nie gesterf het nie. Daarna het Saul agter die Filistyne teruggetrek, en die Filistyne het na hul plek gegaan.” (1Sam.14:38-46)***

Uit die hele Israel het die lot Jónatan, met reg, aangewys as die rede vir God se stilsweye. Ons het vandag nog dieselfde soewereine God! Nadat Jónatan se lewe gespaar is, het Saul nie voortgegaan om die Filistyne te agtervolg nie. God het Saul nie geantwoord nie omdat hy die vloek wat hy uitgespreek het, nie volvoer het nie. Saul wou ook nie voortgaan sonder God se leiding nie, selfs al kon hulle die Filistyne uitwis. Soveel mense laat hulle vandag lei deur geleenthede en hulle verstand, maar almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God (Rom.8:14).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Die Apostels het besluit om Judas te vervang. **“Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woens word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat ‘n ander een sy opsiensamp neem. Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is – van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding. En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthias. En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.” (Hand.1:20-26).** Baie kerke leer dat Paulus die twaalfde apostel was en nie Matthias nie. Hierdie lering het ontstaan uit die gedagte dat daar net twaalf apostels was. As gevolg van hierdie lering het die vertalers die Griekse woord “*apostolos*” nie oral waar dit voorkom so vertaal nie. Ons het egter geen rede om te glo dat die woord “*apostolos*” as iets anders vertaal moet word nie. Indien die presiese Griekse woord “*apostolos*” elke keer so vertaal word, is daar ten minste vyf-en-twintig apostels in die Nuwe Testament gelys. Ons het vandag steeds apostels. God het Matthias deur die lot aangewys om Judas se plek as die twaalfde apostel in te neem. Deel van die oortuiging dat Matthias nie ‘n apostel was nie, is die feit dat sy naam nie later in die Skrifte genoem word nie. Die meeste van die ander apostels se name kom egter ook nie later voor nie. Jesaja 53 vertel ons van Jesus se lewe vol opofferinge en van Sy dood. Jesus en twaalf apostels se name is met behulp van die Bybelkodes in hierdie hoofstuk gevind. Matthias se naam is daar, maar nie Paulus of Judas se name kom onder die twaalf voor nie. God het dus reeds in Jesaja se tyd dit so beskryf dat Matthias Judas se plek sou inneem. Die Joodse apostels, wat hul lewe lank die lot gebruik het, het hierdie belangrike besluit ook met die lot geneem. Hulle het in ‘n soewereine God wat gebede beantwoord, geglo.

God het Gideon gekies om Israel teen die Midianiete, Amalekiete, en die kinders van die Ooste te lei. Gideon het geen selfvertroue gehad nie en was bekommerd want hy het geweet Israel se leër was nie veel werd nie. Hy wou baie graag op die Here vertrou. **“Toe het Gideon met God gespreek: As U werklik deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het – ek sal die wolvlies op die dorsvloer neerlê: as daar net op die**

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

**vlies dou is, terwyl die grond oral droog is, dan sal ek weet dat U deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het. En dit was so: toe hy die volgende môre vroeg opstaan, het hy die vlies uitgewring en die dou uit die vlies uitgedruk, 'n kom vol water. Toe het Gideon met God gespreek: Laat U toorn nie teen my ontvlam nie, en laat my net hierdie keer mag spreek; laat my tog net hierdie keer met die vlies 'n proef neem: laat dit op die vlies alleen droog wees terwyl daar op die grond oral dou is. En die HERE het daardie nag so gedoen: op die vlies alleen was dit droog, maar oral op die grond was daar dou.**” (Rigt.6:36-40). Gideon het geen ruimte gelaat dat 'n misverstand kon ontstaan oor wat God se antwoord was nie. Die teken wat Gideon gevra het, is iets wat nie natuurlik kon gebeur nie. Die vlies sou eerder die vog rondom dit absorbeer. Maar God het sy teken vir hom gegee. Die vlies was droog en die grond nat. God het geen beswaar om sulke tekens te doen as ons 'n antwoord nodig het nie.

Ek was eenkeer, jare gelede, in gesprek met 'n man wat op die randjie van bekering was. Hy het baie vrae gehad, onder andere het hy gesukkel om te glo dat God hóm spesifiek lief het. Ek het voorgestel dat hy God vir 'n teken vra. My voorstel was dat hy God moet vra om, indien God hom liefhet, dit te laat reën terwyl die son skyn. Die man was die volgende dag oorstelp van vreugde want dit is presies wat gebeur het. Hy het by sy bed gekniel en nadat hy hierdie gebed gebid het, by die venster uitgekyk; die son het geskyn en dit was besig om te reën. Dis al wat hy nodig gehad het. Dit het hom oortuig van 'n persoonlike God en Verlosser.

Op 'n ander geleentheid, terwyl ek besig was om 'n groep mense te leer, het ek voorgestel dat almal die eerste ding in die oggend tyd moes afstaan aan God. Hulle moes 'n uur lank tyd in die Woord spandeer voor hulle werk toe kom. Ek het voorgestel dat hulle, as teken dat God graag die uur saam met hulle wil deurbring, hul wakker vir die gewone tyd stel wat hulle elke oggend opstaan, maar God vra om hulle 'n uur vroeër wakker te maak. Wanneer hulle wakker word, moes hulle na die wakker kyk. Amper almal in die klas het stralend teruggekom. Opmerkings soos: “Ek het wakker geword, my kop na die wakker gedraai en gesien dis presies 'n uur vroeër as wat die alarm moes afgaan”, was volop. Hulle het God se soewereiniteit ervaar en was beïndruk daarmee. Die wete dat dit Sy Wil was om Hom vroeg in die oggend te ontmoet, was ook

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

bemoedigend. Tekens dat God jou persoonlik liefhet en in jou belangstel, maak 'n groot indruk op mense.

In 1Sam.4 lees ons die geskiedenis van die oorlog waarin Israel 30 000 voetgangers en die Verbondsark in 'n geveg met die Filistyne verloor het. Die Filistyne het die verbondsark na hulle land geneem en in die stad Asdod langs die beeld van Dagon, hul afgod, geplaas. Die volgende oggend het Dagon met sy gesig na onder op die grond gelê. Hulle het hom regop getel, maar die daarop volgende oggend het Dagon se hande en kop afgebreek op die grond gelê. In Asdod en die vier stede waarna die Ark daarna geneem is, is die inwoners met 'n vloek van die Here getref. Hulle het gewasse (geswelle) gekry en daarvan gesterf.

Die Filistynse vorste is hierdeur aan die hand van God blootgestel en het ook onthou wat in Egipte gebeur het toe God Israel uit die hand van die Farao bevry het. Hulle het die God van die Hebreërs gevrees en hulp gaan soek by hulle priesters en waarsêers. Die raad wat hulle ontvang het was om 'n teken van God te vra om te sien of dit werklik Sý oordeel oor hulle was. ***“Neem dan nou wat nodig is en maak 'n nuwe wa; ook twee melkkoeie waar geen juk op gekom het nie; span dan die koeie in voor die wa en keer hulle kalwers agter hulle weg huis toe. Neem dan die ark van die **HERE** en sit dit op die wa, en die goue voorwerpe wat julle Hom as skuldoffer teruggee, moet julle in 'n kisse langsaaan neerlê; stuur dit dan weg om heen te gaan. En let op: As dit in die rigting van sy eie gebied na Bet-Semes opgaan, dan het Hy ons hierdie groot onheil aangedoen; maar so nie, dan weet ons dat sy hand ons nie getref het nie; dit het toevallig oor ons gekom.” (1Sam.6:7-9).*** Die vlees kan teen alle waarskynlikheid in toeval glo. Koeie wat nog nooit in 'n juk ingespan was om 'n wa te trek nie, sal van nature huis toe gaan waar hulle kalwers is en nie na 'n vreemde plek toe nie. Wat het gebeur? ***“Die manne doen toe so: hulle het twee melkkoeie geneem en dié voor die wa gespan en hulle kalwers by die huis agtergehou. En hulle het die ark van die **HERE** op die wa gesit en die kisse met die goue muise en die beelde van hulle geswelle. En die koeie het reguit padlangs geloop in die rigting van Bet-Semes; hulle het op die een grootpad aldeur geloop en bulk sonder om regs of links uit te draai, ...” (1Sam.6:10-12).*** God het totale soewereiniteit oor die koeie se verstand gehad. Die koeie se teenstribbeling was duidelik hoorbaar, maar hulle het die Ark terugneem na Israel toe. Die Filistyne het gewet dat dit God was wat dit laat gebeur het en het selfs offers aan Hom

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

gebring. Die teken wat hulle gevra het was van so 'n aard dat net God dit in vervulling sou kon bring; dit was onmoontlik dat dit van nature sou kon gebeur. Jy kan God ook vra om iets bo-natuurliks te doen, en jy en die Filistyne rondom jou sal dit nooit vergeet nie.

Ek het my twee oudste seuns, wat ek in die weë van die Here grootgemaak het, 'n tyd gelede in geloof in die Here se hand geplaas. Hulle was so besig met hulle eie dinge dat die dinge van die Here tweede gekom het. Hulle lewens het egter nie veel verander nie, en ek het tot ons Vader gebid vir 'n woord oor hulle. Ek het my Bybel oopgeslaan en my vinger op 'n vers gedruk. Dit het gesê: **“Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom.”** (Hand.10:4). 'n Gedagtenis is dit wat die gedagte aan iemand lewendig hou. God het dus my versoek gedurig in gedagtenis gehou. Ek het weer my vinger op 'n vers gedruk: **“Dit is volbring!”** (Joh.19:30). Met ander woorde, God se woorde aan my was: “Jy het hieroor gebid. Ek het die gebed gehoor. Dit is nou gedoen, glo dit net.” Jesus het gesê: **“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.”** (Mark.11:24). [NNT: “Therefore I say unto you, All things whatever ye pray and ask for, believe that ye received (verlede tyd) them, and ye shall have them.”]

Ek het op 'n stadium baie pyn gehad en bloed passeer. Ek was egter in totale vrede daarvoor, waarskynlik omdat God ons reeds vir baie jare konstant genees het. Die gedagte het by my opgekóm dat ek kanker het, maar ek het dit aan niemand behalwe 'n vriend, Mike Burley, vertel nie. Ons het in geloof saamgestem dat ek gesond was. Kort daarna het ek twee susters raakgeloop wat gesê het dat hulle vir my en ander leraars gebid het. Die Here het aan hulle gesê dat ek 'n stryd met kanker sou hê, maar sou oorwin. Ek het hulle bedank en gesê ek het so iets vermoed. Ek het huis toe gegaan en die Here gevra om my 'n woord aangaande dit te gee. Ek het my Bybel oopgeslaan en sonder om te kyk my vinger reg op **“want jy sal sterwe en nie lewe nie”** (2Kon.20:1) gedruk. Ek het dit verwerp en gesê: “Ek aanvaar nie dié woord nie, want dit is nie is wat U in u Woord beloof nie. U belofte is: **“deur wie se wonde julle genees is”** (1Pet.2:24) en **“Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit (sal) ontvang (het)...”** (Mark.11:24).” Op grond daarvan het ek God gevra om my 'n ander woord te gee. Ek het my Bybel oopgeslaan en my vinger reg op **“Ek sal nie sterwe nie, maar lewe...”** (Ps.118:17) gedruk. Presies die teenoorgestelde!

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Hierdie is boonop die enigste twee verse soos dié in die hele Bybel. Dink net aan God se soewereiniteit; dat Hy die Bybel op die regte bladsy laat oopval en my vinger so beheer om op die regte vers te druk, en dit twee maal na mekaar! Ons het 'n ontsagwekkende God! God het my getoets om te kyk of ek die teks wat Hy my gegee het, sou glo. Moenie 'n woord aanvaar wat in teenstelling is met die Woord nie, dan sal jy geseënd wees. Die simptome het geleidelik minder geword en uiteindelik heeltewel verdwyn.

Een van ons susters het 'n gewas gehad wat so groot was dat sy swanger gelyk het. Sy het my gebel en gevra om vir haar te bid. Ek het die gewas in Jesus se naam vervloek, waarna sy my onmiddellik teruggekakel en gesê het dat dit kleiner geword het. Dit was komplete asof 'n ballon afgeblaas het! Dit het egter later weer begin groei. Ek het gevra dat God my 'n woord gee oor haar. Ek het die Bybel vyf keer na mekaar oopgeslaan en my vinger op 'n vers gedruk. Elkeen van die vyf verse het oor die opstanding van die dooies gehandel. Ek het almal neergeskryf en die Here daarvoor gevra: "Wat sê U vir my? Gaan U haar laat opstaan uit die dode of is die boodskap dat U haar saam met die opstanding van die dooies weer lewendig gaan maak?" Die teken was profeties; sy het later gesterf alhoewel dit nie om God se beswil was nie. Die dokters was te bang om haar te opereer en sy het later nege maande swanger gelyk. Haar familie het haar onder druk geplaas om Mexico toe te gaan vir behandeling. Sy het vir my gesê dat sy aan die einde van haar beproewinge in geloofsvertwyfeling was en ek het haar nie daarvoor veroordeel nie. Sy was 'n goeie, getroue kind van die Here en is vir die grootste deel van haar Christenlewe deur Hom genees. Haar man het egter besluit dat hulle hulle eie wil opdring aan die Here deur te vra dat sy genees word, en dat dit nie noodwendig die Here se Wil was nie. Die mense vir wie Jesus en Sy dissipels gebid het, het daarvoor gevra omdat hulle self begeer het om gesond te word, en God het hul almal deur hul geloof genees (Matt.4:24; 8:16; 9:35; 12:15; Hand.5:16). ***"Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees."* (Ps.103:3).** Hierdie suster het gesterf toe hulle hul geloof opgee en bid: "Here, as dit U Wil is". Haar man en dokters kon nie glo toe sy sterf nie, haar toestand was op daardie stadium glad nie kritiek nie. Hy het my vertel dat sy, die oomblik toe daardie woorde in gebed geuiter is, gesterf het. Hy het aan my gesê, "David,

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

ons het haar deur geloof aan die lewe gehou”. Ek het gedink, “Ja, dit is wat ons veronderstel is om te doen.”

’n Suster in ons gemeente, Pauline Warner, was baie ontsteld oor haar dood. Sy het gedink hulle geloof is sterk. Dit het haar tot die besef laat kom dat ’n mens se geloof kan faal. Terwyl sy dit bepeins het, het ’n vers by haar opgekom: “Hand 5:1”. Sy was besig om haar motor te bestuur en bel my toe om te hoor wat in die vers staan. Ek het dit vir haar gelees. **“Maar ’n sekere man met die naam Ananías het saam met sy vrou Saffira ’n eiendom verkoop.” (Hand.5:1).** Aanvanklik kon ek nie die verband sien nie, want hulle was getrou met hul finansies. Skielik het ek die kloutjie by die oor gebring. ’n Man en sy vrou het **“’n eiendom verkoop”**. Deur Christus se bloedverbond is al die beloftes van die Skrif ons eiendom, so ook genesing. God se woord aan Pauline was dat die man en sy vrou haar eiendom, naamlik haar genesing, verkoop het! Volgens Jesus is genesing die **“kinders se brood”** (Matt.15:26). Ons moet nooit bid: “As dit U Wil is” as die Skrif iets duidelik as God se Wil openbaar nie. Genesing is duidelik volgens die Woord Sy Wil vir Sy kinders (1Pet.2:24; Ps.103:3). Nie Jesus of die apostels het ooit gevra “as dit U Wil is” as hulle vir genesing, verlossing, of voorsiening gebid het nie! Wees versigtig om ’n leuen te aanvaar; jy gee ’n beloofde eiendom daarmee prys. Hierdie insident het my gehelp om te verstaan hoe belangrik dit is dat ons **“die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou” (Heb.10:23).**

Die teken wat Hiskia van God gevra het, is iets wat mense sterk onder die indruk van God se soewereiniteit bring. **“In dié dae het Hiskia dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie. Toe draai hy sy gesig na die muur, en hy het gebid tot die HERE en gesê: Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met ’n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë. En Hiskia het bitterlik geweene. En Jesaja het die middelste voorhof nog nie uitgegaan nie of die woord van die HERE het tot hom gekom en gesê: Draai om en sê vir Hiskia, die vors van my volk: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou tranes gesien; kyk Ek sal jou gesond maak; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die HERE. Hiskia het vir Jesaja gevra: Wat is die teken dat die Here my gesond sal maak en dat ek op die derde dag sal opgaan na die huis van die Here?” (2Kon.20:1-**



**5,8).** Hoekom het Hiskia nie die Here geglo nie? Hiskia het met 'n profeet gepraat, nie met God self nie. Die Bybel sê ons moet profete toets (1Joh.4:1). Dit is nie altyd maklik om vas te stel of 'n profeet se boodskap van God is of nie, maar daar is sekere riglyne wat kan help. Daar kan iets in die profesie gesê word wat persoonlik is waarvan net jyself geweet het. Dan kan dit nie die profeet se eie gedagtes wees nie. Of sleutelgebeure wat lei tot die vervulling van 'n profesie kan openbaar gemaak word, en wanneer dit gebeur, weet jy dat dit van die Here is. **“Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die HERE dit nie beveel nie?” (Klaag.3:37).**

Ongelukkig is daar ook profete wat as kanale optree vir geeste van waarsêery. Geen gees het egter beheer oor die toekoms nie en daarom word min vervul van wat hierdie profete sê. Mense wat valse profete konsulteer, besef nie dat hierdie geeste sê wat hulself van plan is om te laat gebeur nie. God laat hulle dit nie altyd toe nie. **“En Jesaja antwoord: Dit sal vir jou die teken van die kant van die HERE wees dat die HERE die woord sal volbring wat Hy gespreek het: Moet die skaduwee tien grade vooruit gaan, of moet dit tien grade agteruit gaan? Toe sê Hiskia: Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade te daal; nee, maar laat die skaduwee teruggaan, tien grade agteruit. En Jesaja, die profeet, het die HERE aangeroop, en Hy het die skaduwee op die grade waarlangs dit op die grade van Agas se sonnewyser gedaal het, laat teruggaan, tien grade agteruit.” (2Kon.20:9-11).** Hiskia het gedink hy vra God iets wat moeilik is om te doen maar **“Dit is maklik”** vir die Here om die skaduwee tien grade te laat teruggaan.

Elía het nie geweet wat om Elísa te antwoord op sy versoek nie en dit aan God oorgelaat: **“En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat tog 'n dubbele deel van u gees op my kom. En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie. En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar. En Elísa het dit gesien...” (2Kon.2:9-12).** In hierdie geval het Elía nie geweet of God 'n dubbele deel van die Gees aan Elísa gaan gee of nie. Hy het waarskynlik gedink dat Elísa te veel gevra het. Hy wat Elía was, het per slot van rekening die grootste wonderwerke sedert Moses gedoen. Elía het dit aan God oorgelaat om met 'n teken te bevestig, en Hy het dit nagekom. Elísa het 'n dubbele deel van Sy

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

Gees ontvang en het voortgegaan om dubbeld soveel wonderwerke te doen.

God is soewerein oor geskiedenis met die doel om mense en gebeurtenisse te gebruik as tekens vir ons. **“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde (Grieks: “skadubeeld/figuur/tipe”) en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.” (1Kor.10:11).** Volgens Deuteronomium 21:17 was die dubbele deel die erfdeel van die eersgebore seun. Elísa, die tweede-gebore seun, het ‘n dubbele deel van die Gees gekry wat Elía, die eersgeborene seun, gekry het. Hy het ‘n dubbele deel gekry van wat God die Vader as ‘n erfporse gegee het. Die seun wat tweede gebore is, het die eersgeborene se erfdeel ontvang, net soos wat dit met Efraim en Manasse, Jakob en Esau, Isak en Ismael, en Abel en Kain gebeur het. Elkeen van hierdie pare is ‘n skadubeeld van die twee seuns van God, ons Vader. God het gesê: **“My eersgebore seun is Israel.” (Ex.4:22).** Die Kerk is God se wedergebore of tweede-gebore seun. Soos Jesus gesê het: **“So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste.” (Matt.20:16).** Die Kerk is laaste gebore, maar staan eerste by God met salwing, erfenis en posisie.

Elkeen van hierdie pare seuns gee aan ons ‘n openbaring van die verskil tussen die natuurlike eersgeborene, en die geestelike tweede-gebore seun. Efraim was die tweede seun van Josef, wat op sy beurt die duidelikste skadubeeld van Jesus is. Efraim het die dubbele erfdeel, wat eintlik aan sy ouer broer Manasse behoort het, ontvang (Gen.48:17-19). Efraim is genoem **“n menigte (Hebreeus: “volheid”) van nasies” (Gen.48:19)** want hy verteenwoordig die Kerk wat vanuit al die nasies kom. **Die Kerk is die tweede-gebore (wedergebore) seun van die Vader wat die dubbele deel ontvang het wat na Israel, die eersgeborene, moes gegaan het. Hulle het dit egter verwerp.**

Esau het ook sy dubbele deel geboortereg **“vir één spysgereg...verkoop” (Heb.12:16).** Hy wou eerder sy vlees bevredig as om Sy vader se seën te ontvang. Ons kan aanspraak maak daarop dat ons deel is van Jakob, die tweede-geborene, as ons dit wat fisiese Israel (die eersgeborene) verwerp het, aanvaar. Die Jode het Jesus verwerp, ons moet Hom aanvaar, nie ‘n moderne kragteloze evangelie nie. Esau wat sy dubbele deel veruil het vir die vlees, herinner sterk aan baie van die Kerk van vandag wat ‘n evangelie

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

wat kragteloos, maar aanvaarbaar vir die vlees is, aangeneem het. Moenie jou dubbele deel van salwing mis nie; word vervul met die Gees en ontvang die gawes van die Nuwe Testament.

Paulus waarsku die Kerk om nie Ismaels (eersgeborenes) te wees nie. Ismael was 'n kind van die slavin, gebind deur die Wet en godsdiens (Gal.4:21-31). Hy spoor ons aan om Isakke (tweedegeborenes) te wees, kinders van die vrye vrou en van die belofte. Ons moet geloof hê in die beloftes en daarvolgens handel, dan ontvang ons nuwe lewe. **“Die regverdige sal deur die geloof”** in hierdie beloftes **“lewe” (Rom.1:17)**. Om deur geloof deel te kan hê in die lewe, voordele, en werk van Christus, moet jy nuut gebore word deur die beloftes wat waar word in jou lewe. Die groot belofte wat ons versterk om in al hierdie beloftes van God deel te hê, is **“die belofte van die Vader”**. **“Hy het hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde.” (Hand.1:4-8)**. Die Heilige Gees is daardie dubbele erfdeel wat Jesus gegee het na Sy dood en opstanding.

Korporatief het fisiese Israel wat eerste gebore is, geestelike Israel of die Kerk wat tweede gebore is, voorafgegaan. Daar is ook 'n vergelyking dáárin: As individue word ons eers fisies gebore voordat ons na die Gees gebore word. **“So is daar ook geskrywe: Die eerste mens (eersgeborene), Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste (tweede geborene) Adam 'n lewend-makende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons [NNT: “let us also bear” ] ook die beeld van die hemelse dra.” (1Kor.15:45-49)**. Ons almal kom uit Adam, die eersgeborene. Ons moet almal geestelik weer gebore word uit Jesus, die tweede Adam. God se skeppingswerk het by Adam begin, Hy het dit voortgesit met die tweede-gebore seun Jesus en Hy voltooi Sy werk na ses dae wanneer almal wat uitverkies is, in Christus is. Israel het kans gehad

**HOOFSTUK 9**  
**God se Soewereiniteit oor Tekens,**  
**Toeval en Bevestigings**

om dié seën te ontvang, maar het hierdie eersgebore reg verwerp. Hulle gaan egter in die tye wat kom nog 'n kans kry.

Baie mense glo dat die Kerk, wat bestaan uit Joodse en Nie-Joodse gelowiges vanuit alle nasies, 'n nagedagte vir God is. Dat dit nie so is nie kan duidelik uit verskeie Ou Testamentiese tipes gesien word. Jesus was die geestelike Vader van die twaalf apostels van die Kerk; Jakob die natuurlike vader van die twaalf stamvaders van Israel. Die kerk wat bestaan uit Christene het Jesus se naam "Christus" aangeneem en is "die liggaam van Christus". Die volk Israel het Jakob se naam "Israel" aangeneem en is deel van sy liggaam. (Gen.32:28). Jakob as skaduwee van Christus het twee vrouens gehad, beide was die dogters van een vader, in tipe 'n beeld van ons Vader. Die twee vrouens verteenwoordig fisiese Israel en geestelike Israel. Jakob het die tweede dogter Rachel, geestelike Israel, met sy hele hart liefgehad, maar is gedwing om eers met die oudste dogter, Lea, oftewel fisiese Israel, te trou (Gen.29:26). Jesus het die Kerk eerste liefgehad. Sy was ook soos Hy uit die gees gebore, nie vanuit die aarde (stof) nie. Behalwe vir die uitverkorenes uit fisiese Israel wat getrou was, het die volk Israel die wêreld liefgehad en lees ons in die Woord dat God van haar geskei het (Jer.3:8; Jes.50:1; Hos.2:2-4).

Nog 'n interessante feit is dat toe Jakob met sy twee families deur die Jordaan getrek het oppad terug na die Beloofde Land, wat 'n skadubeeld van die hemel is, het hy sy geselskap in twee laers verdeel **"...want ek het met my staf oor hierdie Jordaan getrek en nou twee laers geword" (Gen.32:10)**. Israel is in twee verdeel: die eersgebore, fisiese Israel en die wedergebore, geestelike Israel, die Kerk. Die oorsteek van die Jordaan simboliseer die dood en opstanding, waarna hulle in die hemel aankom en God se aangesig sien. **"Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered."** (Hebreeus vir gered: "om weg te ruk"). (Gen.32:30).

Beide Lea en Rachel se slavinne het meer kinders vir Jakob in die wêreld gebring as hulleself. Paulus praat oor die slavin en sê: **"...want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het"** (Gal.4:27). Daar is duidelik meer van Christus se saad in Israel en in die Kerk, maar hulle is in slawerny teenoor Sy saad wat in dié is wat vry is (Sy

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Bruid). 'n Groot deel van die Kerk is slawe van sonde, godsdien en/of die wet. Hulle is nie vry om die Gees te volg soos elke seun dit behoort te doen nie (Rom.8:14). As jy gebind is, is jy 'n dienskneg, wanneer jy vry is, is jy 'n seun van God. ***“En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak. Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. En die dienskneg bly nie vir altyd in die huis nie; die seun bly vir altyd.” (Joh.8:31,34,35).*** Paulus bevestig dit en sê: ***“Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.” (Gal.4:30).*** In die volgende hoofstukke is daar goeie nuus dat ons nie gebonde aan sonde in slawerny hoef te lewe nie.

As jy die koninkryk wil binnegaan, moet jy nuut gebore word. ***“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” (Joh.3:3); [NNT: “Except one be born from above”].*** Hulle kan ***“in die koninkryk van God nie ingaan nie” (Joh.3:5).*** Die regverdiges van die Ou Testament het nie die geleentheid gehad om nuut gebore te word nie, en volgens Jesus is hulle na hulle gesterf het, deur engele na Abraham se boesem gedra (Luk.16:22). Jesus Christus het na Sy kruisiging afgedaal na die dieptes van die aarde en daar die boodskap aan die geeste in die gevangenis gebring. Die wat die Evangelie geglo het, is weer gebore en Hy het hulle uit die gevangenis na die hemel gelei (Ef.4:8,9; 1Pet.4:19). Daarom is die Ou Testamentiese regverdiges van Israel nou in die Kerk. Daar is 'n deel van fisiese Israel wat in die toekoms weer gebore gaan word en dan deel gaan word van geestelike Israel, die Kerk. (die uitgeroepenes).

In God se soewereiniteit het Hy bepaal dat die geskiedenis homself herhaal (Pred.1:9) sodat daar duidelike skadubeelde in die Skrif opgeteken kan wees wat as tekens kan dien vir die Kerk oor wat gaan gebeur (1Kor.10:11; 2Tim.3:17). God het nie die Kerk as 'n nagedagte beplan nadat Israel gefaal het nie, die tipes bevestig dit duidelik. Die Kerk is die kroon van God se skepping, alhoewel nie almal in die Kerk die status van Bruid sal verkry nie. Verdere hoofstukke verduidelik die dubbele porsie erfdeel.

## HOOFSTUK 10

### God se Soewereiniteit deur Ons

**“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof van die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” (Gal.2:20).**

Ek kom al hoe meer onder die indruk daarvan dat dit nie belangrik is hoe Christelik ek lewe en hoeveel Christelike werke ek doen nie, maar wel tot watter mate ek my kruisiging aanvaar sodat Christus in my kan leef en Hy Sý werke deur my kan doen. Jesus het Sy fisiese liggaam opgeoffer met die doel om in Sy korporatiewe liggaam (Ef.4:16; 1Kor.12:12,27), die Liggaam van Christus, op aarde te woon sodat Hy op 'n baie groter skaal Sy verlossingswerk van die gevalle skepping kan voortsit. Ons is nie die liggaam van 'n ander Jesus, 'n swak en onwaardige Jesus nie. **“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.” (Heb.13:8).** **“Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik” (1Kor.12:27)** van dié liggaam wat 2000 jaar gelede fisies op aarde deur God se krag die gevangenes vrygelaat het. Dit is hartseer dat die meeste mense nie daarmee saamstem dat dit Christus se plan is om die soewereiniteit wat Hy in Sy eerste liggaam gehad het, in Sy tweede liggaam voort te sit nie. **“Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het?” (Amos 3:3).** Die doel van hierdie hoofstuk is om ons in ooreenstemming met die Woord te bring sodat Christus in ons kan leef en Sy soewereiniteit deur ons kan uitoefen. 'n Heerser se seuns word as vorste aangestel, hulle erf hul vader se outoriteit en beoefen sy soewereiniteit. **“In die plek van u vaders sal u seuns wees; U sal hulle aanstel as vorste in die hele land.” (Ps.45:17).**

Ongeag wat die mens se verstand bedink of uitdink, dit staan reglynig teenoor God. Dit is in vyandskap met Hom en kan ook nie aan Hom onderwerp word nie (Rom.8:7). Ons het almal in Adam gesterf en het geen waarde vir God nie. Wanneer ons egter in Christus, Wie die Woord is, is, word ons instrumente waardeur God soewerein kan heers. **“Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word.” (1Kor.15:22); “Want as ten**

**gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.**” (Rom.5:17). God het dit so beplan dat ons Sy genade moet ontvang om daarmee “*in die lewe*” te “*heers*”. Soos wat die oue mens (Adam) in ons sterf, groei ons geestelike of nuwe mens (Christus) tot lewe: “**Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens (vleeslike mens) ook, nogtans word die innerlike mens (Christus in jou) dag ná dag vernuwe.**” (2Kor.4:16). Soos wat ons die Woord lees en ons ons eie denke en lewe vervang met Christus se denke en lewe, is dit vir Hom moontlik om deur ons te regeer.

“**Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood** (van die oue mens/eie-ek) **om Jesus wil** (se onthalwe), **sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word.**” (2Kor.4:11). As ons aan onself sterf, sal die lewe van Jesus in ons sterflike liggame sigbaar word. Christus se lewe in ons is nie net Sy vrug alleen nie, maar ook Sy bediening wat deur ons moet voort lewe. Later meer hieroor. Moenie toelaat dat iemand jou mislei deur te sê dat jy nie ‘n Christus-lewe hier op aarde kan hê nie. Dié wat jou probeer wysmaak dat jy solank as wat jy op hierdie aarde is aan sonde gebonde is, is besig om jou te mislei. “**Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.**” (2Joh.7) [NNT: “**For many deceivers are gone forth into the world: they that confess not Jesus Christ coming in the flesh. This is the deceiver and the antichrist.**” Let wel, die korrekte bewoording is nié dat Jesus in die vlees gekom het nie, maar in die toekoms in die vlees gaan kom.] Met Sy tweede koms aarde toe, kom Jesus in ‘n verheerlikte liggaam, maar voor dit kom Hy eers in die vlees van Sy korporatiewe Liggaam (1Kor.12:27), naamlik hulle wat die Woord glo. Dié leraars wat jou probeer vertel dat jou grootste hoop op aarde is om vergifnis te ontvang, en dat jy nie kan verander nie, is besig om jou te mislei. Paulus verduidelik in die brief aan die Christene in Kolossense dat daar ‘n geheimenis opgesluit is in die woorde: “**Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid**” [NNT: “**Christ in you, the hope of glory**”] (Kol.1:27). Hy sê die wysheid van die geheimenis is “**om elke mens volmaak** (perfek of volwasse) **in Christus Jesus voor te stel**” (vers 28). Christus in jou het die krag oor sonde en die vloek. Wanneer ons besef dat Christus se doel is om in ons te leef, dan groei ons geloof eksponensieel in wat Hý in ons en deur ons kan doen. “**...dat die**

**gemeenskap** (Grieks: “*sharing in common*”) van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus.” (Fil.1:6).

Wanneer ons Christus se denke, oftewel die Woord van God, aanvaar, verander dit ons. **“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed,** [NNT: **“but be transformed by the renewing of the mind”**] sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.” (Rom.12:2). As ons nie ons gedagtes verander en in ooreenstemming bring met dit wat ons in die Woord lees nie, aanvaar ons nie die transformering van ons lewe en ons werk na dié van Christus toe nie. Die eerste konsep wat ons moet glo is die Evangelie: **“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.”** (Gal.2:20). My oue mens het saam met Christus aan die kruis gesterf en nou leef Jesus in my. Geloof in hierdie belofte van God regverdig ons en gee ons toegang tot God se krag om dit in ons lewens waar te maak. Baie mense verstaan dit nie. Hulle glo dus nie dat daar enige hoop is anders as om te sondig en op God se genade staat te maak vir vergifnis nie. **“Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?”** (Rom.6:1,2). Let wel, as gevolg van genade hoef ons nie meer in hierdie lewe te sondig nie. **“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.”** (verse 3,4). Toe ons gedoop is, het ons oue mens gesterf en is hy begrawe. Daarom kan ons ‘n nuwe lewe leef. **“Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;”** (vers 5). Wanneer ons gedoop word, sterf ons in geloof saam met Christus en word ons in geloof opgewek in ‘n nuwe lewe. ‘n Mens wat dood of opgewek is, kan nie meer sonde doen nie: **“...aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.”** (vers 6). Deur geloof het ons gesterf en nou leef Jesus in ons. Ons is dus verlos **“uit die mag van die duisternis”** (Kol.1:13). Hierdie is die ware Blye Boodskap!

Ons is slegs vry van die mag van sonde as ons dit glo. Nou kan ons hierdie beloftes soos ‘n twee-snydende swaard gebruik om die sonde



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

in ons lewe te vernietig. **“Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.”** (2Kor.7:1). Ons is verantwoordelik om onself deur geloof in hierdie beloftes te reinig.

Hulle wat die beloftes glo, sal vrug dra. As ‘n skadubeeld het Maria die belofte geglo dat sy die vrug van Jesus in haar sterflike liggaam sou dra (Luk.1:31-35). Ons kan ook soos Maria Jesus se moeder wees as ons die saad van die Woord wat in ons sterflike liggame geplant word, as Jesus-VRUG voortbring. Jesus het gesê: **“My moeder en my broers is die wat die woord van God hoor en dit doen”** (Luk.8:21). In die gelykenis van die saaier saai Jesus die saad (Grieks: “sperma”) van die Woord in ons harte (Mark.4:14-20). Aangesien die Woord die geestelike sperm van Jesus is, is Jesus die enigste vrug wat dit kan voortbring. Geen woord wat sy oorsprong uit die mens neem of van ‘n godsdiens af kom, kan dit doen nie. Slegs één van die vier tipes moeders wat die Woord ontvang, dra vrug. Dié wat die vrug van Jesus dra, dra dit 30-, 60-, of 100-voudig (Mark.4:20). Die woorde aan Maria was: **“Salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word”** (Luk.1:45). Omdat sy die Woord van die engel geglo het, het sy die vrug van Jesus voortgebring. Ons moet die Woord glo om dit in ons in vervulling te laat kom. **“Want aan ons is die evangelie** (Blye Boodskap/Goeie Nuus) **ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.”** (Heb.4:2). Daar is dié wat die Goeie Nuus hoor maar nie glo nie. Net soos Israel gaan hulle niks daarby baat nie. Die bewys dat iemand ‘n ware gelowige is, is as hy Jesus voortbring. Jesus sê: **“want aan die vrugte word die boom geken”** (Matt.12:33), nie aan dit wat mense sê die boom is nie.

Paulus leer ons hoe om hierdie geloof te beoefen. Ons moet ons verbeelding wat deur die Woord vernuwe is, gebruik. **“En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.”** (2Kor.3:18). Wanneer jy die belofte glo en jou gesig onbedek is, sien jy deur geloof die voltooië werk van God, “Christus in jou” [NNT: **“Christ in you, the hope of glory”**] (Kol.1:27), in die spieël, en dan verander jy na dieselfde beeld as die van God. Die Jesus wat ons in die spieël sien moet die Een wees wat mag het oor sonde en die vloek. Die meeste Christene sal

dink dit is aanmatigend om te sê dat jy Jesus in die spieël sien as jy in geloof daarin kyk. Die waarheid is dat slegs diegene wat dit doen in nederigheid gehoorsaam is aan die Woord. Die een wat sy eie natuurlike gesig in die spieël sien sal geen krag hê om gehoorsaam te wees nie. **“Want as iemand ‘n hoorder van die woord is en nie ‘n dader nie, dié is soos ‘n man wat sy natuurlike gesig in ‘n spieël sien” (Jak.1:23).** Hulle is dié wat nie die beloftes van die Blye Boodskap verenig met geloof sodat dit in hulle vervul kan word nie.

**“So moet julle ook reken (beskou dit as afgehandel) dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.” (Rom.6:11,12).** Let op dat die manier om te verhoed dat sonde in jou lewe heers, is om jouself as immuun daarteen te beskou omdat jy reeds dood is. Glo dat Jesus jou sonde weggeneem het en dat jy vry is om aan God gehoorsaam te wees. Góó gee jou die krag om sondevry te lewe mits jy die ware Evangelie glo. **“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.” (Rom.1:16).** Hulle wat nie hul mag oor sonde in geloof aanvaar nie, gaan nie vrug dra nie en hulself as onkruid in plaas van koring bewys. **“Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.” (Rom.6:17,18)** As jy hierdie waarheid in jou hart glo en beoefen maak dit jou vry van sonde. Jesus sê: **“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh.8:32).** As dit wat ‘n geestelike leier jou leer jou nie vrymaak van sonde nie, is dit óf nie DIE WAARHEID nie, óf jy glo dit nie waarlik nie. As jy nie oorwinning oor sonde het nie, bestudeer DIE WAARHEID, en nie godsdiens nie.

‘n Beswaarde vriend het onlangs vir my ‘n e-pos gestuur wat soos ‘n treurmare geklink het. Hy het by my gekla oor sy onvermoë om ‘n sekere sonde te oorwin. ‘n Klomp sinsnedes was vir my opvallend : “Ek kon dit nie weerstaan nie”; “ek is verslaaf”; “my vlees is swak”; “hulle het my”; “ek het geen hoop nie, geen selfbeheersing nie”; “ek is verslaan” en “ek is vasgevang”. Ek het dit onderstreep en vir hom teruggestuur met die boodskap: “Jy kan mos nie van jou geloof afsien omdat jý die een is wat misluk nie! Jy is 2 000 jaar gelede reeds van hierdie sonde verlos. Kyk of dit wat jy geskryf het

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

ooreenstem met dit wat jy behoort te glo. Uit jou brief is dit duidelik dat jy glo dat jy nie oorwinning gaan behaal nie; hoekom verwag jy dan enigsins om te oorwin? Ons moet leer om selfs wanneer ons misluk steeds in geloof te stap, anders gaan jy nooit oorwinnings behaal nie". (Ek het die Evangelie boodskap dat ons in Jesus reeds vry van sonde is vir hom gestuur.)

Hierdie vriend wou nie sondig nie; sy wil was daarteen. Dit was dus nie opsetlike ongehoorsaamheid nie, maar hy het in sy geloof misluk. Hy het alles wat hy nie moes glo nie, geglo. Dit het hom beroof van die krag wat hom oorwinning moes gee. Wanneer jy teen die einde van 'n toets nie meer geloof oor het nie, was daar van die begin af 'n swakplek. Daar is 'n paar stappe wat ons moet volg as ons sonde in geloof wil oorwin. **1Joh.1:8,9** sê vir ons: **"As ons sê dat ons geen sonde het nie (met ander woorde onself regverdig), mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."** Ons moet dus eerstens ons sondes bely. Daarna moet ons die Israeliete se voorbeeld volg: tydens die insident met die slang in die woestyn, moes diegene wat gepik is, hul oë op die slang op die paal rig. **"Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe."** (Num.21:8). Ons moet dus ons sonde bely en daarvan wegdraai om ons oë op Jesus aan die kruis te rig. In ons geestesoë moet ons sien hoe hierdie sonde op Jesus daar aan die kruis gesit is. Ons moet glo dat Hy dit reeds vir ons gedra het en ons dus verlos is. Jy moet volhard, dit beteken aanhou stap in die geloof dat Hy jou reeds verlos het. Soos Johannes die Doper gesê het: **"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem"** (Joh.1:29). God se kritiek teen die Ou Testamentiese Wet was dat dit **"nooit ...die wat toetreë, tot volmaaktheid lei nie...want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."** (Heb.10:1,4,14). In die Ou Testament was daar vergifnis van sonde omdat die bloed van die offerdier dit bedek het. Dit kon egter nie die sondige natuur van die oortreder weggeneem nie. Baie leraars predik dat ons vandag selfs onder die nuwe verbond steeds net dit het: vergifnis van sonde. God het juis die nuwe verbond daargestel sodat ons baie meer kan hê. Soveel mense is direk nadat hulle tot bekering gekom het ten volle bevry van sekere sondes. Die ware Evangelie

leer dat God hierdie proses verder in hulle lewens wil laat voortgaan totdat hulle heeltemaal sondevry is.

Ek hoor gereeld hoe daar vir die mense gesê word dat hulle net sondaars is wat deur genade gered is. Of jy my wil glo of nie, dit staan nêrens in die Bybel nie. Dit is 'n oksimoron. 'n Mens is óf 'n sondaar, óf jy is deur genade vry van sonde. Jesus het altyd onderskeid gemaak tussen Sy volgelinge en sondaars. ***“...Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars.” (Matt.26:45). “En as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen, watter dank het julle? Want die sondaars doen ook dieselfde. En as julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter dank het julle? Want die sondaars leen ook aan die sondaars, om net soveel terug te ontvang.” (Luk.6:33,34).***

Daar word dikwels gesê dat Paulus as dissipel homself as die vernaamste sondaar beskou het. Dit is nie waar nie! Hy het wel gesê hy was die vernaamste van die sondaars vir wie Jesus gekom het om te verlos. ***“Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.” (1Tim.1:15).*** (Paulus word as voorbeeld gebruik om te wys hoé groot God se krag is om selfs die grootste van sondaars te red.) ***“Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe.” (vers 16).*** Paulus sê dat God hom die krag gegee het om sy sonde agter te laat en dat hy nou as getrou gereken word. ***“En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het, my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof.” (vers 12,13).*** Paulus sluit homself in as hy sê: ons was sondaars, maar is geregverdig: ***“...maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.” (Rom.5:8,19)*** en: ***“Maar as ons wat streef om in Christus regverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!” (Gal.2:17)*** en: ***“Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienswaarders of egbrekers of wellustelinge of***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

***sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.*** (1Kor.6:9-11).

Die Here sê vir ons deur Paulus dat Jesus nie deel was van sondaars nie. ***“Want so ‘n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het.*** (Heb.7:26). Hulle wat hulself regverdig deur te sê hulle is maar net sondaars wat deur genade gered is, gaan nie die genade ontvang wat daar in Jesus ons Hoëpriester is nie. ***“Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.*** (Spr.28:13). Dawid bevestig dat sondaars en die regverdiges van mekaar geskei en die sondaars geoordeel gaan word. ***“Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.*** (Ps.1:1,5).

As ons die misleier se evangelie dat ons altyd sondaars gaan wees glo, in plaas daarvan om te glo dat ons vrygemaak van sonde is, is dit presies wat met ons gebeur. Jesus sê, ***“Gaan en laat dit vir jou wees soos jy geglo het”*** (Matt.8:13) en ***“Laat dit vir julle wees volgens julle geloof”*** (Matt.9:29). Dit is belangrik dat ons glo wat die Woord vir ons sê. Dit is belangrik dat ons die Bybelse Jesus in die spieël sien en nie ***“n ander”***, mensgemaakte ***“Jesus”*** nie (2Kor.11:4). As ons in die spieël na die humanistiese Jesus kyk wat vandag aan ons verkondig word, is dit die beeld waarin ons gaan verander. Dit is ‘n Jesus sonder krag. Het die Jesus waarna jy in die spieël kyk mag oor sonde en die vloek? Het Hy krag om genesing, vrymaking en voorsiening te bedien? God is net in staat om dit wat jy in die spieël sien te gebruik en kan nie meer as dit deur jou doen nie.

***“Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen*** (Grieks: “uitgeruil”) ***in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel; as julle ten minste gegrand en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het*** (die oorspronklike Evangelie) ***en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, ‘n dienaar geword het.”*** (Kol.1:21-23). Ons is nou reeds

versoen deur die kruis, maar op die voorwaarde dat ons gegrond en vas in die geloof voortgaan sonder om af te wyk van die ware Evangelie. Die woord “versoen” beteken “uitgeruil”. Jesus was aan die kruis in ‘n ruiltransaksie betrokke. Sy lewe, seëninge en krag is uitgeruil vir ons ou lewe, vloek en swakhede. Ons ou lewe, en die straf daarvoor, die vloek, is aan die kruis vasgespyker, en daarvoor het ons Christus ontvang en leef Hy nou in ons. God het die ruiltransaksie gedoen sodat ons heilig, foutloos en van ons vorige sondes bevry kan wees. Christus, geseën met geregtigheid en krag, woon in ons en beoefen Sy soewereiniteit deur ons. Dit maak ons bedienaars van Sy versoening. ***“En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” (2Kor.5:18-21).*** Met ander woorde, ons moet Jesus se werk voortsit en die boodskap van die uitruiltransaksie aan almal oordra sodat die wat dit glo ook verlos kan word van sonde, en kan deel in genesing, vrymaking en voorsiening.

Die aspekte van die vloek word een vir een in Deuteronomium 28 opgenoem. Dit dek alles wat sleg is wat met ‘n mens kan gebeur indien hy nie God se wet onderhou nie. Jesus het hierdie vloek op Hom geneem sodat ons outoriteit daarvoor kan hê in ons eie lewens en ook in die lewens van diegene wat glo. ***“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.” (Gal.3:13,14).*** Jesus het die vloek geword, sodat ons wat glo, “die seën van Abraham” kan hê. Hy was “... in alles geseën” (Gen.24:1). Alhoewel hierdie ruiltransaksie 2 000 jaar gelede by die kruis plaasgevind het, sien ons dit eers in ons lewens ‘n werklikheid word wanneer ons dit in geloof op die vloek toepas. Adam het in die Paradys voor die sondeval nie geweet wat siekte, korrupsie, of gebrek aan enige iets beteken nie. As jy vandag na die lewe om jou kyk is die gevolge van die sondeval oral te sien. Jesus het deur Sy lewe en Sy dood die vloek tot niet gemaak. Hy het die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

bediening daarvan aan Sy dissipels oorgegee en hulle beveel om dit weer aan hulle dissipels oor te gee en dié tot by ons: ***“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.” (Matt.28:19,20).*** Deur die eeue heen is die Evangelie egter deur godsdienste vir eie gewin verander na ‘n kragteloze vormgodsdienste met leraars en lidmate ***“...wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het” (2Tim.3:5).***

Dié wat die Heilige Gees ontvang het, word deur Sy krag in staat gestel om ***“tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus” (Ef.4:13)*** te groei. Paulus bid in Efésiërs ***“dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.” (Ef.3:16-19).*** Die volle omvang van Christus, Sy breedte, lengte, diepte, hoogte en liefde, is aan ons gegee in die geloof. God se Gees bemagtig ons om dit in geloof ***“te begryp” ... “sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.”*** Klink dit te goed om waar te wees? “Evangelie” beteken “Die Goeie Nuus”, en dit is “Die Waarheid”. Ek het nie die Woord geskryf nie; al wat ek doen is om dit te glo. Broers en susters, moenie dat godsdienste julle indoen nie.

Kom ons gesels oor ***“die volheid van God”.*** (Ef.3:19b). In ***Gen.1:12*** sê God: ***“saad gee volgens hulle soorte”.*** Uit watter saad kom ons? Eerstens die saad van ons natuurlike menslike ouers, die vlees wat deel is van die gevalle mensdom. Tweedens ontvang ons volgens die gelykenis van die saaiër die saad van die Woord. Die Griekse woord vir saad is “sperma” en die Woord is Jesus. Met ander woorde ons ontvang die sperma van Jesus en word dan só nuut gebore. Die saad van die Woord is nie die saad van ‘n mens nie maar die saad van God. ***“...en die Woord was God. (Joh.1:1). Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer (Grieks: “van bo”) gebore word nie.” (Joh.3:6,7).*** Toe Jesus vir die Jode sê dat Hy die Seun van God is, het hulle Hom probeer stenig en gesê: ***“...omdat U wat ‘n mens is, Usself God***

*maak” (Joh.10:29-33). Hulle het geweet dat as God ‘n seun het, Hy óók God moet wees. “Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit hulle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie, sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?” (Joh.10:34-37). In Grieks is daar nie hoof- of kleinletters wat “God” van ‘gode” kan onderskei nie. Jesus het dus gesê dat die Ou Testamentiese Jode wat die letter van die Woord ontvang het, daarvolgens gode was. Hoeveel te meer is ons, wat die Nuwe Testamentiese Woord van die Gees ontvang het, dan nie gode nie? Ons is gode volgens die saad wat ons van bo af ontvang. Ons is nie gode in die vlees nie want dit is die saad van die mens, maar wel in ons gees want dit is die saad van God. Jesus het gesê: “...die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe” (Joh.6:63). Aangesien elke saad volgens sy eie soort voortbring is die seun van ‘n hond ‘n hond, die seun van ‘n mens is ‘n mens en die seun van God is god. Hoe meer vrugbaar die grond is waarin God Sy saad in ons saai, hoe meer raak God in ons sigbaar. “...aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid (Jesus was seun van die vleeslike mens Dawid) en na die Gees van heiligheid (Seun van God in Sy gees) met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here,” (Rom.1:3,4). Ons is net soos Jesus seun van die mens in vlees, maar seun van God in ons geestelike mens. “Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.” (Heb.2:17). Jesus is in alles net soos ons gemaak: vleeslik mens, maar geestelik God. “Want deurdad Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help (Grieks: “tot die hulp kom van”) wat versoek word.” (vers 18). As Seun van die mens het Jesus geweet wat versoeking is en daarom kan Hy ons help. Ons Jesus is die “eniggebore Seun van God” (Joh.3:16) en ons is wedergebore seuns van God, deur Jesus Christus.*

*“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, (Volgens die valse leer van die Nikolaïete [Openb.2:6,15], het sommige van hierdie bedieninge verval. Dit staan egter nêrens in die Woord nie.) om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, [NNT: “for the perfecting of the saints, unto a work of ministry, unto a building of the body of the Christ”] toddat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en*



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.**” (Ef.4:11-13). Die volheid van Christus, al Sy geregtigheid en die bediening van Sy verlossing, is daar vir ons om in te deel. Baie kerke leer mense om op hulle eie krag staat te maak en nie op God s'n nie. Met so 'n uitgangspunt is dit verstaanbaar dat dit vir hulle ondenkbaar is dat die volheid van Christus bereikbaar is. Hulle sê eintlik dat God onbekwaam of onwillig is om ons volkome uit die mag van sonde en korrupsie te red. Daarteenoor is die Woord duidelik oor dit wat Jesus kan en wil doen: **“Daarom kan Hy ook volkome** (Grieks: “kompleet/totaal”) **red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.**” [ASV: **“save to the uttermost”**] (Heb.7:25).

Die natuurlike reaksie van mense hierop is om te sê: “Ek stem nie saam nie; ek sien dan nie sulke mense nie”. Die antwoord daarop is dat iemand wie se denke nie tot dieselfde mate deur die Woord vernuwe is nie, nie so 'n persoon sal herken nie. Dit is presies wat met Jesus gebeur het. Baie min het Hom herken toe Hy as mens maar in die volheid van God op aarde gewandel het. Die geestelike leiers van Israel het Hom nie herken nie. Selfs Sy dissipels het Hom bevreemdig: Petrus het Hom tereggewys en Thomas het in Hom getwyfel. Daarmee saam het Hy die beste wyn vir laaste gebêre. **“...wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind.**” (2Thess.1:10). Paulus het geglo dat daar 'n dag gaan kom wanneer Sy heiliges genade sal ontvang om Sy lering te glo en Jesus dan sigbaar in hulle gaan wees. Wanneer Jesus sigbaar is, beteken dit dat die vrug ryp geword het en gereed is om ge-oes te word. Dit is die tyd vir Jesus se wederkoms. **“Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak, sodat die Naam** (Grieks: “karakter en outoriteit”) **van onse Here Jesus Christus in julle verheerlik kan word en julle in Hom, ooreenkomstig die genade van onse God en die Here Jesus Christus.**” (2Thess.1:11,12). Deur God se genade en omdat Sy kinders die geloof gaan hê, gaan die karakter en outoriteit van Jesus as voorbereiding vir Sy werk en Sy koms in Sy kinders sigbaar word.

Die profeet Joël verklaar dat alles wat God se kinders deur die vloek en godsdiens verloor het, ten volle herstel gaan word. **“En julle,**

*kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen. Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop (baie vrug dra). En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het – my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het.” (Joël 2:23-25).* Hierdie insekte verteenwoordig die vloek op God se oes, of dan op Sy mense. God sê die vroeë en die laat reëns sal Sy mense vergoed vir die jare van verwoesting. Die reën word in Joël 2:28,29 geïdentifiseer as die uitstorting van die Heilige Gees op God se mense.

Petrus haal Joël 2:28,29 aan en verklaar dat die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag hierdie profesie vervul het: *“Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.” (Hand.2:16,17).* Die “vroeë reëns” van die Gees het in “die laaste dae” van die Ou Testamentiese volk van God gekom, en die “laat reëns” gaan in “die laaste dae” van die Nuwe Testamentiese volk van God kom. Die Jode wat in Jesus geglo het, is deur die vroeë reëns herstel. Voor Jesus se koms was daar groot afvalligheid onder God se volk. Daarna het die ongelowiges ook die vroeë reëns ontvang. Die dissipels het deur die werking van die Heilige Gees krag ontvang om in Jesus se voetspore te loop en die werke te doen soos wat Hy gedoen het. Die heidene het hulle “Christene” genoem. Dit beteken “soos-Christus”. Daar is egter baie min Christene wat vandag “soos-Christus” met krag optree. Maar God se skepping is nog nie afgehandel nie; dit is ‘n minderheid van Christene wat die afgelope 2 000 jaar kon deel in die salwing van die vroeë reëns. Die laat reëns gaan die gelowiges van die gevalle Kerk herstel om ook weer “soos-Christus” te wees. Daarna sal die salwing weer na die Jode toe gaan.

Wanneer gaan die laat reëns kom? Die Jode sowel as die Kerk het afgedwaal en lewe al amper 2 000 jaar nie meer soos wat dit in die Evangelies en Handeling beskryf word nie. Die Gees van God sê:, *“Dan gaan Ek heen, Ek keer na my woonplek terug, totdat hulle skuld beken en my aangesig soek. In hulle nood sal hulle My soek.” (Hos.5:15).* Dit is duidelik dat God Israel en die Kerk oorgelaat het aan hul eiewilligheid en valse leierskap. Sy kinders gaan hulle te midde van beproewinge

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

wat reeds begin het bekeer en sê: **“Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe. En laat ons ken – laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.”** (Hos.6:1-3). Wanneer die laat reëns val, gaan Jesus Christus kragtig in Sy kinders sigbaar word. Dit is Sy tweede koms in die vlees voor Hy in Sy verheerlikte liggaam op die wolke kom. Die krag van God se Gees gaan dan sigbaar wees in hulle wat Jesus Christus ontvang het. Hosea sê vir ons dat die koms van hierdie laat reëns op die oggend van die derde dag gaan wees om die twee-dag (2000 jaar) tydperk van afvalligheid te beeindig en die Christene te bekragtig en te herstel.

Wat beteken hierdie twee dae, en wanneer is dit die oggend van die derde dag? **“Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.”** (2Pet.3:8). Dit is duidelik uit die geskrifte van die vroeë Kerkvaders dat hulle deurgaans in ‘n 1000-jaar profetiese dag geglo het. Hulle het geglo dat die eindtyd na ses sulke profetiese dae (6 x 1000 jaar) sou aanbreek. Die Hindoes, Moslems en Jode het dit ook geglo. In die boek ***The Rise And Fall of The Roman Empire*** wat deur Gibbon geskryf is, sê hy dat die vroeë Christene dit ook geglo het. Ek het meer as ‘n dosyn verstommende openbarings in die Woord gevind wat profetiese dae gebruik verwysend na hierdie dae waarin ons leef. Die Bybel is in sewe profetiese 1000-jaar dae uitgelê. Die dae word getel vanaf die skepping van die eerste Adam, of andersins vanaf die geboorte van Jesus Christus, die “laaste Adam” (1Kor.15:45). Daar was 4000 jaar, of vier dae, tussen die twee Adams. Sedert die dae van Jesus is daar op groot skaal met die kalender gepeuter. Ten spyte daarvan is daar redelike eenstemmigheid dat ons nou by die oggend van die derde dag, of die begin van die derde 1000 jaar vanaf Jesus se geboorte is. Dit is ook die oggend van die sewende dag, of die begin van die sewende 1000 jaar vanaf die eerste Adam. Daarvolgens is ons nou in die begin van die eindtye wanneer God Sy skeppingswerk gaan voltooi: **“En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.”** (Gen.2:2). As ‘n skadubeeld wys hierdie ons dat God Sy nuwe skepping nou op hierdie oggend van die sewende dag, by

sommige tipes ook genoem die derde dag, gaan klaarmaak om dan te rus. Die uitstorting van die laat reëns wat die ware gelowiges gaan herstel na die volheid van Jesus se krag, heiligheid en dienswerk, is dus naby.

God sê vir ons deur Salomo: **“Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur,...” (Pred.1:9)**. Dit wat gebeur het met die uitstorting van die eerste reëns in Handeling 2 gaan ook in die handeling van ons dag gebeur met die uitstorting van die laaste reëns. Die afvallige mense van God gaan teen hierdie beweging van die Gees baklei en dit verwerp. Dit gaan lei tot die vervolging van ‘n handjievul Gees-vervulde Christene wat wêreldwyd ‘n herlewing gaan veroorsaak met hulle tekens en wonders. Slegs diegene wat DIE WAARHEID lief het, gaan die waarheid daarvan insien en deel wees van die herlewing. Die eerste reëns is eers aan Israel aangebied, maar die meeste van hulle het dit nie respekteer nie en omdat hulle dit verwerp het is dit aan die heidene gegee. Die laat reëns gaan eerste aan die Kerk gegee word, maar wanneer hulle dit verwerp gaan God dit aan ‘n handjievul gelowiges uit Israel gee. Ek dank ons Vader dat ek deur Sy genade nie hardkoppig was nie en Sy eerste reëns ontvang het. Daardeur leef ek ‘n lewe vol van God se voorsiening, alles deur wonderwerke. Maar deur die laat reëns se bemagtiging gaan mense se lewens deur selfs groter wonderwerke gekenmerk word.

Het alle gelowiges die vroeë of eerste reëns-uitstorting van die Heilige Gees ontvang? **“En Jesus sê vir hulle (sy dissipels): Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op Sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.” (Matt.19:28)**. Wedergeboorte kom van die Griekse woord wat “nuwe geboorte” beteken. Die dissipels was wedergebore of nuut gebore maar ons weet hulle het nog nie die Heilige Gees ontvang nie, want Jesus sê: **“...maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” (Joh.14:17)**. Later het Hy aan hulle gesê: **“...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.” (Hand.1:8)**. Wanneer die Heilige Gees kom, ontvang ons die krag wat nodig is om getuies vir Jesus te wees. Die ongelowiges het die dissipels Christene genoem omdat hulle kon sien hulle doen dieselfde werke as Jesus.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Die afvallige kerk van ons dag het baie mense die voorreg tot die invullende krag van die Heilige Gees ontnem deur te sê dat almal wat wedergebore is die Heilige Gees outomaties ontvang. Dit is duidelik nie wat Jesus of die dissipels later die mense geleer het nie. Paulus het dit nie geglo nie. **“...het Paulus...sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.”** (Hand.19:1,2). Hierdie dissipels het nie die Heilige Gees ontvang nie. **“En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gesprek en geprofeteer.”** (Hand.19:6). Hoekom sou gelowiges gebed nodig hê om die Gees te ontvang as dit outomaties gebeur? Daar is nie een geval in die Nuwe Testament beskryf waar die uitstorting van die Heilige Gees nie met tekens en gawes gepaard gegaan het nie.

**“En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het afgekam en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.”** (Hand.8:14-17). Hierdie is maar nog 'n voorbeeld van gelowiges wat gedoop is, maar nie die Heilige Gees ontvang het totdat die apostels vir hulle gebid het nie.

Ons gees moet nuut gebore wees voordat die Heilige Gees daarin sal kom woon. Ongelowiges kan nie die Heilige Gees ontvang nie want Jesus het gesê: **“die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie...”** (Joh.14:17). Die belofte van die nuwe verbond sê duidelik dat hulle wat **“n nuwe gees”** het, **“My Gees”** kan ontvang. **“En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.”** (Eseg.36:26,27). Wanneer God se Gees kom om te heers in ons wedergebore gees, bekragtig Hy ons om Sy Woord te onderhou.

Jesus het twee geeste gehad, 'n nuut-gebore, menslike gees, en die Heilige Gees of Gees van God. Wanneer ons gered word, ontvang ons 'n nuut-gebore gees, die **“Gees van Christus”**. Eers dán is ons gereed om die **“Gees van God”** in die heilige, nuut-gebore tempel te

ontvang wat dan aan ons krag voorsien. Let op die duidelike verskil tussen die staat van wees met n et Christus se Gees en die van wees met Christus  en God se Gees: **“... julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God (Die Gees van God bekragtig ons om geestelik te wees.) in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, di  behoort nie aan Hom nie.” (Rom. 8:9).** As ons nie die Gees van Christus het nie, is ons nie nuut/wedergebore nie. **“Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanwe  die sonde, maar die gees is lewe vanwe  die geregtigheid.” (vers 10).** Die Gees van Christus gee nie aan ons gevalle vlees krag nie, net Sy Gees van lewe. **“En as die Gees van Hom (God) wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.” (vers 11).** Wanneer ons die Gees van God ontvang, bekragtig Hy ons en gee lewe aan ons liggame net soos Hy vir Jesus gegee het. **“En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en s : Wie het my klere aangeraak?” (Mark.5:30).** Dit is die krag van die Gees van God wat uit Jesus se liggaam uitgegaan het om te genees.

**“En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.” (Hand.5:32).** My lieve vriend, wees gehoorsaam en ontvang die Heilige Gees. As jy wedergebore is, vra God vir Sy Gees: **“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?” (Luk.11:13).** God skenk die Heilige Gees slegs aan hulle wat aan Hom behoort: **“En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in di  dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.” (Hand.2:18).**

Deur die krag van die laat re ns gaan die vloek van sonde en dood ten volle in God se kinders wat die getrouste was, uitgewis word. **“Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.” (1Kor.15:51,52).** Let wel, ons sal almal verander wanneer die laaste basuin aan die einde van die verdrukking opklink en God die w reld oorneem. **“En die sewende engel het geblaas (laaste basuin), en daar was groot stemme in die hemel wat s : Die koninkryke van die w reld het die eiendom van onse Here geword en van”**

**sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” (Openb.11:15).** Wie is dié wat nie gaan sterf nie, maar verander word wanneer die laaste basuin blaas? Wel, die Woord sê dat almal wat sonde doen sal sterf: “...**die siel wat sondig, dié moet sterwe...**” (Eség.18:4,20). Jesus het aan Sy dissipels gesê dat hulle hul lewens moet verloor om die lewe te vind: “**Want elkeen wat sy lewe (siel) wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe (siel) om My ontwil verloor, sal dit vind.**” (Matt.16:25). Die Griekse woord vir “lewe” in hierdie vers is *psuche* of “siel”. Jou siel is jou denke, wil en emosies. Jesus het gesê ons moet ons vleeslike denke, wil en emosies verloor om Sy geestelike denke, wil en emosies te kan verkry.

Alhoewel al God se uitverkorens hul lewens gaan verloor, gaan almal nie fisies sterf nie. Party gaan verander wanneer die laaste basuin opklink sonder dat hulle fisies gesterf het omdat hulle reeds die oue mens (siel) afgesterf het. “**Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,...**” (Rom.8:6). Die wat nog vleeslike denke het, moet sterf sodat die denke van die Gees kan bly lewe. Elkeen wat nog nie die sonde in hul denke, wil en emosies oorwin het nie, moet sterf. “**Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.**” (Rom.6:23). Sonde moet oorwin word voordat ‘n fisiese dood oorwin kan word. Jesus se dood het ons in die posisie geplaas waar ons ons ou lewe kan aflê om Sy lewe aan te neem. Dit is die proses van wedergeboorte. Tydens hierdie proses is ons onder Sy bloed se beskerming en dus geregverdig. Die proses eindig óf wanneer ons as ‘n vrugdraende dissipel fisies sterf, maar nog nie ten volle Christus se lewe aangeneem het nie, óf wanneer ons in hierdie lewe die eie ek (oue mens) deur die geloof in wat Christus by die kruis gedoen het, totaal laat sterf het. Daar is geen vloek van die dood op hulle wat nie sonde doen nie. Henog en Elía is beide Ou Testamentiese tipes van die wat nie gaan sterf nie omdat hulle deur geloof in God lewe. Jesus het die sonde in Sy eerste liggaam oorwin sodat Hy dit ook in Sy tweede liggaam, wat bestaan uit dié gelowiges wat hul kruis opneem, kan oorwin. Hy het alles, selfs die laaste vyand naamlik die dood, in die ou lewe vernietig: “**maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie.**” (2Tim.1:10). Nadat God die heerskappy van die dier, die hoer en die ou lewe oor Sy volk vernietig het, sal die

dood vernietig word: ***“Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.*” (1Kor.15:24-26).**

Een vyand wat in krag oor God se kinders regeer is die vlees of oue mens. ***“...omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.*” (Rom.8:7). [NNT:“because the mind of the flesh is enmity (enemy) unto God; for it is not subject to the law of God,neither indeed can it be.”].** Jesus het hierdie vyande reeds by die kruis vir ons oorwin, maar as ons dit nie in geloof aanvaar nie gaan dit nooit in ons lewens sigbaar word nie. Die opstanding en die wegraping, wat beide die dood vernietig, kom eers ***aan die einde*** wanneer Hy ***alle ander heerskappy*** oor Sy kinders vernietig het, nie sewe jaar voor die einde terwyl hierdie vyande nog regeer nie. Jesus het gesê: ***“...en Ek sal hom opwek in die laaste dag”*** en ***“dit opwek in die laaste dag.”*** (Joh.6:44,39). Daar is nog een opstanding van die regverdiges wat dood is en dit is aan die einde sodat almal daarby ingesluit kan wees. ***“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hul voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.”*** (Openb.20:4). ***“Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.”*** (1Kor.15:22-24). Die wegraping gebeur daardie tyd: ***“Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”*** (1Thess.4:15-17).

***“Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe (opstaan uit die dood) al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?”*** (Joh.11:25,26). Indien die



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

eerste gedeelte van hierdie sin na fisiese dood verwys, dan verwys die laaste gedeelte verseker ook daarna. God gaan in hierdie laaste dae mense se geloof tot so 'n mate herstel dat hulle gaan glo dat Jesus sonde en die dood vernietig het en daardeur die krag van God se redding bewys. Dan gaan sommiges die dood vryspring: **“Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.” (Heb.11:5).** Ons geloof om 'n oorwinnaar te wees gaan met die laat reëns deur die uitstorting van die Heilige Gees herstel word: **“... wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind.” (2Thess.1:10).**

Wanneer gaan al hierdie dinge gebeur? Jesus gee ons 'n duidelike leidraad in 'n skadubeeld: **“Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.” (Matt.16:28).** Let op Hy sê dat sommige wat **“hier”** staan nie sal sterf voordat hulle die koms van die Here sal sien nie. Waar is **“hier”**? As mens tot die besef kom watter gebeurtenis deur hierdie skadubeeld verteenwoordig word, dan besef mens dat die **“hier”** waarna Jesus verwys die tydperk aan die einde van ses dae, of 6000 jaar, verteenwoordig. Dit word dan ook in die volgende vers bevestig: **“En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.” (Matt.17:1,2).**

Aangesien ons so pas die einde van die ses dae, of 6000 jaar, bereik het, is daar van ons wat vandag lewe wat die koms van die Here gaan sien. Ons is nou **“na ses dae”** op die oggend van die sewende dag toe Petrus, Jakobus en Johannes die koms van die Here in Sy verheerlikte liggaam gesien het. In die skadubeeld het drie dissipels die koms van die Here gesien sonder om te sterf. Petrus, Jakobus en Johannes was die **dissipels wat die naaste aan Jesus was**, en word ook in **1Thess.4:15** voorgehou: **“ons wat in die lewe oorbly tot met die wederkoms van die Here.”** Die twee getuies verteenwoordig die martelaars wat met die laaste basuin opgewek sal word. **“En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle**

**HOOFSTUK 10**  
**God se Soewereiniteit deur Ons**

**aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou. En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” (Openb.11:11,12,15).** Die Woord word vervul met hierdie twee groepe: die wat opgewek word uit die dood (opstanding) en die wat nog lewe wanneer Jesus kom en die wegraping plaasvind.

## HOOFSTUK 11

### Die Laaste Adam Herstel Ons Heerskappy.

*“Die Laaste Adam ‘n lewendmakende Gees”  
(1Kor.15:45)*

Die soewereiniteit van God word op die aarde geopenbaar deur hulle wat die Evangelie glo en Jesus in hulle toelaat om heerskappy oor hierdie gevalle skepping uit te oefen. Sommige mense sê Jesus het heerskappy op aarde gehad omdat Hy die Seun van God was, en daarom kan ons nooit hoop om dieselfde heerskappy as Hy te hê nie. Dit is egter nie wat Jesus gesê het nie; soos ons sal sien. Jesus was die Seun van God (God is gees; dus geestelike mens) wat in ‘n vleeslike liggaam wat van Dawid afstam, kom woon het (Rom.1:3). Sy vleeslike liggaam was **“die Seun van die mens”** en is deur God se Gees wat daarin gewoon het, bemagtig. Jesus het Homself dikwels **“die Seun van die mens”** genoem. Onthou dat die Nuwe Testamentiese geskrifte nie bestaan het in die tyd wat Jesus God se verlossing aan die mense bedien het nie. Hulle het net die Ou Testament gehad. Jesus het voortdurend dinge gedoen **“sodat die Skrif vervul sou word”** (Joh.19:24). Hy het homself **“die Seun van die mens”** genoem en ek is seker dit het ingang gevind by die Jode. Hulle het die frase **“die Seun van die mens”** baie in die Ou Testament teëgekomp. Jesus het van Homself gesê: **“En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is”** (Joh.5:27). Jesus het nie die outoriteit gehad om te oordeel omdat Hy die Seun van God was nie, maar omdat Hy die Seun van die mens was. God het dus hierdie outoriteit aan die mens gegee. Adam en sy nageslag het hierdie outoriteit ontvang, maar die duiwel het dit op ‘n slinkse wyse bekom. In **Gen.1:26-28** lees ons: **“En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, [NNT: “Let us make man in our image”] na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor...”** ( om heerskappy daarvoor te hê).

Adam is na die beeld van God geskape, en dit sluit heerskappy in. Hy en sy nageslag moes oor die hele aarde regeer. Adam, en deur hom sy nageslag, het daardie heerskappy verloor. Eintlik het hy dit weggegee. ***“Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie ...?” (Rom.6:16).*** Adam was deur Eva gehoorsaam aan die duivel en het so sonde se dienskneg geword. Dit het die duivel die reg gegee om oor te Adam regeer: die vloek het oor Adam regeer en die duivel deur die vloek. Die eerste Adam is versoek en kon dit nie weerstaan nie. Maar die laaste Adam, Jesus, het dit wel weerstaan. Paulus sê van Jesus: ***“...die laaste Adam is ‘n lewendmakende Gees” (1Kor.15:45).*** Jesus sê in ***Joh.6:63: “Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe”.*** Sy woorde herskep Sy gees in dié wat Sy woorde glo. Jesus, die laaste Adam, is die geestelike vader van ons herskepte, geestelike mens. Die laaste Adam het nie voor die versoeking geval toe Satan Hom probeer verlei het nie en daarmee die heerskappy teruggeneem vir Homself en Sy kinders.

***“Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld (bewoonde aarde) waarvan ons spreek, nie onderwerp nie;... Wat is die mens, dat U aan hom dink,...?” (Heb.2:5,6).*** Hy het nie die bewoonde aarde onder die engele se heerskappy geplaas nie, maar onder die mens s’n. Jesus het na hierdie wêreld gekom en in die menslike sondige vlees kom woon. Engele se mag en vermoëns word nie deur vlees beperk nie, maar die mens s’n wel, en so was Jesus ook beperk deur vlees. Die Bybel sê dat Hy moeg, honger en dors geword het. Hy was ***“... een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde” (Heb.4:15).*** Hy het nie voor die sonde geswig nie. Dit is een van die redes waarom Jesus na hierdie aarde gekom het. Hy moes as volwaardige mens die sondige vlees oorwin. Daardeur het Hy die heerskappy teruggeneem en kon Hy dit aan ons, Sy geestelike kinders, gee. ***“Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.” (Ps.115:16).***

***“Want aangesien die dood deur ‘n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle almal in Christus lewend gemaak word” (1Kor.15:21,22).*** Toe Adam sterf was die saad van die hele mensdom in sy lende en het hulle saam met hom (‘n geestelike dood) gesterf. Toe die laaste Adam sterf en opgewek is uit die dode, was al die saad van die seuns van God in Hóm want Hy is die Woord van God (Joh.1:14), die saad (Grieks: “sperma”). Die

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

gelykenis van die saaiër verduidelik vir ons dat die saad die woord is wat gesaai word (Mark.4:14). Toe Hy uit die dode opgewek is, is die saad van die seuns van God saam met Hom opgewek. Elkeen wat in Christus, of in die Woord is, is dus opgewek en verhef bo sonde en die vloek. Baie is geroep, maar deur swaarkry word diegene uitgewys wat voor die grondlegging van die aarde in Hom uitverkies is. Sy kinders is Sy saad, die Woord. Sy kinders is die Woord in vlees. ***“Want as ten gevolge van die misdaad van die één (Adam) die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus (die laaste Adam).” (Rom.5:17).*** Adam het ons onder die heerskappy van die vloek en die dood geplaas, maar Jesus het dit herstel. Diegene wat die gawe van genade en regverdiging ontvang, sal deur Christus ***“in die lewe heers”***.

***“...maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?” (Heb.2:6); [NNT: ...or the son of man, that thou visitest him?],*** soos aangehaal uit Psalm 8. Jesus het voortdurend in die geselskap van die Jode na Homself verwys as “die Seun van die mens”. Hulle moes naderhand agterkom dat Hy Psalm 8 op Homself van toepassing maak. Dit was nie net op die eerste Adam van toepassing nie, maar op die eerste én die laaste Adam en almal wat in hulle was. God het outoriteit aan Adam én die wat in hom was, met ander woorde sy kinders, gegee. Die mens en die seun van die mens word beide in Heb.2:6 genoem. Kom ons lees wéér ***Gen.1:26: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers...”***. Adam het die heerskappy aan die duiwel gegee toe hy hom gehoorsaam het. Hy het dit ook namens sy kinders verloor. Die laaste Adam het sonde oorwin en die heerskappy teruggeneem. Daarna het Hy hierdie heerskappy aan Sy dissipels oorgegee. Hulle was net soos Hy seuns van die mens en seuns van God. Hulle was nie seuns uit God gebore nie. Hulle moes nuutgebore seuns van God word deur die lewende Woord te ontvang. Die Seun van God het in die seuns van die mens kom woon en hulle bemagtig.

***“U het hom ‘n weinig minder as die engele gemaak; met heerlijkheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel.” (Heb.2:7,8)*** (uit Psalm 8 aangehaal). Dit is duidelik dat God die mens geskep het met die doel om prinse op hierdie aarde te wees en namens Hom heerskappy oor Sy Skepping uit te

oefen. Paulus het hierdie boodskap aan die Hebreeuse Christene wat kinders van die nuwe skeppings-Adam was, geskryf. Die werke van God se hande verwys hier na die elemente, nie net na dinge wat in die natuur voorkom nie, dit wil sê ook dit wat die mens uit die elemente in die natuur gemaak het. Deur God se genade het ek al stukkende motors, wasmasjiene, yskaste, lugversorgers, mikrogolfoonde, motorboot-enjins, grassnyers en baie ander dinge beveel om te herstel en dit gesien gebeur. Ek weet dit was nie ek nie want **“ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal.2:20)**, dit was deur die Woord. So baie mense leef sonder om hulle heerskappy uit te oefen omdat hulle dit wat in die Woord staan nie verstaan, aanvaar of glo nie.

Die bewys daarvan dat die laaste Adam se outoriteit aan Sy kinders gegee is, is verse soos die volgende: **“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” (Joh.20:21)**, **“...alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.” (Matt.18:18)**, **“Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; niks sal julle ooit skade doen nie.” (Luk10:19)**, **“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.” (Matt.21:22)**, en **“Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.” (Mark.11:23)**. Dit is die outoriteit wat Jesus aan Sy dissipels gegee het en wat vandag nog geld.

**“Alle dinge het U onder sy voete gestel.** (Alle dinge is onder Jesus se voete en Sy liggaam gestel, en ons is Sy liggaam). **Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie.**” (Heb.2:8). Hierdie stelling plaas alle dinge onder die **“mens”** en die **“seun van die mens”** se outoriteit in Heb.2:6. Vergelyk hierdie stelling dat alle dinge onder Sy voete gestel is, met ‘n ander getuienis in Efesiërs. Jesus was verhef **“...bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder Sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” (Ef.1:21,22,23)**. Let op dat Jesus die hoof van die liggaam, die Kerk is; maar God plaas alles onder die voete van die liggaam. Selfs sou ons net die voete, die laagste ledemaat van die liggaam wees, is ons nog steeds bo alle

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

dinge aangestel. Ons het hierdie outoriteit as ons in die liggaam van Christus is en die iggaam homself onderwerp aan Christus, die kop. **“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees.” (Joh.15:7,8)**. Dissipels is diegene wie se gebede vrug dra omdat die Woord in hulle woon. Christene wat nie in die outoriteit van die liggaam van Christus leef nie en ongelowiges wat nog nie in die opgestaande liggaam van Christus opgeneem is nie, het hulle outoriteit verloor toe die eerste Adam syne verloor het. Ons het hierdie outoriteit net omdat ons in Hom is en die Woord in ons lewe.

**“En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” (Ef.1:22,23)**. Ons kry uit hierdie vers nie nêr die boodskap dat alles onder die outoriteit van die heel laagste ledemaat van die liggaam, die voete, gestel is nie, maar dié teks gee ook ‘n historiese perspektief. In Dan.2:31-45 lees ons Daniël se verklaring van Nebukadneser se droom waarin hy die antichris se koninkryk van Daniël se tyd af tot nou toe gesien het. Die beeld was dié van ‘n man wie se kop, bors en arms, buik en lende, bene en voete verskillende wêreldheersers verteenwoordig. Die kop was die Babiloniese Ryk (vers 37,38) van Daniël se tyd. Die voete verteenwoordig die laaste wêreldryk van die antichris in ons tyd. Die voete van Christus is in dié historiese perspektief die liggaam van Christus in die laaste dae. Met ander woorde die voete van die antichris sal in die laaste dae met die voete van Christus in ‘n stryd verkeer.

Wat Daniël geweet het, maar die meeste mense vandag nie besef nie, is dat ons die stryd wen! **“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ‘n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. ...net soos U gesien het dat sonder toedoen van mensehande ‘n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het.” [ASV: “a stone was cut out of the mountain without hands...” (Dan.2:34,45)**. Die berg waarvan Daniël hier praat is God se koninkryk. Die klip wat uit die berg gemaak word, is Christus wie ín Sy getroue gelowiges leef wat in hierdie eindtye leef. Die feit dat hulle nie met hande gemaak is nie dui daarop dat God die werk in hulle gedoen het, hulle is nie die produk van godsdiens of die mens nie. Hierdie klip gaan die eindtyd antichris

liggaam of voete tref en dit vernietig. Daniël bevestig die egtheid daarvan in Daniël 7 in die beskrywing van 'n ander visioen van die eindtyd antichris-sisteem. **“Maar die geger sal sit, en hulle (die gelowiges/heiligies van die laaste tye) sal hom die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiligies van die Allerhoogste...” (Dan.7:26,27).** Die antichris-koninkryk in Egipte is vernietig sodat God se mense daardie tyd daar kon uittrek. Egipte is 'n skadubeeld van die wêreld. Aan Farao is gevra: **“Weet u nog nie dat Egipte ten gronde gaan nie?” (Ex.10:7).** Dieselfde oordele wat Moses as God se heilige oor Egipte uitgespreek het, word in Openbaring vir dieselfde rede uitgespreek. Die geskiedenis herhaal altyd en hierdie oordele word deur God se heiligies uitgespreek.

Kom ons kyk weer na die woorde in die boek van Hebreërs: **“Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie.” (Heb.2:8).** Alhoewel alle dinge onder die heerskappy van die mens geplaas is, sien ons min dat dit gebeur dat mense hierdie mag gebruik. Slegs hier en daar is daar gelowiges wat die Woord glo en wat dit deel maak van hulle lewens elke dag. Daar gaan egter binnekort baie gelowiges wees wat deur die laat reëns bemagtig gaan word. Hulle gaan dan as gevolg van omstandighede en omdat hulle lewens daarvan gaan afhang, kragtige tekens en wonders doen. 'n Wildernis ondervinding lê vir ons voor waar ons in nood gaan wees en blootgestel gaan word aan gelowiges met openbaringe en ondervindings wat verskil van ons s'n. God gaan enige mensgemaakte godsdiens vernietig deur Sy kinders in aanraking te bring met ander wat reeds hierdie gebied van geloof betree en oorwin het. Omdat die nood so groot gaan wees, gaan God Sy Gees uitstort en gaan heerskappy en outoriteit oral te siene wees. Die heiligies (dié afgesonderd vir God) gaan die Woord glo. Ons hoef egter nie vir die eindtye te wag nie. God het gesê dat Hy niks uitlaat wat nie onderworpe is aan die laagste of geringste deel van die huidige liggaam nie. Ons kan deel wees van God se eerste vrugte soos Moses, Aáron, Josef, Elía, Jesus of die manlike kind van die eindtye soos in Openbaring 12 beskryf word.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.” (Joh.15:7).** Baie mense glo dat hulle nie in geloof kan optree as hulle nie weet wat die Wil van God is nie. Indien die Woord egter in ons is en ons deur geloof in Christus is, dan kan ons **“vra net wat”** ons **“wil hê, en”** ons **“sal dit verkry”**. God se Woord is God se Wil. Wanneer die Woord in ons is, sal ons weet wat God se Wil is en behoort ons daarvolgens op te tree. God gee ons die outoriteit om dit tot Sy eer en tot Sy verheerliking te gebruik. **“Hierin is My Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees.” (Joh.15:8).** Gebede wat beantwoord word, tekens en wonders, genesings, verlossings en voorsiening in behoeftes, dit alles verheerlik God. Dit is hoe ons dissipels (Grieks: “volgelingen en leerlinge”) van Jesus is. Niemand wat hierdie outoriteit beoefen is perfek nie, behalwe deur geloof. Ons wandel deur geloof in Jesus en word daarom gereken as regverdig. Ons is seuns van God deur Jesus, seuns van die mens deur Adam. Ons het geen heerskappy of outoriteit buiten deur God nie, en dit kan ons alleenlik verkry deur in Jesus Christus te glo. **“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan. En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.” (Joh.14:12,13).**

Ware gelowiges doen die werke van Jesus in ooreenstemming met Sy Woord. Die voorwaarde om outoriteit oor alles te kan uitoefen, is geloof, nie volwassenheid nie. Baba-Christene wat nog baie jonk in die Here is het 'n eenvoudige, maar kragtige geloof.

## HOOFSTUK 12

### Instrumente van Heerskappy deur Geloof

***“Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.” (Mark.11:23)***

God gebruik die woord “**elkeen**” in bogenoemde vers, wat beteken dat ek en jy daarby ingesluit is. God beroep Hom op ons om met woorde van geloof heerskappy uit te oefen. Wanneer jy iemand in geloof bedien, moet jy dit in outoriteit doen: jy moenie vra nie, jy moet beveel. Nie Jesus of Sy dissipels het ooit tot God gebid en gevra vir genesing, voorsiening of verlossing nie. Hulle het dit beveel omdat hulle geweet het dat God dit reeds aan Sy verbondskinders gewaarborg het. ***“En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus.” (Filip.4:19).*** Hulle het geweet dat Jesus deur Sy kruisdood reeds alles vir ons verkry het en dat God se beloftes ons die outoriteit gee om dit te bedien. ***“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.” (2Pet.1:3,4).***

God heers steeds deur die wat hulle denke met die Woord hernu. ***“U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.” (Openb.5:9,10) [NNT: “...and madest them a kingdom and priests to our :God; and they reign upon the earth”].*** Voordat die seëls wat die oordeel van die verdrukking aankondig oopgemaak word, lees ons dat God se heiliges op die aarde heers. Ons het die outoriteit om te heers soos Jesus geheers het. Ons het die outoriteit daarvoor omdat Hy in ons woon deur die Woord wat ons in ons harte insit. Hoe meer ons onself onder die outoriteit van die Woord plaas, hoe meer kan Jesus deur ons leef want Hy is die Woord. God sê ***“ons sal as konings op die aarde heers” (Openb.5:10b).*** Jesus was vir ons ‘n voorbeeld van die mate van heerskappy wat die Seun van God deur

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

die seun van die mens kon uitoefen. Hy het aan ons die voorbeeld gestel van wat die mens gestuur is om te doen met God se Woord en Sy Heilige Gees in hom. Daarna het Hy die eerste dissipels toegerus met God se Woord en Sy Gees en hulle uitgestuur om die proses voort te sit.

**“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Matt.28:19,20).** Die apostels moes uitgaan en dissipels maak wat dieselfde outoriteit as hulle sou hê en wat dieselfde opdragte sou uitvoer. Op hulle beurt moes hulle dan dieselfde doen tot aan die voleinding van die wêreld waar ons nou is. Ons was veronderstel om dieselfde outoriteit, opdragte en gawes van ons leermeesters te ontvang, net soos wat Jesus dit aan die eerste dissipels gegee het. Wat het gebeur? Die afvallige godsdienstige tradisies van die mens het gebeur! Gehoorsaamheid aan Christus se opdrag sou 'n eksponensiële vermeerdering van dissipels teweeg gebring het van Sy dag tot ons dag wat die hele wêreld sou skud. Jesus het gesê dat Hy met die dissipels sal wees **“tot aan die voleinding van die wêreld”**. Aangesien die eerste dissipels nie so lank sou kon lewe nie, is Jesus se woorde ongetwyfeld ook vir ons bedoel.

Wat was Jesus se opdrag dan aan hulle sodat ons kan weet wat ons opdrag is? Jesus het hulle beveel om in Sy voetspore te loop: **“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” (Joh.20:21) “Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.” (Matt.10:8).** Ons het dieselfde outoriteit as Jesus én die eerste dissipels ontvang om daarmee dieselfde werk te doen: **“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.” (Joh.14:12).** Dié wat dit glo sal instrumente in God se hande wees om Sy soewereine heerskappy hier op aarde uit te oefen. Ons moet gehoorsaam wees aan Jesus se opdrag. Jesus het Sy werk deur hierdie laaste persoonlike opdrag aan Sy dissipels en aan ons oorgegee. Wanneer ons dissipels maak moet ons hierdie opdrag van Jesus ook aan hulle oorgee. **“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.” (Mark.16:15).** Hierdie woorde was nie aan net die eerste dissipels gerig

nie want hulle het nie in die hele wêreld ingegaan of die boodskap aan die hele mensdom gegee nie. Die dissipels van vandag gaan hierdie opdrag voltooi.

Let op dat Jesus in die volgende verse Sy apostels vertel hoe om dié wat hulle Evangelie geglo het, uit te ken: **“Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg** (gelowiges het tekens): ***in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.”*** (Mark.16:16-18).

Jesus het nie gesê dat hierdie tekens gesien sal word by die eerste dissipels nie, maar by dié wat na hulle sou kom en hulle woorde glo. Die doktrine of leerstelling dat al hierdie tekens deel was van die apostels se bediening en daarna saam met hulle uitgesteef het, is dus duidelik ‘n leuen en laat soveel van God se kinders kragteloos. **“Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.”** (2Tim.3:1-5). Ons opdrag is om onself af te keer van die kragteloë, nie-skriftuurlike godsdienstige instellings van die mens.

Sommige mense dink dat hierdie tekens net voorkom by mense wat die gawe van genesing, wonderwerke of geloof ontvang het. Jesus se woorde is egter: **“Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.”** (Mark.11:23). Enigiemand wat ‘n bevel gee sonder om daaraan te twyfel, sal dit verkry. Dit sluit duidelik elke gelowige van die ware Evangelie in. Die apostel Paulus sê dat hy **“...deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God...die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illirikum;...”** (Rom.15:19). Paulus sê self dat die evangelieverkondiging slegs volbring is as die ontvangers daarvan ervaar dat die krag van tekens en wonders hulle bevry van die vloek. Die wêreld is moeg om te hoor dat Jesus red. Hulle wil dit

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

graag sien. Party mag dink dat hierdie dinge net met verhewe, volwasse heiliges gebeur. 'n Volwasse geloof beteken egter om soos 'n kind te word en die Woord eenvoudig net te aanvaar. Jong geloof is kragtig: **“Uit die mond van kinders en suigeling het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak.” (Ps.8:3).** God maak Sy vyande sowel as ons vyande stil deur krag te gee aan die geuiterde woorde van jong gelowiges. Dit beteken nie as kinders (geestelik of fisies) se kennis beperk is hulle nie in staat is om wonders en tekens te doen en oor magte en owerhede van die duisternis te heers nie. Jesus het vir Sy 'volwasse' dissipels gesê: **“Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.” (Matt.18:3,4).** Alleenlik hulle wat kinderlike geloof het, sal deel hê aan die koninkryk van die hemele. Maar waar is die koninkryk? God se koninkryk is daar waar Sy Wil ten volle gedoen word en geen vloek is nie. **“...laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;...” (Matt.6:10).** God gebruik ons gebede om die koninkryk van die hemele op die aarde te vestig. Daar is geen vloek in die hemel nie. **“En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gezond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.” (Matt.10:7,8).** Wanneer ons naby is aan dié wat oor die vloek heers, is ons naby aan die koninkryk. **“Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom.” (Luk.11:20).** Wanneer ons bevry is van die vloek, het die koninkryk by ons gekom, dan het ons deel daaraan en kan ons dit deel met ander wat glo.

Op 'n stadium het my vrou gekla dat ons wasmasjien stukkend is. Ek het ons kinders gestuur om dit die hande op te lê en te beveel om te werk. Met kinderlike geloof het hulle gehoorsaam en die wasmasjien het onmiddelik begin werk. Ek het hulle ook verskeie kere aangesê om met hulle vingers na swaar wolke te wys en die reën te beveel om op te hou. Onskuldige kinders wie se lewens nie deur prestasie gedrewe is nie, het nie trots wat geskend kan word nie en hulle het ook nie 'n begrip van wat dit is om belaglik voor te kom nie. My kinders was so, daarom het hulle my kinderlik en opreg gehoorsaam. Hulle het beveel en God het hulle geloof gerespekteer. Die reën het opgehou, dikwels onmiddelik.

Net nadat ons Florida toe verhuis het, het die kinders 'n eekhorning met 'n gebreekte rug in die pad opgetel. Hulle het kom vra of hulle dit mag hou en versorg. My teenvoorstel was dat hulle dit eerder moes beveel om gesond te word. So gesê, so gedaan. Hulle het dit beveel om te genees en toe hulle dit neersit, het dit in 'n boom opgehardloop. 'n Paar jaar later het hulle dieselfde gedoen met 'n ander eekhorning; die het uit 'n eikeboom in ons erf geval. Hulle het ook baie kere, met groot krag, vir my en Mary gebid.

Een somersdag toe die gras lank was, wou die grassnyer nie vat toe ek die gras wou sny nie. Na 'n gespartel was ek sopnat gesweet en die grassnyer nog nie aan die gang nie. Dis toe dat ek besluit om my seuns te roep om saam met my te bid. Saam het ons die grassnyer beveel om te vat. Ek weet nie of hy ooit 'n vonk gemaak het of nie, maar hy het gewerk! Die van julle wat kinders het, sal waardering hê vir die volgende insident. Op 'n dag sien ek 'n skoen sonder 'n maat op die voorstoep lê. Ek was kwaad en het met die kinders geraas: "Ek het gesê dat julle nie julle skoene op die voorstoep moet los nie; 'n hond gaan dit wegdra en dan sit ons met net een skoen. Een skoen is niks werd nie". Ek het later beseef dat presies dit wat ek voorspel het, gebeur het. Ons het oral in ons erf en in die bure s'n gesoek, maar helaas, die skoen was weg. Ek het die kinders bymekaar geroep en voorgestel dat ons bid. Ons het saamgestaan in 'n eenvoudige gebed: "Vader, sal u asb die hond wat die skoen gevat het terugstuur daarmee". Kinders het so maklik geloof vir 'n saak! Raai wat sien ons die volgende dag? 'n Hond wat oor die straat kom met die skoen in sy bek en dit op ons stoeptrappie laat val. Halleluja! Leer jou kinders 'n eenvoudige geloof en hou hulle weg van teoloë.

Ten spyte van ons eie mislukkings en swakhede behoort ons hierdie outoriteit van God soos klein kindertjies te ontvang. Deur God se genade het ek al beveel en die volgende sien gebeur: genesing van oë, beenbreuke wat heel, kanker wat verdwyn, siektes wat wyk, bloeding wat stop, bloeddruk wat normaliseer, demone wat die wyk neem, dooies wat lewend word, ontwaking uit komas, waterpompe wat ophou lek, koeëllaers vervang in alternators, rokende enjins wat ophou, tornados wat verdwyn of van rigting verander, eiendomme wat beskerm is, storms wat bedaar, molle wat uit my erf trek, krieke wat vrek, brandstof in my motor se tenk en dooie enjins wat ontbrand, om maar net 'n paar te noem! Elkeen van hierdie dinge het

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

voor getuies gebeur. Dit was egter nie ek nie, maar Christus wat deur die Woord in my leef, wat dit gedoen het. God het ons nie sonder hulp gelaat nie. Hy begeer om ons as instrumente te gebruik om Sy werk op aarde te doen. **“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.” (Filip.4:13).**

God verwag van ons om iets te beveel en dan nie daarvoor te twyfel nie. Ek het een Sondag in 'n sendingkerk in Pensacola gepreek. 'n Jong vrou het na die diens vorentoe gekom en is gered, waarna sy aangedui het dat sy 'n probleem gehad het wat sy wou bespreek. Sy was verontrus oor die situasie waarin sy haar bevind het, aangesien sy die dood van haar ongebore baba veroorsaak het. Die baba is verwek deur 'n anderskleurige man wat haar verkrag het. Haar man het hom geken en sy was bang om hom daarvan te vertel omdat hy dalk iets drasties sou doen. 'n Kliniek het drie dae voor haar besoek aan die kerk met behulp van 'n hart monitor, 'n sonogram en vogmonsters bevestig dat die baba dood is en aanbeveel dat die fetus verwyder word met behulp van 'n D&K.

Terwyl ons gesels het, het 'n sterk gevoel oor my gekom om haar te vra of daar iemand in haar lewe was wat sy nie vergewe het nie. Haar antwoord was positief: 'n dokter wat sy dink opsetlik een van haar babas aborteer het. My woorde aan haar was: “Jy het dieselfde gedoen met hierdie baba, dink jy nie jy kan hom daarvoor vergewe nie?” Sy het daartoe ingestem, en ook om vir hom te bid, waarna ek haar gevra het of sy met die Heilige Gees vervul wou word. Ook hierop was haar antwoord “ja”. Nadat ek haar kortliks verduidelik het waarom dit gaan, het ons saam daarvoor gebid. Alhoewel sy 'n baie stil mens was, was sy hierna opvallend gevul met vreugde en het gejubel toe sy die Heilige Gees ontvang het. Die volgende gedagte wat in my opgekom het, is by my mond uit nog voordat ek daarvoor kon dink: “Ek glo God wil jou baba opwek uit die dode” Toe ek dit sê, het die leraar en sy sekretaresse, 'n diaken, en 'n paar dames die vertrek onmiddellik verlaat. Ek het nie aandag daaraan geskenk nie, maar vir Mary gevra om haar hande op die vrou se maag te lê en saam het ons die gees van die lewe beveel om terug te kom in die ongebore baba. Ek het aan haar verduidelik hoe om in die geloof te wandel en is daarna by die deur uit. Terwyl ek in die gang afstap, het die leraar my by 'n vertrek ingeroep waar hy en die res van die geselskap wat geloop het, vir my gewag het. Hy sê toe: “David, God

gaan dit nie vir haar doen nie". "Hoekom nie?" wou ek weet. Sy antwoord was: "Omdat sy die baba doodgemaak het", waarop my teenantwoord was: "Ek dink nie jy verstaan genade nie. Sy is 'n nuwe mens en is nie skuldig aan wat die ou mens gedoen het nie. In elk geval, as ek dit wil glo, los my, moenie probeer om my geloof te vernietig nie". Sy het die aand by die sendingstasie oorgeslaap, en my die volgende oggend gebel. Sy wou graag teruggaan na die kliniek toe, maar niemand daar wou haar vat nie. Ek het gesê dat ek dit met graagte sou doen. Op pad kliniek toe het ek haar herinner om gehoorsaam te wees aan wat Jesus in Markus 11:24 sê en om te glo dat sy dit waarvoor sy gebid het, ontvang het. Ek het haar ook aangeraai om nie te luister na dit wat mense sê wat optree op grond van dit wat hulle sien en nie dit wat hulle glo nie. Alhoewel sy 'n eenvoudige mens was en dit alles vreemd was, het sy die Woord gerespekter.

By die kliniek aangekom, het hulle haar berispe omdat sy nog nie die D&K laat doen het nie en gesê dat sy haar lewe in gevaar stel daardeur. Sy het die dokter versoek om weer na die baba te kyk. Hy het ingestem en haar na 'n kamer gestuur waar 'n tegnikus die hartmonitor en sonogram herhaal het. Hy het geen teken van lewe gesien nie en ook opgemerk dat die baba gedurende dié vier dae glad nie beweeg het nie. Hy sê toe aan haar: "Mevrou, jy moet 'n D&K kry, jou baba is dood!", waarop sy geantwoord het: "Ek aanvaar dit nie". Net toe sy dit sê, het die hartmonitor 'n hartklop geregistreer en het die baba energiek begin beweeg. Die sonogram wat daarna gedoen is het bevestig dat die baba leef. Die tegnikus was nie 'n gelowige nie, maar het verwonderd gesê: "Dit is 'n wonderwerk!" Ek weet nie presies wat God gedoen het nie, maar sy het 'n paar maande later geboorte geskenk aan 'n pragtige babaseuntjie wat duidelik haar man se kind was! Aangesien sy haar man nie van die verkragting vertel het nie, was dit die antwoord op haar gebede. Hierdie nuutgebore Christen het in geloof bly wandel en nie die sigbare getuienis en gesproke woord van die tegnikus aanvaar nie. God kon daarna Sy Woord met 'n wonderwerk bevestig. Loof God! Wanneer ek hierdie gebeure aan iemand vertel, raak ek so bewoë oor God se genade dat ek amper nie die getuienis kan voltooi nie.

Ons het 'n studie gedoen oor die uitwerking wat verbeelding op geloof het. Hier volg 'n opsomming daarvan. Ware



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

geloof “gebeur” wanneer ‘n persoon met sy hele menswees (liggaam en siel) optree: “...**want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.**” (Rom.10:10). Daar is ‘n wisselwerking tussen die hart (siel) en die liggaam en ‘n mens se verbeelding verbind die twee. As iemand met sy hart glo maar hy tree nie dienooreenkomstig op nie, is dit nie ware geloof nie. Dit werk ook andersom. Geloof gaan faal as die liggaam onder beheer van die verstand optree, maar die hart dit nie glo nie. Die verbeelding moet die mens se hart met sy optrede/aksies verbind. Ons moet ons verbeelding voortdurend hernu met die beloftes van die Woord, dan kan ware geloof vrylik deur ons vloei. Dit is ook belangrik om terselfdertyd enige verbeeldingsvlug wat nie in lyn is met dit wat God in Sy Woord sê of belowe nie, oombliklik neer te werp. Dit gee ons oorwinning in ons stryd teen die vlees en die duiwel en stel ons in staat om dieselfde werke as Jesus te doen: “...**want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus’...**” (2Kor.10:4,5); [NNT: “...**casting down reasonings, and every high thing that is exalted against the knowledge of :God, and bringing every thought into captivity to the obedience of the Christ**”]. Dit is God se praktiese plan en is baie effektief. Gedagtes wat ons vasvang en neerwerp moet onmiddellik vervang word met ‘n Bybelse belofte of gedagte. Paulus gee ons die voorbeeld: “**En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid...**” (2Kor.3:18). Die woord verbeelding word nie gebruik nie, maar die toepassing kan nie gemis word nie. Deur jou verbeelding te gebruik wanneer jy met geloof in jou hart in die spieël kyk, gebeur die wonderwerk. Jy word verander na die beeld van Jesus: geloof in aksie. Wanneer jy soos Jesus lyk, kan jy ook Sy werke doen. Paulus het sy verbeelding ook aktief aangewend toe hy geskryf het: “**Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my**” (Gal.2:20). Ons moet glo, ons verbeel en met ons mond bely: “Jesus lewe in ons”. Jesus het gesê dat as ons glo, ons Sy werke en nog groter sal kan doen. “... **wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.**” (Joh.14:12).

Ons het hierna die geleentheid gekry om die les prakties toe te pas. Tydens ons volgende Bybelstudie het Pauline Warner gevra dat ons vir Jacqui Kitts wat die Bybelstudie nie kon bywoon nie weens 'n tandabses, moes bid. Aangesien Jacqi se gesig opgeswel was, het ek voorgestel dat ons dit tydens ons gebed in ons verbeelding oproep. Dan moes ons die tand beveel om gesond te word en die swelsel om te verdwyn. Ons moet ook almal ons verbeelding gebruik om Jacqi se gesig daarna te sien sonder 'n abses en met 'n glimlag. Almal het ingestem en ons het dit so gedoen. Ek het 'n eenvoudige gebed gerig waarin ek ons gewone bevel vir genesing gegee het. Die verbeeldingsvlug was Bybels want Jesus woon in Jacqui en Hy is nie vol absesse of swelsels nie. Ons moet Christus se opstandingslewe vir ons toe-eien: **“...want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld” (1Joh.4:17)**. Jesus het ons geleer om te bid: **“...laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde” (Matt.6:10)**. Daar is nie siektes in God se koninkryk nie en Jacqui is 2 000 jaar gelede reeds genees toe Jesus onskuldig die sweepslae moes verduur (1Pet.2:24). Die volgende oggend het Jacqui my geskakel om my die goeie nuus te vertel. Die swelling van die abses het die vorige aand om en by die tyd wat ons gewoonlik bid, gesak, en haar tand het genees. Ons het saam gejuig en God gedank.

Ons het sommer vinnig nog 'n geleentheid gekry om ons geloof op hierdie manier te beoefen. Tydens ons volgende byeenkoms het Bob Aicardi genoem dat die watervlak in sy swembad weekliks vier tot vyf duim sak. Hy het die digtingslaag en die waterpype getoets vir 'n lek, maar niks gevind nie. Sy waterrekening was buitensporig hoog. 'n Gefrustreede Bob het uitgeroep dat daar geen rede is waarom dit met sy swembad en met hom moes gebeur nie, hy het immers aan God behoort en was nie meer onder die vloek nie. Bob het gevra dat ons in gebed moes saamstaan oor die saak. Ons het sy swembad al lekkende in ons verbeelding gesien en dit beveel om op te hou. My woorde was: “Ek beveel jou, swembad, om nie meer een druppel water te lek nie, in die Naam van Jesus”. Ons het die swembad daarna heel gevisualiseer. Die lek het die volgende oggend gestop. Is God nie wonderlik nie?

Bob het daarna met nog 'n gebedsversoek na ons toe gekom. Sy verhaal was soos volg: Toe hy by sy nuwe huis ingetrek het, het hy om die eiendom geloop en God gevra om 'n heining van beskerming

### **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

vir sy familie en die eiendom op te rig. Daar was vir drie en 'n half jaar geen peste op sy erf nie, maar nou was molkrieke besig om sy grasperk te vernietig. Sy bekommerde buurman het hom gevra om insekdoder te spuit voordat die molkrieke hul intrek by hom ook neem . Bob wou die saak eerder in geloof hanteer, maar het geweet dat iets vinnig sou moes gebeur. Terwyl ons saam gebid het, het ons in ons verbeelding sy grasperk van sy voorstoep af gesien, opgevreet deur die molkrieke. Bob se opdrag was dat die krieke moes verander in kunsmis. Ek het hulle in Jesus se naam beveel om te vrek en nie meer een enkele duim gras op sy eiendom te vreet nie. Elkeen het sy eie prentjie in sy verbeelding gehad van hoe hulle vrek. Bob moes 'n merk kry tot waar die molkrieke sy gras gevreet het en daarna aan ons terugrapporteer of dit verbeter het of nie. Groot was sy blydschap toe hy aan ons kom vertel dat die krieke nie net geen verdere skade gedoen het nie, maar dat daar geen teken van enige lewende molkriek was nie. Die krieke het almal in kunsmis verander! Eer aan God! Hy gee outoriteit aan Sy gelowiges en wil hê dat ons die vloek moet ophef tot eer en verheerliking van Sy naam. Bob se erf was 'n besondere getuienis. Hy het later probleme met miere gehad, maar elke keer as hy so beveel het, het die miershope verdwyn.

## HOOFSTUK 13

### Outoriteit in Gebed

***“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.”***  
*(Matt.21:22)*

Dit gebeur soms dat ons nie aan 'n toepaslike vers kan dink wanneer ons na ons Vader gaan met 'n gebedsversoek nie. Dit is wanneer so 'n allesomvattende belofte soos in Matt.21:22 van toepassing is: ***“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo”***. Jesus het Sy outoriteit aan ons gegee en dit is tot ons beskikking in die vorm van die beloftes wat Hy gespreek het. Een so 'n belofte is: ***“Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind (verbied), sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind (toelaat), sal in die hemel ontbonde wees.”*** (Matt.18:18). Op die oog af lyk dit baie gevaarlik dat die mens oor soveel outoriteit kan beskik, maar dit is nie. Die meeste Christene is nie toegewyd genoeg om sóveel van die Woord in hulle hart te hê om hierdie belofte te glo nie. En as jy dit nie uit jou hart uit glo nie, gaan jy nie oor die outoriteit beskik nie: ***“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.”*** (Rom.10:17); [NNT: *The faith therefore is by hearing, and hearing by Christ's word*"] Jou denke moet vernuwe wees met die Woord van God om hierdie beloftes te glo. Jy mag nie wik en weeg tussen twee gedagtes nie. ***“Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie - so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.”*** (Jak.1:6-8). Wanneer jy jou denke vernuwe het met die Woord van God is jou gedagtes Christus se gedagtes; dan is jy totaal afhanklik en onderdanig aan God. Boonop is geloof 'n geskenk van God: ***“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God”*** (Ef.2:8) Jy sal vind dat jou geloof jou nie daar sal bring waar God jou nie wil hê nie. ***“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.”*** (Joh.15:7).

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ek was as 'n baba Christen reeds baie lief vir die Woord en oortuig dat alles wat daarin staan die waarheid is. Ek het baie gou die krag van geloof ontdek omdat ek my geloof begin beoefen het voordat enige godsdienstige persoon my van iets anders kon oortuig. Jy hoef Christus nie lank te ken om jou geloof te kan beoefen nie. Jy moet oortuig wees daarvan dat dit wat jy een keer gelees het, die woorde is van 'n Vader wat getrou is aan wat Hy sê. Bly weg van leiers af wat al "ou" Christene is, maar steeds nie dit glo wat in die Woord geskryf staan nie. Hulle is dié "**...wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie**" (2Tim.3:7), en wie nooit krag in hulle lewens ervaar nie omdat hulle dubbelhartig is.

Gebed in die Ou en Nuwe Testament verskil. In die Ou Testament het Dawid so gebed: "**Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem**" (Ps.55:18), en Daniël het "**in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid**" (Dan.6:11). Ons hoef nie in die rigting van die tempel te draai wanneer ons bid nie; ons is die tempel. Die Here is saam met ons in elke situasie by elke plek waar ons is en waar gebed nodig is. Dit is dan ook hoekom die Woord vir ons sê: "**Bid sonder ophou.**" (1Thess.5:17). Ons moet bid wanneer ons 'n behoefte raaksien en 'n behoefte kry om daarvoor te bid. Baie van dit wat vandag oor gebed geleer word, is geskoei op 'n Ou-Testamentiese verhouding met God. Ons moenie wetties wag totdat dit môre of aand is en ons te moeg is om te onthou waarvoor ons wou bid nie. Dit gaan nié die "**vurige gebed van 'n regverdige**" wees wat "**groot krag**" het nie (Jak.5:16). Dit beteken nie ons moenie tyd opsy sit om op gebed te konsentreer nie. God se plan vir iemand wat met die Heilige Gees vervul is, is dat dié persoon in gedurige gebed/gesprek met Hom sal wees; daarom is ons Sy tempel. Om voortdurend in gebed te wees beteken ons gaan dikwels in ons gedagtes bid. God hoor dit net so goed; "**...want die HERE deursoek al die harte, en Hy verstaan elke versinsel van die gedagtes. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind; maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verstoot**" (1Kron.28:9). In die hemel is gedagtes hoorbaar vir die verstand. Ons kan dus kameraadskap met God hê en altyd sonder ophou oor alles bid. 'n Bekende liedjie se woorde is iets in die lyn van: "Hoe oneindig baie smart verdra ons" en dit omdat ons nie elke ding in gebed na God toe bring nie.

Jesus gee ons outoriteit in drie verskillende tipes van gebed. In die Bybel het ons voorbeelde van die

- gebed van geloof,
- gebed van akkoord/saamgevoegde geloof, en
- gebed van volharding.

Die gebed van geloof is die mees algemene gebed vir die volwasse Christen wat sonder ophou bid. Die sleutel tot die gebed van geloof is om te glo dat jy reeds ontvang het: **“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang en julle sal dit verkry” (Mark.11:24)**. As gevolg van 'n gebrek aan begrip het die vertalers die tydsorde verander. Die Numeriese Teks bevestig egter dat dit in die verlede tyd is: **“Therefore I say unto you, All things whatever ye pray and ask for, believe that ye received them, and ye shall have them”**. Wees oortuig van God se belofte en bid die gebed van geloof wanneer dit ookal moontlik is, terwyl jy glo dat jy dit waarvoor jy gebid het reeds ontvang het. My raad aan jou is om so gou moontlik hierdie vorm van gebed aan te leer en te beoefen, want eendag mag daar dalk nie genoeg tyd wees om 'n saak “deur te bid nie”. Paulus definieer geloof in **Heb.11:1** as volg: **“Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”** Gebed word vervul wanneer daar geloof is, want God gebruik die geloof as die substansie om dit waarvoor ons gebid het, te maak. Eenvoudig gestel: wys of oortuig God dat jy Hom vir 'n saak glo en Hy maak dit vir jou waar.

Daar is 'n baie goeie rede vir die gebruik van die verlede tyd: **“Alles wat julle in gebed vra, glo dat julle dit ontvang het”**. Jesus het al die werk by die kruis reeds afgehandel. In al die volgende verse lees ons dat ons alle dinge “reeds ontvang het”. Al wat ons moet doen is om dit te glo. Let op na die gebruik van die verlede-tyd:

- **“Want uit genade is julle gered, deur die geloof” (Ef.2:8); [NNT: “for by grace have ye been saved through faith;”]**
- **“...wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het . . . deur wie se wonde julle genees is” (1Pet.2:24); [NNT: “...by whose bruise ye were healed”]**
- **“Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde” (Kol.1:13);**
- **“...wat ons met Homself versoen het” (2Kor.5:18);**

## GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons

- **“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal.2:20); [NNT: “I have been crucified with Christ;”]**
- **“Christus het ons losgekoop van die vloek” (Gal.3:13);**
- **“... die God en Vader . . wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het . . deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode” (1Pet.1:3);**
- **“Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal. Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word” (Heb.10:10,14);**
- **“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus” (Ef.1:3);**
- **“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien” (2Pet.1:3).**

Jesus het daardie tyd reeds vir ons gesê:

- **“...nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Joh.12:31);**
- **“...maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin” (Joh.16:33); en**
- **“Dit is volbring!” (Joh.19:30).**

Dit is hoekom ons moet glo dat ons reeds ontvang het. Die duiwel en die vloek is klaar oorwin. Ons is klaar gered, genees, verlos en versorg.

Verlossing van die vloek is waarlik klaar gedoen! Om die waarheid te sê, God se **“werke (is) van die grondlegging van die wêreld af volbring” (Heb.4:3)**, toe Hy Sy plan aangekondig het. Al wat oorbly vir die ware seuns van God is om in geloof te glo dat hulle reeds ontvang het en in daardie werke in te beweeg. Aangesien die werke reeds klaar gedoen is moet ons rus van ons eie werke waarmee ons probeer om onself te red, te genees en vry te maak. **“Want ons wat geglo het, gaan die rus in” (Heb.4:3)**. Dit is ons geestelike Sabbatsrus. **“Daar bly dus ‘n sabbatsrus (Grieks: sabbatismos, “die rus hou”) oor vir die volk van God;...” (Heb.4:9)**. Hierdie verlede-tyd beloftes stel ons in staat om ons Nuwe Testamentiese, geestelike Sabbat elke dag te hou: **“...want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne” (vers 10)** Die rus is om hierdie verlede-tyd beloftes van God glo.

**“Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.” (Heb.4:1,2).** Ons geloof in elkeen van hierdie beloftes lei ons dieper in die rus in. As ons byvoorbeeld die Woord **“deur wie se wonde julle genees is;”** glo, sal ons nie aanhou rondval op soek na genesing nie, maar rus in die aanvaarding dat dit reeds volbring is by die kruis. Dit is ware geloof en bring altyd die antwoord op ons gebede. Wanneer ons die beloftes glo, hou ons op om self te werk en beweeg in die rus in. As 'n kind van God sê hulle glo hulle het ontvang maar nog steeds verder na wêreldse antwoorde bly soek, is hulle dubbelhartig: **“Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie; so ‘n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.” (Jak.1:6-8).** Hulle wat aanhou werk vir iets wat God alreeds vir hulle gegee het, glo in saligmaking deur werke. **“...want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.” (Heb.4:10).** **“En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie” (Heb.3:19).**

Omdat die beloftes van verlossing van die vloek in verlede tyd is, moet ons ophou werk as ons God se Woord glo. God was kwaad toe Israel nie Sy Woord in die wildernis wou glo nie. Hy voel so sterk dat Hy ongeloof beskryf as “'n bose hart”: **“...sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ‘n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Want ons het deelgenote van Christus geword (Sy gesondheid, heiligheid en seëning), as ons net die begin van ons vertrou tot die einde toe onwrikbaar vashou;...” (Heb.3:11,12,14).**

Wanneer ons glo dat ons reeds ontvang het, kan ons nie verder iets doen om dit te verkry nie, want dan weerspreek ons onself. Hierdie posisie van swakheid is soos Israel se wildernis ervaring: daar was geen hulp vanuit Egipte nie. Wanneer ons in ons wildernis ervaring is, is daar ook geen hulp van die wêreld nie, alleenlik God se krag red in die wildernis. God sê: **“My krag word in swakheid volbring” (2Kor.12:9).** Die wapen wat ons teen die vyand gebruik wat ons van ons verbondsregte probeer beroof, is die twee-snydende swaard van hierdie verlede-tyd beloftes uit die Woord (Heb.4:11,12).



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Ek wil aan die hand van 'n voorbeeld die krag van die ware Evangelie deur hierdie verlede-tyd beloftes illustreer. 'n Paar jaar gelede het ek 'n vrou raakgeloop met twee gewasse wat so groot was dat hulle dit nie kon opereer nie. Sy het vir my die name van bekende predikante afgerits wie almal vir haar gebed het vir genesing. Haar woorde was: "David, ek verstaan eenvoudig nie hoekom ek nie genees is nie." My antwoord aan haar was: "Jy het my so pas vertel hoekom nie. Jy kyk in die verkeerde rigting. Jy kyk vorentoe na 'n genesing wat reeds in die verlede plaasgevind het. Draai om en kyk **"deur wie se wonde julle (2000 jaar gelede) genees is" (1Pet.2:24)**. Jy het 'n bietjie hoop en geen geloof nie. Geloof **"roep dinge wat nie bestaan nie** (in hierdie geval genesing), **asof hulle bestaan" (Rom.4:17)**. Met geloof kyk jy terug na wat klaar volbring is by die kruis. Hoop kyk vorentoe na wat gaan gebeur. Jesus het gesê: **"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang** (Grieks: **"ontvang het"**), **en julle sal dit verkry"** (Mark.11:24). Dít is die Evangelie wat jy moet glo." Na dié woorde het haar gesig verhelder. Ek sê toe vir haar: "Nou gaan ons nog eenmaal bid, maar glo hierdie keer die Woord; glo dat jy reeds ontvang het, ongeag of jy 'n onmiddellike bewusheid daarvan het of nie." Sy het saamgestem en daarom kon ek die kanker bestraf en haar beveel om in die Naam van Jesus gesond te word. Sy het dadelik gevoel hoe die gewasse haar ligaam verlaat. Ons het God saam in blydschap gedank. Ek het aan haar gesê: "Dit is die eerste keer dat jy werklik die ware Evangelie van jou genesing glo. As jy dit geglo het toe die ander predikante vir jou gebed het, was jy al genees."

Jesus het gewaarborg dat die die Vader sal antwoord op die gebed van akkoord of saamgevoegde geloof. **"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is." (Matt.18:19)**. Die gebed van akkoord is die magtigste gebed. **"Hoe kan een dan duisend agtervolg en twee tien duisend op die vlug jaag,..." (Deut.32:30)**. Deur ons geloof by ander gelowiges s'n te voeg, vermenigvuldig ons die krag van geloof. Ons sien dit ook in Jakobus 5:14 en 15 waar die ouderlinge van die Kerk saamkom om in geloof vir genesing te bid en met olie te salf. Dit behoort altyd 'n gebed van akkoord te wees. Die persoon vir wie gebed word moet in akkoord wees met die ouderlinge se geloof en saamstem dat hy of sy reeds genees is deur Jesus se wonde aan die kruis. (1Pet.2:24). Jesus het in Sy daaglikse handel en wandel

hierdie voorbeeld van saamstem in die geloof vir ons gestel. Hy het gedurig woorde of aksies wat op bevestiging van hulle geloof gedui het, uit diegene probeer ontlok vir wie Hy dan gebed het.

Ek verkies om die gebed van akkoord te gebruik wanneer ek iemand bedien, want die een vir wie gebed word moet in geloof saamstem met die gebed en dit skerp die belangrikheid van geloof in by die ontvanger daarvan. Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld. Daar was eendag 'n man by 'n diens wat ek gelei het. Hy was ontsteld want sy vrou het by 'n ander man ingetrek. Ek het hom vorentoe geroep en gevra of hy met my in gebed wil saamstem (Matt.18:19) dat sy vrou die volgende keer wat hy die diens bywoon, saam met hom daar sou wees. Hy wou baie graag en ons het in gebed daarvoor saamgestem. Tydens die volgende diens was sy langs hom. Die man by wie sy ingetrek het, het haar geslaan en weggejaag. God is groter as ons behoeftes en Hy is getrou aan Sy Woord!

***“Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.” (Matt.18:20).*** Klein groepies Christene wat saam bid sal kragtige antwoorde op hulle gebede kry, ongeag waarvoor hulle bid. Jare gelede toe ek vir Exxon Raffinadery gewerk het, het daar elke middag 12 uur van regoor die fabrieksaanleg mans van verskillende denominasies bymekaar gekom om te bid en die Woord te bestudeer. Omdat ons tyd min was kon ons nie baie tyd aan lang gebede besteë nie. Een van die eerste dinge wat ek hulle geleer het, is die gebed van akkoord. Ons het ons gebedsversoeke in die eenvoudigste, kortste moontlike vorm met mekaar gedeel. Ons het dan almal saamgestem dat hierdie behoeftes reeds voorsien is, soms selfs beveel dat dit voltooi sal wees, en kon dan aangaan om die Woord te bestudeer. Maar ons het God altyd gedank vir wat Hy reeds gedoen het. Ons groep was verseker nie bekend vir ***“baie woorde”*** nie, maar ons is gehoor. Baie van hierdie broers het nog nooit vantevore gesien hoe God gebede beantwoord nie en het aanvanklik nie met gebedsversoeke gekom nie. Hulle is egter so bemoedig deur die krag van saamgevoegde geloof wat hulle gesien en ervaar het, dat hulle kort voor lank ook gretig was om self te bid. Blindes is genees, gewasse en kankers het verdwyn, verskillende siektes is genees, demone is uitgedryf, daar is voorsien in finansiële behoeftes, toerusting is herstel, huwelike is herstel, siele is gered, mense is deur die Heilige Gees vervul, ens. Selfs nie-Christene het

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

later met gebedsversoeke na ons gekom. Vir my was een van die grootste wonderwerke die feit dat baie lede van die groep in Jesus begin glo het, “...soos die Skrif sê:” en nie meer net in naam Christene was nie. Baie het hul bekeer van oneerlike praktyke soos om gereedskap huistoe te vat, om leuens te vertel oor hul oortyd-ure of om met belasting te kul. My baas het my eendag ingeroep, baie in sy noppies oor die veranderinge in van sy werknemers wat die vergaderings bygewoon het. Hy het probeer om my die erkenning te gee daarvoor maar ek het hom gou vertel dat dit ons soewereine God se werk is.

Deur saam te staan in gebed verander God mense se harte vir ons onthalwe. **“Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.” (Spr.21:1).** Ek kan nie vir julle vertel hoeveel keer al het ons God gevra om mense se gesindheid te verander sodat Sy mense wat in nood is, guns kan ontvang nie. Tony Nassef, 'n broer in ons gemeente, het by 'n omgewings-ingenieursfirma gewerk. Die eienaar van 'n groot winkelsentrum het 'n kontrak van \$1.9 miljoen aan die firma toegeken. Die eienaar het gevoel dat die werk nie vinnig genoeg gedoen word nie, ten spyte daarvan dat dit in rekordtyd afgehandel is. Hy, die president en vise-president het 'n telefoniese vergadering van 'n uur en 'n half met Tony gehad waartydens hulle hom uitgeskel, gevloek en met dagvaardigings gedreig het as die werk nie vinniger gedoen sou word nie. Gedurende en ook na afloop van die vergadering het Tony gebid vir God se guns om hom te help om sy woede teenoor hierdie mans in toom te hou. Daarna het Tony my gekontak en ons het saamgebid dat God vir Tony Sy guns en die guns van die betrokke mans sou gee. Ons het saamgestem dat God die mans se oë sou oopmaak om die spoed en professionele hantering te waardeer wat God deur Tony se firma aan hulle gegee het. Sewentien uur later het die vise-president hom gebel en meegedeel dat die eienaar hom gevra het om namens hom Tony om verskoning te vra vir wat hy alles gesê het en om Tony te vra of hy sal voortgaan om vir hulle te werk. Hy het ook gesê dat die werk wat gedoen is van 'n baie hoë standaard is en dat hy volle vertroue in Tony en sy firma het. Hy het gevra dat Tony na goeddunke moet voortgaan met die werk en nie soos hulle voorgeskryf het nie. Deur God se genade is die werk voltooi in 'n kwart van die verwagte tyd en het dit die eienaar 'n addisionele \$1.5 miljoen gespaar. Hierdie is maar net een van vele kere wat God guns

gegee het in antwoord op die gebed van akkoord. God is geen aannemer van die persoon nie; Hy sal dit vir jou ook doen.

Ons gesin het 'n ruskans nodig gehad en besluit om Pensacola-strand toe te gaan. Oppad soontoe het ek almal se aandag gevra en ons het die gebed van akkoord gebid. My woorde was: “Vader, dis nie baie wat ons dit kan doen nie, en ons vra U om die dag vir ons goed te laat uitwerk. Ons vra dat U vir ons 'n lekker sonskyn dag sal gee, maar nie te warm nie. Ons vra vir ons 'n plek op die strand waar daar nie 'n klomp kaal mense (bedoelende mense in gekleurde onderklere, normaalweg genoem swemklere) is nie. Ons dank U hiervoor in Jesus se Naam.” Daar was baie motors by die strand geparkeer en ons het besef dat ons nie afsondering sou hê nie. Ons het 'n staanplekkie vir die kar uitgekies en die duine oorgesteek strand toe. Daar was in al die rigtings mense vir kilometers ver. Ek het gedink, “Here, hierdie is nie waarvoor ons gevra het nie.” Ons was egter net 'n kort rukkie daar toe 'n groot, swart donderstorm opsteek. Min het ons geweet dat daar tornados in daardie storm was. Hoe nader dit gekom het, hoe meer mense het die strand verlaat.

Mary het gesê dat ons moes gaan, maar ek wou vashou aan ons gebed en het huiwerig gevoel om op te pak. Die voorste deel van die storm was byna by ons en Mary het weer gesê ons moet eerder gaan. Ek het op en af langs die strand gekyk en daar was nie 'n enkele siel te bespeur nie. Dit is toe wat die Here in my gees praat en sê: “Hoekom blaas jy nie daardie storm terug nie?” Ek is maar bietjie van 'n introvert en wou nie hê Mary en die kinders moes my in die wind in sien blaas nie, toe stap ek 'n paar meter met die strand af en begin blaas. Die storm het baie skielik gestop en toe omgedraai. Dit het 'n paar kilometer terug beweeg en daar gebly. Ek was in ontsag oor die Here! Hier was ons besig om 'n pragtige sonskyn dag te hê, nie te warm nie, en sonder enige half-naakte mense om ons, net soos ons gevra het. Ons het twee ure daar spandeer en oppad terug in die reën beland. Toe het ons besef dat die mense nie geweet het die son skyn op Pensacola-strand nie en daarom kon ons alleen daar wees. God dink aan alles! Toe ons naby die huis kom, het ons gesien dat winkels se dakke afgeruk en bome omgewaai is, alles tekens van die tornado. Toe die kinders vra wat gebeur het, het ek gesê dat ek seker te hard geblaas het! Hulle het lekker gelag vir die grappie. Dit was vir God belangrik om ons dag te seën en ons

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

getuies te maak van Sy almagtigheid en om ons gebede van geloof en akkoord te beantwoord.

Ons het nog 'n waarborg by Jesus gekry, die gebed van volharding. ***“Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid (volharding) opstaan en hom gee soveel as hy nodig het. En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.” (Luk.11:8-10)***. Jesus is baie duidelik daarvoor dat ons 'n antwoord sal ontvang vir volgehoue of aanhoudende vra, soek en klop. Daar is egter 'n verskil tussen volharding en leë, nuttelose herhaling. ***“En as julle bid, gebruik nie ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.” (Matt.6:7)***. Ydele herhalings is pogings om redding te verkry deur werke en eindig nie met die geloof dat God sal antwoord nie. Volharding, of onbeskaamdheid, behoort gebruik te word wanneer ons geloof tekortsiet om die gebed van geloof te bid. Volharding is 'n manier om geloof te ontvang. Geloof is 'n geskenk of gawe van God en sonder dit het ons nie toegang tot genade nie. ***“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.” (Ef.2:8)***. Die gebed van volharding kan geloof nie omseil nie; dit moet daarheen lei. Ons moet uiteindelik geloof beoefen om dit te verkry: ***“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.” (Heb.11:6)***. Elke ware gelowige het 'n ***“maat van geloof”*** ontvang (Rom.12:3), maar ons moet leer hoe om dit te gebruik.

In die volgende verhaal kan voorbeelde van al drie die tipes gebede gesien word. Ek het in 1984 die grond rondom ons huis geploeg om gras te plant. Dit was reënerig en ek het planke op blokke gesit om 'n paadjie na die huis te maak. Ek en my tweede oudste seun, Nathan, wat toe omtrent drie jaar oud was, het op die paadjie geloop toe hy struikel. Om te keer dat hy in die modder val het ek hom aan sy arm gevang. Sy volle gewig was teen 'n 90° hoek teen sy voorarm gegooi. Ek het gevoel hoe sy arm breek en toe roep hy uit van pyn. Ek het geweet sy arm was gebreek. Hy het gehuil en sy armpie vasgehou. Ek het sy arm beveel om te genees en hom na die deur toe gedra. Ek het besef dat Mary sou skrik as ek haar vertel dat hy sy arm gebreek het. Ek het net gesê: “Hy het geval op die paadjie en sy

arm seergemaak.” Sy het hom gewieg en gebed terwyl hy gehuil het. Hy het gelukkig kort voor lank aan die slaap geraak, waarna sy sy arm ondersoek het. Hy het geskreeu toe sy aan die breuk vat en sy het dadelik vir my gesê: “David, sy arm is nie seer nie, dis gebreek!” Al wat ek kon sê was: “Ja, ek weet, maar God het ons nog elke keer in die verlede genees en Hy sal ons hierdie keer ook genees, sal Hy nie?” Sy het daarmee saamgestem. Toe Nathan aan die slaap raak het ons hom saam met ons in die bed gesit. Ek het die gebed van geloof gebed, en geglo dat ek ontvang het, en het kort daarna aan die slaap geraak. Mary, wat nog nie vrede oor die saak gehad het nie, het die gebed van volharding gebed tot omtrent vieruur daardie oggend. Nathan het 'n paar keer deur die nag gehuil.

Ons het vroeg die volgende oggend stilletjies kombuis toe geglip vir koffie. Kort daarna het ons gehoor Nathan is wakker en gaan inloer. Toe hy ons sien het hy breed geglimlag en vinnig oor die bed gekruip, op sy knieë en hande. Ek het hom aan sy arms opgetel en hom in die lug gegooi terwyl hy skaterlag. Hy was volkome genees! Prys God! Al het ons die probleem op verskillende maniere aangepak, het ons teen vieruur die oggend by dieselfde geloof uitgekom, in wese die gebed van akkoord. Vriend, God sal jou nie in die steek laat nie, maar gebed moet eindig in geloof; die dubbelhartige man sal niks ontvang nie (Jak.1:6-8).

## HOOFSTUK 14

### Outoriteit oor Demone

***“En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale sal hulle spreek” (Mark.16:17)***

Let daarop dat die enigste voorwaarde vir die uitdrywing van duiwels is om ‘n ware gelowige te wees. Bostaande vers praat nie van die eerste dissipels nie, maar van hulle wat glo en dit sluit ons in. Naastenby ‘n derde van Jesus se volgelinge het duiwels uitgedryf. Die dissipels moes met hierdie bediening voortgaan. Hulle is ook deur Jesus beveel om op hul beurt weer seker te maak dat hulle dissipels dieselfde doen, om so hierdie bediening tot aan die einde van die wêreld vol te hou. ***“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Matt.28:19,20).***

Daar is groot vreugde wanneer mense wat onder die vloek is, verlos word: ***“En die sewentig het met blydschap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.” (Luk.10:17).*** Dié sewentig was die tweede groep te midde van ‘n groeiende menigte van dissipels wat heerskappy oor demone verkry het. In ons tyd plaas onkundige godsdienstige leiers mense onder bindinge en in inrigtings of stuur hul selfs na hul dood omdat hulle nie die Here hierin gehoorsaam nie. ***“Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskryf is.” (Luk.10:19,20).*** Die outoriteit wat ons oor bese geeste het maak dat hulle hul geheel en al aan ons moet onderwerp. As ons dit glo, kan hulle niks aan ons doen nie. Kennis van die Woord en vervulling met die Gees bemagtig ons en beskerm ons teen hierdie misleiers.

Hierdie demone word deur die Here in twee groepe verdeel: ***“slange en skerpioene.”*** Slange se gif is in hulle koppe en verteenwoordig demone wat ons denke mislei. Dit was ‘n slang wat Eva verlei het om

van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad te eet (Gen.3:5,6). Satan skenk aan sy volgeling gawes van verbode kennis wat ware gawes dikwels naboots. ***“Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat ‘n gees van ‘n afgestorwene vra of ‘n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE ‘n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil, verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.” (Deut.18:10-12).*** Hierdie valse bedienings het moderne name gekry en doen in sommige gevalle hulself voor as Christelike Bedienings. In ***Hand.16:16*** lees ons: ***“En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom ‘n slavin met ‘n waarsêende gees (Grieks vir waarsêende: “‘n slang”) ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins inbring het”.*** Hierdie gees het aan die slavin die gawe van waarsêery of valse profesie gegee. ‘n Pastoor by ‘n kerk waar ek gepreek het, het so ‘n valse gawe van profesie gehad. Ek het gebid dat God dit aan die gemeente moet uitwys. Daarna het een van die gemeentelede ‘n droom gehad waarin die pastoor ‘n slang was wat deur ‘n mikrofoon met die gemeentelede praat en hulle aan die slaap sus! ‘n Ander vrou het die pastoor weer in haar droom as ‘n draak gesien. In Openbaring 12:9 word ***“die groot draak”*** ook ***“die ou slang”*** genoem – ***“duiwel en Satan”***. Sy het die betekenis van die pastoor se naam opgesoek en gevind dit beteken “draak”.

Die Farao se wyse manne en towenaars wat die tekens en wonders wat aan Moses gegee was, kon nadoen (Ex.7:11,22; 8:7), is tipies van hierdie valse bedienings wat deur slang-tipe demone ondersteun word. Dit is interessant om te sien dat hulle van Moses se oordele kon nadoen (‘n staf in ‘n slang verander, water in bloed en die vermeerdering van die padderplaag), maar dit nie weer kon wegneem soos Moses kon nie. God het die towenaars toegelaat om die vloek te vergroot, maar nie om van die vloek te verlos nie. Dit is vandag nog so.

‘n Vriendin van my het betrokke geraak by ‘n bediening waar baie wonders en tekens plaasgevind het. Ek het dit dopgehou en agtergekom dat die bonatuurlike dinge wat gebeur het nie ooreenstem met die gawes van voorsiening soos wat in die boek Handeling of in 1 Korintiërs 12 en 14 beskryf word nie. Hierdie tekens en wonders was meer troosmiddels om die mense se soeke



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

na die bonatuurlike te bevredig. Dit was vlees-strelende tekens wat geen praktiese en blywende redding van die vloek gebring het nie. Ek het die teenwoordigheid van valse geeste aangevoel en selfs van hulle gesien deur die gawe van onderskeiding van geeste. Toe ek die Woord daarvoor aan die lede wat in hierdie bediening gestaan het voorhou, het hulle dit bloot afgemaak deur te sê dat God besig was met iets nuuts.

Al redeneer ons dat ons nuwe dinge kan ervaar, sê Salomo in **Pred.1:9**: **“...en daar is glad niks nuuts onder die son nie”**. Ons moet bevestiging in die Woord vind vir ons tekens en wonders. Paulus waarsku teen valse tekens en wonders wat van Satan en sy trawante kom, maar wat deur God gestuur word om diegene wat nie die waarheid liefhet nie, te mislei (2Thess.2:9-12). Ek was bekommerd oor hierdie vriendin, want sy het die gawe van drome en visioene ontvang terwyl sy die bediening bygewoon het. Ek het gevra dat God haar 'n waarskuwing moes gee oor wat besig was om te gebeur. Toe ek haar weer sien, vertel sy dat sy 'n visioen tydens 'n kerkdiens gehad het. In die visioen het die dak van die kerk verdwyn en het sy 'n groot, rooi draak (**“die ou slang”**) gesien wat oor die hele gebou uitgestrek lê. Waarskynlik wou God sê dat Satan deur misleiding besig was om mag oor die gemeente uit te oefen. Toe kry sy 'n tweede visioen: 'n Trojaanse perd wat deur die kerk se agterdeur ingestoot word en 'n stem wat aan haar sê: “Christene het dit hier ingebring”. Die perd simboliseer 'n vals geskenk waarin die vyand verdoesel word sodat hy sy teiken kan oorrompel.

Wanneer demone jou nie totaal uit Christenskap kan hou nie, het hulle ander strategieë. Daar is godsdienstige geeste wat daarin spesialiseer om mense gevange te hou binne 'n vals, sogenaamde “Christelike” godsdiens. Die Evangelie wat hulle verkondig kan nie bevry nie. Daar is vandag baie **“verleidende geeste en leringe van duiwels”** in die kerk aan die werk om mense te mislei, soos Paulus ons waarsku in 1Tim.4:1-3. Bose geeste manifesteer as valse rigtings, doktrines of leerstellinge, profesieë en leierskap om maar net 'n paar te noem. **“Want sulke mense is valse apostels** (Grieks: “uitgestuurdes”), **bedrieglike arbeiders wat hulself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel** (Grieks: “boodskapper”) **van die lig** (waarheid). **Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie.**

***Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.” (2Kor.11:13-15).*** Die woord “engel” in Grieks is “angelos” en word partykeer vertaal as “boodskapper”, wanneer dit leraars beskryf wat deur God of ander leraars gestuur is (Luk.7:24,27; 9:52). Dit is duidelik dat daar mense is wat deur Satan gestuur word wat die geledere van leraars binnesypel deur hul ego te streef of deur godsdienstige instellings te gebruik. Beide Jesus en Paulus leer ons dat hierdie leraars in die meerderheid is. ***“Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.” (Joh.10:8), “Maar ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie, maar as uit opregtheid, maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus.” (2Kor.2:17).***

Bose geeste besoedel ons denke met begeertes na dinge, met hebsug, woede, bitterdheid, leuens, seksuele permissiwiteit, alkoholisme, afgodediens en onreinheid. Lukas 8:35 wys daarop dat kranksinnigheid in verskeie vorms eintlik demonies is. Ek het eendag aan ‘n groepie bejaardes die Woord bedien en toe skielik die behoefte gevoel om ‘n gees uit ‘n neerslagtige, bejaarde vrou met Alzheimerssiekte te dryf. Nadat die gees haar verlaat het, het haar hele voorkoms verander en het sy glimlaggend en intelligent aan my gesê: “Baie dankie, ek het dit nodig gehad”. Die meeste van die bejaardes was geskok, want hulle het haar nog nooit voorheen hoor praat nie. Ek het toe besef dat Alzheimerssiekte demonies kan wees.

Daar is aanduidings dat ***“n gees van krankheid” (Luk.13:11)*** die gevolg van bose geeste is. Toe die Israëliete gesondig het, het God giftige slange gestuur om hulle te pik en hulle het begin doodgaan. Slangbyt veroorsaak ‘n fisiese siekte as gevolg van die gif. Toe Moses vir hulle bid het God hom beveel om ‘n koperslang te maak en op ‘n paal te plaas waarna hulle moes kyk om gesond te word (Num.21:4-9). Die slang aan die paal het Christus voorgestel: ***“En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word” (Joh.3:14)***, Hy wat in ons plek sonde geword het: ***“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2Kor.5:21)***, en die vloek van die slang gedra het: ***“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang” (Gal.3:13)***, sodat ons genees kon word. ***“...wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is” (1Pet.2:24)*** .

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Die embleem van die slang aan die paal is deur die mediese instelling gekoop om die bedryf van genesing te simboliseer.

Van die siektes in die Nuwe Testament wat deur demone veroorsaak word, is kreupelheid (Luk.13:11); stomheid (Matt.12:22); blind- en doofheid (Matt.9:32,33; Luk.11:14); doofstomheid (Mark.9:25); siekte deur 'n bose gees veroorsaak (Matt.15:22,28); epilepsie (Matt.17:15,18); en duiwelbesetenheid (Luk.8:2,36; Hand.10:38). Daar is nog ander voorbeelde van genesing in die Nuwe Testament wat beskryf is as uitdrywing van demone wat ek nie hier gelys het nie. Behalwe bogenoemde het ek self gesien en ervaar hoe die uitdrywing van bose geeste lei tot genesing van kanker, hoesbuie, uitslag, diabetes, artritis, allergieë, slaaploosheid, kroniese pyne, VIGS, rusteloosheid en baie meer. Ek is seker hierdie lys sal baie langer wees as jy ander Christene se ervarings hierby insluit. Mense beweer graag dat al hierdie siektes natuurlike oorsake het. Byna alle demone manifesteer as natuurlike oorsake!

Die tweede groep demone wat Jesus beskryf is skerpioengeeste. Die Griekse woord vir "skerpioen" is *scorpios* wat "versprei" of "binnedring en vlug" beteken. Geeste wat in die skerpioenkattegorie val, veroorsaak vrees, depressie, maniese depressie, vervolgingswaansin, bekommernis, angs, selfmoordneigings, skuldgevoelens, veroordeling en kranksinnigheid, om net 'n paar te noem. Hulle dring die denke binne en veroorsaak dat jy wegvlug van 'n vyand af wat jy eintlik behoort te beveg. 'n Skerpioen se gif is in sy stert, net soos die gif van die perdeby wat 'n groot man met vrees kan vul en laat vlug. God het "**perdebye**" gestuur om die vyand met vrees te vul en voor die Israeliete te laat vlug (Deut.7:20; Jos.24:12; Ex.23:27,28). Jesus leer ons dat Hy reeds die sterk man (Satan en sy demone) vasgebind en die buit van sy huis verdeel het (Luk.11:20-23). Jesus sê aangaande hierdie buit: "**...en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi**" (Luk.11:23). Die Griekse woord vir "verstrooi" in hierdie sin, is *scorpiizo*. Satan se buit is diegene wat verstrooi is; hulle is verlore vir God se koninkryk. As ons nie hierdie buit insamel nie sal ons moet vlug voor skerpioengeeste. Ons moet werktuie van God se soewereiniteit wees om dié geeste te oorwin, sodat diegene wat deur hulle gevange gehou word, vrygelaat kan word.

'n Algemene, valse leerstelling is dat Christene nie met demone vervul kan wees nie. Wanneer Jesus Sy dissipels beveel om “duiwels uit te dryf”, sê Hy vir hulle: **“Moenie gaan op pad na die heidene (verlorenes) nie; en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.”** (Matt.10:5,6). Hy stuur hulle na die verbondskinders, nie na hulle wat nie 'n verbond met God het nie. Nuwe Testamentiese verbondskinders is Christene aan wie die beloftes van die verbond, naamlik verlossing, genesing en voorsiening, behoort. Dié beloftes behoort nie aan die wêreld of mense wat nie gered is nie. **“Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde.”** (Kol.1:13).

Aangesien ons die beloftes van verlossing het, kan ons dit vir onself en ook vir hulle wat hul tot Christus bekeer, toe-eien. **“Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.”** (2Kor.7:1). Gelowiges moet hulle vlees, die oue mens se wil, verstand en emosies, asook hulle gees reinig van bese geeste. (Vergelyk Matt.16:26; **“Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?”** met Luk.9:25: **“Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?”**). Paulus waarsku Christene om nie **“'n ander gees te ontvang nie”** (2Kor.11:4). Ons word ook beveel, **“...en gee aan die duivel geen plek** (Grieks: “streek, gedeelte”) **nie”** (Ef.4:27). Ons moet eenvoudig geen gebied of enige aspek van onself aan die duivel en sy trawante afstaan nie.

**“En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agtien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie. Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan – dink daaraan! – agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?”** (Luk.13:11,16). Die vrou kon aanspraak maak op verlossing want sy was 'n kind van Abraham – so kan ons ook as Christene, die ware gelowiges, want ons is kinders van Abraham: **“Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham”** (Gal.3:7).

Jesus sê dat Hy slegs na die huis van Israel gestuur is. Toe 'n Kananése vrou Hom vra om 'n onreine gees uit haar dogter te dryf, sê Jesus: **“Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**hondjies te gooi nie**” (Matt.15:22-28). Hieruit kan ons sien dat die kinders van God ‘n verbondsreg het om deel te hê aan die Vader se brood van verlossing en genesing, maar nie die ongelowiges nie. Oor die vrou se geloof en omdat Jesus ‘n Nuwe Testament begin het, reken Hy haar as regverdig en voldoen aan haar versoek. **“Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken” (Gal.3:6)**. Ek dryf reeds vanaf 1976 duiwels uit en omtrent al die betrokke persone was Christene. Ek kon in die meeste gevalle die duiwels in hulle oë sien, ‘n gawe wat ek van God ontvang het. Ek weet van niemand met hierdie gawe of enige van die ander vorms daarvan, wat nie glo dat Christene demone kan hê nie.

Ons moet egter nooit sonder God se toestemming demone uit ongelowiges dryf nie, aangesien hulle “huise” nie met Christus gevul is om hulle te beskerm teen die sewe erger duiwels wat kan terugkom nie. **“En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag.” (Matt.12:43-45)**. Ons sien hier dat die geslag van God se volk wat verlossing van Jesus en Sy dissipels ontvang het, dit later verloor omdat hulle nie volgehou het as dissipels van Jesus Christus nie. Dieselfde gebeur vandag met die Nuwe Testamentiese mense wat verlossing ontvang het. Hulle moet volhou om in die verbond te loop en moet met die Woord en Gees van God vervuld bly om te verhoed dat Satan weer in hulle vastrapplek kry. Wanneer die Here ons egter lei om ‘n ongelowige van demone te bevry, kan dit beteken dat Hy beplan dat die persoon gered gaan word. God kan ook ‘n nie-Christen bevry wanneer so iemand in die pad van die werk van God staan. Dit is waarom Paulus die gees van waarsêery uit ‘n verlore, waarsêende slavin gedryf het; sy het hom gehinder in sy bediening (Hand.16:16-18).

‘n Paar jaar gelede het my ma, wat nooit ‘n Christen geword het nie, by ons kom woon. Sy was vir jare geteister deur wat die psigiaters onder andere swaksinnigheid, paranoia en maniese depressie noem. Sy het ons huishouding ontwrig met dinge soos om die telefoon uitermatig baie te gebruik, dreigemente om ons heelnag wakker te

hou, die yskasdeur snags oop te los, dinge te sien gebeur wanneer sy nie teenwoordig is nie, denkbeeldige siektes uit te dink en valse beskuldigings rond te slinger; en sy was eenvoudig net eiewys. Alhoewel ons die demone in haar gebind het, het dit nie lank gehou nie. Ek het my na God gewend en met Hom daarvoor geredeneer. Sy het nie die reg tot verbondsverlossing gehad nie maar was besig om ons huishouding te ontwig deur haar optrede. Ons was immers nie onder die vloek nie, maar onder die seën. In die lig van: **“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang” (Gal.3:13,14)**, het ek God vir toestemming gevra om die demone uit haar te dryf en sodoende ons gesin te verlos.

Daardie nag het my jongste dogter, Jennifer, ‘n droom gehad. In die droom was my ma se huis in die middel van ons huis, maar haar huis was drie verdiepings hoog en het deur ons huis se dak gesteek. Uit die tweede verdieping van haar huis was daar ‘n plank wat na die straat uitgeloop het en op die plank was vyf hoenders wat straat toe marsjeer. Ek dank God vir Sy duidelike aanwysing en toestemming. Die droom se interpretasie was eenvoudig. Die drie verdiepings het die gees, siel en liggaam van my ma se geestelike huis voorgestel. Die vyf hoenders was vyf demone. Openb.18:2 noem demone onrein voëls. Hierdie hoenders het uit die tweede verdieping, my ma se siel, uitgestap, wat beteken ons het die outoriteit gehad om hulle te verban. Wanneer iemand se geestelike huis onder die outoriteit van ons eie huis is, het ons ook outoriteit oor die demone in daardie huis. Jesus gebruik as voorbeeld vir ons die geloof van Jaïrus om sy dogter op te wek, die hoofman oor honderd se geloof vir sy dienskneg, dié van die Kananése vrou vir haar dogter en Petrus s’n vir sy skoonmoeder. Ons het die reg om deur ons geloof op te treë en in te staan vir hulle wat onder ons outoriteit is. My ma het egter ook ons bediening ontwig, wat soortgelyk is aan die situasie waar Paulus die waarsêende slavin bevry het.

Daardie nag het my ma weer aan ons slaapkamerdeur kom hamer en gedreig om ons heelnag uit die slaap te hou. Ek het net gesê: “Jy sal nie.” Hierna is ek en Mary na haar kamer en het die demone by name beveel om uit te kom. As ek reg onthou was vier van hulle

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

swaksinnigheid, paranoia, maniese depressie en hardkoppigheid, die vyfde een kan ek nie onthou nie. Alhoewel demone individuele name kan hê, reageer hulle ook op die naam van die aandoening wat hulle veroorsaak. Ons het nie gewag om te sien wat gebeur nie, maar bed toe gegaan en 'n heerlike nagrus gehad. Die volgende oggend was dit stil in haar kamer en ons het gaan inloer. Ons kon haar nie sien nie, maar wel dat haar kamer in 'n warboel was. Lakens, komberse, kussings en ander goed was oor die kamervloer gestrooi asof iemand die hele nag in 'n geveg was. Toe ons in die kamer instap het sy onder die bed uitgekruip. Ek kon onmiddelik sien dat hierdie vrou nie meer dieselfde een was as die vrou wat ek my hele lewe lank geken het nie. Sy was saggeaard, onderdanig en nederig. Sy het vir 'n lang tyd so gebly en ons het van die geleentheid gebruik gemaak om haar met die Evangelie te bedien. Ons het besef dat die huis met die dinge van God gevul moes word, anders sou die demone net weer terugkom. Ongelukkig het sy haar godsdiens voortdurend as 'n verskoning gebruik, eerder as om die ware Evangelie te aanvaar. Die gevolg was dat die demone teruggekom het, maar gelukkig nie naasteby so erg as vantevore nie. Op daardie stadium het sy besluit om na 'n versorgingsoord te trek. Net voor haar dood het sy my verseker dat sy Jesus ken en dat Hy haar Redder is.

Die Ou Testamentiese tabernakel of tempel is simbolies van die mens. Ons is die tempel van God. Ons het soos die fisiese tempel 'n voorhof (ons vlees), 'n heilige plek (ons siel) en 'n allerheiligste (ons gees). In 1Kon.1:50 en 1Kon.2:28 lees ons van slegte mense wat die voorhof en selfs die heilige plek binnegedring het om aan die horings van die altaar vas te hou. Alleenlik die hoëpriester kon die allerheiligste betree; enige iemand anders sou sterf. Volgens hierdie skadubeeld kan demone die vlees binnegaan en selfs die siel beset, maar alleenlik ons Hoëpriester, Jesus, mag ons gees binnegaan, tensy ons klaar verworpe of verdoem is. ***“Ondersoek juiself of julle in die geloof is; stel juiself op die proef. Of is julle nie seker van juiself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!” (2Kor.13:5).*** Demone kan die siel (verstand, wil en emosies) van binne of van buite die vlees verdruk. Hulle kan ook die siel die een oomblik van buite die vlees beset en dan die volgende oomblik weer in die vlees terugtrek, sodat daardie persoon met tye heeltemal normaal mag voorkom. Die wêreld noem dit skisofrenie of 'n gesplete persoonlikheid.

God woon in jou gees. Die mens se vlees is in vyandskap met God en daarom kry demone maklik toegang daartoe. **“...omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” (Rom.8:7).** **“...want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.” (Gal.5:17).** Sommige mense haal die Bybel aan waar God sou sê; “My gees sal nie in ‘n vuil tempel woon nie,” en gebruik dit om te staaf dat Christene nie demone kan hê nie. Daar is nie so ‘n vers in die Bybel nie! Ons vlees is so korrup dat dit nie die koninkryk kan binnegaan nie. **“Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.” (1Kor.15:50).** Aangesien die vlees nie in die koninkryk is nie, kan dit deur demone beset word. Vanuit hierdie vesting of vastrapplek in die vlees kry die bese dan toegang tot die siel.

Dit is vir demone moontlik om toegang te verkry tot die siel omdat dié gedeeltes wat nog nie deur die Woord geheilig is nie, nog vleeslik is. **“Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.” (Lev.17:11).** Let op dat die vlees in hierdie skadubeeld moet sterf sodat die siel verlos kan word. In enige deel van die siel (verstand, wil en emosies) waar ons nog nie versoekings kon oorkom nie, is ons nie verlos of geheilig nie. Ons almal het reeds dinge oorwin wat nie meer ‘n invloed of versoeking in ons lewens is nie. Daar is egter ander areas waar ons nog steeds die invloed van versoekings in ons lewe ervaar. Dit is hier waar ons nog vatbaar of toeganklik is vir demone om ons te gebruik. Elke Christen weet dit uit ondervinding. Wanneer ons in opsetlike ongehoorsaamheid loop, nooi ons oorheersing of besetting deur bese geeste in daardie area in.

Net soos die sondige natuur kan demone van een generasie na die volgende oorgedra word. **“...wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.” (Ex.34:7).** ‘n Vriendin van ons het drie babas wat boeties en sussies was, aangeneem. Die Welsyn wou nie aan haar sê wie die biologiese ouers is nie. Die kinders was almal goed geaard en van nature



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

vergewensgesind. Gedurende hulle puberteitsjare het al drie egter al hoe meer betrokke geraak by leuens, diefstal, ongeoorloofde seksuele verhoudings, alkohol- en dwelmmisbruik. Dit was duidelik nie net gewone versoekings van 'n sondige natuur nie, maar kompulsief en onweerstaanbaar, 'n duidelike teken van demone.

Dit het die aangenome moeder van die kinders baie bekommer, want sy het hulle na die beste van haar vermoë met die Bybel probeer opvoed as Christene. Alhoewel ons verskeie kere demone uit hulle gedryf het, was dit nooit permanent nie. Sy het toe besluit om weer te probeer uitvind wie die biologiese ouers was. Die Welsyn het haar uiteindelik toegang tot hul leërs gegee. Sy het die kinders se ma opgespoor en haar en die ouma genooi om te kom kuier. Dit is toe wat sy ontdek dat, alhoewel sy die kinders van babas af grootgemaak het, hulle steeds die geestelike eienskappe van hul biologiese ouers openbaar. Die ouma het vertel dat hulle bloedfamilie van Jesse James is. Wat en hoe ons is word nie deur ons omgewing alleen bepaal nie. Ons erf baie eienskappe deur ons bloed en partykeer is demone deel van die erfporisie. **“Want die siel van die vlees is in die bloed,...” (Lev.17:11).** Dankie aan God dat ons deur berou en geloof in die Evangelie 'n geestelike bloedoortapping van Jesus kan kry. Toe ek hierdie deel skryf, het ek ons vriendin gekontak. Sy het my vertel dat sy bevestiging van God ontvang het dat hierdie kinders, wat nou al volwassenes en uit die huis is, gered sal word. Sy het besef dat al hierdie probleme baie daartoe bygedrae het dat sy en die kinders nederig is en sy sien kon ook tekens van berou in hulle sien.

Sonder dat ek noodwendig na hierdie geval verwys, wil ek dit onder julle aandag bring dat mens 'n Christen voortydig kan verlos, wat tot nadeel van die persoon kan wees. God het deur Paulus 'n opstandige Christen aan Satan oorgelewer om hom sodoende tot berou te bring. **“...om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.” (1Kor.5:5).** Die vloek op hierdie man was deur God daargestel om sy vlees te kruisig en hom so tot berou te bring. As iemand sou probeer om hierdie man te verlos sou God vir 'n kort tydjie die persoon se geloof respekteer en tydelike verlossing gee, maar die vloek sou terugkom, behalwe wanneer daar waarlik berou is. Wanneer God 'n vloek op iemand geplaas het, kan jy nie voortydig vir daardie persoon

intreë en die vloek permanent verwyder nie. **“...onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster (Grieks: “teen te spreek”) nie” (1Tim.1:20).** Dit sou ook nie waarde gehad het om hulle te verlos voordat hulle berou gehad het nie. Hulle het eers iemand nodig gehad wat hulle tot die insig kon bring dat hul probleme begin het toe hulle teen die koninkryk gespreek het. Dit is daarom belangrik om die stem van die Heilige Gees te hoor. Ek het selfs al gehoor van demone wat deur mense praat en sê: “Ek het die reg om hier te wees” of “Hulle wil my hier hê.” Partykeer is dit ‘n leuen, maar ander kere tog die waarheid. Jy kan hulle uitdryf, maar indien daar ‘n goeie rede vir hulle is om daar te wees, soos hierbo gesien, sal hulle eenvoudig terugkeer.

Ek het demone uit ‘n vrou uitgedryf wat voorheen in en uit ‘n gestig was. Sy was daarna heeltemal verlos en het nie meer medikasie nodig gehad nie. Later het die demone egter weer teruggekeer en ons moes haar weer verlos. Dit het ook ‘n derde keer gebeur. Ek het haar toe deegliker uitgevra en agtergekom dat sy nie ophou kla oor haar familie wat haar sleg behandel nie. Ek het aan haar verduidelik dat Jesus ons leer dat as ons nie ons naaste vergewe nie, die Vader ons sal oorlewer **“aan die pynigers”** of duiwels totdat ons vir ons eie sondes geboet het. **“En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.” (Matt.18:34,35).** Sy het ontken dat sy onvergewensgesind is en gesê dat haar optrede geregverdig is. Sy was gekrenk omdat ek haar in plaas van haar familie vir die probleem geblameer het. Sy was ooglopend verbitterd: **“...en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Heb.12:15).** Ek het aan haar verduidelik dat die bose geeste in haar sal bly totdat sy berou het. Sover ek weet is hulle nog steeds daar!

In die sendingkerk waarvan ek vroeër gepraat het, het ons baie demone uit verwaarloosde mense, dronkaards, prostitute en dwelmverslaafdes wat na Jesus gekom het, gedryf. Een drankverslaafde, Jim, het tydens ‘n diens binnegekome en is wonderbaarlik bekeer. Hy is terselfdertyd ook van sy alkoholisme genees. Hy het daarna by die sendingstasie aangebly. In dié tyd het een van die diakens baie met my gesels oor die leringe rondom

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

demone. Ek het die gevoel gekry dat hy homself nie volkome aan Jesus oorgegee het nie en het hom aangeraai om met die Heilige Gees vervul te word voordat hy sou probeer om demone uit te dryf. Dis 'n taak wat baie krag en oordeelkundigheid vereis. Die volgende dag het die pastoor my geroep en vertel dat die spesifieke diaken sendingstasie toe is om Jim, wat oënskynlik met duiwels besete was en bo-natuurlike krag getoon het, te gaan besweer. Die demone in Jim het die diaken egter deur die sendingstasie en letterlik deur die veiligheidsglas van die voordeur gejaag sodat die glas buite aan skerwe en die diaken op die grasperk voor die gebou gelê het, skreeuend dat iemand hom moes help om die duiwels van hom af te kry. 'n Nuutgebore Christen het verbygeleef en in onsekerheid die demone in Jesus se Naam beveel om uit te kom. Die demone het uitgekóm en die diaken is per ambulans hospitaal toe geneem. Dit sou nie gebeur het as hy in die regte verhouding tot God gestaan het nie.

Die pastoor en sy sekretaresse het toe ingegaan om te sien wat hulle vir Jim kon doen, maar is ook uitgejaag. Op sy vraag of ek kon help, was my antwoord iets in die lyn van "Ek kan nie, maar ek is seker God kan". Ek het hulle buite voor die gebou ontmoet en ons het saam in die gang af na Jim se kamer gestap. Ek het sonder huiwering deur die oop deur geloop, maar opgemerk dat die pastoor en sy sekretaresse voor die deur gestop het. Ek het sonder enige uiterlike teken dat iets buitengewoons gebeur het, reguit op Jim afgeloop wat in die oorkantste hoek van die kamer gesit het. Voordat ek egter by hom kon kom, het hy opgespring en sy hande soos kloue opgesteek en met 'n verwronge gesig soos 'n beer begin grom. Voordat ek nog behoorlik kon dink, het ek hom met 'n baie harde en skerp stem beveel: "Sit!". Dit het hom dadelik gekalmeer en hy het soos 'n klein hondjie gehoorsaam. Toe ek omkyk, het ek twee koppe om die hoek sien loer, die pastoor en sy sekretaresse. Ek doen dit nie gewoonlik nie, maar beveel die duiwels toe om hulle name vir my te gee. Hulle het my hul name in twee verskillende stemme gegee en ek het hulle in die Naam van Jesus beveel om uit te kom. Hulle het, soos demone gewoonlik maak, met my probeer redeneer, maar ek was vasberade. Een vra toe om in die hond in te vaar. Ek kon nie 'n hond sien nie en het eers later ontdek dat daar 'n hond in die aangrensende kamer gelê het. My antwoord was: "Nee, maar jy mag in die naaste kokkerot invaar". (lewers is daar 'n besete kokkerot!)

Die ander duiwel wou toe in die sekretaresse, wat nog steeds in die deur gestaan het, invaar. Ek het dit weer eens verbied en later agtergekom hoekom hy wou. Haar leefwyse het veel te wense oorgelaat. Die pastoor het intussen by my aangesluit en ook die duiwels aangespreek. Toe die duiwels met hom kommunikeer het dit gelyk asof hulle nogal van hom hou. Dit het my weer agterdogtig gemaak en my aanvoeling was reg. Ek het later uitgevind die pastoor en sy sekretaresse het 'n intieme verhouding gehad. Die Vader spreek toe tot my en sê: "Die duiwels het deur die televisie toegang gekry". Ek vra dus toe aan Jim: "Wat het jy op televisie gekyk?" Teen daardie tyd kon Jim darem in sy eie stem kommunikeer en wys my toe dat hy na 'n pornografiese film gekyk het. Manne, pornografie sal julle siele reguit hel toe stuur! Jim sou in 'n gestig beland het as dit van die leierskap van daardie kerk afgehang het. Nadat ek nege of tien duiwels uitgedryf het, het die Vader vir my gesê: "Daar is nog twee oor, los hulle". Ek het dit vreemd gevind tot die volgende diens toe Jim na vore gekom het vir verdere verlossing. Die pastoor het 'n gewoonte gehad om almal te laat val wanneer hy hulle hande oplê in die Naam van die Heilige Gees. Dit het geen effek op my en Mary gehad nie en ek het die Vader vir leiding en wysheid daarvoor gevra. Die pastoor het sy hand op Jim se voorkop gesit en Jim het begin val. Ek het Jim sonder om te dink gekeer en die duiwels beveel om hom te verlaat. Hulle het gehoorsaam. Later toe ek daarvoor dink, het ek besef dat Satan Jim bewusteloos wou hê sodat Jim nie verlos kon word nie.

Ek het al persone in my gemeente gehad wat in die Gees geval het, maar dis nie iets waarvoor ek geloof beoefen nie. Paulus het vermoedelik in die Gees geval op pad na Damaskus. Die verskil is dat nie hy of enige iemand anders dit in die geloof beoefen het nie. Die Skrif beklemtoon dit nie en dis belangrik "**... om nie te dink bo wat gekrywe is nie ....**" (1Kor.4:6).

My oortuiging is dat wanneer enige vertoon 'n gewoonte word, dit gebeur tot verering en glorie van die mens. Die pastoor was die slang waarvan ek vroeër gepraat het. Hy was lid van 'n bekende poporkes voordat hy tot bekering gekom het. Ek het die Here gevra om sy demone aan my uit te wys. Die volgende dag het twee dames, onbekend aan mekaar en van verskillende dorpe, my gekontak. Die

***GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons***

Here het hulle beveel om vir my te sê dat die pastoor dieselfde geeste as Jim Jones het.

## HOOFSTUK 15

### Binding en Ontbinding van Wat?

***“Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind (verbied), sal in die hemel gebonde (verbode) wees; en alles wat julle op die aarde ontbind (toelaat), sal in die hemel ontbonde (toegelaat) wees.” (Matt.18:18).***

Geloof is die aksie wat God toelaat om Sy soewereiniteit sigbaar te maak deur die Liggaam van Christus en die duiwel te bind. Jesus se voorwaarde aan ons ten einde Sy beloftes te ontvang, is baie eenvoudig: “...laat dit vir jou wees soos jy geglo het” (Matt.8:13), en “Laat dit vir julle wees volgens julle geloof” (Matt.9:29), en “...jou geloof het jou gered” (Matt.9:22). Wanneer ons glo, deel ons in God se beloftes of voordele. Ongeloof bind God se beloftes omdat Hy ‘n voorwaarde daargestel het en Hy nie kan lieg nie. Ongeloof gee aan die duiwel volmag om voort te gaan om die vloek toe te pas. “En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy ‘n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het. En Hy was verwonderd oor hulle ongeloof.” (Mark.6:5,6). Selfs Jesus is verbied om wonderwerke te doen vir die ongelowiges. Ons is heeltyd, bewustelik of onbewustelik, besig om met ons gedagtes, woorde en dade toe te laat of te verbied. Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan Jesus gegee en Hy het dit weer aan sy dissipels oorgedra. Waar kry die duiwel dan sy mag vandaan? Ons gee dit vir hom met ons ongeloof, woorde en ongehoorsaamheid.

***“Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.” (Openb.22:18,19).*** Wanneer ons uit God se Woord byvoeg of weglaat, laat ons die vloek van die duiwel toe en verbied ons God se seëninge vir ons of deur ons. God het dit so as motivering bepaal sodat ons kan terugdraai en met Hom saamstem. Adam het nie met God saamgestem nie en daarom het die vloek oor hom gekom. God het bepaal dat ons onder die vloek kan uitkom as ons weer ‘n verbintenis met Hom aangaan. God se soewereiniteit word egter nooit beïnvloed deur die mens se

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

teenkanting nie. Dit verhinder ons net om saam met Hom te werk. **“En Hy antwoord en sê vir hulle: ‘Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.” (Luk.19:40).** Jesus maak dit duidelik dat God ‘n werktuig sal kry om tot Sy eer te werk, die vraag is net of jý daardie instrument van eer gaan wees.

Om God se beloftes te ontvang of te laat gebeur moet ons saamstem met Sy Woord wanneer ons praat, sonder om by te voeg of weg te laat. In Heb.3:1 word Jesus die **“Hoëpriester van ons belydenis”** genoem. Belydenis hier is die Griekse woord *homologeō* wat beteken “om dieselfde te praat”. Dit beteken Jesus bied voor die Vader ons mondelingse eenstemmigheid met Sy Woord aan. Ons belydenis is ‘n offergawe wat Jesus tot die Vader bring: **“Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely (dieselfde te praat)” (Heb.13:15).** In beide Grieks en Hebreeus beteken die woord “naam”: “karakter en outoriteit”. As ons voortdurend in God se beloftes wil deel, moet dit wat ons praat heelyd in ooreenstemming wees met Jesus se karakter en outoriteit, en dit is die Woord. As ons nie met die karakter en outoriteit van God se Woord saamstem nie, sal Jesus ons die voordele van hierdie beloftes ontsê. Jesus sê: **“Elkeen dan wat My sal bely (dieselfde praat as Ek) voor die mense, hom sal Ek ook bely (dieselfde praat) voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.” (Matt.10:32,33).**

Wanneer ware gelowiges in ooreenstemming met die Woord praat, tree Christus op as Bemiddelaar by die Vader sodat die beloftes waar kan word. Baie mense wonder hoekom hulle nie dit ontvang wat in die Bybel belowe word nie, maar hulle gedagtes, optrede en mondelinge belydenis stem nie saam met die beloftes nie: **“...want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding” (Rom.10:10).** Let op dat redding gebeur wanneer ons glo én met ons mond daarmee saamstem. Baie mense weet nie wat volkome redding is nie. “Redding” hier is die Griekse woord *soteria* wat beteken “alles wat die *soter* of ‘redder’ voorsien”. Ons het eenkeer ‘n Griekse man gevra wat *soteria* beteken. Hy het gesê: “Dit beteken dat daar in al my behoeftes voorsien sal word soos vir ‘n klein babatjie.” Die werkwoord van *soteria* is *sozo*. Hierdie Griekse woord word vertaal as “gered” wanneer daar gepraat word van redding van die siel (Luk.7:50). Dit vertaal “heel maak” as daar van genesing

(Luk.8:48; Jak.5:15) en vrymaking van duiwel besetenheid (Luk.8:36) gepraat word. Dit word vertaal as “red” as daar gepraat word van redding uit ongunstige omstandighede (Matt.8:25; Jud.1:5). Redding dek al die voordele waarvoor Christus aan die kruis gesterf het. Ons sien dus ons gaan nie God se beloftes ontvang deur net met ons hart te glo nie. Ons mond moet bely wat ons glo. **“En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook. (2Kor.4:13).** Soos jy kan sien is geloof sonder werke dood. Dit is duidelik dat Jesus as Bemiddelaar tussen ons en die Vader optree wanneer ons geloof deur ons woorde bewys word.

**“En Ek sê vir julle: Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God. Maar hy wat My verloën voor die mense, sal verloën word voor die engele van God.” (Luk.12:8,9).** Dit is noodsaaklik dat ons voor die mense sê wat God sê om te verseker dat hierdie selfde woorde aan die engele gegee word om uit te voer. As ons die beloftes van die Woord bely, gee Jesus aan die engele die outoriteit om hierdie beloftes van God se redding te bedien. **“Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?” (Heb.1:14).** Die engele het net outoriteit om ons redding te bewerkstellig wanneer ons **“die stem van Sy Woord”** is. **“Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!” (Ps.103:20).** Wanneer die engele die Woord deur ons hoor, het hulle volmag van Jesus om dit te vervul. Wanneer ons ongeloof, vrees en angs uitspreek, praat ons negatiewe geloof, of geloof in die vloek. Dit gee volmag aan die duiwels om die vloek uit te voer. **“Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen” (Num.14:28).**

Ek het een dag gevoel ek moet die volgende dag oor die belangrikheid van die regte belydenis praat. Daardie nag het ek ‘n baie duidelike droom gehad. Ek het myself sien veg in ‘n oorlog waarin ek ‘n land van reuse moes terug wen. Ons lewe is geestelik die beloofde land wat vir God oorwin moet word. **“Want ons is medewerkers van God; die akker (Grieks: bewerkbare land/grond) van God, die gebou van God is julle” (1Kor.3:9).** In Mal.3:11 en 12 sê die Gees dat as ons vrugte dra, ons **“die land van welbehae sal wees”**. Die Ou Testamentiese skadubeeld van Israel wat die land Kanaän, hulle



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Beloofde Land, moes afneem van die Kanaäniete, verduidelik aan ons hierdie stryd. Die Israeliete, ons geestelike mens, moet oorlog maak teen die Kanaäniete, wat ons vleeslike mens verteenwoordig, om ons Beloofde Land te kan inneem. Dit is 'n stryd: **“...want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, ...” (Gal.5:17)**. Ons is voortdurend in 'n stryd om te sien wie in die Beloofde Land van ons lewens heers.

In hierdie geveg in my droom het ek een van die reuse gevang en hom in 'n wurggreep beet gekry terwyl ek al met 'n paadjie langs geloop het. Die wurggreep was waarskynlik om te keer dat hy praat. (Die Here het gehelp dat ek beseft hierdie vyand wat ek moes stilhou was my vleeslike mens.) Toe ons om 'n draai loop, het ons nog 'n reus gesien wat by 'n kampvuur staan. Alhoewel ek geweet het dis 'n reus, was hy nie regtig groter as ek nie. ('n Reus kan enige vyand of voorwerp wees wat ons groter as onself sien of wat groter is as ons vermoë om beheer van ons lewe te neem vir God.) Ek het vir 'n oomblik die wurggreep op die reus laat skiet en hy het dadelik begin praat. “Groter, groter, groter” het hy gesê. Ek het geweet dat hy die vermoë het om die reus met sy mond groter te laat word. Ek het omgedraai en hom met 'n karate hou op sy adamsappel geslaan om hom te verhinder om te praat en het gesê: “Nee. Kleiner, kleiner, kleiner!” (Hieruit kan jy sien dat die vleeslike mens die outoriteit het om enige situasie te vererger wanneer hy toegelaat word om te praat. Die vlees lewe deur dit wat hy sien, nie deur geloof nie. Daarteenoor het die geestelike mens die outoriteit om teen die reuse in die wêreld te praat. Reuse is enigiets soos sonde, siektes of vloeke. Dit moet kleiner “gepraat” word totdat dit glad nie meer bestaan nie.)

Het jy, soos Jesus dit gestel het, oë om te sien en ore om te hoor? Toe Josua (Hebreeus: “Jesus”) die Israeliete gelei het om die Beloofde Land in te neem, moes hulle die vyf konings wat daardie land regeer het, oorwin (Jos.10:3,16). Die vyf konings wat ons land regeer is die vyf vleeslike sintuie. Die vleeslike mens volg en word regeer deur hierdie sintuie. Wedergebore sintuie word gevorm deur die Gees en die Woord. Geestelike sintuie help ons om in die “belewenis van die Woord” te loop. **“Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte**

**ge oefen, om goed van kwaad te onderskei.” (Heb.5:13,14).** Babas wat nog melk drink het onderontwikkelde sintuie en kan nie hul vader volg nie. Hulle wat vaste kos eet en wandel soos Jesus gewandel het, se sintuie is deur die Woord van geregtigheid gevorm. **“Jesus sê vir hulle: My voedsel (Grieks: “vaste kos”) is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Joh.4:34).** Jesus het nie gereageer op wat Hy met sy natuurlike sintuie gevoel, gehoor en gesien het nie. Hy het net wat Hy by die Vader gehoor en gesien het, gedoen (Joh.5:19,30). Dit maak Hom ‘n betroubare verteenwoordiger vir die Vader omdat Hy nie deur eksterne omstandighede, toestand of leuens gemanipuleer kon word nie. **“En Abraham het ‘n groot maaltyd berei op die dag toe Isak gespeen is” (Gen.21:8)** van die melk, want nou was hy nie meer afhanklik van sy moeder nie, maar kon saam met sy vader gaan. Samuel se ma kon hom nie vir die Here se werk gee totdat hy gespeen was nie (1Sam.1:11,22). Die Gees leer deur Paulus dat dié wat verwyderd is van hul broers deur sektarisme, steeds op melk is (1Kor.1:10-14; 3:1-5). Hulle is steeds aan hul geestelike moeder verbind.

**“Maar daardie vyf konings het gevlug en weggekrui in die spelonk by Makkéda. Toe aan Josua geboodskap en gesê is: Die vyf konings is gevind; hulle krui weg in die spelonk by Makkéda – het Josua gesê: Rol groot klippe teen die ingang (“mouth”) van die spelonk en stel manne daarby aan om hulle te bewaak.” (Jos.10:16-18).** In Heb.6:4-8, leer die Gees ons dat ons **“die grond is wat die reën indrink”** van die Gees en die Woord om daardeur vrugte te dra. Die ingang van die spelonk in ons land simboliseer duidelik ons mond. Josua, ‘n skadubeeld van Jesus, beveel ons om ons mond met groot klippe toe te pak om te keer dat die vyf konings ontsnap. Paulus en Petrus noem Jesus ‘n steen of ‘n rots: **“...terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is” (Ef.2:20)** en **“...Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword; ‘n Steen van aanstoot en ‘n rots van struikeling – vir dié wat hulle daarteen stamp,...” (1Pet.2:7,8).** Johannes noem Jesus die Woord. **“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Joh.1:1,14).** **“En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.” (Openb.19:13).** Die klippe simboliseer dus die Woord van God in ons mond waarmee ons ons vyf vleeslike sintuie moet verhoed om te praat. Net soos in my droom word die reuse groter as die vleeslike mens praat. As die geestelike mens die Woord praat, word die reuse kleiner. Jesus leer ons dat as ons geloof spreek, die berge (reuse) voor ons uit sal

## GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons

padgee: ***“Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê” (Mark.11:23).*** Tien van die twaalf verkenners wat die Beloofde Land moes gaan verken, het teruggekom en dit gesê wat hulle met hulle vleeslike sintuie gesien, gevoel en gehoor het, naamlik hoe groot die reuse was (Num.13:27-33). Hierdie ***“slegte gerugte”*** het tot gevolg gehad dat die Israeliete geglo het dat hulle nie die Beloofde Land kon inneem nie. Omdat hulle die slegte gerugte geglo het, het hulle almal in die woestyn gesterf.

Net so kan ons geestelike mens nie die land van ons lewe inneem as ons die negatiewe dinge wat ons vleeslike sintuie ons wys spreek nie, in plek van die beloftes van die Woord. Ons sintuie moet die Woord proe sodat ons kan sien, hoor, voel en ruik (onderskei), dat ons reeds by die kruis gered, genees, verlos en voorsien is van alle dinge. ***“Smaak en sien dat die HERE goed is” (Ps.34:9).*** ***“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien ... waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2Pet.1:3,4).*** ***“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Rom.10:17.)*** Ons kan nie deur die Gees gelei word terwyl ons praat en besluite maak volgens ons vleeslike sintuie nie. ‘n Broer het my eenkeer gebel oor ‘n droom. *In sy droom verskyn ek aan hom. Hy praat met my in die droom en sê: “Jy herinner my aan iemand oor wie ek in Jesaja gelees het.” In die droom sê ek toe, “Ek ken daardie verse” en haal vir hom ‘n paar verse aan, een daarvan Jes.11:3: “En Hy het ‘n welgevalle (Hebreeus: “reuk of ruik”) aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regsprek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie.”*

Nadat Josua (‘Jesus’) se manskappe die vyf konings gevange geneem het, het hulle die weermag van vleeslike manne agtervolg en verslaan (Jos.10:19,20). Die Here lei ons as Sy weermag om die vleeslike sintuie te oorwin sodat ons die vleeslike mens kan verslaan. ***“...al vergaan ons uiterlike (vleeslike) mens ook, nogtans word die innerlike (geestelike) mens dag ná dag vernuwe. ... omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2Kor.4:16,18).*** Terwyl ons met ons geestes oë die

beloftes sien wat nog nie gemanifesteer het nie, sterf die vleeslike mens sodat die geestelike mens sy plek kan inneem. “...**aangesien ons weet dat ons ou mens** (vleeslike) **saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie**” (Rom.6:6). As iemand se geestes oë en ore dit sien, wat sal dan uit sy mond kom? Hy sal saam met Paulus sê: “**Dit is nie langer ek** (die vleeslike mens) **wat leef nie, maar Christus lewe in my**” (Gal.2.20). Die Woord is vol beloftes wat elke moontlike menslike behoefte dek, maar steeds hou God se volk aan om die slegte verslag van wat hulle met hul vleeslike oë sien, te spreek.

Met Josua se terugkeer beveel hy sy geestelike manne om die konings uit die grot uit te haal en sê: “**Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings; en hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit**” (Jos.10:24). Hierdie aksie het die vleeslike sintuie gekeer om te praat totdat hulle gekruisig was. “**En daarna het Josua hulle neergeslaan en hulle gedood en hulle aan vyf pale opgehang; en hulle het aan die pale bly hang tot die aand toe. En teen sonsondergang het Josua bevel gegee om hulle van die pale af te haal en in die spelonk te gooi waarin hulle weggekruip het: en hulle het groot klippe voor die ingang van die spelonk gepak, wat vandag nog daar is.**” (vers 26,27). Let op al die ooreenkomste tussen hierdie kruisiging en dié van Jesus. “...**wat julle omgebring het deur Hom aan ‘n kruishout te hang**” (Hand.5:30; 10:39). Jesus se vyf sintuie is gekruisig. Jesus moes ook voor sononder, voor die begin van ‘n groot Sabbat, van die kruis afgehaal word (Joh.19:31). Jesus is in ‘n graf wat uit rots uitgekap was (Matt.27:60) gesit, en dit is toe met ‘n groot klip bedek (Joh.20:1). Die goeie nuus is dat ons ou sintuie reeds dood is omdat ons saam met Christus gekruisig is. Wanneer ons in hierdie geloof wandel, laat God dit vir ons ‘n werklikheid word.

Josua sê ook: “**so sal die HERE met al julle vyande doen teen wie julle sal veg**” (Jos.10:25). Die sleutel tot oorwinning oor al ons vyande is om die vleeslike sintuie met die Woord te oorwin. Dit is nodig dat die Kerk sy “**geestesvermoëns deur die gewoonte** (gebruik van die Woord) **oefen, om goed van kwaad te onderskei**” (Heb.5:14). Dit is hoe die klein Dawid die reus Goliat oorwin het. Op pad na die slagveld neem hy sy staf in die hand en “**soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe uit en steek dit in sy herderstas wat hy gehad het, naamlik in die slingersak; en met sy slinger in sy hand het hy nader gekom na die Filistyn**” (1Sam.17:40). Die spruit verteenwoordig hier die reiniging van water deur die woord. “...**nadat**

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

***Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord.” (Ef.5:26).*** Die vyf klippies wat Dawid se sintuie verteenwoordig, is glad geskuur deur die water van die Woord. (Die groot klippe wat die grot met die vyf konings moes verseël, is nie net die Woord nie, maar die Woord wat in die geestelike sintuie manifesteer). Met hierdie wedergebore sintuie het Dawid geweet hy verteenwoordig die Here, dat hy outoriteit het teen God se vyande en dat hy, met God se krag, meer as opgewasse sou wees teen die gewapende reus. Hy het geweet hy kan die Woord van geloof spreek en dit sal so wees. ***“Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaer, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel ‘n God het.” (1Sam.17:45,46).*** Let ook op dat Goddelike leierskap deur die wedergebore sintuie van een man, aan Israel die begrip en geloof kon gee om die weermag van die Filistyne te oorwin.

***“...en Dawid steek sy hand in die tas en neem ‘n klip daaruit en slinger, en hy tref die Filistyn in sy voorhoof, sodat die klip in sy voorhoof indring en hy op sy gesig teen die grond val.” (1Sam.17:49).*** Watter een van die sintuie sou jy sê word verteenwoordig deur hierdie een klippie wat Goliat doodgemaak het? Dit kan inpas om te sê dis sy ‘gehoor’ want Dawid het slegs gespreek wat sy ore gehoor het, maar ek glo dit is Dawid se tong wat Goliat gedood het. Die tong proe nie net dinge om te onderskei of die liggaam dit gaan aanvaar of nie, maar spreek ook daardie dinge wat die liggaam aanvaar het, uit. Omdat Dawid se sintuie sonder om te twyfel geloof uit sy mond gespreek het, móés dit Goliat doodmaak. Nadat Dawid Goliat neergewerp het, het hy Goliat se kop afgekap met sy eie swaard (1Sam.17:51) en daardeur is sy woorde van geloof vervul.

***Dit wat ons met ons mond bely, is bevele wat verbied of toelaat, en dit bepaal wie die geveg in die hemel wen. Oorwinning van die oorlog in die hemel het niks te doen met die krag van die engele of duiwels nie, maar wel met ons outoriteit. Een engel alleen sal Satan kan bind en in ‘n bodemlose put werp (Openb.20:1,2,3). “En daar het oorlog in die hemel gekom: Miqael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle***

*plek was in die hemel nie meer te vinde nie” (Openb.12:7,8). Alhoewel dit die engele en duiwels is wat die oorlog voer, is dit die heiliges wat deur die woorde uit hulle mond die mag aan die oorwinnende party gee. “En hulle (heiliges) het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.” (vers 11). Die heiliges verbied of laat die engele en duiwels toe volgens die “woord van hulle getuienis.” Jesus sê: “Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind (verbied), sal in die hemel gebonde (verbode) wees; en alles wat julle op die aarde ontbind (toelaat), sal in die hemel ontbonde (toegelaat) wees.” (Matt.18:18). Dit motiveer ons om met die Woord saam te stem selfs wanneer dit teenstrydig is met dit wat ons sien of met dit wat ons menslike ervaring ons wysmaak.*

Met die Woord van God in ons, gee ons outoriteit aan die engele om Satan te oorwin. Mense sê graag, “Ek bind die duiwels” of “Ek bevry die engele,” terwyl hulle voortgaan om van die Woord te verskil. Hulle bereik niks daardeur nie. Nie Jesus of Sy dissipels het ooit sulke uitlatings gemaak nie. Ons hoef ook nie; ons moet net met die Woord saamstem in dit wat ons elke dag dink, praat en doen. Dan sal duiwels gebind en engele vrygemaak word. Ek sluit dae in, want ons kan nie Christus met ons mond bely terwyl ons in opsetlike sonde lewe en dan verwag dat die duiwels gebind moet wees nie.

Dit is noodsaaklik dat ons ons sonde bely en ons denke verander om daardeur Satan se vermoë om ons te regeer, neer te werp. “...want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne (Grieks “redenasies”) verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus. (2Kor.10:4,5). As ons die oorlog in die hemel wil wen, moet ons dit eerste met ons denke en met ons tong wen. “Dood en lewe is in die mag van die tong.” (Spr.18:21).

## HOOFSTUK 16

### Werke Vervolmaak Geloof

**“Net so is ook die geloof; as dit geen werke het nie, in sigself dood.”**

**Jak.2:17**

As daar nie werke is wat jou geloof bevestig nie, is jou geloof dood. **“Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie?... Net so is ook die geloof; as dit geen werke het nie, in sigself dood.” (Jak.2:14,17).** In elke geval in die Bybelgeskiedenis waar God Sy kinders gered of genees het of in hulle behoeftes voorsien het, het hulle in geloof opgetree. **“Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.” (vers 18).** Baie mense maak daarop aanspraak dat hulle geloof het, maar hulle kry nie antwoorde op hulle gebede nie. Net soos iemand nie ‘n Christen is as hy nie vrug dra nie, is geloof dood as dit nie in jou optrede sigbaar word nie. Jesus het nooit gesê dat Hy kom om ons geloof te oordeel nie, maar wel die vrug wat ons dra en ons werke (Openb.2:5,23,26; 3:1,15). **“Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?” (vers 22).** Die belangrikste “werk” waarmee geloof volkome gemaak word, is wanneer jy dit wat jy glo met jou mond bely. Maar dit is nie die enigste werk nie; Petrus se “werk” wat sy geloof volkome gemaak het, was om uit die boot te klim om op die water te loop. Die tien melaatses het hul geloof volkome gemaak toe hulle gegaan het om hulself aan die hoëpriester te wys nog voordat hulle genesing sigbaar was. Die antwoord op gebed kom nooit voor jy nie eers “gewerk” het nie, met ander woorde bewys het deur jou optrede dat jy dit glo nie.

Aan die begin toe ek en Mary na die Here gedraai het, het sy chronies urienweginfeksies gekry. Sy het op daardie stadium al ‘n sistoskopiese prosedure in die hospitaal gehad, maar dit het nie opgeklar nie en die infeksies het net meer en meer littekenweefsel gevorm. Die dokter wou die prosedure herhaal maar ons mediese

versekering sou die koste daarvan eers dek as ons dit 'n maand later sou laat doen het. Die dokter het antibiotika en pynstillers voorgeskryf en ons het 'n afspraak gemaak vir 'n maand later vir die opvolg prosedure. In dié maand het ons die beloftes van genesing in die Woord ontdek en het ons 'n Geesvervulde leraar gevra om vir haar te bid. Daar was aanvanklik geen verandering in haar simptome nie, maar toe het sy 'n ervaring gehad wat ons oë oopgemaak het vir die Waarheid.

Mary het daarvoor getop dat sy nie gesond word nie. Ons het iewers gefouteer want die beloftes en gebede was daar, maar niks het gebeur nie. Toe het ons Vader baie duidelik met haar gepraat. Dit wat Hy aan haar verduidelik het, het ons die sleutel gegee tot wat ons heelyd gemis het. Hy het die volgende gesê: “As jy glo dat Ek jou gesond gemaak het, waarom drink jy al daardie pille?” Met ander woorde: “Waarom stem dit wat jy doen nie saam met dit wat jy sê jy glo nie?” Sy het nie 'n oomblik tyd vermors nie en al haar medisyne in die toilet weggespoel en so haar geloof volkome gemaak! Sy het genesing ontvang daar waar sy in die badkamer gestaan het. Ek weet baie mense gaan onmiddelik daarvoor wil argumenteer, maar jy kan nie stry teen die sukses wat sy behaal het met haar geloof nie, nie toe nie en ook nie wat ons nou behaal nie. Die Vader het nie gesê ons moet die medisyne weggooi sodat Mary gesond kan word nie. Dit is wetsonderhouding en baie gevaarlik! Dit kan mens baie skade aandoen. Hy het wel gesê dat as jy glo dat jy ontvang het, jou aksies in ooreenstemming daarmee sal wees: **“geloof, as dit geen werke het nie, (is) in sigself dood...en ek sal jou uit my werke my geloof toon” (Jak.2:17,18)**. Jy sien, geloof kom eerste, vóór die werke, net soos jy die perde vóór die kar moet inspan, want **“die geloof het volkome geword uit die werke”**. (Jak.2:22). 'n Maand later, óp die dag wat Mary veronderstel was om terug te gaan, het sy weer simptome van die infeksie ervaar. Gelukkig het ons teen daardie tyd al uit die Woord geleer wat ons regte in Christus is en ook wat die vyand se strategie is. Ons het geweet dat die duiwel slim genoeg is om ons aan te val wanneer ons op ons swakste is. Ons het hom bestraf en die simptome het weer verdwyn, hierdie keer vir altyd. Dis ongelukkig op hierdie punt waar baie mense die simptome aanvaar en hul genesing verloor.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

In die vroeë 80's het ek herhaardelik 'n visioen van myself gehad waarin ek op my motorfiets ry en skielik afkom op 'n voertuig wat dwars oor die pad gedraai staan. Ten einde die botsing te vermy, het ek in die visioen regop op my motorfiets gaan staan. Dit is nie wat gewoonlik gebeur wanneer daar skielik iets voor 'n motorfietsryer in die pad opduik nie. Gewoonlik val jy en beland die motorfiets langs jou op die grond. Die gesigte was 'n waarskuwing vir my, maar ek het nie betyds gereageer op God se aanmanings nie. Hy was besig om aan my te werk om die spoedgrens te gehoorsaam. Ek het dit gerieflikshalwe geïgnoreer en het my wetsoortreding geregverdig deur te dink dat die polisie my nie sou aftrek as ek net 'n klein bietjie vinniger as die spoedgrens ry nie. God het egter nie saamgestem nie en my bestraf.

Dit het so gebeur: ek het soos gewoonlik te vinnig gery op my motorfiets toe ek 'n brug oor die pad nader. Die bestuurder van 'n motor voor my het vir een of ander rede rem getrap en die motor het dwars geswaai oor die pad. Die beeld voor my oë was presies dié van die gesig wat ek 'n paar keer gesien het. Die motor het twee bane versper en die ander verkeer het vinnig in die derde baan inbeweeg. Dit het my geen keuse gelaat nie: ek het net 'n sekonde of twee gehad om weg te swenk sodat ek nie die bestuurder se deur sou tref nie en het daarna regop gaan staan. Ek glo die gesigte wat ek so gehad het, het my brein geprogrammeer om dit te doen want ek het instinktief opgetree. As ek en die fiets geval het, sou ek waarskynlik dood gewees het. Die fiets het binne-in die motor in geploeg en ek het bo-oor die neus van die kar gevlieg. Ek het omtrent 70 voet verder bo-op die oorbrug te lande gekom. Ek sou veel eerder 'n toeskouer by hierdie toneel wou wees as die slagoffer. In ag genome dat ek nie 'n motorfietshelm gedra het nie en dat die teerpad baie hard is, het ek baie lig daarvan afgekom. My gesig en arm het die grond eerste getref en ek het dadelik besef dat ek blind was. Ek was bang vir aankomende voertuie en het onmiddelik na die kant gerol totdat ek kon voel ek is op beton en nie meer op die teerpad nie. 'n Gees van lofprysing het oor my gekom en ek het net daar gelê en die Here geloof en gedank. My sig het stadig begin terugkom, maar niemand het naby my gekom totdat 'n verkeersman op die toneel opgedaag het nie. Die mense het seker gedink ek is 'n geestelik versteurde, godsdienstige fanatikus. Ek was miskien fanaties, maar nie van my verstand af nie.

Daar was 'n ligte oomblik ook. Die verkeersman se eerste vraag aan my was of ek my veiligheidsgordel aangehad het. Ek het toe probeer om op sy gesig te fokus om te sien of hy ernstig is of nie, en sien toe hy is sowaar! Ek kon net antwoord: "Ek was op die motorfiets; dit het nie 'n veiligheidsgordel nie!" Hy het net omgedraai en weggegaan en 'n ambulans het my kom oplaai. Ek het die bestuurder gevra om my huis toe te neem, maar hy het geweier. By die hospitaal aangekom was ek nog steeds in my geestelik verhewe toestand en het my getuienis aan die verpleegster en tegniese personeel gegee terwyl hulle x-strale van my arm geneem het. 'n Dokter het later na my toe gekom en gesê dat my arm gebreek was en dat hulle dit in gips sou sit. Ek het gesê dat ek nie gips wou hê nie want God sou my arm genees en dat ek net huis toe wou gaan. Toe wou hy steke in my lip en ken sit. My lip was gesny en my ken oop tot op die been. Ek het my woorde herhaal. Op daardie stadium het Mary ook al by die hospitaal aangekom en het gepleit dat die dokter die steke moes insit; sy wou nie graag vir my kyk as ek so lyk nie. Ek het toe maar ingestem maar die steke het in elk geval by die huis losgetrek en ek het dit verwyder. God het die wonde baie mooi genees.

My arms en bene was so seer, ek kon skaars loop. Na die ongeluk het ek net een skoen aangehad, die ander een het ons by die motorfiets gekry. Ons vermoed dat my voet aan die motorfiets vasgehaak het en dat die momentum my liggaam uitgestrek het, wat verduidelik waarom alles seer was. Die sweepslagbesering met die val op die pad het sekerlik ook bygedra. 'n Vriend, Mike Burley, moes my in die huis indra en ons het daar en dan saam die gebed van geloof gebid. Ek was binne enkele dae op en aan die beweeg, maar was nog kruppel en seer. Ek het so kruppel na my buurman gestap om my stywe spiere te oefen. Hy was besig om 'n stuk van sy erf te ontbos, iets waarmee ek hom voor die ongeluk gehelp het. Toe ek by die skoon stuk grond kom, het ek op 'n stomp by 'n vuur waar hy die stompe verbrand het, gaan sit. Langs die vuur was 'n los stomp en impulsief wou ek dit oortel op die vuur sodat dit in twee kon brand en ons dit makliker daarna kon hanteer. My eerste gedagte was: "Ja wel, as ek dit doen gaan my arm dalk heeltemal afbreek" gevolg deur die volgende gedagte: "As ek reeds gesond gemaak is deur Jesus se lyding kan ek mos die stomp optel". Ek glo God het die gedagte in my gelê om my daaraan te herinner dat ek moes optree volgens wat die Woord sê; dat ek reeds deur Sy wonde genees is. Deur God se

## ***GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons***

genade het ek gebuk, die stomp opgetel en in die vuur gegooi. Ek het opvallend geen pyn of ongemak ervaar tydens die aksie nie en het geweet dat God my genesing sigbaar gemaak het. Dit is presies wat in die Evangelies gebeur het: sodra iemand opgetree het in ooreenstemming met wat Jesus gesê het, het die wonderwerk gebeur.

Voordat Exxon my wou toelaat om terug te keer werk toe, moes ek eers vir 'n mediese ondersoek gaan. Ek het aan die dokter gesê dat God my genees het en dat ek gereed was om weer te werk. Sy antwoord aan my was: "Dit is onmoontlik. Dit neem ten minste 12 weke vir so 'n breuk om te genees". Ek vra hom toe: "Dokter, aan watter kerk behoort jy?" en hy antwoord: "Anglikaans". My volgende vraag was: "Glo julle dan nie dat God kan genees nie?" waarop hy antwoord: "Ja ons glo dit, maar ons glo dat Hy dokters daarvoor gebruik". Al wat ek daarop kon antwoord was: "Hy het dit nie hierdie keer gedoen nie". Nou ja, sy teenreaksie was om my met die volgende opmerking te stuur vir x-strale: "Wel, jy sal dit aan my moet bewys". Toe ek terug was in sy spreekkamer en hy na die x-strale gekyk het, het hy gesê: "iets is verkeerd". Natuurlik was daar niks verkeerd nie; hy moes die bewys net glo, veral nadat ek 'n paar vinnige armoefeninge gedoen het. Alhoewel hy baie verwonderd was, het hy geen gronde gehad om te weier dat ek weer begin werk nie.

My eerste taak terug by die werk was om saam met Melvin Jenkins kables bo-oor 'n 40-voet wye koeltoring te span om te verhoed dat dit vibreer wanneer die waaier draai. Melvin het die kables met een hand getrek terwyl hy met die ander hand teen die koeltoring gedruk het vir 'n teenkrag. Elke keer as hy die kables getrek het, het ek die moer aangedraai om die spanning te behou. Hy was gou moeg en kon die kables nie meer verder aanspan nie; ons moes dus plekke ruil. Die duivel het probeer om 'n gees van vrees in my te plaas dat die arm nie die oormatige krag sou weerstaan nie. Deur God se genade het ek die duivel weerstaan en in geloof opgetree. Ek moes al my krag inspan om die kables te strek en 'n verbaasde Melvin het opmerk: "Is jy seker die arm was gebreek?" Ek kon net antwoord: "Die x-strale het dit bewys". Hy het tot bekering gekom op grond van hierdie en ander, soortgelyke getuienisse.

My oudste seuns het baie aktief geraak in Motocross wedrenne. Vir diegene wat nie weet nie, dit is motorfietse wat op grondbane ry en behels ook 180 grade draaie en spronge. Hulle was 'n paar jaar gelede op 'n nabygeleë baan besig om te oefen toe Corban, my oudste, 'n baie lang sprong probeer. Dinge het verkeerd geloop en hy het eenkant toe getrek en die fiets anderkant toe. Nathan sê dat Corban sy bewussyn vir 'n rukkie verloor het, maar daarna opgestaan het en in sy bakkie gaan sit het. Corban kan niks daarvan onthou nie; toe hy tot sy sinne kom was hy in sy voertuig met 'n gebreekte arm. Dit was 'n oop breuk met spierweefsel wat ongeveer 4 duim onder sy elmboog uitgepeul het. Nathan het nog nie 'n bestuurderslisensie gehad nie en Corban moes terug bestuur; Nathan het net die ratte vir hom gewissel. Satan is reg om mens met vrees en twyfel aan te val in so 'n situasie, maar as jy weerstand opgebou het kan jy sy vurige aanval afweer. Die beste is om sy pyle af te weer met jou skild van geloof nog voor hulle jou kan tref en 'n onuitblusbare vuur van twyfel begin. Ons het die gebed van geloof vir sy arm gebid en dit was binne enkele dae beter en kort daarna heeltemal genees. God is absoluut honderd persent getrou aan Sy Woord.

Omtrent 'n jaar later was dit Nathan se beurt. Hy het Corban en Tommy, sy neef, met die Motocross fiets gejaag. Op 'n draai het hy beheer verloor en in 'n spruit in gejaag. Die twee seuns het agtergekem dat hy nie meer agter hulle was nie en omgedraai om hom te soek, maar kon hom nie kry nie. 'n Vrou wat met 'n vierwielfiets in die veld gery het, het op Nathan afgekem en Corban geroep na waar Nathan op die rand van die spruit bewusteloos gelê het. Hulle het hom agter in die bakkie gelaai en na 'n hospitaal in Jay gejaag. Eers na hulle daar gekem het, het hulle my gebel. Toe ek die dokters bel het hulle my verwittig dat Nathan 'n gebreekte arm het en dat hulle hom sou oorplaas na 'n hospitaal in Pensacola omdat sy brein besig was om te swel en hy deurmekaar en irrasioneel opgetree het. Hulle het nie die fasiliteit gehad om 'n MR te doen nie. Toe ek by die hospitaal aankem was Nathan in die ongevalle eenheid. Sy arm was op amper dieselfde plek gebreek as sy broer s'n. Die wond was nie oop nie, maar die been was baie naby aan die vel en het die spier 'n duim en 'n half opgedruk. Hy het onsamehangend gepraat en dieselfde vraag kort-kort herhaal. Ons het saam gebid vir sy geestestoestand en hom toe gevra of hy op

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

God wou vertrou vir genesing. Hy het ja gesê, heel waarskynlik omdat dit die enigste manier van genesing was wat hy geken het. Ons het saam die gebed van geloof gebid en aangesien ons uit ondervinding reeds geweet het dat geloof sonder die nodige aksie dood is, het ons aan die suster gesê dat ons reg was om huis toe te gaan. Nodeloos om te sê dat sy beswaar gemaak het op grond daarvan dat hy kon doodgaan aan sy breinswelling en dat sy arm bowendien gebreek was. Ek het haar die versekering gegee dat ons reeds gebid het en dat alles goed sou gaan.

Sy het onmiddelik 'n dokter gaan roep wat ons ook gewaarsku het, maar uiteindelik moes ingee. Ek moes dokumente teken wat die hospitaal gevrywaar het van aanspreeklikheid en kon toe huis toe gaan. Nathan het op my skouer moes leun om hinkende pinkende na die motor te stap.

Die volgende oggend kon hy helder dink, hy het geëet, rondgeloop en sommer baie beter gevoel. Hy het op sy eie gestort en die swelling van sy arm het aansienlik gesak. Daardie middag het 'n welsynswerker by ons huis opgedaag. Toe sy haarself voorstel het sy gesê: "Julle lyk nie verbaas om my te sien nie". Ek was nie verbaas nie en het haar vriendelik ingenooi. Sy vra my toe of ek enige besware teen dokters het, waarop ek geantwoord het: "Glad nie, maar ek glo dat God die wat Hom daarvoor vertrou altyd sal genees". Die verslag in haar besit van die hospitaal het ons beskuldig van "mediese verwaarlosing". Sy wou Nathan graag sien en het hom ondersoek en 'n paar vrae gevra, wat hy bevredigend geantwoord het. Na sy klaar was, was haar kommentaar: "Wel, ek sien geen rede om hierdie saak verder te neem nie; dit lyk nie vir my asof daar fout is met hom nie. Aangesien ek egter 'n opdrag ontvang het om die saak te ondersoek, sal ek ongelukkig hierdie besonderhede vir vyf jaar op rekord moet hou". Ons het nooit ooit weer van die Welsyn gehoor nie. Eer aan God! Hy het ons in staat gestel om te glo en te reageer op Sy Woord en het ons van vervolging deur die Welsyn gered.

Met die geboorte van ons eerste kind, Deborah, het ons nog nie die Here geken nie. Mary was vir 'n dag en 'n half in kraam. Deborah was 'n brugbaba, maar ek en die dokter het gehoop dat sy sou reg draai sodat Mary nie 'n keisersnit hoef te kry nie. Die pynmedikasie

het veroorsaak dat Mary nie kon saamwerk om te druk om Deborah uit te stoot nie. Om dit teen te werk, het die dokter haar op 'n drup gesit. So het ons heen en weer probeer: pynstillers, drup, pynstillers, drup, todat ons uiteindelik besluit het om maar tog die keisersnee te doen. Gelukkig het Deborah toe net gedraai en is normaal gebore. Indien God dit nie so laat uitwerk het nie, sou ons waarskynlik nie gereed gewees het vir wat Hy volgende van ons verwag het nie.

Nie lank na Deborah se geboorte nie, het ons ons bekeer en na Jesus gedraai. Ons het geloof ontdek en gesien hoe God wonderlike dinge doen. Dit was maklik van toe af aan om te glo dat Hy enigiets kon doen. Toe ons volgende baba oppad was, het ons gevoel dat God wil hê dat hy by ons huis gebore moes word. (Ek se "hy" want Mary het Corban in 'n droom gesien met sy besondere voorkoms). Mense het vir my boeke oor geboorte gegee om te bestudeer, maar ek het gevoel dat ek nie op my eie kennis nie, maar op God se wysheid wou staatmaak. Ek het wel geleer hoe om die naelstring af te bind! Ons het nooit sonogramme laat doen nie en toe dit tyd was vir sy geboorte het ons min geweet dat hy ook 'n brugbaba was, net soos sy ousus Deborah. Jy kan jouself voorstel wat 'n groot skok dit was toe 'n klein toontjie uitkom en ek vra: "Wat is dit?" Toe ons besef wat besig was om te gebeur, het ons vurig begin bid. Ons het God se teenwoordigheid baie sterk aangevoel.

Moet asseblief nie lag vir wat ek gedoen het nie! Ek het die baba beveel om in Jesus se Naam uit te kom, wat hy kort daarna gedoen het. Ons seun is gebore as 'n brugbaba met sy voete eerste, een het op gewys, een af en sy boude was boontoe gedraai. Ons het nie op daardie stadium besef hoe raar dit was nie, maar dokters het my intussen vertel dat sulke geboortes nie meer plaasvind nie, aangesien 'n keisersnee altyd in so 'n geval uitgevoer word. ***"Kyk, Ek is die HERE, die God van alle vlees; sou enige ding vir My te wonderbaar wees?" (Jer.32:27).*** Corban het presies gelyk soos wat Mary hom in haar droom gesien het.

Corban het geelsug ontwikkel en ons het vir hom gebid en God gedank vir sy genesing. Daarna het ons ons aandag geskenk aan die reëlings om 'n geboortesertifikaat te kry. Ons het die Publieke Gesondheidsdiens gekontak en 'n vrou het gevra of ons 'n probleem het om by die hospitaal te kom. Toe ons sê dat ons geensins beplan

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

om hospitaal toe te gaan nie, het sy aangebied om iemand na ons toe te stuur om die geboortesertifikaat uit te reik.

Die verpleegster wat toe daar opgedaag het, het Corban se geel liggaampie een kyk gegee en gesê: “Meneer, hierdie baba moet dadelik by die hospitaal uitkom vir ‘n bloedoortapping! Hy het bloedvergiftiging.” My antwoord wat ons geloof volkome bewys het, was: “Nee dankie, ons het vir hom gebid en alles is in die haak”. Jesus het gesê: **“Alles wat julle in gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry” (Mark.11:24);** [NNT: **“Therefore I say unto you, All things whatever ye pray and ask for, believe that ye received them, and ye shall have them”**]. Sy was hoflik en het nie geargumenteer nie, maar dadelik vertrek. Ons het nie geweet wat haar voornemens was nie, maar ‘n rukkie later toe sy terugkeer, was Corban heeltemal genees. Eer aan God! Die verpleegster se woorde was: “Dit gebeur nie sonder ‘n bloedoortapping nie”. Sy was verwonderd, maar baie bly.

Nathan is vyftien en ‘n half maande later gebore. Dit was sewe weke te vroeg en hy het net 1.954 kg geweeg. Ons het vir hom gebid, hom in sy bedjie neergelê en ‘n lig naby hom gesit vir warmte. Toe ons die Gesondheidsdiens kontak, het dieselfde vrou die telefoon beantwoord. Sy sê toe: “Is dit alweer julle?” Raai wat? Sy stuur toe dieselfde verpleegster na ons wat toe nog ‘n verpleegster met haar saamgebring het. Haar eerste vraag was nie om Nathan te sien nie, maar: “Mag ons julle baba wat verlede jaar gebore is, sien?” Natuurlik het ons ja gesê. Hulle gaan kyk toe na Corban wat rustig gelê en slaap het. Ek hoor toe hoe sy saggies aan die ander verpleegster sê: “Hierdie is die baba van wie ek jou vertel het”. Dit was duidelik dat Corban se genesing ‘n getuienis was. Toe hulle na Nathan kyk was dit duidelik dat hulle nie oor hom bekommerd was nie. Dit was asof Corban se verhaal hulle geloof gegee het om nie angstig te wees oor Nathan nie. Nathan het goed gegroei en was gou groter as voltermyn babas wat dieselfde tyd as hy gebore is. Dank God!

Gedurende Mary se volgende swangerskap het sy op die voorstoep se trappe geval en baie hard op haar stuitjie te lande gekom. Tot ons teleurstelling is die baba nie lank daarna nie dood gebore. Ons ontdek toe dat die baba se skedel gekraak was, waarskynlik as gevolg van die val. Ek het God gevra of hy die baba weer lewendig

wou maak, maar het die gevoel gekry dat God “Nee” sê. Ons het baie vrae rondom die kleintjie gehad en God het beide my en Mary herinner aan iets wat vroeg in ons wandel met Hom gebeur het. Ek het Hom gevra dat, indien Hy voorsien dat enige van ons kinders as volwassene verlore sou gaan, Hy daardie kind liever as baba moes neem om by Hom te wees. **“As ‘n man honderd kinders verwek en baie jare lewe en die dae van sy jare baie is en sy siel nie genoeg kry van die goeie en hy ook nie ‘n begrafnis het nie, dan sê ek: ‘n misgeboorte is beter as hy, want in nietigheid kom dit, en in duisternis gaan dit heen, en met duisternis word die naam daarvan bedek; ook het dit die son nie gesien of geken nie. Dit het meer rus as hy.” (Pred.6:3-6).** Ons het berusting gevind in die wete dat ons baba God se rus binnegegaan het. Dieselfde kan ongelukkig nie gesê word van die babas wat groot word en dan ongehoorsaam is aan God nie. Dit in ag genome, is ons dankbaar. Ons vertrou dat God alles ten goede laat meewerk vir ons. Aborsie is ‘n groot sonde maar as goddelose ouers die kinders sou grootmaak, is die kans goed dat hulle God nie sou leer ken nie en verlore sou gaan. God is selfs hierin soewerein! Ons jongste twee kinders is ook by die huis gebore. Ons sê nie daarmee dat julle ons voorbeeld moet volg nie, maar glo dat hierdie kennis baie gaan help in die wildernis ervaring wat voorlê.

Wanneer jy sommige van hierdie getuienisse lees, kan jy dalk verkeerdelik tot die gevolgtrekking kom dat geloof altyd baie vinnig werk en indien jy nie onmiddelik ‘n antwoord ontvang nie, God jou nie gehoor het nie of dat jy iets verkeerd gedoen het. Moenie in die slaggat trap nie; die oorweldigende meerderheid van antwoorde op gebede kom eers nadat jou geloof getoets is. Die beproewing spruit altyd daaruit voort dat jy ‘n behoefte het en die Bybel wat sê dat daar reeds aan die behoefte voldoen is. Dit is wat Israel veertig jaar lank in die woestyn ervaar het. Ons beproewing is net dieselfde. God het aan Abraham ‘n nageslag belowe, maar hy moes eers die toets deurstaan: **“Hy het teen hoop op geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees. En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee.” (Rom.4:18-20).** Abraham was reeds 75 toe God vir hom gesê het: **“En Ek sal jou ‘n groot nasie maak...” (Gen.12:2,4).** Abraham moes 25



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

jaar wag terwyl hy en Sara ouer geword het. Hulle moes eers leer dat hulle nie die kar voor die perde moes span deur op hulle eie, natuurlike vermoëns staat te maak nie, want dit het Ismael voortbring. Eers na Abraham en Sara geleer het om nie toe te laat dat dit wat hulle aanskou en ondervind hul geloof in God se belofte vernietig nie, het hulle ontvang.

'n Ander gevaar is om dubbelhartig te wees in 'n beproewing. Jy kan nie ontvang wanneer jy twyfel nie. **“En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie – so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.”** (Jak.1:5-8). Aangesien dit die waarheid is, watter hoop het ons wat voorheen dubbelhartig was? Net voor Sara met Isak swanger geraak het, het sy en Abraham beide in ongeloof gelag by die gedagte daaraan dat hulle 'n seun sou hê (Gen.17:17; 18:12,15). As ons God se wonderlike getuigenis oor Abraham in Rom.4 lees, sien ons dat God dit nie eers daar noem nie! Hoekom nie? God het dit vergeet, want hulle het hulle van hul ongeloof bekeer en weer in geloof gewandel: **“Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil; en aan jou sondes dink Ek nie.”** (Jes.43:25). Dank God!

Ons stryd is om besit te neem van dit wat aan ons belof is en wat gesetel is in ons hemelse posisie in Christus. **“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus.”** (Ef.1:3). Deur een te wees met Christus in Sy opstanding sit ons saam met Hom in die hemele en het ons deel aan die oorfloedige geestelike seëninge: **“...en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus...”** (Ef.2:6). Dit wat ons deur ons posisie in Christus ontvang, word meer en meer sigbaar in ons lewens soos wat ons voortgaan om die stryd van die geloof te stry en ons ongeloof in elke area van ons lewe met geloof te vervang. God het die Beloofde Land aan Israel gegee (Jos.1:2), maar hulle moes die vyand in die land met die swaard oorwin. Ons weet ons swaard is die Woord (Heb.4:12). Paulus ag dit ook belangrik om aan ons te sê dat ons ons verstand en hart moet beskerm en die swaard van die Woord moet gebruik om ons posisie fisies in te neem (Ef.6:10-18). **“Want ons worstelstryd is nie teen vlees en**

*bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." (Ef.6:12); [NNT: "darkness, against the spirituals of the wickedness in the heavenlies."]. Bose geeste wil ons keer om ons erfenis in besit te neem deur gebruik te maak van enigiets, ongeag of dit 'n leuen, godsdiens of manipulasie is. Deur geloof in die beloftes te hê en te behou, moet ons met geweld dit wat aan ons behoort, afneem by die vyand. "Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe, word die koninkryk van die hemele bestorm en bestormers gryp dit met geweld." (Matt.11:12); [NNT:"And from the days of John the Baptist until now the kingdom of the heavens suffereth violence, and men of violence take it by force"]. "Stry die goeie stryd van die geloof, (en) gryp na die ewige lewe" (1Tim.6:12) om dit wat God sê ons s'n is by Satan af te neem. As ons "die goeie belydenis (dat ons die ewige lewe het en regverdig is in Christus voor God) voor baie getuies afgelê het" (1Tim.6:12), vervolmaak ons ons geloof met dié belydenis en neem ons die beloftes in besit. "Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, [NNT: "lay hold of the eternal"] waartoe jy ook geroep (Grieks: "uitgenooi") is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het." (1Tim.6:11,12).*

Ons wen hierdie stryd stukkie vir stukkie, soos wat ons glo ons is wie God sê ons is, wanneer ons doen wat God sê ons kan doen en wanneer ons besit neem van dit wat God sê aan ons behoort.

## HOOFSTUK 17

### God se Metodes en God se Eer

***“...maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.” (1Kor.1:27-29)***

God het 'n manier gekies om jou dom, pateties, minderwaardig en selfs veragtelik te laat lyk in die oë van die wêreld en die wêreld se kerk, maar as jy die moed het om Sy manier te volg, dan beskaam God die slimmes, die sterkes en die wat dink dat hulle iets is met Sy krag in jou lewe en maak Hy alles waaraan hulle glo tot niet. Ek het 'n swakheid in my neus en sinusse van my pa geërf, met die gevolg dat ek chronies infeksie in my sinusse, neus en ore gehad het. Teen die tyd wat ek die Here aangeneem het, het my oordromme al verskeie kere gebars as gevolg van die infeksies en was my gehoor aangetas deur die littekenweefsel. Ek het die infeksies gehaat, want dit was baie pynlik. Ek het, net soos my pa, met 'n neusspuit in my sak rondgeloop en as gevolg van die oormatige gebruik daarvan my neusvoering vernietig, wat die probleem net vererger het. Ek het my neus daarna met soutwater begin spoel, maar dit het nie veel gehelp nie, die antibiotika het nie meer gewerk nie en die ekstra vitamien C tablette wat ek gedrink het, het ook nie 'n verskil gemaak nie.

Baie gou nadat ek die Here aangeneem het, het ek in die Woord gelees dat Jesus reeds 2 000 jaar gelede gely het sodat ek vandag gesond kan wees. Ek het dit wat ek gelees het eenvoudig geglo en my neusspuit en vitamien C weggegooi. Ek het nog nie een keer weer 'n geblokte neus gehad nie, selfs nie eers as ek verkoue gekry het nie. My oordromme het ook nog nie weer gebars nie. Hierdie getuienis van my het daartoe gelei dat baie ander mense deur geloof genees is. Nadat ek alles probeer het wat die mens kon uitdink om gesond te word, maar geen sukses gehad het nie, het God my die gawe van geloof gegee om Sy werke te kan sien. God het twee dinge van jou nodig: jou geloof in Hom en jou onvermoë om jouself te

help. Hy kombineer die twee en verruil hulle vir Sy krag. God sê: **“My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring” (2Kor.12:9)**. Geloof is dom, pateties en minderwaardig in die oë van die wêreld, maar dit bring God se krag in jou lewe in.

Ek het by Exxon aansoek gedoen vir werk nog voordat ek die Here leer ken het. As deel van die aansoekproses moes ek vir ‘n fisiese ondersoek gaan. Die dokter het vasgestel dat ek gehoorverlies as gevolg van littekenweefsel het en ‘n nie-funksionele hartgeruis. Ek het amper nie die werk gekry nie, as gevolg van die probleme wat die dokter gelys het. As deel van Exxon se gesondheidsregulasies moes ek later weer vir ‘n fisiese ondersoek gaan. Op daardie stadium het ek die Here al leer ken en geweet hoe Hy werk. Tydens die ondersoek kon geen gehoorprobleme of ‘n hartgeruis gevind word nie. Ek het in die verlede redelik dikwels van die werk weggebly weens gesondheidsprobleme en die laaste ruk se inskrywings in my bywoningsregister was ook ‘n bewys daarvan dat my lewe verander het. In die tyd wat ek deel was van die wêreld het hulle manier van genesing my gefaal. My geloof in God se beloftes het my wonderbaarlik bevry van siektes. Eer aan God!

Daar was onlangs ‘n verslag op nasionale televisie nuus gewees oor antibakteriële seep waarin hulle gesê het dat die seep bakterieë weerstandig maak, pleks van dood. Wat het penisilien anders gedoen as om antibiotika-weerstandige bakterieë te maak waarvoor daar geen mediese oplossing in sig is nie? Gifstowwe wat op gewasse gespuit word, beland in die grondwater en veroorsaak ‘n verskeidenheid van siektes. Het jy al gelees wat staan op tandepastabuisies? Fluoried is ‘n dodelike gif! In ‘n artikel wat in die *Journal of the American Medical Association* (Vol 284, 26 Julie 2000) gepubliseer is, skryf hulle dat dokters verantwoordelik is vir ‘n derde van Amerika se sterftesyfers; 250,000 sterfgevalle elke jaar word aan iatrogeniese oorsake toegeskryf. ‘n Iatrogeniese oorsaak is iets wat deur dokters se aktiwiteite of terapie veroorsaak word. As dit die getalle is wat hulle bereid is om te openbaar, wonder ek wat die waarheid is! Baie mense glo dat God dokters gebruik vir genesing. As dit so is, maak Hy darem baie foute! Ek het ‘n goeie vriend wat ‘n dokter is; sy naam is John Farmer. Hy verkies om geen medisyne te gebruik nie. Hy het my vertel dat hy bid vir pasiënte wat wil glo, met wonderlike resultate. Die probleem is dat die meeste pasiënte nie

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

belangstel om verlos te word van die vloek as dit beteken dat hulle hul weë moet verander nie. Hy doen dus maar net wat hy kan!

My ma het vir baie jare lank 'n spesifieke medikasie gebruik. Sy lees toe eendag 'n artikel in Reader's Digest wat handel oor die nuwe-effekte van medisyne. Die spesifieke medikasie waarop sy was se nuwe-effekte is gelys as borskanker en gloukoom. Sy het beide gehad: wat 'n verskriklike ruiltransaksie! My pa se dokter het eendag aan hom gesê: "Een ding is verseker, jy sal nie aan 'n hartaanval sterf nie. Jou hart is so sterk soos dié van 'n baie jonger man!" Hy is 'n maand later aan 'n hartaanval oorlede. Ek is oortuig daarvan dat die medikasie wat hy gebruik het om die suurstofspanning in sy bloed te verhoog, die oorsaak daarvan was. Hy moes dit gebruik want hy het vir baie jare gerook en 'n long verloor as gevolg daarvan. Twee van my goeie vriende het pille gedrink waarvan die nuwe-effekte beide se niere beskadig het. Die dokters het dit in albei gevalle erken. Die mens skuif die vloek rond en in sommige gevalle vererger hulle dit, maar kan nie op eie krag loskom daarvan nie. As die mens op eie krag dit kon doen, was Jesus se lyding en sterwe verniet! Ek glo dat God wil hê ons moet weet daar is geen permanente verlossing van die vloek nie, behalwe wanneer God dit deur Jesus Christus doen. Dit wat die wêreld aanbied is misleidend, want aan die einde van die dag faal die wêreldse gode. God wil hê dat ons verder as dit moet sien.

Mense probeer ons oortuig dat God deesdae moderne metodes gebruik om ons van die vloek te verlos. God is en was en sal altyd dieselfde wees. God se manier is altyd gratis. Dit is verlossing/redding/voorsiening deur genade. Dit is nie op meriete gebaseer nie, kan nie met geld gekoop word nie en is 'n guns van God aan ons. Nie Jesus of Sy dissipels het ooit geld gevra vir enigiets wat hulle gedoen het nie. Die wêreld se manier gaan jou altyd geld kos. Die armes gaan dikwels dood sonder dat hulle gehelp word. In God se koninkryk word almal gehelp, daar is net een voorwaarde en dit geld deur die bank vir almal: geloof. God wil dieselfde metode gebruik as wat Hy in die Skrif gebruik het en dit is die Woord van Geloof. Die rede is eenvoudig: dan kan geen mens ooit enige eer vir homself toeëien nie. Byvoorbeeld; wanneer iemand gesond word terwyl hy onder behandeling van 'n dokter was en pille gebruik het, wil die mense altyd weet wie die dokter was en watter medisyne die

pasiënt gebruik het. God deel nie Sy eer met iemand anders nie. Daarmee veroordeel ek nie iemand wat dokters en medisyne gebruik nie; ek verkondig die Blye Boodskap dat Jesus jou 2 000 jaar gelede alreeds genees het. Al wat jy moet doen is om die Nuwe Testament een maal deur te lees om te sien dat Jesus nooit gebruik gemaak het van die wêreld of sy manier om enigiets te bereik nie. In die wildernis wat vir ons voorlê gaan ons dit nodig hê om te verstaan hoe God werk.

God se kinders gaan binnekort nie meer goed by die wêreld kan koop of aan die wêreld verkoop nie. Hulle gaan in 'n wildernis of woestyn ingedwing word waar hulle nie op die afgode van hierdie wêreld sal kan staatmaak nie. God se kinders sal nie toegang hê tot dokters, medisyne, regsgeleerdes, bankiers, psigiaters, versekering, publieke dienste, voedsel, skoon water, ensovoorts nie. Dan sal ons God se krag sien in die tye wat die mens swak is (2Kor.12:9,10). Die kerk van vandag se manier van voorsiening is presies net soos dié van die wêreld, niks onderskei dit van die wêreld nie en daarom word die kerk ook so maklik deur die wêreld aanvaar.

God het 'n eiesoortige manier om van die vloek te verlos. Dit kos niks, dit gee geen eer aan die mens nie en bewys Sy soewereiniteit. **“...en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies; en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak sodat geen vlees voor Hom sou roem nie” (1Kor.1:28,29).** God gebruik iets wat nie in die fisiese sfeer bestaan nie om dit wat wel bestaan, te vernietig. Die onvervulde beloftes van die Woord is dit **“wat niks is nie”**. Dit bestaan nie in die fisiese ryk nie. **“...wat iets is”**, is dinge soos siektes en tekorte of gebreke wat **“tot niet gemaak”** moet word. Kom ons kyk na 'n eenvoudige voorbeeld. Wanneer jy siek is, **is dit iets** wat tot niet gemaak moet word. En **“deur wie se wonde julle genees is” (1Pet.2:24)**, is weer iets wat niks is nie, met ander woorde jy sien nie dat jy verlos is nie. God het geloof in hierdie belofte **wat nie is nie** gekies om siekte, wat iets is, tot niet te maak. Jesus en Sy dissipels het op hierdie manier te werk gegaan om mense te verlos van die vloek. Hulle het **“die dinge wat nie bestaan nie, ..(ge)roep asof hulle bestaan” (Rom.4:17).** Hulle het dit bloot in ooreenstemming met die belofte beveel. Hulle het nie dit wat bestaan, soos dokters, medisyne, psigiaters, ensomeer gekies om dinge soos siektes, worsteling en armoede te vernietig nie. Dit wat ons sien is die dinge wat bestaan. **“Deur die**

## GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons

**geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.** (Heb.11:3).

God se metode is om die Woord en nie die fisiese dinge wat gesien kan word nie, te gebruik, net soos in die Evangelies en in Handeling. In die salwing met olie is dit nie die olie nie, maar die geloof wat genees. Olie is slegs 'n simbool van die Heilige Gees. Paulus se sakdoek het nie genees nie; dit was die krag van sy geloof (Hand.19:12). Sommige mag onder die indruk wees dat Jesus ook eenmalig gebruik gemaak het van iets toe Hy klei met spuug gemeng het om die blinde man te genees in Joh.9:6,7. Dit was egter nie die klei wat die blinde se oë genees het nie, maar die uitwas daarvan uit sy oë. Die klei simboliseer die natuur van Adam en van die dinge wat is (Job 10:9; 33:6; Jes.29:16; 45:9) net soos die mens ook uit klei gemaak is.

Met ander woorde, ons oë moet gereinig word om nie na alles te kyk soos deur oë van klei nie. Ons het geestelike oë nodig sodat ons die belofte as vervolmaak kan sien deur geloof. ***“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe (Grieks:zoe, “God se lewe”) en godsvrug dien”. (2Pet.1:3).*** Om geestelike oë te hê, beteken ons moet sien dat Jesus alreeds Sy lewe en seëninge aan ons gegee het. Ons moet gereinig word van vleeslike oë wat ons weghou van God se seëninge. ***“Maar die natuurlike mens (van klei) neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel (Grieks: “ondersoek” of “sien”) word.” (1Kor.2:14).*** Terloops, die spuug van Jesus se mond simboliseer dit wat uit die mond van die Vader gaan, wat lewe gee aan die mens, die Woord of manna. ***“...dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan.” (Deut.8:3).*** (Sien ook Joh.1:1-3 en Joh.6:33,51).

Ek het 'n leraar geken wat gesê het dat Paulus al die wonderwerke gedoen het omdat Lukas, wat 'n geneesheer was, saam met hom was. Dit is egter nie die waarheid nie. Daar is nie 'n enkele vers wat noem dat Lukas sy vaardighede of kennis gebruik het nie. Bowendien vind genesing tydens mediese ingrype nie plaas op die manier wat genesing deur wonderwerke plaasvind nie. Die Griekse woord *latros* is verkeerdelik vertaal as “geneesheer” terwyl dit “geneser” beteken. *latros* is ook die woord wat gebruik was om Jesus as “geneser” te beskryf. Vertalers het hulle eie interpretasie

ingebring. “Geneesheer” verwys na iemand wat in medisyne praktiseer. Nie Jesus of die Apostels het in medisyne gepraktiseer nie. Die term wat in Grieks vir medisyne gebruik word is *pharmakia* (Engels: “*pharmacy*”) en word vertaal as “towersy” of “heksery” wat Paulus beskryf as die werk van die vlees (Gal.5:20). God sê ook dat die nasies verlei word deur *pharmakia*: **“En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towersy (pharmakia) is al die nasies verlei”** (Openb.18:23). Lukas was 'n geneser, net soos Jesus en die ander dissipels ook genesers was.

Dit moes vir hierdie mense vreemd voorgekom het dat Jesus en Sy dissipels nie **“wat iets is”** gebruik het om mense te genees en te verlos nie. Indien Paulus se sakdoek krag gehad het om te genees, waarom net nadat hy daaraan geraak het? Die sakdoek was slegs 'n medium of vervoermiddel om die genesende krag deur geloof na die siekes te neem. Ek het al sakdoeke, water en mense suksesvol gebruik om God se genesende krag na mense oor te dra. 'n Broer wie se vrou baie siek was, was by een van ons byeenkomste amper in tranes oor sy vrou se gesondheidstoestand. Hy was op daardie stadium nog nie daarvan oortuig dat dit nodig is om met die Heilige Gees vervul te word nie. Ek het stilweg vir 'n antwoord op die situasie gebid en die Here het my dit op die hart gelê om te bid dat hy die gawe van genesing deur die Heilige Gees ontvang. Ons het dit gedoen en hom opdrag gegee om vir sy vrou te gaan bid en haar die hande op te lê. Hy was steeds nie oortuig daarvan dat genesing ingesluit is by die beloftes waarop ons vandag kan aanspraak maak nie, maar het nietemin huis toe gegaan en vir sy vrou gebid en haar die hande opgelê. Hy het baie opgewonde aan ons kom getuig dat sy gesond geword het. Dit is nie die medium nie, maar die genesende krag van die Gees wat deur die medium, in hierdie geval die man, deur geloof kon werk. Jesus het die outoriteit om te genees reeds aan die dissipels gegee nog voordat hulle die Heilige Gees ontvang het.

Die vraag is dus: “Hoe gebruik mens God se metode van **“wat nie is nie”**? Die antwoord is eenvoudig: deur **“die dinge wat nie bestaan nie, (te) roep asof hulle bestaan” (Rom.4:17)**, of eenvoudig gestel: tree op asof jy dit wat jy graag wil hê reeds gekry het. Stem saam met die belofte en sien dit klaar vervul. Dit beteken jy moet met woord en



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

daad so optree dat dit lyk asof God se beloftes reeds in vervulling gegaan het. God het gekies om **“wat niks is nie ...”** te gebruik om dit **“...wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie”** (1Kor.1:28,29). Omdat Hy nie wil hê dat enige vlees voor Hom kan roem nie, gebruik Hy niks wat die mens uitdink of doen nie. God red en help ons as ons ons oë van die probleem afhaal en op die belofte rig. In die brief aan die Korinthiërs sê Paulus: **“ons ligte verdrukking wat vir ‘n oomblik is, bewerk vir ons ‘n alles oortreffende ewige heerlijkheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”** (2Kor.4:17,18). Toe die Israeliete hul oë weggeneem het van die slange (vloek) wat hulle gepik het, en gerig het op die koperslang aan die paal (Christus wat die vloek geword het [Joh.3:14]), is hulle genees (Num.21:4-9).

Ons sien dat Paulus se “doring in die vlees” nie ‘n siekte was nie, maar ‘n demoon wat Paulus se situasie waarin hy telkens verkeer het van so aard gemaak het dat hy niks kon doen om dit te verander of om homself te help nie. Dit was eers dan wanneer God Sy krag ten toon gestel het om Paulus te red. Sy raad aan Timotheus het mense al laat twyfel oor die gebruik van medikasie om gesond te word. As ons egter na die inhoud van die tekse kyk wat die medikasie-tekste voorafgaan en daarop volg, bespreek dit sonde, nie siektes nie: **“Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein. Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik ‘n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede.** (Grieks vir ongesteldhede: *asthenia*, “swakhede”) **Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit tot die oordeel, maar volg ander eers agterna. Net so is ook die goeie werke baie duidelik, en ook die wat anders is, kan nie weggesteek word nie.”** (1Tim.5:22,23-25).

Die woord “ongesteldhede” moet eintlik vertaal word as “swakhede” en nie as “ongesteldhede” nie. Dit is maklik om te verstaan hoekom ek so sê as mens na die ander verse kyk waar dit reg vertaal is: **“Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak (asthenia) is by God, is sterker as die mense”** (1Kor.1:25). God is nie siek nie. Die woord kan dus nie “siekte” wees nie; dit moet “swakheid” wees. **“Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van God. Want ons is ook swak in Hom, maar ons sal saam met Hom vir julle lewe deur die krag van God.”** (2Kor.13:4). Ons weet dat Jesus nie gekruisig is omdat

hy siek was nie, maar omdat Hy swak was. Hy was swak omdat Hy Homself nie verdedig het toe Hy voor Pilatus en die Joodse Raad gebring is nie. Die wyn wat Paulus dus vir Timotheus voorgeskryf het was vir sy geestelike swakhede. Die enigste kuur vir geestelike swakheid is die geestelike wyn van die natuur van Jesus. Op 'n geestelike vlak stel die maag die setel van heerskappy van die vleeslike mens voor. Die vleeslike mens, voorgestel deur die maag, word deur begeertes (Grieks: “*desires*”) van die vlees gedryf of beheer. Baie mense koppel die Engelse woord *lust* aan seksuele begeertes maar dit het 'n baie wyer betekenis en verwys na 'n begeerte of drang na enigiets. Wanneer iemand deur begeertes (*lusts*) beheer of gedryf word, is dit sonde. **“Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik (maag) en hulle eer is in hulle skande, hulle bedink aardse dinge” (Fil.3:19)**. Petrus beskryf mense wat terugkeer na sonde as: **“...die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel (dit wat uit die maag kom) en die gewaste sog om in die modder te rol” (2Pet.2:22)**. Die sog verteenwoordig ten beste die mense wat slawe is van hul eie vleeslike begeertes.

Wyn daarteenoor is 'n kuur teen gevangenis in sonde. Wyn versinnebeeld die bloed van Jesus. **“Toe neem Hy die beker (met wyn), en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader.” (Matt.26:27-29)**. Ons het deur die bloed van ons voorvaders 'n sondige natuur met begeertes geërf maar deur die reine bloed van Jesus word hierdie sondige natuur vernietig. **“Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.” (Lev.17:11)**. Ons het Jesus se bloed en Sy natuur in ons tot die mate waartoe ons ons bekeer van ons ou weë en die lewe wat in Sy Woord is, inneem. **“En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed (wyn) drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” (Joh.6:53,54)**. Om deel te hê aan die wyn of Sy bloed moet ons deur geloof (geloof dat ons Sy bloed ontvang het) in die Woord wandel. **“Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan**

**het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.” (1Joh.1:7)**

Waarom het Jesaja beveel dat daar 'n vyekoek op Hiskia se sweer gesit moes word? **“En Jesaja het gesê: Laat hulle 'n vyekoek neem en dit op die sweer sit dat hy gesond kan word.” (Jes.38:21).** Laat ek die gelykenis aan julle verklaar: die vye is verteenwoordigend van geestelike Israel of die Liggaam van Christus. Die teks waarin Israel met vye geassosieer word, is waar Jesus 'n waarskuwing aan Israel rig dat hulle vrug moet dra: **“En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: ‘n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie. Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?” (Luk.13:6,7)** en **“die sterre van die hemel (Abraham se saad) het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval...” (Openb.6:13).** Ons sien die assosiasie ook in die gedeelte waar Jesus Natanael as dissipel kies. Jesus identifiseer Natanael as die regverdige wat onder die vyeboom is wanneer Hy Natanael sien as **“...’n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie” (Joh.1:47-50).** Die vyekoek is die vrug van geestelike Israel en wys vir ons dat die saamgevoegde geloof van die Liggaam van Christus kragtig is vir genesing. Die “vyekoek” se geloof het die gif uit Hiskia se sweer getrek. Let ook op dat geloof reeds daar was voor die werk (plasing van vyekoek op die sweer) gedoen is. **“Die Here staan gereed om my te verlos; daarom sal ons op my snaarinstrumente speel al die dae van ons lewe, by die huis van die Here.” (Jes.38:20).** Die vyekoek is 'n gelykenis waarin 'n geestelike gebeurtenis uitgebeeld word, net soos die gelykenis waarin Jesus gebruik maak van die beeld van die saaiër wat saad gesaai het.

## HOOFSTUK 18

### Sekerheid teenoor Versekering

*Want U, HERE, is my toevlug (Ps.91:9)*

Die belydenis van geloof en die gevolglike redding waarvan die Psalmdigter hier praat, is iets wat vólg op dit wat ons doen uit gehoorsaamheid aan die Woord. Ek het jare gelede 'n openbaring ontvang terwyl ek nog in Louisiana gewoon het en daar nog nie 'n wet was wat motorversekering afgedwing het nie. Die Here het geestelik met my begin argumenteer. Dit het begin met die gedagte wat tot my deurgedring het dat God ook soewerein is oor dit wat ons "ongelukke" noem. ***"'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie."*** (Joh.3:27). Dit beteken 'n "ongeluk" gebeur nie sonder dat dit deur God gestuur is nie. God het ook gesê dat wanneer ons met geloof bid, ons sal ontvang. Dit beteken dat as ek Hom vra om my motor te bewaar, Hy dit sal doen. Die logiese uitvloeisel daarvan is dat ek nie versekering nodig het as ek seker is oor God nie. ***"Want U, HERE, is my toevlug.*** (Let op die na die wonderlike voordeel wat uit 'n positiewe belydenis spruit.) ***Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.*** (Ps.91:9-12). Let ook daarop dat, wanneer ons in geloof aan Christus gehoorsaam is en in Hom bly, Sy engele ons sal bewaar teen "ongelukke". 'n Uitsondering kan 'n Job-ervaring wees wat gewoonlik daarop gemik is om verskuilde tekortkominge te openbaar. ***"Toe het dié drie manne opgehou om Job te antwoord, omdat hy in sy eie oë regverdig was. En die toorn van Elihu, die seun van Barágeël, die Busiet, uit die geslag van Ram, het ontvlam; teen Job het sy toorn ontvlam, omdat hy homself regverdig beskou het voor God."*** (Job 32:1,2). Soos in Job se geval, bly God egter in beheer van die tugtiging en herstel Hy ook dit wat ons verloor het. Job het twee keer meer gekry as wat hy voorheen gehad het en dit sonder versekering! God begeer om ons versekering te wees. ***"Wees borg*** (Hebreeus: "om sekuriteit te gee of te wees") ***vir U kneg ten goede"*** (Ps.119:122); ***"In sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword"***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

**(Heb.7:22).** God en Sy beloftes is die gelowige se sekerheid of waarborg van voorsiening en bewaring.

Nadat dit tot my deurgedring het wat die Here besig was om vir my uit te wys, het ek my motorversekering gekanselleer. Daarna het ek my lewensversekeringkonsultant gebel en toe hy 'n draai kom maak aan hom gesê dat ek nie meer versekering nodig gehad het nie, aangesien God my versekering was. Hy was 'n goeie mens en het aan 'n Lutherse Kerk behoort. Hy het sy bes probeer om met hierdie fanatikus te redeneer, maar sonder sukses. 'n Week daarna het ek na 'n Stop-N-Go winkel gery om iets te koop. Terwyl ek binne besig was, het ek 'n slag gehoor wat die winkelvensters laat skud het. Toe ek opkyk het ek gesien dat 'n ou Buick agter in my geparkeerde Datsun stasiewa vasgery het. Toe ek buite kom het dit gelyk asof die Buick se voorkant om die Datsun se agterkant gedrapeer was. Die bestuurder van die Buick het sy voertuig in tru-rat gesit en 'n entjie weggetrek. Dit wat ons gesien het, het ons sprakeloos gelaat. Die Buick se buffer, rooster en enjinkap was omtrent ses duim ingedruk, asof dit in 'n groot eikeboom vasgery het. Die ongelooflike deel was egter my stasiewa. Dit was van 'n dun, sagte metaal gemaak, so dun dat jy dit met jou elmboog kon druk. Die Buick het dit op die linker agterlig, wat van plastiek gemaak was, getref. Al wat op my Datsun sigbaar was, was 'n stukkie verf van die Buick se enjinkap wat ek met my duimnael van die lig afgekrap het. Ons kon net in verstomming voor die wonderwerk staan! Daar was nie 'n skrapie, duik of kraak aan my motor nie! Wat 'n wonderbaarlike God het ons nie! Hy het my ou motortjie, wat eintlik onder omstandighede afgeskryf moes gewees het, onskendbaar gemaak. God se versekering het my gered van die nodigheid aan wêreldse versekering.

Die bestuurder van die Buick se enigste woorde was: "Ek dink my remme het gefaal" waarna hy gemompel het: "vandag se motors is darem baie sterker as in die ou dae". Ek was nog besig om te dink hoe belaglik sy opmerking was, toe hy in sy Buick klim en wegry. Dis toe wat dit my tref dat ek so pas die mees geskikte geleentheid ooit om te getuig deur my vingers laat glip het. Ek het onmiddelik in my kar gespring en agter hom aangery. By 'n verkeerslig kon ek langs hom stop en gryp toe 'n paar traktaatjies uit my motor se paneelkissie. Ek het die gesprek begin en dit het naastenby soos

volg verloop: “Meneer, dit was ‘n wonderwerk”; “Dit moes wees”; “Ek het geen versekering op my voertuig nie en het op God vertrou om my motor te bewaar, en Hy het”; waarna die verkeerslig groen geword en hy gery het. Ek het sedertdien nooit weer enige versekering gehad om my familie, voertuie of my huis te dek nie, behalwe dit wat deur die wet voorgeskryf word. Volgens wet is ons verplig om versekering wat beserings en die voertuig van die ander persoon dek, te hê.

Daardie eerste wrak, of ten minste die gebrek aan ‘n motorwrak, was ‘n ongelooflike getuienis maar ons het Egipte nie daarmee geplunder soos met dié wat daarna gevolg het nie. God het nie ons voertuie of liggame noodwendig beskerm nie, maar elke keer wat ons in ‘n botsing was, is ons daardeur geseën. Hy het telkemale ons liggame genees en ons finansiële voordeel daaruit laat trek. Ons het nooit van ons kant af enige persoon gedagvaar nie, maar het uit die botsings soveel voordeel uit die ander party se versekering getrek dat ons voldoende fondse gehad het om ons in die posisie van voor die ongeluk te plaas en nog baie meer te doen: eerstens het ons ‘n motorfiets herstel en genoeg geld gehad om ‘n nuwe een ook te koop; ons het ‘n Toyota bakkie herstel wat in elk geval nuwe verf nodig gehad het en boonop \$1,500 oor gehad om in ons sak te steek; ons kon twee motors koop, een nuut; ons het ons huis gekoop; ons het motors gekoop en vir ander mense gegee; ons is in staat gestel om ons huis weg te gee; en ons kon ‘n woonwa koop vir ‘n hawelose vrou en haar seun. Ons het al hierdie voordele geniet sonder om ooit God se geld op versekering uit te gee, dis nou wat ek “plunder Egipte” noem. Ek hoor al klaar hoe iemand sê: “Maar David, wat as ...?” Wat as wat? My teenvraag is: “Wat as God Almagtig van Sy troon afval?” **“Want die Skrif sê: *Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.*” (Rom.10:11). “Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is.” (Jer.17:7).** Deur God se genade is dit nou amper 18 jaar laas wat een van ons voertuie in ‘n botsing beskadig is. Prys die Here!

God het nie daar opgehou werk nie. Ek was op ‘n stadium baie gefrustreerd toe ek met hierdie einste Datsun stasiewa gery het en drie pap wiele kort namekaar gekry het, dit met relatiewe nuwe bande. Die meeste mense sou by die vervaardiger gaan kla het, maar omdat ek glo dat God in beheer is, het ek my lot by Hom bekla.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Gefrustreerd het ek gevra: “Vader, kan U nie keer dat ek pap wiele kry nie?” Hy het my baie duidelik geantwoord: “Glo jy nie dat ek dit kan doen nie?” In my dommigheid antwoord ek toe: “Ja, natuurlik glo ek dat U dit kan doen”. En raai wat was Sy teenvraag? “Waarom sit jy dan elke keer die spaarwiel terug in die motor?” Wel, ek het die spaarwiel elke keer teruggesit na my band herstel is, omdat dit is wat mens doen en ek dit nog nooit bevraagteken het nie. Ek moet egter eerlik wees en erken dat die gedagte altyd daar was dat ek dit nodig mag hê in geval God nie my wiele bewaar nie! Ek probeer nie hiermee ‘n nuwe lering daarstel in verband met spaar onderdele nie; ek vertel net wat God my geleer het. Vrees en ongeloof beskerm ons teen gebrek, verlies of dreigemente. Dit is egter nie God se manier nie en weerhou jou van God se seën.

Omdat ons op versekering staatmaak eerder as op God, kry ons dit gewoonlik nodig. Jesus se opdragte aan Sy dissipels toe Hy hulle uitgestuur het was van so ‘n aard dat hulle moes leer om op geloof staat te maak. Hulle moes sonder eie voorsiening uitgaan sodat Hy Sy krag aan hulle kon toon wanneer hulle in nood was. **“Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of ‘n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd.” (Matt.10:9,10).** Later wou Jesus weet wat hulle geleer het deur op God se voorsiening staat te maak: **“En Hy sê vir hulle: Toe Ek julle uitgestuur het sonder beurs en reissak en skoene, het julle iets kortgekom? En hulle antwoord: Niks nie.” (Luk.22:35).** In die wildernis van menslike voorsiening was God se voorsiening aan hulle baie duidelik. God begin werk wanneer ons ophou werk; Sy krag word sigbaar wanneer ons swak is. Dit was ook my ondervinding met die pap wiele. Nadat ek my spaarwiel uit die motor gehaal het, het ek nooit weer ‘n pap wiel gehad in die tyd wat ek met die motor gery het nie. ‘n Verdere bonus was dat die bure wat my kar gereeld geleen het, dit ook nie meer gedoen het nie! Die les is dat wanneer jy voorsiening maak vir ‘n reëndag, jy een gaan kry! Ek het presies dieselfde ervaar met my volgende voertuig – geen pap wiele nie! ‘n Hele paar jaar later het ek besluit om die motor aan ‘n sendingstasie te skenk. Ek het die sleutel en registrasiedokumente in ons sitkamer aan die pastoor oorhandig en toe ons buite kom het die kar ‘n pap wiel gehad! God het Sy punt bewys! So lank as wat ek die motor besit het en op Hom vertrou het, was daar nooit ‘n pap wiel nie. Met

ander woorde, wanneer jy op God vertrou het jy nie versekering nodig nie.

Mense dien versekeringsmaatskappye, mediese fondse en banke en vergader skatte op aarde want hulle dink dit gee sekuriteit. **“Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;” (Matt.6:19).** Die paranoia tydens Y2K het duidelik bewys dat dié wat teen God se opdrag in vir hulle skatte op aarde bymekaar gemaak het, nie vertrou gehad het in dié menslike sisteem nie. ‘n Hele paar mense aan wie ek die beginsel uitgewys het, het huis toe gegaan om hul gestoorde voedsel weg te gee, net om te ontdek dat dit sleg geword het. Dit is presies wat Jesus bedoel het: **“waar diewe inbreek en steel.”** Jesus vertel in Lukas vir ons van ‘n man wat gemoedsrus gevind het toe hy sy skatte wat hy as sekuriteit bymekaar gemaak het, na groter skure kon oorplaas: **“Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.”** Sy misplaasde vertrou het ‘n oordeel oor hom gebring. **“Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis (Grieks: “hulle eis jou siel”); en wat jy gereed gemaak het, wie s’n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.” (Luk.12:18-21).** Let daarop dat dit sy opgegaarde skatte is wat sy siel geëis het. Jesus belowe ‘n ewige koninkryksvoorsiening aan hulle wat skatte in die hemel bymekaarmaak deur aan die wat nie het nie te voorsien. **“Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee. Verkoop julle besittings en gee almoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie (moenie opgaan nie), ‘n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie.” (Luk.12:32-34).** Solank as wat ons op hierdie aarde is, kan ons vanuit ons hemelse balans ‘n onttrekking maak wanneer ons dit ookal nodig het, indien ons daarin deponeer deur te gee aan hulle wat nodig het. **“Gee en aan julle sal gegee word.” (Luk.6:38).** Indien ons skatte op die aarde bymekaar gemaak het, is die belofte dat dit deur diewe gesteel gaan word, ongeag watter soort diewe. ‘n Mens se hart is by sy skat, en die skat word jou valse sekuriteit. **“Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.” (Luk.12:34).**

**“Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou.” (Ps.118:8).**  
**“So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm”**



*maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.*” (Jer.17:5). Die Woord is ondubbelsinnig. Versekering, die arm van die vlees, bring die vloek pleks daarvan om ons daarteen te beskerm. God neem aanstoot wanneer mense wat hulself gelowiges noem staat maak op menslike krag en versekering. Hy beskou dit as ‘n afvallige hart! In 2 Kronieke 16:1-6 het Asa, koning van Juda, sy vertrouwe geplaas in die koning van Aram vir beskerming teen sy vyande. Dit het God beledig en Hy het Sy vonnis gestuur. *“En in dié tyd het die siener Hanáni na Asa, die koning van Juda, gekom en aan hom gesê: Omdat u op die koning van Aram gesteun en nie op die HERE u God gesteun het nie, daarom het die leër van die koning van Aram uit u hand vrygeraak. Was die Kusiete en die Libiërs nie ‘n groot leërmag met buitengewoon baie strydwaens en perderuiters nie? En tog het Hy hulle in u hand gegee; omdat u op die HERE gesteun het; want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeel op Hom gerig is; hierin het u dwaas gehandel, want van nou af sal daar oorloë teen u wees.”* (2Kron.16:7-9). God is gretig om tekens en wonders te doen vir dié wat Hom met ‘n perfekte hart dien. ‘n Mens sou dink dat Asa ‘n les hieruit sou leer, maar sy vertrouwe in die mensdom het hom sy lewe gekos, net soos dit vandag met baie mense gebeur. *“En in die negen-en-dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere. En Asa het ontslaap met sy vaders en gesterwe in die een-en-veertigste jaar van sy regering.”* (vers 12,13).

Christene regverdig hul misplaaste vertrouwe in menslike versekering, sonder dat hulle besef dat dit die oorsaak van hulle oordeel is. Ek en Melvin Jenkins moes vir Exxon gaan werk aan ‘n groot ru-olie pomp. Die produksiespan het die pomp reeds blokkeer en gedreineer, of so het ons gedink. Wat ons nie geweet het nie was dat die meter wat die druk gemeet het, foutiewelik “0” gelees het en die dreineringsklep, alhoewel oop, geblokkeer was. Daar was dus nog ‘n bietjie druk in die pomp. Ons moes die kopplaat verwyder, maar nadat ons die boute losgemaak en afgehaal het, het die kopplaat bly vassit. Ek het ‘n paar tree terug geneem om iets te kry om dit los te maak toe ek ‘n luide “plof” geluid hoor. Toe ek omdraai sien ek Melvin van kop tot tone deurdrenk met swart ru-olie. Toe hy sy oë oopmaak het hy sarkasties gesê: “Dave, jy het dit gedoen.” Ek kon nie help om uit te bars van die lag nie. Net die gedagte dat ek op die nippertjie weggetreë het en Melvin die volle skoot olie gekry, was tog te snaaks vir my. Hy het baie ernstig probeer klink en sê toe: “Dave,

jy gaan dit nooit weer aan my doen nie”. My reaksie was: “Melvin, jy moenie te seker wees van jou saak nie. Jy weet God hoor jou.” Hy herhaal toe sy woorde en sê: “Vat my badkamer toe. Ek het ‘n spaar stel klere”. My reaksie daarop was “O, nou weet ek waarom jy die skoot gekry het en nie ek nie”. Hy vra toe hoekom en my antwoord was eenvoudig: “Want ek het nie ‘n spaar stel klere gebring nie en God weet dit.” Hy het baie nuuskierig na my gekyk. Ek verduidelik toe dat, om vir ‘n katastrofe te voorsien, is net so goed as om te glo dat dit gaan gebeur. Dit bewys ook dat jy nie geloof het dat God sal voorsien en jou beskerm nie. Later daardie dag het ons op ‘n tweede pomp gewerk. Melvin was langs my terwyl ons ‘n moersleutel gebruik het om van die boute los te maak. Skielik het slyk uit een van die gate waar ‘n bout was, gespuit en Melvin reg voor sy bors getref. Ek was weereens skotvry! Hy kon net in ongeloof na my kyk. Ek het grappenderwys aan hom gesê: “Melvin, ek het vir jou gesê God hou nie van selfversekerde aanmerkings nie”, maar ons het albei geweet God praat met ons deur hierdie insidente. Ons kon nie onthou dat dit ooit vantevore met ons gebeur het nie, nog minder twee keer op een dag!

## HOOFSTUK 19

### God se Soewereine Voorsiening

***“omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.” (Jak.1:3,4)***

Die kinders van Israel het God kwaad gemaak en Sy krag om in die woestyn te voorsien bevraagteken. In **Ps.78:19-22** vra hulle: ***“Sou God ‘n tafel kan dek in die woestyn?”*** Die antwoord was: ***“Kyk, Hy het die rots geslaan, dat waters gevloei en spruite gestroom het - ...”***. Dit is domastrant om God se krag tot voorsiening te bevraagteken as Hy ‘n stroom water uit ‘n rots kan voortbring! Hy kan enigiets op enige plek voorsien. Die Israeliete het egter nie keer aan hulle gehad nie: ***“...sou Hy ook brood kan gee of vleis kan verskaf aan sy volk?”*** Komende van die mense wat veronderstel was om in Hom te glo het dit God se toorn laat ontvlam ***“...omdat hulle in God nie geglo en op sy hulp nie vertrou het nie”***. Vriende, God wil hê ons moet glo dat Hy ons kan red. In hierdie geval is Sy redding om in ons daaglikse behoeftes te voorsien. As Hy Petrus se belasting kon betaal deur die geld uit ‘n vis se bek te haal, of water uit ‘n rots kan voortbring, kan Hy dit waaraan ons gebrek ly, voorsien, ongeag wat dit is. Maar hulle het ***“My versoek, My beproef”*** al het hulle ***“my werke veertig jaar lank gesien” (Heb.3:8,9)***. En al wat hulle moes doen was om hulle geloof te meng met God se beloftes van voorsiening (Heb.3:6; 4:2,3). God beskou ‘n ongelowige hart as boos (Heb.3:12)!

Ons het vroeg op ons pad van dissipelskap reeds geleer om op God te vertrou om in al ons behoeftes te voorsien. Toe ons dus van ‘n deelydse na ‘n voltydse bediening oorgeskakel het, was dit klaar deel van ons daaglikse lewenstyl en nie moeilik om vol te hou nie. Ons het nooit ***“offergawes gekollekteer nie*** (wat ‘n oksimoron is); vir enigiemand van enige behoefte vertel nie; “gee-jou-tiendes” dienste gehou; geld geleen; vir staatstoelaes aansoek gedoen of iewers gewerk om ons inkomste aan te vul nie. Ek sê dit nie om te spog nie, maar om te wys dat God in al ons behoeftes kon voorsien sonder om enige van bogenoemde maniere te gebruik. Ek moes soos

Paulus self eers die pad loop sodat ek kon kwalifiseer om te kan getuig en onderrig te gee: **“Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie – om die heidene tot gehoorsaamheid te bring, met woord en daad, deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illirikum” (Rom.15:18,19).** Die Here het jare gelede vir my gesê: **“Ek stuur jou deur ‘n woestyn sodat jy aan al my mense kan vertel dat Ek steeds in die woestyn voorsien.”** Nodeloos om te sê dat wanneer mens so leef daar baie geleenthede is om God se beloftes te toets. God wou gehad het dat ek uit persoonlike ondervinding met oortuiging aan ander kan sê dat ons soewereine God kan **“...elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus” (Filip.4:19)** en dit nie nodig is om manipulerend op te tree soos die Christendom dikwels doen nie. Jesus se woorde was: **“Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee” (Matt.10:8).** Ons het slegs ontvang wat God aan ons gestuur het deur mense met wie Hy persoonlik gepraat het. Ek sal hierdie woestyn-ondervindings wat ons gehad het vir niks in die wêreld verruil nie; ons Vader het so ‘n onuitwisbare indruk op my gemaak! Ons het getrou in Sy diens gewerk en Sy Woord beloof: **“die arbeider is sy loon werd.” (Luk.10:7).** My salaris kom van Hom af en dit beskerm my teen manipulerende optredes van ander mense.

Strewe daarna om altyd in Sy Wil te lewe; ek het byvoorbeeld ontdek dat daar voordele is in die wete dat God jou gestuur het. Omtrent twee jaar nadat ons in opdrag van die Here Pensacola toe getrek het, het ons ‘n wonderlike ondervinding gehad. Daar was nie ‘n krummel in ons huis om te eet nie en my vrou vra my toe wat haar te doen staan. My antwoord aan haar was: “Dek die tafel in geloof”. So gesê so gedaan en ons gesin van sewe het gaan aansit by die leë borde. Ek het op my eenvoudige manier gebid, net soos altyd. Ek is oortuig daarvan dat God die woorde in my mond gelê het. My gebed was: “Vader, U het ons hierheen gestuur en ek vra U nou om of ons borde of ons mae te vul.” My oudste seun het direk na die gebed iets gesê wat hy nog nooit vantevore kwyd geraak het nie: “Pa, ek is versadig, ek het nie kos nodig nie”, en daarmee opgestaan en homself verskoon. Ek het begin rondkyk na die ander om die tafel en een vir een het hulle begin om saam te stem. Ek was so onkant gevang deur wat hulle gesê het dat dit my ‘n paar minute geneem het om te beseef dat ek self ook versadig was. Prys ons Vader. God kan

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

voedsel in jou maag sit sonder dat jy dit geëet het. Sy naam is *Jehovah Jireh* wat beteken “Ek is die Voorsiener”!

Ek wil glad nie die indruk skep dat ons voortdurend in onsekerheid geleef het nie, want God het in oorvloed voorsien. Sy krag word egter net volbring wanneer ons in ‘n posisie van swakheid is! My kinders was net een keer in hulle lewens verplig gewees om te vas en juis daardie voorval het in ‘n wonderwerk geëindig! Ek het nie altyd die geloof gehad wat ek vandag het nie. Ek het baie meer beredeneerd as instinktief opgetree. My resep was om eerstens te bid: **“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang en julle sal dit verkry” (Mark.11:24)**. Let wel, die korrekte vertaling moet die verlede tyd aandui. [NNT: **“Therefore I say unto you, All things whatever ye pray and ask for, believe that ye received them, and ye shall have them.”**] Dan het ek geglo dat ek reeds ontvang het en geen ander gedagte toegelaat nie. Mettertyd het ek meer instinktief opgetree en was dit nie meer nodig om so hard te werk om nie tussen twee gedagtes rond te val nie. Wanneer mens se geloof deur beproewing getoets word, leer mens geduld aan en wanneer geduld verwerklik word, kom jy niks kort nie. **“Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.” (Jak.1:2-4)**.

Daar was ook ‘n ander geleentheid wat ons min kos in die huis gehad het. Mary het ‘n groot pot pasta gemaak en nadat ek die seën daarvoor uitgespreek het, het ons almal weggeleë en genoeg geëet. Daar was omtrent ‘n derde van die pasta oor en dit het ons in die yskas gebêre. Ek het langs Mary gestaan toe sy dit die volgende dag uithaal om op te warm vir ete. Toe sy die deksel afhaal het ons saam in die pot geloer en daarna vir mekaar gekyk. Ek het ons verbasing uitgespreek: “Die pasta was gister net tot hier”, en my vinger op die kant van die pot gedruk. “Ja, ek weet.” het Mary gesê. Ons was met ontsag gevul oor God se krag en goedheid. Die pot was weer vol pasta. Ons soewereine God vermeerder voedsel. Daar is geen plek in die woestyn waar God nie kan voorsien nie.

Daar is soveel gevalle waar God in ons behoeftes voorsien het. My jongste kind, Jennifer, het by Mary gekla dat haar broer, Nathan, die

laaste pakkie skyfies gevat het toe hy gaan kamp het. Mary het haar sagkens weggestoot en gesê sy moet gaan en die Here vra vir skyfies. Terwyl sy besig was om te bid het die voordeurklokkie gelui. Jennifer het dadelik van blydschap gegil en uitgeroep: “Dit is hier, dit is al klaar hier!” Mary het nie geweet wie by die voordeur is nie en haar vinnig stilgemaak. Dit was een van die bure wat ‘n oondpan teruggebring het. Mary het ‘n paar dae tevore mieliebrood gebak en vir hulle een daarin gegee. Hy het die pan wat met foelie toegemaak was in Jennifer se hande gesit. Raai wat was onder die foelie? Dis reg, ‘n pak skyfies! Die man het twee blokke van ons af gewoon en was reeds op pad na ons toe met die skyfies toe Jennifer by Mary gekla het. Ons soewereine God het geantwoord nog voordat sy gevra het!

God voorsien in alle behoeftes. Jennifer het vir Mary gevra of ons ‘n nuwe swembadjie kon kry, aangesien ons oue stukkend was. Mary het haar na my toe gestuur met ‘n katalogus vol swembaddens. My woorde aan haar was: “Jenny, jy weet mos waar ons ons goed vandaan kry. Kom ons vra die Here.” Ons het gebid en saamgestem dat God vir haar ‘n swembad sou stuur. Omtrent ‘n week later het ‘n ou dame wat vier blokke van ons af gewoon het, aan die deur geklop. Sy was op soek na twee seuns wat haar gras vir haar gesny het. Nathan het haar stem herken en voordeur toe gekom. Toe sy hom sien, sê sy: “Ah, ek het die regte huis gekry. Ek wil graag ‘n voorstel aan julle maak. Ek het ‘n swembad wat ek vir julle wil gee as julle my grasperk ‘n paar keer vir my sal kom sny.” Die seuns het dadelik daartoe ingestem. Die swembad was 3 voet hoog en 12 voet lank met ‘n sandfilter, leer en pomp en dit was boonop splinternuut! Sy het dit gekoop om oefeninge in te doen maar het intussen daarteen besluit. Ons soewereine God het selfs swembaddens wat net om die hoek wag dat jy daarvoor moet bid.

Eenkeer, in ons eie, persoonlike wildernis, het ek besluit om tamaties te plant. Die insekte en voëls het egter oorlog verklaar teen my projek met die gevolg dat die hele oes ‘n mislukking was. Die Vader sê toe aan my dat Hy my nie geroep het om tamaties te kweek nie en dat ek my tyd eerder moes gebruik vir dit waarvoor Hy my geroep het. ‘n Paar dae daarna het ‘n dame wat glad nie van my mislukte tamatietuin geweet het nie tamaties gaan pluk op ‘n naburige plaas. Op die ingewing van die oomblik besluit sy toe om vir ons ook te

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

pluk. Daar kry ek toe twee sakke vol van die mooiste tamaties wat ek nog ooit gesien het. Toe ek dit met my ou klein kersietamaties vergelyk het, het ek besef dat God nie my hulp nodig het nie.

Ek en Mary het een oggend gebed en ons geloof voor God saamgevoeg dat Hy sou voorsien in ons behoefte aan vleis, mayonnaise en kaas. Ons het die behoefte teenoor niemand anders uitgespreek nie. Daardie aand het 'n dame vir ons 'n gelling mayonnaise en 'n kalkoen gebring. Sy sou uitstendig wees vir 'n tydjie en wou die kos nie vermors nie. Iemand anders het die kaas gebring. Ons mag spesifiek wees wanneer ons ons behoeftes aan God bekend maak. Hy sal vir ons 'n tafel in die wildernis voorberei!

My kinders wou graag in die bos nie vêr van die huis nie, gaan kamp. Ek het hulle probeer oorreed om nie te gaan nie en die verskoning gebruik dat daar geen vuurmaakhout was nie en dat dit nie reg was om iemand anders se bome af te kap nie. God het my egter my woorde van ongeloof laat sluk. Hy sal in jou behoeftes voorsien, ongeag waar jy is. Nadat ons die tent opgeslaan het, het ek die kinders gestuur om hout te gaan soek. Al wat hulle kon kry was vrot hout en bas, nie bruikbaar om 'n vuur aan te pak nie. Daar was wel 'n boom naby ons tent wat omgeval het, maar ons het nie 'n saag gehad om dit mee op te saag nie. Terwyl ek daaroor tob, het ek so 20 tot 30 voet in 'n reguit lyn van ons tente af wegbeweeg. Ek sien toe 'n houpie wat met blare bedek is. Ek het liggies met my voet daarteen geskop en iets hards gevoel. Toe ek die blare wegvee vind ek 'n kussingsloop met God se voorsiening binne-in. 'n Feitlik splinternuwe Husqvarna bandsaag, presies die soort waarvan ek hou! My eerste gedagte was: "Sal dit nie wonderlik wees as ek dit aan die gang kan kry nie." Natuurlik het die enjin dadelik gedraai toe ek die koord trek, God het dit dan daar gesit vir ons om te gebruik. Dit moes 'n geruime tyd daar gelê het want die blare wat bo-op was het baie natuurlik gelyk, duidelik nie bymekaar gekrap nie. Ai, die soewereiniteit van God wat dit in my geplaas het om reguit na Sy voorafbeplande voorsiening te loop. Ons het die omgevalde boom opgesaag en sommer vir die volgende kampeerder ook hout gelos. Ek het berou gehad en moes van gedagte verander: God kan voorsien in daardie woestyn!

My seuns vertel my toe dat hulle 'n seun ken wat dikwels in die bos kampeer en dat hulle oortuig was dat hy die saag gesteel het. Ek het die saag aan die polisie gegee en hulle het gesê dat as niemand dit binne 90 dae opeis nie, hulle dit vir my sou gee. Alhoewel ek dit nie eintlik nodig gehad het nie, het ek dit na 90 dae gaan opeis. Net daarna het ek 'n water-en elektrisiteitsrekening gekry maar het nie geld gehad om dit te betaal nie. Ons Vader het my herinner aan die saag. Ek het 'n klein plaaslike winkeltjie gekontak en die eienaar van die saag vertel. Nog voordat ek kon vra of hy dalk iemand ken wat sou belangstel om dit te koop, sê hy vir my: "Bring die saag dadelik, ek gee jou \$100 daarvoor. Ek het my rekening gaan betaal en so verhoed dat dit agterstallig raak. God het my twee keer gered met daardie saag. Dit is ook die enigste keer wat ek iets moes verkoop om 'n rekening te betaal. Dankie Vader!

Eenkeer, terwyl ons op reis was om die Evangelie te verkondig, het ons gesien hoe daar bolle rook agter uit die motor uitkom. Dit was nog 'n relatiewe nuwe voertuig. Op die oliemeter kon ek sien dat dit baie olie gebruik het, amper 'n halwe gelling binne 50 myl! Ek het al die gewone goed nagegaan en kon niks foutief kry nie. Die slotsom was dat die olieringe gebreek het. Ons het nie die tyd of die geld gehad om die enjin oor te laat doen nie en het aangery, maar moes verskeie kere stop om die olie aan te vul. Na die soveelste keer het ek die ringe in die Naam van Jesus beveel om reg te werk. Ons het daarna baie verder gery voordat ons weer moes olie ingooi en daarna het dit heeltemal opgehou om olie te gebruik. Eer aan God! Sy krag is weereens in ons swakheid volbring omdat ons geglo het. ***"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlijkheid deur Jesus Christus."* (Filip.4:19).**

Een dag terwyl ek oppad was om pos te gaan uithaal, het ek onthou dat ons daardie maand minder as die nodige offerhande ontvang het. As ek 'n paar vinnige optelsommetjies gedoen het, sou ek by 'n tekort van \$200 uitgekom het. Terwyl ek geloop het, het ek God gevra om dit in die posbus te plaas. Hy antwoord mos voordat ons vra, nie waar nie? Die voorsiening moes twee of drie dae voordat ek gevra het, reeds oppad gewees het want ja, daar was 'n \$200 wissel in die posbus, komende van 'n anonieme persoon. Alhoewel ons selde offerhande in die pos ontvang, het God weer eens betyds voorsien.



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Daar was tye wat ons groter bedrae geld benodig het. Aangesien ons nie skatte op aarde bymekaar gemaak het en ons beursies nie oud geword het nie, moes dit manna uit die hemel wees. Ons het eenkeer die behoefte gehad om veranderinge aan die huis aan te bring en vir Deborah, ons oudste dogter, 'n goeie motor te koop. Ons het binne 'n maand nadat ons daarvoor gebid het, \$16 000 uit 'n onverwagte oord ontvang. God het ons nog nooit in die steek gelaat nie, ongeag wat ons nodig gehad het.

Een rede waarom daar in Christelike kringe soveel klem gelê word op beleggings, koop, verkoop en spaar, is oor die gebrek aan begrip vir die ware ekonomie soos wat God dit vir Sy kinders bestem het. God se ekonomie is een van gee en ontvang. Jesus het gewaarsku dat in die laaste dae dinge gaan gebeur: “. . . **Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het...gekooop en verkoop.... en almal is vernietig**” (Luk.17:28-30). Jesus was duidelik nie ten gunste van koop en verkoop nie. “**En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag ...**” (Matt.21:12). Hoekom wou Jesus nie hê dat Sy kinders moes koop en verkoop nie? Ek glo Hy het 'n weersin in hulle optrede gehad omdat dit die goddelike natuur van gee en ontvang in Sy mense vervang het. Jesus het ons beveel om te “**gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.**” (Luk.6:38). Hy bied 'n beloning aan vir dié wat gee, maar nie vir dié wat verkoop nie. 'n Geleentheid om te gee is ook 'n geleentheid om dubbel dit wat ons gegee het, terug te ontvang. Daar is tye wanneer ons geld te min is vir dit wat ons moet aankoop of doen. Die Woord leer ons dat ons geld vermeerder wanneer ons dit weggee! Dit beteken jy moenie jou geld spaar of belê totdat jy genoeg het nie, jy moet dit weggee! Ek was dikwels in sulke situasies: ek gee die geld wat ek nodig het om my rekeninge te betaal weg, net om dit uit 'n ander bron in oorfloed terug te ontvang. Dit het al selfs op dieselfde dag terug gekom. Curt Bryan is 'n broer wat ook so lewe. Hy het vele bydraes tot ons bediening gemaak ten koste van homself. Hy kan daarom ook getuig dat hy verskeie kere tjeks uitgeskryf het om rekeninge te betaal sonder dat daar genoegsame fondse in sy bankrekening was, in volle geloof dat God sou voorsien. Elke keer wanneer hy op hierdie wyse sy geloof in God bewys het, het God dit geëer. Sy besigheid was aangewese op deurlooptkliente en hy kon dus nie 'n akkurate kontantvloei uitwerk

nie. Wanneer die nood egter daar was, sou daar 'n toename wees in die hoeveelheid mense wat by sy winkel instap of iemand sou vir hom 'n ruimhartige fooi gee.

***“Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.” (2Kor.9:6).*** ‘n Geleentheid om te gee, kan ook ‘n geleentheid wees om op te gaar of om dit self te gebruik. Ons kan alleenlik oes in die mate waarin ons saai. God vermenigvuldig dit wat ons saai, nie om ons ryk te maak nie, maar om ons te gebruik as kanale waardeur Hy behoeftiges seën. Hy vermenigvuldig ons saad sodat ons meer kan saai, nie om weg te bêre nie. ***“En mag Hy wat saad verskaf aan die saaiers, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem,” (vers 10).*** God se belofte aan hulle wat getrou gee, is hier: ***“En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.” (vers 8).*** Hierdie is die kragtigste, mees allesomvattende belofte van voorsiening in die hele Skrif. In teenstelling hiermee sal hy wat op sy saad sit of dit self eet, nie ‘n ander keuse hê as om te belê, te koop, te verkoop en/of te spaar soos die res van die wêreld nie, omdat hy ongehoorsaam is aan God se Woord en geen geloof het nie. Dit is waar die handelaars van Babilon is. Dit is hulle wat ***“die huis van my Vader ‘n handelshuis maak” (Joh.2:16)*** wanneer hulle die Woord van God verkwansel vir 'n inkomste, soos die res van die wêreld. Die verkoop van boeke, DVDs, snuisterye, etes en toere is die manier van die wêreld en vir dié wie se God armoedig is. ***“Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie;” (2Kor.2:17).*** Hoekom sal enige persoon wat glo ***“En my God sal elke behoefte van julle vervul” (Filip.4:19),*** nodig hê om goed te verkwansel vir 'n inkomste? Wanneer God stuur, voorsien Hy. Wanneer Hy nie bonatuurlik voorsien nie, moet mense hul wend tot ander opsies om hul “eie bediening” te finansier.

'n Ander taktiek wat dikwels gebruik word vir befondsing is om God se kinders onder die wet te plaas. Dit terwyl die Skrif duidelik sê om te gee is nie ***“uit dwang nie.”*** ***“Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, (nie soos die Wet voorskryf nie) nie met droefheid of uit dwang nie (nie soos die Wet voorskryf nie), want God het ‘n blymoedige gewer lief.” (2Kor.9:7)*** In die Nuwe Testament wil God 'n offergawe uit die hart hê van hulle wat uit Sy Gees gebore is. God het die Ou Testamentiese Wet vir fisiese Israel gemaak, nie vir die Kerk nie.

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Indien 'n leerstelling soos die gee van tiendes nie in die Nuwe Testament voorkom nie, dan was dit nie met ons gemaak nie! Jesus bestraf hulle wat onder die Wette van die Ou Testament leef en sê: ***“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.” (Matt.23:23); [NNT: “...but these ye ought to have done (verlede tyd), and not to have left those.”]*** Jesus sê hier baie duidelik dat om tiendes te gee deel van die Wet was en dat dit verbygegaan het. Sommige mense argumenteer dat die gee van tiendes voor die Wet reeds ingestel was. Dit is dalk so, maar dit geld ook vir die besnydenis en die offer van diere, wat wel ingesluit is in die Wet. Ons is nie meer onder die Wet nie en dus nie verplig om dit te doen nie. Paulus sê ook die gee van tiendes is deel van die Wet. ***“Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel ‘n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het” (Heb.7:5).*** Daar is geen Nuwe Testamentiese bevel of versoek om tiendes te gee nie want ons is nie meer bestuurders/rentmeesters van tien persent nie, maar van honderd persent!

In die Ou Testamentiese bedeling was mens negentig persent eienaar en tien persent bestuurder. Jesus leer ons egter in die Nuwe Testament dat ons ook moet afstand doen van die negentig persent eienaarskap, want anders kan ons nie Sy dissipels wees nie. ***“So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.” (Luk.14:33).*** “Al” in hierdie sin beteken “alle besittings, regte en wil.” In die Nuwe Testament is ons óf bestuurders van alles óf ons is diewe. Die arm weduwee wat twee pennings gegee het, het Jesus se aandag getrek; die ryk Fariseërs wat hul tiendes gegee het, het nie. God maak Sy somme deur te kyk na wat jy opoffer deur te gee en wat jy daarna oor het, nie na hoeveel jy gee nie. Die weduwee het mildelik gesaai, sy het nie net gegee soos deur die Wet voorgeskryf nie. Volgens 2Kor.9:8 het sy ***“alle genade...”*** en ***“in alle opsigte volop”*** terug ontvang vir die offer wat sy gegee het. Wanneer jy gee, moet jy gehoorsaam wees aan die Nuwe Testamentiese opdrag, nie die Wet nie, dan sal jy geseënd wees. Die wat onder die Wet leef kom nie in aanmerking vir enige van die bogenoemde beloftes van seën nie. Wanneer ons ongehoorsaam is aan 'n Nuwe Testamentiese opdrag om sodoende gehoorsaam te kan wees aan die Wet, is ons verplig

om die hele Wet te onderhou om regverdig voor God te kan staan: **“Want *almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*” (Gal.3:10).**

Ons word losgemaak van Christus wanneer ons na die Wet luister en dit gehoorsaam in plaas van om Hom gehoorsaam te wees. **“Julle wat *geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.*” (Gal.5:4).** Kyk na die volgende opdragte: **“Maar wie die goed van die wêreld het en *sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?*” (1Joh.3:17).** **“Maar gee aan *elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie.*” (Luk.6:30).** Baie mense ignoreer ons Vader se opdrag dat ons na die behoeftiges moet omsien omdat hulle die wet van **“bring die hele tiende na die skathuis” (Mal.3:10),** onderhou. Natuurlik vertel elke godsdienstige instelling aan sy mense dat hulle die Nuwe Testamentiese skathuis is. Verkeerd! Die skathuis was in die tempel (1Kon.7:51; Mark.12:35,41) en God se kinders is die tempel. Jesus gaan wanneer Hy terugkom vir ons vra wat ons vir die geringstes van sy broers gedoen het, en nie of ons wettiese godsdienstige koninkryke ondersteun het nie. Baie sal weggewys word omdat hulle ongehoorsaam was. **“Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.” (Matt.25:44-46).** Al die mooi geboue sal brand, maar die tempel wat sonder hande gebou is, sal vir ewig wees. Ondersteun dit.

## HOOFSTUK 20

### Geestelike of Vleeslike Heerskappy

***“As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydzaamheid en die geloof van die heiliges.” (Openb.13:10)***

Die heerskappy wat Jesus in Sy koninkryk uitgeoefen het, is nie die soort heerskappy waarna sommige smag en wat vals godsdiensteleiers het, wat die mens eerder as God vereer nie. Jesus het Satan se aanbod verwerp om 'n wêreldse koning te wees wat as 'n fisiese mens op aarde regeer. Die Fariseërs en die Saduseërs het vleeslik, met ander woorde fisies, oor die mense van God regeer. In Jesus se leringe op aarde het Hy die mense beveel om nie hul voorbeeld na te volg nie, maar wel om aan hulle gehoorsaam te wees omdat hulle Moses opgevolg het. Vandag se kerke kry hulle owerheidsgesag baie op dieselfde manier as wat die Fariseërs en Saduseërs dit gekry het. Jesus se heerskappy was anders. Hy het mag uitgeoefen oor die vloek en oor Satan se koninkryk. Hy het Satan se werk in Sy kinders se lewens vernietig. Jesus het geestelike outoriteit gehad en die mense het Hom vrywilliglik gevolg omdat die Vader hulle getrek het, nie omdat die Wet hulle veroordeel het nie. Geestelike outoriteit was noodsaaklik om geestelik en liggaamlik gevoed, genees en bevry te word.

Die tipe heerskappy van die afvallige godsdiensteleiers was en is nog altyd anders. Die dissipels het nie hierdie vleeslike outoriteit teëgestaan nie, maar wel hul geestelike outoriteit, wanneer dit belangrik was. ***“Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.” (Hand.5:29)***. Toe Petrus probeer om fisiese outoriteit met sy swaard af te dwing, ***“...sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.” (Matt.26:52)***. Om dan te wys dat Sy geestelike outoriteit die fisiese kan oorheers wanneer dit nodig is, het Jesus gevra: ***“Of dink jy dat Ek nie nou My Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?” (Matt.26:53)***.

Iemand met een engel, ek praat nie eers van twaalf legioene van engele nie, het nie 'n nietige swaard nodig om homself te verdedig nie! Een engel het 185 000 manne gedood om Sion te verdedig. Jesus verduidelik deur te vra: ***“Hoe sou die skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur?” (Matt.26:54)***. Die punt is dat indien Hy engele sou roep om Sy vlees te beskerm, dit nie gekruisig sou word nie. Wanneer jy die vlees nie beskerm nie, kruisig jy dit - 'n goeie beginsel om toe te pas vir die van ons wat ook wil sterf. Volgens tipe verwys kruisiging nie na die fisiese dood van die liggaam nie, maar na die afsterwe van die ou natuur/oue mens: “...dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer” (Rom.12:1). Die liggaam is dood omdat dit nie meer 'n wil en regte van sy eie nie, maar toegewy is aan die diens van God. Soos Jesus Sy vlees letterlik opgeoffer het, offer ons die vlees van die ou mens of ou natuur op terwyl ons lewe.

Jesus waarsku diegene wat hulself met fisiese krag probeer beskerm dat hul geloof te min is en hulle daarom doodgemaak sal word. ***“As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.” (Openb.13:10)***. Dit is ook duidelik dat die swaard niemand sal red as hy gevangenskap nodig het om gekruisig te word nie. Inteendeel, die gebruik van 'n swaard sal oordeel oor hom bring. ***“Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.” (Joh.18:36)***. Dié wat ongehoorsaam is aan die Woord en teen vlees en bloed veg, veg vir die fisiese wêreld, nie vir God se koninkryk nie. Hulle probeer om fisiese outoriteit uit te oefen.

Jesus het geheers om God se skepping te red. Hy het nie Sy outoriteit gebruik om diegene wat Hom fisies wou kruisig te keer nie en Hy is ons voorbeeld. Ons ervaar baie dinge in die lewe om ons vlees te laat sterwe; dit is waarvoor die wêreld geskep is. Ons moet geheilig word deur die afsterf van die oue mens, die vlees. Wanneer die wêreld rondom ons ons geestelik kruisig deur beledigings, beserings, vervolging, laster en kwaadpraterij, of wat ookal, moet ons saamwerk en die ander wang draai. Ons het die outoriteit ontvang om te kan red, genees, bevry en voorsien EN DIE EIE EK TE KRUISIG. Wanneer jy hierdie heerskappy uitoefen, laat jy God toe

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

om Sy soewereiniteit deur jou te laat werk. Jesus het Sy heerskappy beoefen, maar wanneer dit by mense kom wat goddeloos opgetree het, het Hy die ander wang gedraai. Terwyl die wêreld Hom gekruisig het, nog voordat Hy fisies gekruisig is, het Hy reeds geestelike heerskappy uitgeoefen en Sy kinders daardeur verlos van die vloek. Dit is soms moeilik om te onderskei wanneer om hierdie heerskappy uit te oefen en wanneer nie. Kyk so daarna: net soos Jesus nie iets gedoen het om Sy fisiese lewe te red nie, het ons het nie die outoriteit om ons ou mens, die vleeslike, te red nie. Ons wil mos nie graag ons ou lewe behou nie? Ons wil 'n nuwe lewe in Christus hê. Jesus sê dat as ons nie ons ou lewe verloor nie kan ons nie 'n nuwe lewe in Hom kry nie. Ons outoriteit om te heers is dieselfde as wat Jesus gehad het.

Hierdie heerskappy is aan ons gegee nie sodat ons ryk kan word nie, maar om ons in staat te stel om God se Wil te doen. God het vir my 'n kar en huis verniet gegee, sodat ek Sy Wil kon doen. ***“En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Jesus Christus.” (Filip.4:19).*** Wanneer die mens in goddelike heerskappy leef, word hy nie deur fisiese begeerlikhede gedryf nie. Fisiese begeerlikhede moedig die vlees aan om te leef en bring 'n valse, wêreldse voorspoed. ***“Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang” (1Tim.6:8,9).*** Hier is 'n belofte aan hulle wat nie tevrede is met wat hulle het nie en die dinge van die wêreld liefhet. Hulle sal deur hulle begeertes gedryf en beheer word en dit sal vir hulle net so onmoontlik wees om in die koninkryk in te gaan as wat dit vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te gaan (Matt.19:24-26).

Jesus het nie toegelaat dat Sy vlees hom beheer toe Hy na die kruis geneem is nie. Hy het in Getsémané gebid en gesê: ***“Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!” (Luk.22:42).*** Hy het hulle outoriteit gegee om Sy vlees te kruisig. Toe Jesus in die Tuin van Getsémané met die wat Hom kom gevange neem praat ***“het hulle agteruitgegaan en op die grond geval.” (Joh.18:6).*** As Hy Sy lewe wou red of vir tyd wou speel voor Hy gekruisig word, kon Hy hulle stop, maar Hy wou nie. In ***Joh.10:18*** sê Jesus van Sy lewe: ***“Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.”*** Jesus het 'n paar keer

tussen mense deur beweeg (Hy is waarskynlik bonatuurlik na 'n ander plek geneem) sonder dat hulle Hom kon vang omdat dit nog nie Sy bestemde tyd was om te sterf nie. (Luk.4:30). God het aan Jesus outoriteit gegee om dié kinders van God wat glo te red en om Satan se koninkryk te vernietig. Ons vlees (die oue mens) is deel van Satan se koninkryk **“omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” (Rom.8:7)**. Die boek Ester is nie net 'n letterlike ware verhaal nie, maar ook 'n profetiese gelykenis. Haman (die dier) het outoriteit van die koning (God) ontvang om God se volk uit te roei terwyl aan Ester (die bruid) outoriteit gegee is om God se volk te red. Die dier en die bruid het dus outoriteit van dieselfde koning op dieselfde tydstip ontvang, maar opponerend van aard. As 'n skadubeeld het die dier outoriteit gekry om die oue mens, ons vleeslike natuur, te kruisig terwyl die bruid die outoriteit gegee is om die nuwe mens, ons geestelike natuur, tot lewe te bring. Net soos die koning se outoriteit op geen vlak ongeldig verklaar kon word nie, kan ons ook nie God se outoriteit ongeldig verklaar nie. Die dier se huis (koninkryk) word aan die einde aan die bruid gegee om outoriteit oor te hê. **“Op dieselfde dag het koning Ahasvéros aan koningin Ester die huis gegee van Haman, die teëstander van die Jode;” (Ester 8:1)**.

Daar gaan 'n tyd gaan aanbreek wanneer God nie langer genade aan die heidene gaan betoon nie maar dit gaan teruggee aan Israel. Op daardie stadium sal Hy Christene toelaat om outoriteit uit te oefen oor die mense wat hulle wil doodmaak. **“En as iemand die Christene wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand die Christene wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.** Die Christene **het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle (die Christene se) profesie geen reën val nie; en die Christene het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels as hulle (die Christene) wil.” (Openb.11:5,6)**. Van dan af tot aan die einde sal God se outoriteit sigbaar wees in Sy kinders en hulle gaan dit gebruik om die dier se koninkryk te vernietig tot die wêreld God se koninkryk word en Hy beheer neem daarvoor. **“En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” (Openb.11:15)**. Daar is 'n verskil wanneer beheer persoonlik uitgeoefen word en wanneer volmag daarvoor aan iemand gegee is. God



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

regeer, maar op hierdie stadium gebruik Hy instrumente van oneer daarvoor. ***“Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlijkheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlijkheid, ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?”*** (Rom.9:21-24). Die tyd kom nader wat Hy persoonlik beheer gaan neem in en deur Sy heiliges wat glo. As geestelike kinders van Jesus Christus is hierdie heerskappy ons eiendom, maar ons groei deur genade tot ons dit bereik.

Ons heerskappy begin hier waar ons in ons leerskool is maar hou aan tot in ewigheid. Hier leer God ons hoe om onder Hom oor Sy skepping te heers. ***“Durf iemand van julle wat ’n saak teen ’n ander het, gaan reg soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie? Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge? As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle beskaming...”*** (1Kor.6:1-5). As ons outoriteit het om in die lewe hierna engele te oordeel, hoeveel te meer het ons dan nie outoriteit om dinge in hierdie lewe te oordeel nie?

Jesus het Sy dissipels geleer om so te bid: ***“laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.”*** (Matt.6:10). God het my daarop gewys dat Hy ons hier leer om ’n bevel uit te spreek. Ek weet dat sommige mense nie sal saamstem nie want dit plaas ons in ’n posisie waar ons God kan voorsê. ***“So sê die HERE, die Heilige van Israel en sy Formeerder: Vra My aangaande die toekomstige dinge; vertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe!”*** (Jes.45:11); [ASV:“...Ask me of the things that are to come; concerning my sons, and concerning the work of my hands, command ye me.”]. Waarop dit neerkom is dat God dit wat onder leiding van die Heilige Gees gebid word, tot uitvoering sal bring.

In ***Hand.3:6*** beveel Petrus die kreupel-gebore man: ***“Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die***

**Nasaréner** (ons verteenwoordig Hom), **staan op en loop!**” Petrus het as Jesus se verteenwoordiger die outoriteit gehad om beheer uit te oefen oor die vloek. Toe die verlamde man opstaan en kon loop wou die omstanders Petrus die eer daarvoor gee maar hy het hy gesê: **“Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop?”** (Hand.3:12). God se krag vervul dit wat ons in gehoorsaamheid aan Hom beveel. Ons werk is om God se koninkryk op aarde sigbaar te maak.

Wanneer die laaste trompet blaas, sal daar gesê word: **“Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”** (Openb.11:15). Deur wie sal God dit laat gebeur? Die Bybel sê dit gaan die heiliges wees: **“Maar die gereg sal sit, en hulle** (die heiliges) **sal hom** (die dier) **die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is ’n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.”** (Dan.7:26,27). Deur God se genade sal die heiliges heerskappy uitoefen en die dier se oorheersing beëindig.

## HOOFSTUK 21

### Heiligheid en Heerskappy

*“Mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.” (2Tim.3:5)*

Simson het dit nie besef nie, maar God het aan hom heerskappy gegee. Wat was die geheim van Simson se krag? In Rigters lees ons dat sy krag in sy lang hare was. Die oomblik toe dit afgesny is, het hy dan ook sy krag verloor. Simson was nie ‘n groot, gespierde man nie. In **Rigt.16:17** sê hy aan Delila: **“as ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die mense.”** Sy vyande wou weet wat sy geheim is; waarom het hy soveel krag gehad? Maar hulle het nie gevra: “Hoe kry jy dit reg dat jou spiere so besonder groot is?” nie. Nee, dít was nie eers ter sprake nie. Ons heers nie oor sonde en die vloek omdat óns besonderse vermoëns, krag en wysheid het, of selfs sondeloos is nie, maar oor wat Jesus by die kruis gedoen het. Simson het oor die vyande van God se volk geheers, maar die oomblik toe hy nie meer onderdanig was aan God nie, het hy sy heerskappy verloor. In 1Kor.11:3–16 lees ons dat lang hare aan die vrou gegee word as teken van onderdanigheid aan haar man. Simson het lang hare gehad, want hy was onderdanig aan die Nasireërsgeefte wat vereis het dat hy dit nie sny nie. Simson het baie krag gehad, maar dit verloor toe hy sy hare sny. Geestelik is God ons eggenoot aan wie ons onderdanig moet wees.

Nazireërs was van die wêreld afgesonder in onderdanigheid aan die Here wat gekenmerk is deur hulle lang hare. **“Al die dae van die gelofte van sy nasireërskap mag geen skeermes oor sy hoof gaan nie. Totdat die dae om is wat hy hom aan die HERE toewy, moet hy heilig wees – hy moet die hare van sy hoof vry laat groei.”** (Num.6:5); [ASV: **“All the days of his vow of separation there shall no razor come upon his head...”**] Afsondering uit onderdanigheid beteken heiligheid. Hoe het Simson sy heiligheid en sy krag verloor? **“En sy (Delila) het hom op haar skoot aan die slaap gemaak en ‘n man geroep en die sewe haarvlegsels van sy hoof afgeskeer. En sy het begin om hom te bedwing, en sy krag het van hom gewyk.”** (Rigt.16:19). Simson het met sy kop op die skoot van die hoer Delila aan die slaap

geraak waarna sy sy hare afgesny het en daarna kon hy nie meer heers nie. As jy geestelik aan die slaap is, kan jy nie die lig van die waarheid sien nie. Sy kop op die hoer se skoot simboliseer dat hy sy denke aan haar oorgegee het en daarom kon sy sy onderdanigheid, heiligheid en afsondering van hom wegneem, waarna hy sy heerskappy verloor het. Die beeldspraak is eenvoudig en op die man af. Ons moenie toelaat dat ons denke deur die hoer oorgeneem word nie; ons gaan ons krag om heerskappy uit te oefen, daardeur verloor. Die godsdienstige sisteme van die mens, die hoer, het God se volk van hulle krag beroof, omdat hierdie sisteme, die afvallige kerke, nie meer onderdanig is aan die Woord van God nie. ***“mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. Keer jou ook van hierdie mense af” (2Tim.3:5).***

Die “bruid” in Hooglied van Salomo is ‘n profetiese gelykenis van die omswerwinge van die geestelike Bruid van vandag wat haar onderdanigheid tydelik verloor het. ***“Die wagte (‘watchmen’: geestelikes of leraars) wat in die stad rondgaan, het my aangetref; hulle het my geslaan, my gewond; die wagte by die mure (‘keepers of the walls’: denominasies of sektes) het my mantel (Hebreeus: “sluier”) van my afgeneem.” (Hoogl.5:7).*** In Jes.56:10-12 eien God die wagte as herders (Hebreeus: “pastore”). Hierdie herders probeer om die Bruid binne hul sektariese mure te hou deur haar te slaan en haar sluier weg te neem. Die sluier is ‘n teken van onderdanigheid aan haar man, die Here. ***“Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.”***, ***“... maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan;”***, ***“Daarom moet die vrou ‘n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele.”***, ***“Oordeel self: is dit betaamlik dat ‘n vrou met onbedekte hoof tot God bid?” (1Kor.11:3,5,10,13).*** Die vals herders het God se volk onderdanig gemaak aan godsdienste in plaas daarvan om aan Christus onderdanig te wees.

Die waarheid van hierdie tipe sien ons vandag as die Bruid vrugteloos na haar geliefde soek op die breë paaie van die Babiloniese godsdienste. ***“Ek wil dan opstaan en in die stad (Babilon) rondgaan, in die strate en op die pleine (‘broad ways’) wil ek na my sielsbeminde soek; ek het na hom gesoek, maar hom nie gevind nie.” (Hoogl.3:2).*** Sy het Hom gaan soek tussen die vals herders wie se loyaliteit by hulself en hul eie koninkryk is. ***“Die wagte wat in die stad***

*rondgaan, het my aangetref. Het julle my sielsbeminde nie gesien nie?” (vers 3)” Skaars het ek van hulle af verder gegaan, of ek het my sielsbeminde gevind; ek het hom vasgehou en hom nie gelos” (Sy moes eers van hierdie herders verlos word voor sy die een gevind het na wie haar siel gesmag het.) “voordat ek hom gebring het in die huis van my moeder en in die binnekamer van haar wat my gebaar het nie.” (vers 4). In haar opgewondenheid wou sy Hom deel met dié by wie sy die Woord ontvang het, by die wat by haar was toe sy geboorte gegee het aan haar geestelike mens: “Wat is u beminde meer as ‘n ander beminde, o skoonste onder die vroue – wat is u beminde meer as ‘n ander beminde, dat u ons so besweer het?” (Hoogl.5:9) Die ander dogters van daardie korporatiewe moeder was duidelik nie so opgewonde soos sy oor haar besondere beminde nie. “Een, dié is my duif, my volmaakte [ASV: “My dove, my undefiled” ], die enigste vir haar moeder; sy is die uitverkorene vir die een wat haar gebaar het. Die dogters het haar gesien en haar gelukkig geprys, die koninginne en die byvroue, en haar geroem.” (Hoogl.6:9) Omdat sy nie tevrede was met “‘n ander Jesus” nie, is sy nie besmet met die godsdienste van die ander dogters nie. Sy was dus onbesmet en daarom kon God haar kies. Sy het haar heerskappy teruggekry toe sy gesuiwer is van die vrouens wat die vals godsdienstige sisteme verteenwoordig het. Dié wat vrug dra sal soos sy wandel, in haar heilige voetstappe volg. Hulle sal nie besmet word met die saad (woord) van mans nie want hulle is geestelike maagde, onbesmet met woorde van mensgemaakte godsdienste. “Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eersteling (‘‘firstfruits’’) vir God en die Lam.” (Openb.14:4). Die sektes van Christenskap het besmet geraak met dit waaroor Paulus waarsku in 2Kor.11:4: “Want as iemand kom en ‘n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ‘n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ‘n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.” “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;” (2Kor.6:17). Slegs die Woord is die waarheid wat ons vry kan maak. “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.” (2Kor.7:1).*

Jesus roep sy skape uit die krale van afvallige godsdienste om “die Lam (te) volg waar Hy ook heengaan” (Openb.14:4). “... en hy roep sy eie

*skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie." (Joh.10:3-5). Die Bruid is op soek na hierdie klein troppie skape wat God volg en in hulle rus in gegaan het. "Vertel my tog, my sielsbeminde, waar laat u wei, waar laat u smiddags die vee lê en rus? Want waarom sou ek wees soos een wat haar met 'n sluier toedraai by die kuddes van u metgeselle?" (Hoogl.1:7). Die sluier wat toedraai verteenwoordig blindheid en bindinge waaronder mense gebuk gaan wanneer hulle onderdanig is aan 'n mensgemaakte godsdiens. "Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is." (2Kor.3:15-18) Ons sien dat as die sluier weggeneem word van diegene wat godsdiens wetties navolg, hulle die Here sien. Dan word hulle meer en meer na Sy beeld verander om in Sy gelykenis in te beweeg.*

Ons geliefde Vader se antwoord op "*..waar laat u (u vee) wei?*" is "*As u dit self nie weet nie, mooiste onder die vroue, gaan dan uit op die spore van die skape en laat u bokkies wei by die hutte van die herders." (Hoogl.1:7,8). In Jesus se tyd kon Hy nie Sy Kerk, bedoelende die uitgeroepenes, in die afvallige sektes van Judaïsme voed nie en daarom het Hy hulle "*by die hutte van die herders" laat wei. Omdat die Kerk van ons dag grootliks afvallig geword het, is Jesus vandag, getrou aan hierdie beeld, besig om Sy skape wat hul vryheid, rus en waarheid in Hom gevind het, buite die herders se tente te voed. Dit het teenkanting teen die bruid en Jesus gebring: "*...die seuns van my moeder was toornig op my*" (Hoogl.1:6). Dié wat hul kruis opneem om Jesus te volg word beveel om hierdie teenkanting sonder teëstribbeling te aanvaar. "*...want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word – hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra." (Heb.13:11-13).***

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Moses het as 'n tipe van Christus sy mense uit die kamp van die opstandige afvalliges uit gelei. **“En Moses het elke keer 'n tent geneem en dit vir hom buitekant die laer opgeslaan, ver van die laer af; en hy het dit genoem die tent van samekoms. En elkeen wat die HERE wou raadpleeg, het uitgegaan na die tent van samekoms wat buitekant die laer was.” (Ex.33:7).** In die tye waarin ons leef gaan die oorweldigende oordele wat God gaan bring, die vrees van die Here in hulle sit wat in die afvallige godsdienste se laers is. Dit gaan meebring dat hulle uitvlug na die “uitgeroepenes” toe wat deel is van die ware berg van God se koninkryk. **“En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vrou (afvallige sekte) kom nie. En op die derde dag toe dit môre word (die begin van die derde millennium sedert die laaste Adam – waar ons nou is [2Pet.3:8]), was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg.” (Ex.19:15-17).**

As jy besef dat jy besig is om 'n mensgemaakte godsdiens na te volg en besluit om weg te draai daarvan, sal God jou heerskappy herstel. Simson is mislei maar het as slaaf van die Filistyne besef dat hy verkeerd was en hom weer onderwerp aan sy gelofte. Sy hare het weer begin groei en met sy nuutgevonde krag het hy hulle vals tempel se pilare onder die dak uitgetrek en dit het op hulle koppe geval: **“En Simson sê: Laat my sterwe saam met die Filistyne! En hy buig hom met krag, sodat die huis inval op die vorste en op al die mense wat daarin was. So was dan die dooies wat hy by sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het.” (Rigters 16:30).** Dis dieselfde met ons: hoe meer ons oue mens sterf, hoe sterker word ons geestelike mens se heerskappy oor ons vyande.

Daar is baie mense wat soos Simson namens God op die aarde heerskappy uitoefen, maar min in wie dit volwaardig sigbaar word. Simson het God se heerskappy oor hom verwerp en daardeur die heerskappy wat hy op die aarde gehad het, verloor. Dit is nie nodig vir God om die beloftes van heerskappy van dié wat ongehoorsaam is weg te neem nie; hulle sal nie genoeg geloof in hulle harte hê om die belofte van heerskappy te glo sodat dit waar kan word nie. **“Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy**

gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.” (1Joh.3:21,22). As ons God nie voluit dien nie, sal ons eie hart ons veroordeel en sal ons nie die geloof hê om heerskappy uit te oefen nie. Hy praat hier nog nie van volwasse Christene wat reeds sigbaar vervolmaak is nie. Hy verwag van ons om dissipels te wees wat leef volgens die lig (Woord) wat ons het, sodoende is ons in geloof volmaak totdat ons dit manifesteer. ‘n Jong Christen het min kennis van goed en kwaad, maar in God se oë is hy onskuldig solank as wat hy gehoorsaam is aan dit wat hy reeds weet. Onvolwasse Christene het heerskappy oor sonde en die vloek, maar nie oor God se mense nie.

Jare gelede het ek ‘n droom gehad waarin God my gewys het hoe Hy sommige mense in leierskapsposisies oor Sy mense aanstel. Ek maak geen aansprake hierdeur vir myself nie, ek wys net beginsels uit. *In hierdie droom was daar twee berge.* (Die eerste berg verteenwoordig die koninkryk van die wêreld, Babilon, en die tweede berg verteenwoordig die koninkryk van God, die Berg Sion.) *Ek was besig om met ‘n kar teen die eerste steil berg af te ry.* (Dit beteken om jouself ondergeskik te stel aan die Woord [Jes.40:4], om soos ‘n kind te word [Matt.18:4], en om ons eie-lewe in hierdie wêreld af te lê [Matt.16:25,26]. *Dit was ‘n tweespoorpad wat van bo af tot by die voet van die berg ‘n diep sloot in die middel gehad het. Een stel wiele van my kar was aan die een kant van die sloot en die ander stel aan die ander kant. Ek kon nie links of regs draai sonder om in die sloot in te val nie, wat my tot stilstand sou bring.* (Josua het soortgelyke instruksies ontvang toe hy die Beloofde Land moes inneem. **“Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie links of regs af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.”** (Jos.1:7). Om links of regs te draai beteken om van die nou pad van die Skrif weg te beweeg. Dit sal ons verhoed om outoriteit uit te oefen wat ons nodig het om ons beloofde land in te neem; simbolies beteken dit om van die beloftes te lewe.)

*Aan die voet van die eerste berg het ek uit die motor geklim. Ek het die gevoel gekry dat ek baie vyande het.* (Hoe meer ons gehoorsaam is aan dit wat in God se Woord staan hoe meer vyande gaan ons in beide die wêreldse kerk en in die wêreld self hê, net soos dit met Jesus gebeur het). *Ek vind toe versteek onder ‘n bos ‘n klomp gereedskap; hamers, skroewedraaiers en skroefslutels, alles*



## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

*deurweek met olie.* (Moses het by die brandende bos outoriteit ontvang om God se mense uit slawerny te bevry. Gereedskap maak vas en maak los, net soos God se outoriteit wat Hy aan Sy dissipels gegee het. **“Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees” (Matt.18:18).** Die beloftes van die Woord is die sleutels wat vas- en losmaak wat aan dissipels gegee is om toegang tot die koninkryk van God te verkry. Die olie simboliseer die krag van die Heilige Gees. Met ander woorde as ons op die nou en reguit pad bly, sal ons outoriteit ontvang om namens God te bind en te ontbind.) *Van daar het ek na regs gedraai* (die skape is aan die regterkant: **“en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.” [Matt.25:33].**) *en teen die tweede steil berg opbeweeg.* (Die afgaan teen die eerste berg gee ons die reg om teen die volgende een op te gaan. Wanneer ons laag daal in wêreldse aansien, die eerste berg, het ons baie aansien in die koninkryk van God. Die laaste sal eerste wees en die minste sal die meeste wees. **“n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God! Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet ‘n gelykte en die rotsagtige plekke ‘n laagte word.” (Jes.40:3,4).** God se manier is om die wat nederig is in die wêreld te verhoog op Sy berg, Sy koninkryk. Maar hulle wie verhoog word op die wêreldse berg, moet eers afkom voor hulle deur God verhoog kan word. **“Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog” (Jak.4:10).**

*Toe ek by die bo-punt van die berg kom, het ek by die deur van ‘n enorme paleis ingegaan.* **“Maar hy wat by die deur ingaan, is ‘n herder van die skape. Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape.” (Joh.10:2,7).** (Jesus is die enigste Herder van Sy skape. Hy gebruik net mense wat slegs deur Hom na Sy skape toe kan gaan, want Hy is die enigste deur. Die paleis verteenwoordig die Nuwe Jerusalem op die berg Sion, die stad wat oor God se mense heers.) Ou Jerusalem het oor God se fisiese letterlike volk geheers en die Nuwe Jerusalem heers oor God se geestelike, Nuwe-Testamentiese volk. Paulus verklaar dat ons by hierdie geestelike stad gekome het. Hy wys vir ons dat dit nie ‘n fisiese stad is waaraan ons kan vat nie. **“Want julle het nie gekom by ‘n tasbare berg nie... Maar julle het gekome by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike**

*vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, ...” (Heb.12:18,22,23). (Jesus se uitgeroepenes kom na hierdie berg toe. Ons reis is om by hierdie berg te kom, dit uit te klim en die troonkamer binne te gaan deur die deur).*

*Toe sien ek Jesus, die Seun van Dawid wat op die troon van Dawid sit. Ek het nader geloop en langs Hom gaan sit, en ons het gesels. (Die troon is die posisie van die Bruid langs die koning vanwaar sy heerskappy uitoefen.) **“Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het” (Openb.3:21).** Hulle wat deur volharding die hardnekkige boosheid in hul harte oorwin om te bly in die Naam van Jesus, sal na dié troon kom. **“In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies (van die Nie-Joodse Kerk) sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie” (Jer.3:17).** (Almal wat die eerste berg van die wêreld oorkom het, sal lewe op die tweede berg van die koninkryk van God. Hulle treë op in **“die Naam van die HERE”** omdat hulle saam met Jesus op die troon van outoriteit sit. Hierdie posisie word aan almal gegee wat wedergebore is, maar baie draai links of regs weg en neem nie hul regmatige plek op die troon in nie omdat hulle nie in Christus bly nie.) **“...ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus.” (Ef.2:5,6).***

*Terwyl ek met Jesus praat het ek ‘n geraas agter my gehoor en omgedraai. Daar was ‘n paar mans wat deur ‘n agterste venster toegang tot die troonkamer probeer kry het. Jesus het gesê, “Moenie oor hulle bekommerd wees nie, hulle kan nie hier inkom nie.” (Magsposisies in Babilon kan onwettig ingeneem kan word, maar nie in God se koninkryk Sion nie.) **“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van ‘n ander kant af inklim, hy is ‘n dief en ‘n rower” (Joh.10:1).** Jesus sê van die afvallige leraars van Sy dag, **“Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers...” (Joh.10:8)** en dit is vandag nog so. Baie het die posisie van mag gesteel omdat hulle ‘n beroep gekies het, pleks van ‘n roeping te volg en het dus nie deur Jesus die skaapkraal binnegegaan nie. Hulle berooft die skape, hulle ontneem hulle Christus, want leraars kan net oordra dit wat hulself is.*

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

Godsdien het histories dieselfde fout gemaak. Onderrig en opleiding in 'n sekte van 'n bepaalde geloof word verkeerdlik deur die mens as God se outoriteit en opdrag beskou. Die godsdienstige leiers het die dissipels as ongeletterd en onkundig beskou. **“En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleeerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken.” (Hand.4:13).** Hulle het egter geweet die dissipels volg Jesus, want hulle het hul gawes gesien. Geloof, vrug dra, volwassenheid, onderdanigheid aan God en persoonlike kennis van Jesus en Sy weë moet aan die skape oorgedra word. Leraars kan nie oordra wat hulself nie besit nie. Die dogter hoere is steeds besig om massas huurlinge voort te bring. **“Verborgtheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.” (Openb.17:5)** Joh.10:12,13 beskryf dit soos volg: **“Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar. En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.”** en die Profeet Jesaja profeteer ook daarvoor: **“Al julle wilde diere van die veld, kom eet! Al julle wilde diere in die bos! Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; wat dromerig lê, lief is om te sluimer. En die honde is gulsig, hulle ken geen versadiging nie; en herders is hulle wat nie weet om op te merk nie; almal loop hulle eie pad, elkeen na sy onregverdige wins, almal saam. Kom, sê hulle, laat ek wyn gaan haal, en laat ons sterk drank drink, en die dag van môre sal wees soos vandag, buitengewoon groot!” (Jes.56:9–12).** Jesus daarenteen kom om Sy skape uit te lei uit die Babiloniese stalle van mense en **“Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.” (Joh.10:3,4)** sodat hulle, ongehinderd deur die tradisies van mense, agter Hom kan aanloop. Om bevorder te kan word tot 'n biskop ('overseer') oor God se mense moet so 'n persoon 'n ouderling in ondervinding en volwassenheid in die Woord wees (1Tim.3:1–7; Tit.1:5–9).

'n Vriend het van Christene gedroom as babas met baarde. Dis tekenend van Christene wat jare reeds met die Here 'n pad loop maar nog steeds onvolwasse of onvolgroeid is. Omdat God se volk die wêreld so lief het, het God aan hulle onvolwasse, afvallige leiers gegee wat net sê wat hulle graag wil hoor. **“En Ek sal seuns hulle vorste**

**HOOFSTUK 21**  
**Heiligheid en Heerskappy**

**maak, en moedswilliges sal oor hulle heers. En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop.**” (Jes.3:4); [ASV: **“And I will give children to be their princes, and babes shall rule over them. And the people shall be oppressed, every one by another, and every one by his neighbor: the child shall behave himself proudly against the old man, and the base against the honorable”**]. Kies die man met die gawe bo die man met die titel. **“...want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.”** (2Tim.4:3,4).

## HOOFSTUK 22

### Begin Nou

**“Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil” (2Kor.6:2)**

Almal wag op die Here. Hy het geluister en op die dag van ons verlossing hét Hy ons gered. Dit is nou die tyd wat vir ons om te reageer op daardie verlossing. Vandag is die dag waarop ons van die allesomvattende vloek verlos is. Jesus het Satan en sy koninkryk op Sy dag oorwin. **“Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.” (Joh.12:31). “Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.” (Joh.16:33).** Met ander woorde wees bly oor die goeie nuus dat hierdie sondige wêreld klaar oorwin is. Dit is nou onder die voete van die ware liggaam van Christus. **“En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” (Ef.1:22,23).**

Wat nou nodig is, is dat die gelowiges moet reageer op die outoriteit wat die Woord ons gee om God se krag te gebruik en dit wat by die kruis gebeur het, in hulle lewens sigbaar te maak. **“want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe” (Rom.8:13).** Let op, ons reaksie moet deur die krag van die Gees wees en dit is beskikbaar aan almal wat reageer op dit wat in die Bybel staan. **“Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2Kor.7:1).** Jesus maak dit baie duidelik dat ons nie moet wag vir Sy wederkoms met die oordeel om Sy werk te volbring nie. **“Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaiër en die maaier saam bly kan wees.” (Joh.4:35,36) .**

Dit is gerieflik en boonop baie maklik vir ons om net staat te maak op die wêreld en die manier waarop die wêreld dinge doen. Wildernistye is egter naby en wanneer ons daarin is, gaan daar nie meer enige wêreldse metodes wees wat werk nie. **Gal.3:11** sê: **“die regverdige sal deur die geloof alleen lewe”** wat radikaal anders is as die normale, alledaagse “Christelike” lewe wat ons nou lei. Ons moet leer om dinge met ons geloof te doen sodat ons in die outoriteit en ondervinding van ’n regverdige lewenswyse kan groei. God wil hê dat elkeen van ons ’n instrument moet wees wat redding, verlossing, genesing en voorsiening kan bedien aan onself en aan almal wat glo. Jy kan begin met klein goedjies wat jy dink nie ’n vreeslike verskil maak nie. Jy sal sien dat wanneer jy jou geloof gebruik, God Sy Woord eerbiedig en ons sodoende stappie-vir-stappie met meer geloof laat optree. Elke keer wat jy sukses behaal word die fondament vir die volgende sukses gelê, sodat jy kan weet dat jy jou geloof kan gebruik om God se voorsiening te gebied. Daar gaan ’n dag kom wat jou ondervinding ander mense gaan red. Dis hoe ek dit ervaar het.

As ek julle van sommige van my ondervindings vertel is dit nie om myself te vereer nie maar vir Christus, want ***“...wat het jy wat jy nie ontvang het nie?” (1Kor.4:7)***. As ’n jong Christen het ek die Here gevra om my hand te vat en my te leer hoe om ’n ware dissipel van Hom te wees. My ervaring was dat dit presies is wat Hy gedoen het. Ek het geloof uit die Woord geput en was gretig om dit toe te pas. Een van my vroegste ervarings bly my altyd by. Ek en Don Robertson, wat sy getuigenis aan my gegee het, sou saam gaan waterski. Ek het my motor aangeskakel om die boot te haak, toe ek ’n snaakse geluid onder die enjinkap hoor. Toe ons die kap oopmaak, sien ons dat die geraas veroorsaak word deur die alternator wat ’n laer verloor het. Don het gevra wat ons nou gaan doen en my antwoord was: “Ons beveel dit om te herstel en dan gaan ons in geloof ski.” Don het saamgestem en ons het ons vingers op die raserige alternator gesit en dit in die naam van Jesus beveel om te “genees”. Ons maak toe die enjinkap toe, haak die boot en vertrek na “Old River”, omtrent ’n uur se ry vêr. Op daardie stadium het daar wolke begin saampak en ons kon weerlig sien in die rigting waarheen ons op pad was. Ek het besef dat dit nog ’n goeie geleentheid was om God se wonderbaarlike krag te aanskou. Ek het aan Don gesê: “Kom ons wys ons vingers na daardie wolke en beveel hulle om uit ons pad te

## **GOD SOEWEREIN Vir Ons en Deur Ons**

verdwyn". Ons het die bevel saam uitgespreek en soos ons gery het, het die wolke opgebreek. Ons kon nog donker wolke aan weerskante van die motor sien, maar blou lug het vir etlike kilometers voor ons uitgestrek. Ons het God geloof en geprys vir Sy krag wat deur ons werk!

Op 'n stadium moes ons stadiger ry deur om deur 'n bewoonde gebied te gaan. Dis toe dat ons hoor dat die geraas onder die enjinkap stil was. Don was so opgewonde, ek moes dadelik stop dat hy kon kyk wat aangaan. Ons maak toe die enjinkap oop en sien dat die alternator stabiel was en glad gewerk het. Eer aan God! Ek het ook nooit daarna nodig gehad om die alternator te vervang nie! Ons moes links afdraai na ons bestemming en het weer in die wolke in gery. Ons het die bevel soos voorheen herhaal en die wolke het in 'n loodregte lyn opgebreek, wat enige invloed van wind totaal uitgeskakel het. God het Sy punt duidelik gemaak. Dit was 'n pragtige sonnige dag vir waterski, alhoewel daar wolke in feitlik alle rigtings te sien was. Mense mag dink dat dit nie vir God belangrik is of ons 'n lekker dag vir ski het of nie, maar ek weet dat dit vir Hom belangrik is, belangrik omdat dit deel is van ons leerskool en omdat Hy ons geluk gun.

Een dag toe ek op pad was om my dogter Deborah by die skool te gaan oplaai, het my kar so drie blokke van die skool af gaan staan. Ek het dit verskeie kere probeer aanskakel maar later was die battery heeltemal dood. Ek wou nie laat wees nie en begin toe maar stap. Die lug was donker met swaar donderwolke en toe begin dit skielik baie hard reën. 'n Stem het binne-in my gesê: "Hoekom beveel jy nie die reën om te stop nie?", waarna ek my arm gelig, horisontaal geswaai het en gesê het: "STOP in die Naam van Jesus." Die reën het onmiddellik gestop asof 'n mes dit horisontaal afgesny het. Ek het Deborah by die skool gekry en terwyl ons kar toe gestap het, haar alles vertel. Ek het afgesluit met: "As God dit kan doen, kan Hy die kar ook aan die gang kry. Sodra ons daar kom, gaan ons ons hande op die paneelbord sit en dit in die Naam van Jesus beveel om te vat." En dit is presies wat ons gedoen het. Ons het in die motor geklim, ons hande op die paneelbord gelê en gesê: "VAT, in die Naam van Jesus". Ek het die sleutel gedraai en daar gehou. Die battery het intussen 'n bietjie tyd gehad om op te bou en het die aansitter aanvanklik gedraai, maar na 'n rukkie was die battery weer heeltemal

dood. Ek het die sleutel egter nie laat skiet nie. Na 'n paar sekondes wat ek die sleutel op die dooie battery gehou het, het die aansitter eensklaps gedraai. Dit het die enjin aangeskakel asof dit 'n splinternuwe battery in die kar was. Ek het besef dat die Vader dit so gedoen het sodat daar geen twyfel kon wees dat dit Sy werk was nie. As ek nou terugdink, besef ek dat ek so met geloof vervul was oor die reën wat die Here laat ophou het, dat dit my nie sou verbaas as al die motors in die stad gelyktydig aangeskakel het op ons bevel "VAT, in die Naam van Jesus" nie. Eer aan God! Hy neem ons aan die hand en moedig ons al die pad aan.

Ek hoop jy het seën hieruit geput! Gaan, en wandel saam met die Here.



## ERKENNINGS

Eerstens, meer as enigiets anders, dank ek ons Vader wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae, Hom sonder wie ons niks kan doen nie en sonder wie ons niemand is nie. Ek dank Hom dat Sy volgehoue genade jou insig sal gee om hierdie werk te verstaan sodat jy baat kan vind daarby. Stem asseblief saam met my in hierdie gebedsaak voor God.

Ek wil ook graag dank aan God bring dat Hy April Fields gestuur het om in te staan vir waar ek as skrywer te kort skiet. Sy het moeiteloos, sonder ophou en sonder vergoeding gewerk vir geen ander rede as net haar liefde vir God se kinders nie. Sy het die omslag ontwerp. Sy het my goed laat lyk. Sy help my ook met 'n ander boek. Dank aan God daarvoor.

Ek dank God vir Bill Rowe wat op eie koste 'n diktafoon gekoop het en lang ure spandeer het om vele audio kasette waarop leringe oor God se Soewereiniteit was, oor te skryf. Hierdie notas was die basis vir hierdie boek. Hy het dit gedoen uit liefde vir jou, die leser van hierdie boek. God sien hom daarvoor.

Ek dank God vir my vriend Doug McDuffee wat my oor verskeie jare aangepor het om 'n boek te maak van die leringe op die audiokasette. Op daardie stadium was ek nie oortuig daarvan nie, maar toe God my dit wel op die hart druk, het ek Doug se aansporing as bevestiging daarvan gesien.

Ek dank God vir die broers en susters wat finansieel bygedrae het om dit moontlik te maak om die boek te druk. Ek sal julle name nie bekend maak nie sodat julle goeie daad verborge kan bly en ons Vader wat sien wat verborge is, julle kan beloon daarvoor.

Ek dank God vir my seun Justin wat my dag en nag met sy rekenaarvaardighede bygestaan het. God het hom betyds opgelei sodat hy my met die boek kan help. God seën hom. Ek dank God vir my vrou Mary wat op die agtergrond sonder om moeg te word die vort gehou het. Bid asb vir haar en my kinders dat hulle as instrumente van eer sal optree.

**HOOFSTUK 22**  
***Begin Nou***

God seen JoAnn Booker, Dwora Jawer en Brad Moyers wat die manuskrip geproeflees het uit liefde vir jou die leser. En laaste maar nie die minste nie, God seen Jamie Hughs wat die afrondingswerk aan die manuskrip gedoen het.

Jou dienskneg in Christus

David Eells

## DIE SKRYWER SE LAASTE OPMERKINGS

Daar is aan my gesê dat ek 'n biografie en 'n foto van my in die boek moet insluit. Bloot net die gedagte daaraan maak my egter ongemaklik. As dit deel is daarvan om bekend te staan as 'n Christelike outeur, dan is ek bevrees jy het die verkeerde boek in jou hande. Ek verseker jou dat ek nie 'n prominente teoloog is nie. Die belangrike vraag is of die Heilige Gees 'n gewillige instrument gevind het of nie?

In Handeling 4 lees ons dat die teoloë die dissipels onder kruisverhoor geneem het. ***“Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelingen van Jesus.”(Hand. 4:13)*** Wanneer jy die boek lees sal jy sien dat ek om dieselfde redes as hulle kwalifiseer om gebruik te word deur die Here, want Sy ***“krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” (2 Kor 12:9).***

'n Student het my eendag, toe ek besig was om hulle te leer, gevra hoekom ek nie 'n kwalifikasie by hulle kweekskool verkry het nie. My antwoord was: “as ek by julle sou studeer, sou dit my beperk tot die beste van wat julle as denominasie my kan bied. As ek wil weet wat die mens van God se Woord sê, kan ek na 'n boekwinkel gaan en die beste boeke wat nog ooit in die geskiedenis geskryf is, koop en bestudeer”. Toe vra 'n ander student my: “Hoe disiplineer jy jouself dan om te studeer? Ons moet studeer sodat ons vrae kan beantwoord”. My antwoord daarop was: “Ja, maar net die antwoorde wat hulle wil hoor. God het my die gawe gegee om te wil studeer. Dit is 'n begeerte in my. Dit is nie nodig dat ek onder 'n wet hoef te wees nie”.

Voor ek tot bekering gekom het, was ek nie 'n pligsgetroue persoon nie en almal wat my geken het was geskok toe ek niks anders wou doen as die Woord bestudeer nie. 'n Rukkie later het ek begin om die Hervormers, vroeë kerkvaders en 'n paar moderne teoloë se leringe te bestudeer. Dié gier het gou oorgewaa en ek het by die Woord en die Heilige Gees vasgehou, ek het hulle onmeetbaar superieur tot enige ander leermeester gevind.

Mag God jou seen in jou soeke na die Waarheid.

Jou dienskneg in Christus

David Eells

